

# **Pastorale inkleding van speeltegnieke by die begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is**

**QUINETTE LE ROUX-WEITSZ**

**Studente no.: 23238720**

Voorlegging voorgelê ter gedeeltelike  
nakoming van die vereistes vir die graad

Magister Artium in Pastoraal

(Fakulteit Teologie)

aan die

Noordwes-Universiteit

(Potchefstroom)

Studieleier: Dr RA Denton

Mede-studieleier: Prof AG Herbst

November 2015



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

## Die kind

Sag huil die kindjie so teer  
niks is daar om haar pyn te keer  
hier in die donker  
word haar vrese reuse  
met groot, lang neuse.

Niemand daar om hom te keer  
om haar weer en weer te beseer  
haar wêreld is nag  
al is dit buite  
helder oordag.

Binne bly dit donker  
en die wêreld voel 'n veer  
vir hierdie kindjie se seer  
daar is geen lag vir haar  
beskore in hierdie dag.

Geen een waarteen  
sy haar pyn kan snik  
geen veiligheid vir haar  
in hierdie siek wêreld  
se heiligheid


- Mahdoks

Studente nommer: 23238720

### VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat **Pastorale inkleding van speltegnieke by die begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.



---

Quinette le Roux Weitsz

## VERKLARING

### Taalversorger

Hiermee verklaar ek, **NICOLAAS G. HOFFMANN**, dat ek die taalversorging vir die verhandeling van Quinette le Roux Weitsz, getiteld **PASTORALE INKLEDING VAN SPEELTEGNIKE BY DIE BEGELEIDING VAN PRE-ADOLESENTE WAT SEKSUEEL MISBRUIK IS** vir die graad **MAGISTER ARTIUM**, gedoen het.

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'N G Hoffmann', written over a horizontal line.

N G Hoffmann

015 516 0906

0794602160

hoffmannic@hotmail.com

## Voorwoord en Bedankings

My dank en erkenning gaan uit aan die volgende persone sonder wie hierdie studie glad nie die lig sou sien nie.

- Die Here wat aan my hierdie ongelooflike passie vir kinders gegee het en die deure tot hierdie bediening oopgemaak het.
- My man Werner- dankie vir al jou geduld (en alleen-tyd) tydens my studies.
- My gemeente in Gonubie wat my die ruimte gegee het om hierdie studie te voltooi.
- My studieleiers, Dr. Rudy Denton en Prof. Alida Herbst vir al julle raad, geduld en wysheid deur die jaar.
- Al die biblioteek personeel, maar veral tannie Hester Lombaard. Sonder julle sou hierdie studie glad nie moontlik gewees het nie!

GONUBIE, OOS-LONDEN

2015

## **Opsomming**

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie was om pastorale speeltegnieke saam te stel om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot geestelike genesing.

Deur Osmer se model vir praktiese teologie te gebruik, het die navorser in diepte gaan kyk na die voorkoms, aard en impak van seksuele misbruik op die pre-adolessent. 'n Literatuurstudie is uitgevoer om die aard en impak van seksuele misbruik te bepaal, die spesifieke invloed wat dit het op die pre-adolessent, asook die nie-direkte, kliënt-gesentreerde hulpverleningsproses.

Die navorser het na spesifieke tekste gaan kyk wat handel oor die tema van seksuele geweld in die Bybel, asook tekste wat God se affiniteit vir kinders bevestig. Verder is Skriftuurlike perspektiewe geïdentifiseer om te bepaal of die pastorale inkleding van speeltegnieke moontlik is.

Die gebruik van spel deur kinders is ondersoek, die proses van hulpverlening en speeltegnieke wat gebruik kan word binne 'n nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering tot hulpverlening. In die empiriese hoofstuk is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met verskeie hulpverleners (maatskaplike werkers, predikante en pastorale beraders) om hul kennis te bepaal in terme van hulpverlening aan die seksueel misbruikte pre-adolessent. Daar is gekyk na die rol wat die kerk, as hulpverlener, veronderstel is om te vervul ten opsigte van hierdie tipe verwonding en daar is gevind dat daar 'n behoefte is aan kennis en praktiese hulpmiddels vir hulpverlening.

Deur al hierdie kennis te integreer, is praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke saamgestel om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei.

### **Sleutel terme:**

Pastorale begeleiding, speeltegnieke, seksuele misbruik, pre-adolessente, nie-direkte, kliënt-gesentreerde begeleiding.

## **Abstract**

The purpose of this study was to compile pastoral play techniques, to help the sexually abused pre-adolescent attain spiritual healing, through a Scriptural process.

By using Osmer's model for practical theology research, the researcher did an in-depth study on the nature, appearance and effect of sexual abuse on specifically the pre-adolescent. The use of play by children was discussed, as well as different play techniques and the process of healing within a non-directive, client-centered approach.

By using semi-structured interviews, various people in ancillary professions (social workers, ministers and pastoral counsellors) were interviewed to determine their knowledge regarding sexual abuse, play techniques and ways to help children who have been sexually abused. It was found that the role the church is supposed to fulfill when it comes to helping children who have been victims of sexual abuse was being neglected because of a lack of understanding and skill.

The researcher also studied specific Biblical texts concerning sexual violence and texts that affirmed God's love for little children.

By integrating all the information, the researcher could introduce a model to be used within a pastoral context to help pre-adolescents who were sexually abused. By using play techniques that were highlighted with certain Scriptures, these children could be helped to regain spiritual wellness.

### **Key terms:**

Pastoral guidance, play techniques, sexual abuse, pre-adolescent, non-directive, client-centered guidance

## **INHOUDSOPGAWE**

|                         |     |
|-------------------------|-----|
| Voorwoord en Bedankings | v   |
| Opsomming               | vi  |
| Abstract                | vii |

## **HOOFSTUK 1**

### **Inleiding tot die navorsingsontwerp**

|            |   |           |
|------------|---|-----------|
| <b>1.1</b> | <b>Titel</b>  | <b>1</b>  |
| <b>1.2</b> | <b>Definisies van terme</b>                                       | <b>1</b>  |
| 1.2.1      | Pastorale begeleiding   | 1         |
| 1.2.2      | Hulpverlening deur middel van speeltegnieke                       | 2         |
| 1.2.2.1    | Nie-direkte, kliënt-gesentreerde hulpverlening                    | 4         |
| 1.2.3      | Seksuele misbruik   | 5         |
| 1.2.4      | Pre-adolessensie of middelkinderjare                              | 7         |
| <b>1.3</b> | <b>Agtergrond en probleemstelling</b>                             | <b>7</b>  |
| 1.3.1      | Motivering vir keuse van die navorsingsarea                       | 7         |
| 1.3.2      | Leemte in bestaande navorsing                                     | 8         |
| 1.3.3      | Probleemstelling  | 10        |
| <b>1.4</b> | <b>Navorsingsvraag</b>  | <b>11</b> |
| 1.4.1      | Oorkoepelende navorsingsvraag                                     | 11        |
| 1.4.2      | Verdere vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei | 11        |
| <b>1.5</b> | <b>Doelstelling en doelwitte</b>                                  | <b>12</b> |
| 1.5.1      | Doelstelling  | 12        |
| 1.5.2      | Doelwitte   | 12        |
| <b>1.6</b> | <b>Sentrale teoretiese argument</b>                               | <b>13</b> |
| <b>1.7</b> | <b>Metodologie</b>  | <b>13</b> |

|       |   |           |
|-------|---|-----------|
| 1.7.1 | Beskrywend-empiriese Taak                               | 13        |
| 1.7.2 | Interpreterende taak                                    | 15        |
| 1.7.3 | Normatiewe taak   | 15        |
| 1.7.4 | Pragmatiese taak  | 15        |
| 1.8   | <b>Verwagte bydrae van die studie</b>                   | <b>16</b> |
| 1.9   | <b>Skematiese uiteensetting van navorsingsprosedure</b> | <b>16</b> |
| 1.10  | <b>Tegniese aspekte</b>                                 | <b>18</b> |
| 1.11  | <b>Hoofstuk indeling</b>                                | <b>18</b> |

## Hoofstuk 2

### **Beskrywend-empiriese ondersoek rakende praktyke en riglyne vir die benutting van speeltegnieke**

|         |  |           |
|---------|--|-----------|
| 2.1     | <b>Inleiding</b>                                   | <b>20</b> |
| 2.2     | <b>Metodologiese verantwoording</b>                | <b>21</b> |
| 2.3     | <b>Navorsingsmetode</b>                            | <b>22</b> |
| 2.3.1   | Kwalitatiewe navorsingsontwerp                     | 22        |
| 2.3.1.1 | Onderhoude as data-insamelingsmetode               | 23        |
| 2.3.1.2 | Steekproef   | 26        |
| 2.3.2   | Etiese aspekte                                     | 27        |
| 2.3.2.1 | Inligting aan die deelnemers (hulpverleners)       | 27        |
| 2.3.2.2 | Ingeligte en vrywillige deelname                   | 28        |
| 2.3.2.3 | Reg tot privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid | 28        |
| 2.3.3   | Data-insameling                                    | 28        |
| 2.4     | <b>Empiriese bevindings</b>                        | <b>29</b> |
| 2.4.1   | Inleiding  | 29        |
| 2.4.2   | Demografiese profiel van die deelnemers            | 29        |

|                |   |           |
|----------------|---|-----------|
| <b>2.4.3</b>   | Skedulering van onderhoude  | 30        |
| <b>2.5</b>     | Analisering van die data van onderhoude   | 30        |
| <b>2.4.5.1</b> | Datagroepering  | 30        |
| <b>2.4.6</b>   | Hooftema 1: Hulpverlening aan kinders   | 31        |
| <b>2.4.6.1</b> | Subtema 1.1: Die verskillende gevalle wat aangemeld word.                             | 32        |
| <b>2.4.6.2</b> | Subtema 1.2: Die hantering of verwysing van aanmeldings                               | 35        |
| <b>2.4.6.3</b> | Subtema 1.3: Wetlike aspekte  | 37        |
| <b>2.4.6.4</b> | Subtema 1.4: Hulpbronne in die gemeenskap   | 40        |
| <b>2.4.7</b>   | Hooftema 2: Seksuele misbruik   | 45        |
| <b>2.4.7.1</b> | Sub-tema 2.1: Kennis betreffende seksuele misbruik                                    | 45        |
| <b>2.4.7.2</b> | Sub-tema 2.2: Die siening en hantering van seksuele misbruik binne spesifieke kulture | 47        |
| <b>2.4.8</b>   | Hooftema 3: Speeltegnieke   | 51        |
| <b>2.4.8.1</b> | Subtema 3.1: Opleiding in die benutting van speeltegnieke                             | 52        |
| <b>2.4.8.2</b> | Subtema 3. 2: Nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke                          | 53        |
| <b>2.4.8.3</b> | Subtema 3.3 : Gebruik van speeltegnieke   | 54        |
| <b>2.4.9</b>   | Hooftema 4 : Christelike wêreldbeskouing  | 55        |
| <b>2.4.9.1</b> | Subtema 4.1: Christelike geloof en godsdienst   | 56        |
| <b>2.4.9.2</b> | Subtema 4.2: Die gebruik van Bybelse riglyne tydens hulpverlening                     | 59        |
| <b>2.4.9.3</b> | Subtema 4.3: Pastorale, nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke                | 61        |
| <b>2.4.9.4</b> | Subtema 4.4: Die kerk en geloofsgemeenskap se rol ten opsigte van hulpverlening       | 67        |
| <b>2.5.</b>    | <b>Samevatting</b>  | <b>70</b> |

## **HOOFSTUK 3**

### **Seksuele misbruik, pre-adolessente en nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke**

|                  |  |           |
|------------------|--|-----------|
| <b>3.1</b>       | <b>Inleiding</b>                               | <b>72</b> |
| <b>3.2</b>       | <b>Definiëring van seksuele misbruik</b>       | <b>73</b> |
| <b>3.2.1</b>     | <b>Vorme van seksuele misbruik van kinders</b> | <b>75</b> |
| <b>3.2.1.1</b>   | <b>Seksuele misbruik sonder fisiese kontak</b> | <b>75</b> |
| <b>3.2.1.1.1</b> | <b>Verbale misbruik</b>                        | <b>76</b> |
| <b>3.2.1.1.2</b> | <b>Ekshibisionisme</b>                         | <b>76</b> |
| <b>3.2.1.1.3</b> | <b>Voyeurisme</b>                              | <b>76</b> |
| <b>3.2.1.1.4</b> | <b>Pornografie</b>                             | <b>77</b> |
| <b>3.2.1.1.5</b> | <b>Fetisjisme</b>                              | <b>78</b> |
| <b>3.2.1.1.6</b> | <b>Sielkundige misbruik</b>                    | <b>78</b> |
| <b>3.2.1.2</b>   | <b>Seksuele misbruik met kontak</b>            | <b>78</b> |
| <b>3.2.1.2.1</b> | <b>Objekpenetrasie</b>                         | <b>78</b> |
| <b>3.2.1.2.2</b> | <b>Masturbasie</b>                             | <b>79</b> |
| <b>3.2.1.2.3</b> | <b>Betasting</b>                               | <b>79</b> |
| <b>3.2.1.2.4</b> | <b>Gesimuleerde omgang</b>                     | <b>79</b> |
| <b>3.2.1.2.5</b> | <b>Seksuele penetrasie</b>                     | <b>79</b> |
| <b>3.2.1.2.6</b> | <b>Sadisme/kastyding</b>                       | <b>80</b> |
| <b>3.2.1.2.7</b> | <b>Orale seks</b>                              | <b>80</b> |
| <b>3.2.1.2.8</b> | <b>Seksuele eksploitasie</b>                   | <b>80</b> |
| <b>3.2.2</b>     | <b>Stadiums van seksuele misbruik</b>          | <b>80</b> |
| <b>3.2.2.1</b>   | <b>Fase van betrokkenheid</b>                  | <b>82</b> |
| <b>3.2.2.2</b>   | <b>Fase van seksuele interaksie</b>            | <b>82</b> |
| <b>3.2.2.3</b>   | <b>Fase van geheimhouding</b>                  | <b>83</b> |

|            |   |            |
|------------|---|------------|
| 3.2.2.4    | Fase van openbaarmaking   | 83         |
| 3.2.2.5    | Fase van onderdrukking  | 84         |
| 3.2.3.     | Die simptome van seksuele misbruik  | 85         |
| 3.2.3.1    | Fisiese simptome van misbruik   | 86         |
| 3.2.3.2    | Gedragsaanwysings van misbruik  | 87         |
| 3.2.4.     | Die impak en gevolge van seksuele misbruik op die pre-adolesent               | 89         |
| 3.2.4.1    | Verlies en magteloosheid  | 93         |
| 3.2.4.2    | Swak selfbeeld  | 94         |
| 3.2.4.3    | Woede en vyandigheid  | 94         |
| 3.2.4.4    | Skuld en skaamte  | 95         |
| 3.2.4.5    | Vermyding van intimiteit  | 95         |
| 3.2.4.6    | Pseudo-volwassenheid en ontwikkelingsregressie                                | 95         |
| 3.2.4.7    | Onvanpaste seksuele gedrag  | 96         |
| 3.2.4.8    | Self-destruktiewe gedrag en dissosiasie                                       | 96         |
| 3.2.4.9    | Leuens en misdaad   | 97         |
| 3.2.5      | Impak spesifiek op emosionele ontwikkeling                                    | 97         |
| 3.2.6.     | Impak spesifiek op seksuele ontwikkeling                                      | 99         |
| <b>3.3</b> | <b>Definiëring van die pre-adolesent</b>                                      | <b>100</b> |
| 3.3.1      | Die verskillende areas van ontwikkeling en die invloed van seksuele misbruik. | 100        |
| 3.3.1.1    | Fisiese ontwikkeling  | 100        |
| 3.3.1.2    | Kognitiewe ontwikkeling   | 101        |
| 3.3.1.3    | Sosiale ontwikkeling  | 102        |
| 3.3.1.4    | Emosionele ontwikkeling   | 104        |
| 3.3.1.5    | Seksuele ontwikkeling   | 105        |
| 3.3.1.6    | Moreel-godsdienstige ontwikkeling   | 107        |

|            |   |            |
|------------|---|------------|
| 3.3.2      | Samevattende ervaring van seksuele misbruik vir pre-adolessente             | 108        |
| <b>3.4</b> | <b>Die benutting van speeltegnieke in 'n kliënt-gesentreerde benadering</b> | <b>111</b> |
| 3.4.1      | Kinders en spel   | 111        |
| 3.4.2      | Die nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering                             | 115        |
| 3.4.2.1    | Die hulpverlener  | 116        |
| 3.4.2.2    | Speeltegnieke in die nie-direkte kliënt-gesentreerde benadering             | 119        |
| 3.4.3      | Speeltegnieke   | 123        |
| 3.4.3.1    | Bruikbare speeltegnieke in die hulpverlening aan kinders                    | 124        |
| 3.4.3.1.1  | Fase 1: Die ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding                        | 125        |
| 3.4.3.1.2  | Fase 2: Sensoriese modaliteite  | 127        |
| 3.4.3.1.3  | Fase 3: Die kind se proses  | 127        |
| 3.4.3.1.4  | Fase 4: Projeksie en fantasie spel  | 128        |
| 3.4.3.1.5  | Fase 5: Alternatiewe  | 133        |
| 3.4.3.1.6  | Fase 6: Uitklaring  | 134        |
| 3.4.3.1.7  | Fase 7: Bemagtiging   | 134        |
| 3.4.3.1.8  | Fase 8: Evaluering  | 134        |
| 3.4.3.1.9  | Fase 9: Self-vertroeteling  | 135        |
| <b>3.5</b> | <b>Samevatting</b>  | <b>135</b> |

## Hoofstuk 4

### **Skriftuurlike en teologiese perspektiewe vir die pastorale begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is.**

|       |   |     |
|-------|---|-----|
| 4.1   | Inleiding   | 137 |
| 4.2   | Skriftuurlike en teologiese perspektiewe                | 139 |
| 4.2.1 | Seksuele misbruik binne die konteks van Rigters 19:1-30 | 139 |

|            |  |            |
|------------|--|------------|
| 4.2.1.1    | Agtergrond van die boek  | 140        |
| 4.2.1.2    | Hooftemas van die boek   | 141        |
| 4.2.1.3    | Uiteensetting van die perikoop                                       | 142        |
| 4.2.1.4    | Verdere inligting oor die teks                                       | 145        |
| 4.2.1.5    | Moontlike gebruike van die perikoop                                  | 146        |
| 4.2.2      | Seksuele misbruik binne die konteks van 2 Samuel 13:1-22             | 147        |
| 4.2.2.1    | Agtergrond van die boek  | 147        |
| 4.2.2.2    | Hooftemas van die boek   | 148        |
| 4.2.2.3    | Uiteensetting van die perikoop                                       | 148        |
| 4.2.2.4    | Verdere inligting oor die teks                                       | 150        |
| 4.2.2.5    | Moontlike gebruike van die perikoop                                  | 151        |
| 4.2.3      | Jesus se benadering tot kinders volgens Matteus 18:1-5               | 152        |
| 4.2.3.1    | Agtergrond van die boek  | 153        |
| 4.2.3.2    | Hooftemas van die boek   | 154        |
| 4.2.3.3    | Uiteensetting van die perikoop                                       | 155        |
| 4.2.3.4    | Verdere inligting oor die teks                                       | 157        |
| 4.2.3.5    | Moontlike gebruike van die perikoop                                  | 158        |
| <b>4.3</b> | <b>Pastorale perspektiewe</b>  | <b>159</b> |
| 4.3.1      | Pastorale berading en hulpverlening                                  | 159        |
| 4.3.2      | Die Heilige Gees se begeleiding tydens hulpverlening                 | 162        |
| 4.3.3      | Pastorale hulpverlening aan pre-adolessente wat seksueel misbruik is | 163        |
| <b>4.4</b> | <b>Samevatting</b>   | <b>167</b> |

## Hoofstuk 5

### **Praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke**

|                |   |            |
|----------------|---|------------|
| <b>5.1</b>     | <b>Inleiding</b>  | <b>168</b> |
| <b>5.2</b>     | <b>Doelwitte</b>  | <b>169</b> |
| <b>5.3</b>     | <b>Modelle vir interdisiplinêre dialoog in praktiese teologie</b>                 | <b>170</b> |
| <b>5.4</b>     | <b>Die realiteit van seksuele misbruik</b>  | <b>172</b> |
| <b>5.5</b>     | <b>Die rol van die kerk</b>   | <b>173</b> |
| <b>5.6</b>     | <b>Praktyk-teoretiese pastorale nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke</b> | <b>178</b> |
| <b>5.6.1</b>   | Kinders kommunikeer deur spel   | 178        |
| <b>5.6.2</b>   | Die speelkamer  | 180        |
| <b>5.6.3</b>   | Kinders se spiritualiteit   | 181        |
| <b>5.6.4</b>   | Belangrike punte binne pastorale hulpverlening                                    | 183        |
| <b>5.7</b>     | <b>‘n Voorgestelde proses vir hulpverlening</b>                                   | <b>185</b> |
| <b>5.7.1</b>   | Die aanvangsfase  | 186        |
| <b>5.7.2</b>   | Bou die vertrouensverhouding in ‘n emosioneel veilige situasie                    | 186        |
| <b>5.7.3</b>   | Gee die kind gepaste beheer   | 188        |
| <b>5.7.4</b>   | Verhoog die kind se self-bewustheid   | 188        |
| <b>5.7.5</b>   | Help die kinders om hul storie te vertel  | 190        |
| <b>5.7.6</b>   | Probleemoplossing of toets alternatiewe   | 191        |
| <b>5.7.7</b>   | Bemagtiging en selfversorging   | 191        |
| <b>5.8</b>     | <b>Speeltegnieke ontwerp vir kinders wat seksueel misbruik is</b>                 | <b>192</b> |
| <b>5.8.1</b>   | Normaliseer die skuldgevoelens  | 193        |
| <b>5.8.1.1</b> | Rekonstrueer die omstandighede van die misbruik                                   | 193        |
| <b>5.8.1.2</b> | Die robot tegniek   | 194        |

|                |  |            |
|----------------|--|------------|
| <b>5.8.2</b>   | Skep 'n bewustheid van persoonlike veiligheid        | 195        |
| <b>5.8.3</b>   | Skep 'n bewustheid van 'n positiewe liggaamservaring | 196        |
| <b>5.8.4</b>   | Vrystelling van woede                                | 197        |
| <b>5.8.4.1</b> | Die pret en stoute eiland                            | 198        |
| <b>5.8.4.2</b> | “The angry mountain game”                            | 199        |
| <b>5.8.5</b>   | Plaas die kind in beheer                             | 200        |
| <b>5.8.6</b>   | Sistematiese desensitering                           | 200        |
| <b>5.8.7</b>   | Herskryf van die beelde                              | 201        |
| <b>5.8.8</b>   | Internalisering                                      | 202        |
| <b>5.8.9</b>   | Briewe aan en van die oortreder                      | 203        |
| <b>5.8.10</b>  | Persoonlike veiligheid                               | 204        |
| <b>5.10</b>    | <b>Samevatting</b>                                   | <b>205</b> |

## **Hoofstuk 6**

### **Samevatting en gevolgtrekking**

|            |   |            |
|------------|---|------------|
| <b>6.1</b> | <b>Inleiding</b>                        | <b>206</b> |
| <b>6.2</b> | <b>Die deskriptief-empiriese taak</b>   | <b>207</b> |
| <b>6.3</b> | <b>Die interpreterende taak</b>         | <b>208</b> |
| <b>6.4</b> | <b>Die normatiewe taak</b>              | <b>209</b> |
| <b>6.5</b> | <b>Die pragmatiese taak</b>             | <b>210</b> |
| <b>6.6</b> | <b>Voorstelle vir verdere navorsing</b> | <b>211</b> |
| <b>6.7</b> | <b>Finale gevolgtrekking</b>            | <b>211</b> |

|                  |            |
|------------------|------------|
| <b>Bronnelys</b> | <b>213</b> |
|------------------|------------|

|                 |                                       |            |
|-----------------|---------------------------------------|------------|
| <b>Bylaag A</b> | <b>Inligtingsbrief aan deelnemers</b> | <b>237</b> |
|-----------------|---------------------------------------|------------|

|                 |   |            |
|-----------------|---|------------|
| <b>Bylaag B</b> | <b>Toestemmingsbrief van deelnemers</b> | <b>240</b> |
|-----------------|---|------------|

|                 |  |            |
|-----------------|--|------------|
| <b>Bylaag C</b> | <b>Semi-gestruktureerde onderhoude</b> | <b>241</b> |
|-----------------|--|------------|

## Lys van figure en Tabele

### Figure

|  |     |
|--|-----|
| Figuur 1.1: Osmer (2008:11) se vier take van prakties-teologiese interpretasie | 13  |
| Figuur 2.1: Beskrywend–empiriese taak (Osmer, 2008:11)                         | 21  |
| Figuur 3.1: Interpreterende taak (Osmer, 2008:11)                              | 72  |
| Figuur 3.2. Die kringloop van negatiewe emosies (Netherlands, 2005:7)          | 103 |
| Figuur 4.1: Normatiewe taak (Osmer, 2008:11)                                   | 137 |
| Figuur 5.1: Pragmatiese taak (Osmer, 2008:11)                                  | 168 |
| Figuur 6.1: Vier take van prakties-teologiese interpretasie (Osmer, 2008:11)   | 206 |

### Tabelle

|  |     |
|--|-----|
| Tabel 2.1: Skematiese voorstelling van temas en kategorieë uit hoofteema 1   | 31  |
| Tabel 2.2: Skematiese voorstelling van sub-temas en kategorieë uit hoofteema 2                                     | 45  |
| Tabel 2.3: Skematiese voorstelling van sub-temas en kategorieë uit hoofteema 3                                     | 52  |
| Tabel 2.4: Skematiese voorstelling van sub-temas en kategorieë uit hoofteema 4                                     | 56  |
| Tabel 3.1: Sterk aanduidings van seksuele misbruik<br>(Smith, 1995:10-13, soos aangehaal in Grobler, 2005:51)      | 85  |
| Tabel 3.2: Beduidende aanduidings van seksuele misbruik<br>(Smith, 1995:10-13, soos aangehaal in Grobler, 2005:51) | 85  |
| Tabel 3.3: Verskillende gevolge van seksuele misbruik<br>(Sigurdardottir <i>et al.</i> , 2014:281)                 | 91  |
| Tabel 3.4: Erikson se psigososiale ontwikkeling in agt fases<br>(Kneisl <i>et al.</i> , 2004:33)                   | 100 |

|  |     |
|--|-----|
| Tabel 3.5: Seksuele ontwikkeling                           |     |
| (Karp & Butler, soos aangehaal in Wilson, 2006:56)         | 105 |
| Tabel 3.6: Verandering in die rol van kinders oor die eeue |     |
| (Hedges-Goettl, 2004:19)                                   | 112 |

# Hoofstuk 1

## Inleiding tot die navorsingsontwerp

### 1.1 TITEL

Pastorale inkleding van speeltegnieke by die begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is

### 1.2 DEFINISIES VAN TERME

#### 1.2.1 Pastorale begeleiding

As gelowiges glo pastorale hulpverleners dat God die Groot Hulpverlener aan die wêreld is. Hierdie Christelike wêreldbeskouing word deur skrywers soos Adams (1979:47), Collins (2011:5) en Louw (1999:28) beklemtoon. Volgens Adams (1979:47) en Tan (2011:363) moet pastorale begeleiding, onder leiding van die Heilige Gees, weer sy rol as Christelike hulpverlener aan die wêreld inneem. Pastorale begeleiding of berading word gesien as 'n meer gespesialiseerde aspek van pastorale versorging en behels hulpverlening aan enkelinge, gesinne en groepe (Collins, 2011: 4). Pastorale begeleiding gebruik 'n verskeidenheid hulpverleningsmetodes wat in ooreenstemming staan met die Bybel. Die hoofdoel van die pastorale begeleidingsproses is om beradenes te help om te genees, om te leer en om persoonlik en geestelik te groei (Collins, 2011:4).

Pastorale begeleiding fokus daarop om mense te help om die sin in hul lewens te ontdek, asook om hoop en empatie te vestig. Tydens die proses mag Bybelse narratiewe gebruik word om die beradene te help om, te midde van 'n krisissituasie, die rykdom, vreugde en genade van God raak te sien en te vier (Louw, 2012:15).

Collins beskryf in sy boek, *Die A tot Z van Berading* (2011:6), 'n paar kenmerkende tegnieke wat teenwoordig sal wees in 'n beradingsessie. Daar sal tydens die sessie moontlik gebid word, uit die Skrif gelees word en mense sal moontlik baie versigtig met Christelike waarhede gekonfronteer word. Tan (2011:363) verduidelik dat die rol, hulp en leiding van die Heilige Gees op die voorgrond van pastorale berading of begeleiding geplaas moet word tydens berading: "Christian counselling or

psychotherapy can be simply described as counselling conducted by a Christian who is Christ-centered, biblically based, and Spirit filled”.

Die doel van pastorale begeleiding word deur MacArthur en Mack (1994:9) beskryf as die proses waarin die beradene begelei word om Christus se voorbeeld te volg. Dit gebeur deur die Heilige Gees wat die beradene help om krisisse en probleme te verwerk en te verstaan. Binne pastorale begeleiding staan die Skrif sentraal (vergelyk 2 Tim 3:16): “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek”.

MacArthur en Mack (1994:9) bevestig dit in hul boek *Introduction to Biblical Counseling*:

Scripture is the only reliable manual for true soul-study. It is so comprehensive in the diagnosis and treatment of every spiritual matter that, energized by the Holy Spirit in the believer, it leads to making one like Jesus Christ. This is the process of biblical sanctification. It is the goal of biblical counseling.

Pattison (1993:16) voer aan dat dit belangrik is dat die pastorale berading voortdurend sy geestelike karakter behou, en dit gebeur wanneer die berader sy Christelike visie behou terwyl hy met mense werk.

Die navorser wil met die resultate van hierdie studie pastorale speeltegnieke saamstel om hulpverleners te bemagtig om op ’n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot geestelike genesing. Binne hierdie studie word daar dus gefokus op die Christelik-pastorale inkleding van speeltegnieke wat na die geestelike welsyn van seksueel misbruikte pre-adolessente omsien.

### **1.2.2 Hulpverlening deur middel van speeltegnieke**

Speel is die kind se natuurlike manier om nie-verbaal te kommunikeer (Van der Merwe, 2006:4). Spel help kinders om uit te vind wat in hul wêreld aangaan en dit kan ook daartoe bydra om kinders te bemagtig om hul emosies te beleef en te hanteer (McMahon, 2009:26; Schaefer & O’Connor, 1993:7-13). Met behulp van speeltegnieke kan spel tydens hulpverlening gebruik word om gesondheid en welstand by kinders te bevorder (Stagnitti & Cooper, 2009:16). Kinders gebruik spel om deur fiksie orde in

hul huidige deurmekaar wêreld te skep (Cattanach, 2005:3). Volgens Blom (2006:19) behels die benutting van speeltegnieke dat:

...the child will play out his or her problems in a symbolic manner, will learn to know and will channel his or her own emotions more effectively, will learn to enter into a relationship of trust with another person and that devious behaviour will consequently be normalized.

Met behulp van speeltegnieke kan verskeie tegnieke en beginsels gebruik word om op 'n nie-bedreigende wyse met kinders berading te doen en hulle sodoende te help om emosionele verwonding in hul lewens te verwerk. Webb (1991:27) beskryf speltherapie om emosioneel verwonde kinders te begelei soos volg:

Play therapy is a psychotherapeutic method, based on psychodynamic and developmental principles, intended to help relieve the emotional distress of young children through a variety of imaginative and expressive play materials such as puppets, dolls, clay, board games, art material and miniature objects.

Daar word veronderstel dat kinders hul probleme op simboliese wyse sal uitspeel, hul eie gevoelens sal leer ken en dit effektief sal kanaliseer, sal leer om 'n vertrouensverhouding met 'n ander persoon (hulpverlener) aan te knoop en die verwonding in hul lewens te verwerk (Blom, 2006:19). Alhoewel die pastorale berader nie formeel van speltherapie gebruik maak nie, kan speeltegnieke benut word om met die kind 'n vertrouensverhouding te vestig en op aanvaarbare wyse kommunikasie met die kind te bevorder. Die verskillende speeltegnieke wat tydens hulpverlening gebruik kan word, behels onder andere skeppende kuns, drama, musiek, narratiewe gesprekke, sandspel, bibliospel en poppespel. Al hierdie tegnieke dra daartoe by om 'n veilige en bekende ruimte vir kinders te skep (Marx, 2014:2). Axline beskryf die gevolge van 'n veilige en bekende omgewing vir kinders in die proses tot emosionele genesing soos volg (soos aangehaal deur Schaefer & O'Connor, 1993:21): "The child begins to realize the power within himself to be an individual in his own right, to think for himself, to make his own decisions, to become psychologically more mature, and by so doing, to realize selfhood".

In hierdie verband sal daar in die navorsing gekyk word na verskillende speeltegnieke en hoe hulpverleners dit kan gebruik binne 'n pastorale konteks. Marx (2014:138) poneer:

Kinders beeld dikwels hul persepsies en verwagtinge van God in simbole uit of vra geloofsvrae aan die berader. Die berader sal dus ingestel wees op enige verwysing van die kind na God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees.

Volgens Marx (2014:138) is dit gedurende hierdie *pastorale moment* wat die hulpverlener die kind se geloof kan bevestig of ignoreer. In die navorsing is ook staatgemaak op die begeleiding van 'n hulp-studieleier met kundigheid in die benutting van speltherapie in maatskaplike werk.

### **1.2.2.1 Nie-direkte, kliënt-gesentreerde hulpverlening**

Intervensie kan direk of nie-direk wees. Vir die doel van hierdie studie gaan daar gefokus word op nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke. Kliënt-gesentreerde intervensie is oorspronklik deur Carl Rogers ontwikkel en is gegrond op die metateoretiese veronderstelling dat mense organismes is wat inherent gemotiveerd is om te beweeg in die rigting van groei en ontwikkeling (Murphy, 2009:3). Die kliënt-gesentreerde benadering veronderstel dat enige persoon binne die regte omgewing of omstandighede sy potensiaal kan ontwikkel. Die regte omgewing of omstandighede kan die persoon lei na die ervaring van welstand waar hy verstaan en onvoorwaardelike aanvaarding beleef (Murphy, 2009:3). Volgens Hill en Nakayama (2000:861) beskryf Rogers die rol van die kliënt-gesentreerde berader soos volg: "...to listen to clients, be empathetic with them, and accept them for who they were rather than offer deep interpretations of unconscious material or mechanistically change behaviors".

Binne die konteks van die kliënt-gesentreerde benadering is daar 'n paar faktore wat tot verandering by 'n persoon kan bydra (Levitt, 2005:i).

- Die kliënt word die ruimte gegun om teen sy eie pas deur die gebeure te werk.
- Die kliënt fokus ook op die gebeure wat vir hom op die oomblik die mees relevante is, en nie spesifiek dít waarop die berader noodwendig sou wou fokus nie.
- Nog 'n belangrike aspek van die kliënt-gesentreerde benadering is dat die berader ten alle tye empaties en ontvanklik teenoor die kliënt moet wees.

Rogers het hierdeur baie klem geplaas op die belangrikheid van die interpersoonlike en terapeutiese verhouding.

Axline (1993:15) voer aan dat 'n nie-direkte benadering die kliënt die geleentheid bied om net homself te wees, om die self onvoorwaardelik te aanvaar sonder enige druk om te verander, en daardeur die kliënt se subjektiewe gevoelens te erken. Tydens die nie-direkte, kliënt-gesentreerde intervensie neem die kliënt dus die leiding tydens die beradingsessie. Rogers stel in 1986 (soos aangehaal in Brodley, 2011:46) dat:

...I'm very willing to follow the client's lead ... It's the client who is the expert in her own feelings, and I'm willing to - I want to - abide by what seems right to the client ... I try to avoid expectations and stay right where the client is.

Die nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering is nie bedreigend nie, die pas word deur die kind aangegee, die kind fokus op gebeure wat op sý voorgrond is en hy ontdek genesing deur persoonlike en geestelike groei.

### **1.2.3 Seksuele misbruik**

Seksuele misbruik kan nie deur 'n enkele definisie omskryf word nie. Nel (2013:19) voer aan dat dit as gevolg van "...die komplekse, emosionele en verskuilde aard van seksuele misbruik is". Nel (2013:19) beskryf seksuele misbruik as "...die gedwonge deelname of uitlok van 'n kind of 'n jong mens, om deel te neem aan seksuele aktiwiteite, met of sonder die kind se bewustheid van wat besig is om plaas te vind." Sgroi (1982:9) het al in die vroeë tagtigerjare 'n baie wye omskrywing van seksuele misbruik probeer daarstel. Volgens hom is dit 'n seksuele daad wat op kinders afgedwing word wat nie die nodige emosionele, volwasse of kognitiewe ontwikkeling besit nie. Die vermoë om 'n kind in 'n seksuele verhouding te betrek is gebaseer op die dominante posisie wat die persoon oor die kind neem, wat sterk in kontras staan met die kind se ouderdom, afhanklikheid en ondergeskikte posisie. Dit is juis die persoon se outoriteit en mag wat die oortreder in staat stel om die kind te dwing om deel te neem. Crowder (2013:1) lê, soos Sgroi (1982:9), ook baie klem in sy definisie op die magsaspek en veral die geheimhouding:

Sexual abuse is an activity that is perpetrated in secret. The offender is often in a position of trust, and always in a position of power, in

relation to his or her victim. The victim acquiesces to the authority of the offender because he or she is threatened or seduced into compliance. Often a victim's cognitive and affective immaturity renders him or her unable to appropriately judge the potential risk of the behaviors that constitute the abuse.

Crosson-Tower (2005:123) definieer seksuele misbruik as "...any childhood sexual experience that interferes with or has the potential for interfering with a child's healthy development." Die konteks en aard van elke geval van seksuele misbruik kan verskillend plaasvind en van mekaar onderskei word. Volgens Wenar en Kerig (2012:315) strek seksuele misbruik vanaf penetrasie tot dade wat selfs geen fisiese kontak behels nie. Dit kan skielik en aggressief wees, soos in die geval van 'n verkragting, of dit kan 'n lang periode van voorbereiding of "grooming" behels. Die oortreder kan 'n familielid wees of 'n vreemdeling, en die misbruik kan óf akuut wees, óf oor jare strek (vergelyk Louw & Louw, 2014:429).

Kinders wat seksueel misbruik en daardeur emosioneel verwond is, kan 'n wye verskeidenheid van probleme ervaar, soos nagmerries, slaapprobleme, skuldgevoelens, 'n gevoel van waardeloosheid, gedrag wat seksuele handeling insluit, probleme by die skool, probleme om vriende te maak, gevoelens van alleenheid en isolasie, en 'n algemene gevoel dat hulle "anders as ander kinders" is en net 'n objek is vir ander om te gebruik (vergelyk Cattanach, 2008:125; Louw & Louw, 2014:429). Die *Abuse and Incest National Network* (2012) beskryf ook die algemene reaksies by persone wat aan seksuele misbruik blootgestel is as onttrekking, depressie, slaap- en eetversteurings, self-mutilasie, psigosomatiese simptome, probleme by die skool, angs, skuldgevoelens of regressiewe gedrag.

Hedges-Goettl (2004:14) beskryf seksuele misbruik as "a chaotic monster that damages the image of God and denies incarnation in victims, abusers and even in those closest to them". Net soos die trauma van seksuele misbruik pre-adolescente emosioneel verwond, word hul spirituele ontwikkeling ook beïnvloed (McAdams & Sweeney, 2006:83).

## **1.2.4 Pre-adolessensie of middelkinderjare**

Wanneer daar met kinders gewerk word, is dit belangrik dat hulle ontwikkelingsouderdom in ag geneem word. Die pre-adolescente of middelkinderjare (ook bekend as die laerskoolfase) strek vanaf ongeveer ses of sewe jaar tot twaalf of dertien jaar (Grobler, 2005:88; Louw & Louw, 2014:8). Vir die doel van hierdie studie word Malina *et al* (2014:7) se definiëring van pre-adolessensie gebruik as die tydperk tussen ses en 12 jaar oud.

Die pre-adolessensie tydperk kan ook beskryf word as die latente fase. Dit is tydens hierdie periode wat die kind se wêreld vergroot (Louw & Louw, 2014:270). Die middelkinderjare is 'n baie belangrike fase in die fisiese ontwikkeling van die kind en die emosionele verwonding wat gepaard gaan met seksuele misbruik kan die kind se liggaamsbeeld ook baie negatief beïnvloed (Fouché, 2000:47). Young (vergeelyk Wenninger & Heiman, 1998:544) het in 1992 in 'n studie bevind dat die verlies aan 'n positiewe liggaamsbeeld kan plaasvind wanneer liggaamsgrense verbreek word, soos in die geval van seksuele misbruik.

Vroeë onderbreking van die ontwikkelingsproses kan egter aanleiding gee tot die verlies en skade aan persoonlike identiteit en die ontwikkeling van volwasse psigologiese funksionering. Die pre-adolescent wat seksueel misbruik is, beoordeel sy gedrag op grond van die samelewing se bestaande norme, en ook volgens sy eie gewete of geïnternaliseerde, abstrakte etiese beginsels (vergeelyk Strom & Strom, 2009:396). Volgens Richardson (2005:153) en Seamands (2004:21) kan pre-adolescente wat seksueel misbruik is, begelei word om 'n lewe te leef wat op God gerig is en deur die werking van die Heilige Gees aangespreek word.

## **1.3 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING**

### **1.3.1 Motivering vir keuse van die navorsingsarea**

Die motivering vir hierdie studie het ontstaan uit die navorser se betrokkenheid by die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) in Oos-Londen as predikant en berader. 'n Hoë volume gevalle kom hier na vore van kinders, uit alle etniese groepe, wat deur seksuele misbruik en die trauma (emosionele verwonding) daarvan beïnvloed word. Die kinders se ouderdomme strek meestal van vier jaar tot 12 jaar. Die navorser se vorige studies in speltherapie (MDiac by Wellington Kollege) en blootstelling aan

verwonde kinders het die vraag laat ontstaan of speeltegnieke gebruik kan word in die pastorale begeleiding van pre-adolessente wat aan seksuele misbruik blootgestel is. In die navorser se gesprekke met hulpverleners (maatskaplike werkers en kinderberaders) is ook gevind dat daar onsekerheid bestaan oor die plek van hul eie geloof binne die konteks van begeleiding en hulpverlening aan seksueel misbruikte kinders. Die hulpverlener se eie geloof en die Skrif dra by tot die pastorale inkleding van hulpverlening.

### **1.3.2 Leemte in bestaande navorsing**

'n Uitgebreide elektroniese soektog op die volgende databasisse is deur die biblioteke van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) gedoen. Die volgende databasisse is gebruik:

- ATLA – American Theological Library Association – Religious Database
- EBSCO HOST – Academic Search Elite Database
- North West University Library Catalogue
- NEXUS DATABASE SYSTEM – Dissertations and Theses
- ISI – Web of Science
- ISAP – South African Journal Articles
- SABINET – Online Library Service
- SA Cat – Publications

In hierdie soektog is die volgende sleutel terme gebruik: *Pastoral counselling, play techniques, play therapy, faith, church, biblical, theology, sexual abuse, pastoral, victim, child sexual abuse.*

Die soektog het getoon dat daar nie voldoende nagraadse studies gedoen is oor die Christelik-pastorale inkleding van speeltegnieke om hulpverleners te bemagtig om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei nie. Die meerderheid van studies oor seksuele misbruik van kinders, en veral pre-adolessente, is vanuit 'n maatskaplike en sielkundige oogpunt gedoen en nie

vanuit die pastorale oogpunt nie. Daar is egter enkele studies wat wel raakpunte met die navorsing het; enkele voorbeelde is:

- A.F. Louw het in 2003 by die Universiteit van Suid-Afrika 'n doktorsale proefskrif voltooi, getiteld: *A co-authoring, pastoral journey with an adult woman who experienced childhood sexual abuse*. Hierdie navorsing is vanuit 'n pastorale oogpunt gedoen, maar dit fokus slegs op volwasse vroue.
- L. Grobler voltooi in 2005 haar MA verhandeling by die Noordwes-Universiteit, getiteld: *Hulpverlening aan die gemolesteerde kind met behulp van Speltherapie: 'n Pastorale studie*. Hierdie studie fokus grootliks op die pastorale aspekte en Skrifbeskouings van die gemolesteerde kind.
- H.A. Fourie het in 2013 'n doktorsale proefskrif voltooi aan die Universiteit van die Vrystaat, getiteld: *A narrative pastoral involvement in adolescent girls that are sexually abused*. Die navorsing is vanuit 'n pastorale vertrekpunt gedoen, maar die fokus was op adolessente meisies.
- J. Marx voltooi in 2013 haar doktorsale proefskrif by die Noordwes-Universiteit, getiteld: *Die waarde van speltherapie: 'n Pastorale benadering*. Die navorsing is ook vanuit 'n pastorale benadering gedoen en fokus op die ontwikkeling en gebruike van speltherapie, hulpbronne en teorieë, asook die opkomende bewustheid oor die plek van die kind in die kerk.

Boeke en tydskrifartikels oor seksuele misbruik is oorvloedig, veral vanuit die aangrensende hulpwetenskappe. Daar bestaan ook 'n aantal boeke wat geskryf is vanuit 'n pastorale perspektief, maar die oorheersende fokus is op volwasse persone wat as kinders misbruik is en perspektiewe wat aangebied word vir die kerk of beraders om hulp aan volwasse persone te verleen.

Die navorser is van mening dat hierdie studie 'n leemte kan vul en pastorale riglyne sal voorsien om *hulpverleners te bemagtig* om op 'n Skrifgefundeerde wyse nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke te benut om seksueel misbruikte kinders in hul middelkinderjare te begelei tot genesing.

### 1.3.3 Probleemstelling

Die seksuele misbruik van kinders is nie 'n nuwe tendens in die wêreld nie; dit is so oud soos die mensdom self. Tannahill (1992:4) beskryf in haar boek, *Sex in History*, dat daar verskeie kulture regoor die wêreld is wat sedert die vroegste tye kinders seksueel misbruik. Die seksuele misbruik van kinders is ook in verskeie samelewings een van die bes bewaarde geheime (Grobler 2005:2). Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, asook die Departement van Vroue, Kinders en Mense met Gestremdhede, het in hul 2012 verslag (DSD, DWCPD & UNICEF: 2012) verskeie redes aangetoon vir die huidige toestand wat kinders aan seksuele misbruik blootstel.

Die seksuele misbruik van kinders gebeur meestal in 'n private ruimte en is maklik om weg te steek, kinders is meestal te bang om te vertel wat met hulle gebeur en hulle is soms onbewus van hul regte. Navorsing het getoon dat 85% van kinders hul oortreder goed ken en misbruik deur 'n familielid of nabye familievriend in 60% van gevalle gebeur (Gilgun & Anderson, 2015:3). Swak notulering van klagtes deur mense by wie die misdaad wel gerapporteer word, lei ook daartoe dat die aanmelding van seksuele misbruik nie die nodige aandag kry nie. In baie gevalle voel hulpverleners of die kinders wat aan seksuele misbruik blootgestel is dat dit nie 'n oplossing bied om die misdaad te rapporteer nie. In baie gevalle word die onthullings van die kind nie deur die familieledede geglo nie en die kind word intens ondervra deur verskeie prokureurs, ondersoekbeamptes en maatskaplike werkers, wat sekondêre trauma kan veroorsaak (Wilson, 2006:26). Die kind word ook soms ná die aantuigings uit die ouerhuis verwyder. Al die bogenoemde faktore kan daartoe lei dat die aantuigings, ná die aanmelding van seksuele misbruik, teruggetrek word.

Statistieke vanaf die Suid-Afrikaanse Polisie Diens het getoon dat daar in 2012/2013 'n getal van 20 702 en in 2013/2014 'n getal van 18 524 sake van kinderverkragting aangemeld is. Dit beteken dat daar 57 sake per dag in 2012/2013 gerapporteer is en 51 sake per dag in 2013/2014 (Schiller, 2015:2).

Die ingewikkelde aard van seksuele misbruik maak ook die rapportering en aanmelding van die misbruik vir baie kinders nóg moeiliker. Finkelhor (soos aangehaal deur Grobler, 2005:2) noem verskeie faktore wat bygedra het tot die ontwikkeling van seksuele misbruik as probleem vir die gemeenskap:

Die tempo van molestering groei tesame met die toename in wydverspreide egskeidings en hertroues en met die meer algemene voorkoms van betrokkenheid by saamleefmaats en die gebrek aan permanensie van sulke verhoudings (wat die blootstelling van kinders aan stiefpa's, kêrels en saamleefmaats verhoog). Die vinnige afplating van seksuele waardes en norme, wat versterk word deur die verlies aan tradisionele beheermaatreëls en -norme, kan ook aanleiding gee tot die seksualisering van die lewe.

In hierdie studie gaan die behoefte aangespreek word deur speeltegnieke saam te stel om hulpverleners te bemagtig om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei.

## **1.4 NAVORSINGSVRAAG**

### **1.4.1 Oorkoepelende navorsingsvraag**

Die vraag wat deur die navorsing beantwoord moet word:

In watter mate kan speeltegnieke saamgestel word om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot geestelike genesing?

### **1.4.2 Verdere vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei:**

Om bogenoemde navorsingsvraag sinvol te beantwoord, word die volgende vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei, geformuleer.

1.4.2.1 Watter perspektiewe kan empiriese navorsing bydra om speeltegnieke saam te stel wat hulpverleners sal bemagtig om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot geestelike genesing?

1.4.2.2 In watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van die navorsing vanuit die aangrensende hulpwetenskappe om nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke te benut om seksueel misbruikte pre-adolessente pastoraal te begelei tot geestelike genesing?

- 1.4.2.3 Watter normatiewe perspektiewe bied die Skrif en teologiese perspektiewe waaruit speeltegnieke saamgestel kan word om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot geestelike genesing?
- 1.4.2.4 Watter riglyne bied die navorsing om speeltegnieke saam te stel om pre-adolessente wat seksueel misbruik is op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse te begelei tot geestelike genesing?

## **1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE**

### **1.5.1 Doelstelling**

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om pastorale speeltegnieke saam te stel om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot geestelike genesing.

### **1.5.2 Doelwitte**

Die spesifieke doelwitte wat bereik moet word deur hierdie studie:

- 1.5.2.1 Om deur empiriese, kwalitatiewe navorsing vernuwende insigte en perspektiewe rakende praktyke en riglyne vir die benutting van speeltegnieke in die pastorale begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is te ondersoek.
- 1.5.2.2 Om deur 'n literatuurstudie gebruik te maak van die resultate van die navorsing vanuit aangrensende hulpwetenskappe met betrekking tot die definiëring van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke om seksueel misbruikte pre-adolessente pastoraal te begelei tot geestelike genesing.
- 1.5.2.3 Om vas te stel wat Skriftuurlike en teologiese perspektiewe deur die eksegeese van relevante Skrifgedeeltes bied, waaruit speeltegnieke saamgestel kan word om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot geestelike genesing.


1.5.2.4 Om praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke saam te stel om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot geestelike genesing.

## 1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument is dat die pastorale inkleding van speeltegnieke so saamgestel kan word dat dit op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is, kan begelei tot genesing.

## 1.7 METODOLOGIE

Vir die doel van hierdie studie gaan Osmer (2008:4) se model van die vier take van Praktiese Teologie gebruik word as metodologiese vertrekpunte. Osmer (2008:4) se model stel vier prakties-teologiese interpretasies voor, naamlik: beskrywende, interpreterende, normatiewe en pragmatiese take.



**Figuur 1.1: Osmer (2008:11) se vier take van prakties-teologiese interpretasie**

Volgens Osmer (2008:4) bestaan prakties-teologiese interpretasie en navorsing uit die volgende vier kernopdragte waarna reeds voorlopig hierbo verwys is:

### 1.7.1 Beskrywend-empiriese Taak

In hierdie taak word beskrywend-empiriese navorsing onderneem om "Wat in hierdie betrokke situasie gebeur?" te verken en te beskryf. Volgens Osmer (2008:4) behels

dit: “Gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations, or contexts.” Die beskrywend-empiriese taak bevat ’n strategie vir beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Osmer, 2008:49). Die definisies van beide word deur De Vos *et al* (2011:74) soos volg beskryf:

- Kwalitatiewe navorsing is ’n wyse van ondersoek wat die deelnemer se menings, ervarings en persepsies van gebeure probeer vasstel.
- Kwantitatiewe navorsing is ’n ondersoek na ’n sosiale of menslike probleem, gebaseer op die toetsing van ’n teorie deur middel van nommers en analises.

Die beskrywend-empiriese taak van hierdie studie sal egter deur middel van ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp uitgevoer word (De Vos, 2011:74). Die empiriese navorsing sal op data-insameling deur middel van in-diepte, semi-gestruktureerde onderhoude gebaseer wees en die verkennende en beskrywende data wat by die respondente (hulpverleners) toepaslik gevind is, sal gemotiveer word.

Onderhoude sal met deelnemers (hulpverleners: maatskaplike werkers, beraders en predikante) se skriftelike toestemming opgeneem word en die hoeveelheid onderhoude sal afhang van die bereiking van die versadigingspunt wanneer geen nuwe inligting meer bekom word nie (Greeff, 2011:350; Mayan, 2009:63). Temas en subtemas sal vanuit die onderhoude geïdentifiseer word. Moontlike betekenis, patrone, verduidelikings en moontlike konfigurasies sal in die proses geïdentifiseer en gekontroleer word aan die hand van ’n literatuuroorsig wat relevante literatuur insluit. Tydens die navorsing is gewerk volgens die riglyne van die Etiese Komitee van die NWU. Die onderhoude is in ooreenstemming met die NWU se beleid vir navorsingsetiek gedoen en dit is gedoen nadat die navorsingsprojek geregistreer is by die bepaalde NWU-Etik-komitee wat die etiese risiko’s verbonde aan hierdie navorsing beoordeel het en goedkeuring gegee het vir die uitvoer van die studie.

Die evaluering van die bydrae vanuit die beskrywend-empiriese ondersoek met betrekking tot hulpverleners wat seksueel misbruikte middel-kinderjarige kinders begelei, sal in Hoofstuk 2 bespreek word.

### **1.7.2 Interpreterende Taak**

Wat betref Osmer (2008:4) se interpreterende taak, “*Waarom is dit besig om te gebeur?*”, sal ’n literatuurstudie gedoen word van relevante inligting vanuit die aangrensende hulpwetenskappe. Osmer (2008:4) beskryf die interpreterende taak soos volg: “Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring.” Die begeleiding van die hulpstudieleier is hier benut, waar gefokus word op bydraes vanuit die navorsing rondom nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke en relevante literatuur vanuit Maatskaplike Werk en Psigologie.

Die bestudering van die bydraes en perspektiewe van die aangrensende hulpwetenskappe met betrekking tot die tema is in Hoofstuk 3 ontleed, verduidelik en bespreek.

### **1.7.3 Normatiewe Taak**

Osmer (2008:4) beskryf die normatiewe taak soos volg: “Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our response, and learning from good practice.” Tydens hierdie taak vra Osmer die vraag: “*Wat behoort of moet hier gebeur?*” (Osmer 2008:4). In die studie is ’n aantal Skrifgedeeltes geïdentifiseer wat van toepassing is op die tema en ’n tematiese benadering is gevolg ten einde Skriftuurlike en teologiese perspektiewe te identifiseer. Eksegese is gedoen volgens die grammaties-historiese metode (vergelyk De Klerk & Janse van Rensburg, 2005). ’n Literatuurstudie is ook gedoen van pastorale perspektiewe om op ’n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.

In hierdie studie is die normatiewe taak in Hoofstuk 4 ontleed, verduidelik en bespreek.

### **1.7.4 Pragmatiese Taak**

Die pragmatiese taak behels die formulering van ’n strategie vir die oplossing van die probleem. Osmer (2008:4) beskryf hierdie taak soos volg: “Determining strategies of

action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the ‘talk back’ emerging when they reenacted”.

Tydens hierdie taak geld die vraag: “*Wat moet gedoen word of hoe moet daar gereageer word?*” (Osmer 2008:4). Die doel is dus om verandering teweeg te bring en in hierdie fase van navorsing word praktiese modelle voorgestel (Osmer, 2008:176). Die pragmatiese taak sal die normatiewe perspektiewe implementeer na aanleiding van die inligting wat deur die interpreterende taak versamel is en deur die beskrywend-empiriese taak bevestig is. Daar sal gepoog word om praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke saam te stel om op ’n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.

In Hoofstuk 5 sal die formulering van praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke vanuit die bevindinge van die navorsing geformuleer, verduidelik en bespreek word.

## 1.8 VERWAGTE BYDRAE VAN DIE STUDIE

Die verwagte bydrae van die studie is om pastorale speeltegnieke saam te stel om hulpverleners te bemagtig om op ’n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing. Binne hierdie studie word daar gefokus op die Christelik-pastorale inkleding van speeltegnieke wat na die geestelike welsyn van seksueel misbruikte pre-adolesente omsien. Deur pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke kan hulpverleners bemagtig word om Bybelse riglyne binne hul hulpverlening aan seksueel misbruikte pre-adolesente (middelkinderjarige kinders) te inkorporeer.

## 1.9 SKEMATIESE UITEENSETTING VAN NAVORSINGSPROSEDURE

| <b>Titel:</b>  |   |  |
|--|---|--|
| Pastorale inkleding van speeltegnieke by die begeleiding van pre-adolesente wat seksueel misbruik is |   |  |
| <b>Navorsingsvraag:</b>  | <b>Navorsingsdoel</b>   | <b>Metodologie</b>   |
| In watter mate kan pastorale speeltegnieke saamgestel word om op ’n eiesoortige,                     | Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om pastorale speeltegnieke saam te stel om op ’n eiesoortige, Skrifgefundeerde | Vir die doel van hierdie studie gaan Osmer (2008:4) se model van die vier take van Praktiese Teologie gebruik word as metodologiese vertrekpunte |

|   |   |  |
|---|---|--|
| Skrifgefundeerde wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing?  | wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.   | om pastorale speeltegnieke saam te stel om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.   |
| <b>Verdere vrae wat uit die navorsingsvraag voortspruit:</b>  | <b>Doelwitte</b>  | <b>Navorsingsmetode</b>  |
| <b>Hoofstuk 2</b><br>1. Watter perspektiewe kan empiriese navorsing bydra om pastorale speeltegnieke saam te stel, wat hulpverleners sal bemagtig om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing?                  | 1. Om deur empiriese kwalitatiewe navorsing vernuwend insigte en perspektiewe rakende praktyke en riglyne vir die benutting van speeltegnieke in die pastorale begeleiding van pre-adolesente wat seksueel misbruik is te ondersoek.  | <b>Beskrywende- Empiriese Taak</b><br>Die beskrywende-empiriese taak van hierdie studie sal egter deur middel van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp uitgevoer word. Die empiriese navorsing sal op data-insameling deur middel van in-diepte semi-gestruktureerde onderhoude gebaseer wees en die verkennende en beskrywende data wat by die deelnemers (hulpverleners) toepaslik gevind is, sal gemotiveer word.  |
| <b>Hoofstuk 3</b><br>2. In watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van die navorsing vanuit die aangrensende hulpwetenskappe om nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke te benut om seksueel misbruikte pre-adolesente, pastoraal te begelei tot genesing? | 2. Deur van 'n literatuurstudie gebruik te maak van die resultate van die navorsing vanuit aangrensende hulpwetenskappe met betrekking tot die definiëring van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke om seksueel misbruikte pre-adolesente te begelei tot genesing.          | <b>Interpreterende Taak</b><br>'n Literatuurstudie sal vanuit Maatskaplike Werk en Psigologie gedoen word, met betrekking tot bydraes vanuit navorsing rondom nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke en relevante literatuur, om 'n interpreterende perspektief daar te stel. Die beskrywende-empiriese perspektiewe en interpreterende perspektiewe sal met mekaar vergelyk word om die wisselwerking wat tussen hulle plaasvind, waar te neem.   |
| <b>Hoofstuk 4</b><br>3. Watter normatiewe perspektiewe bied die Skrif en teologiese perspektiewe waaruit pastorale speeltegnieke saamgestel kan word om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing?               | 3. Om vas te stel wat Skriftuurlike en teologiese perspektiewe deur die eksegeese van relevante Skrifgedeeltes bied waaruit pastorale speeltegnieke saamgestel kan word om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.. | <b>Normatiewe Taak</b><br>Die normatiewe taak sal fokus op Skriftuurlike en teologiese perspektiewe om pastorale riglyne saam te stel. Daar sal 'n aantal Skrifgedeeltes geïdentifiseer word wat van toepassing is op die tema en 'n tematiese benadering sal hier gevolg word ten einde sekere algemene Skriftuurlike en teologiese perspektiewe te identifiseer. Eksegese sal gedoen word volgens die grammaties-historiese metode. 'n Literatuurstudie sal ook gedoen word van pastorale perspektiewe om riglyne saam te stel vir die benutting van speeltegnieke in die pastorale begeleiding van pre-adolesente wat seksueel misbruik is. |
| <b>Hoofstuk 5</b><br>4. Watter riglyne bied die navorsing om pastorale speeltegnieke saam te stel om pre-adolesente   | 4. Om praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke saam te stel om op 'n eiesoortige,   | <b>Pragmatiese Taak</b><br>Die pragmatiese taak sal die normatiewe perspektiewe implementeer na aanleiding van die inligting wat deur die interpreterende  |

|   |  |   |
|---|--|---|
| <p>wat seksueel misbruik is op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse te begelei tot genesing?</p> | <p>Skrifgefundeerde wyse pre-adolescente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.</p> | <p>taak versamel is en deur die beskrywend-empiriese taak bevestig is. Daar sal gepoog word om praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke saam te stel om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolescente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.</p> |
|---|--|---|

## 1.10 TEGNIESE ASPEKTE

- Hierdie studie is gedoen volgens die etiese riglyne van die Noordwes-Universiteit. Die navorser het die etiese goedkeuring van die Navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verkry voor die empiriese studie begin is. Etieknommer NWU-00414-15-A6 is vir die doeleindes van hierdie navorsing toegeken.
- Waar daar na die slagoffer of oortreder verwys word, word die manlike vorm gebruik om beide geslagte te verteenwoordig.
- Alle Afrikaanse teksgedeeltes is aangehaal uit die 1983 vertaling van die Bybel.
- Waar deelnemers in Hoofstuk 2 aangehaal word, vind dit nie suiwer *verbatim* plaas nie, maar is geredigeer ter wille van akademiese korrektheid. Die *verbatim* response is beskikbaar ter insae in Bylaag C.

## 1.11 HOOFSTUK INDELING

Hoofstuk 1. **Inleiding**

Hoofstuk 2. **Beskrywend-empiriese Taak:** Empiriese kwalitatiewe navorsing om vernuwende insigte en perspektiewe rakende praktyke en riglyne vir die benutting van speeltegnieke in die pastorale begeleiding van pre-adolescente wat seksueel misbruik is te ondersoek.

Hoofstuk 3. **Interpreterende Taak:** 'n Literatuurstudie vanuit aangrensende hulpwetenskappe met betrekking tot die definiëring van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke om seksueel misbruikte pre-adolescente te begelei.

- Hoofstuk 4. **Normatiewe Taak:** Skriftuurlike en teologiese perspektiewe deur die eksegeese van relevante Skrifgedeeltes word gebied waaruit speeltegnieke saamgestel kan word om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei.
- Hoofstuk 5. **Pragmatiese Taak:** Praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke word saamgestel om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei.
- Hoofstuk 6. **Samevatting en slot.**

## Hoofstuk 2

### Beskrywend-empiriese ondersoek rakende praktyke en riglyne vir die benutting van speeltegnieke in pastorale hulpverlening


#### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese taak wat vir die navorsing gevolg is, uiteengesit. Binne die empiriese taak word die nodige inligting bymekaar gebring en geïnterpreteer. Die gevolgtrekkings wat gemaak word, maak dit vir die navorser moontlik om die huidige probleemsituasie beter te verstaan en moontlik te verander (Heitink, 1999:223-225; Smith, 2014:30; Willig & Stainton-Rogers, 2008:6). Venter (1996:89) beskryf die belangrike rol wat empiriese ondersoeke binne die praktiese teologie speel, soos volg:

Vir sinvolle prakties-teologiese teorievorming vir bepaalde vraagstukke in diakoniek is empiriese werk egter ook nodig. Deur middel van empiriese ondersoek word die praktyk en situasie ontleed waarvoor 'n nuwe praktykteorie daargestel moet word.

Osmer (2008:39) beskryf die empiriese navorsing as “ a disciplined way of attending to others in their particularity”. Dit laat die navorser toe om tot 'n dieper verstaan te kom van wat aangaan binne 'n spesifieke episode, situasie of konteks.

Die beskrywend-empiriese taak van die hermeneutiese sirkel sal in hierdie hoofstuk beskryf word (Osmer, 2008:10). Empiriese navorsing word beskryf as 'n evaluering van wat eerstehand tydens die waarneming van 'n geselekteerde groep se aktiwiteite plaasvind (Osmer, 2008:39). Volgens Osmer (2008:4) behels dit: “Gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations, or contexts.” In hierdie taak word die beskrywend-empiriese navorsing onderneem om *Wat gebeur in hierdie betrokke situasie?* te verken en te beskryf.



**Figuur 2.1: Beskrywend–empiriese taak (Osmer, 2008:11)**

Aansluitend by Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese vraag, “*What is going on?*”, beantwoord die navorser die volgende navorsingsvraag in hierdie hoofstuk:

- Watter perspektiewe kan empiriese navorsing bydra om speeltegnieke saam te stel wat hulpverleners sal bemagtig om op ’n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot geestelike genesing?

## 2.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Smith (2014:19) voer aan: “Navorsingsmetodologie word deur die navorser se paradigmatische keuses beïnvloed en daarom moet die navorser duidelik aantoon wat haar perspektief of verwysingsraamwerk behels waaruit sy die realiteit verstaan”. Die navorser is ’n predikant in ’n Nederduits Gereformeerde Kerk in Oos-Londen. Sy het ook verdere opleiding gehad in *Gestalt* Speltherapie. Tans doen sy kinderberading by die CMR in Oos-Londen.

Die navorser stem saam met Breed (2013:2), wat van mening is dat elke navorser se Godsbeskouing en siening van die mens ’n invloed het op pastorale navorsing. Die navorser se Skrifbeskouing is gevorm vanuit die Gereformeerde tradisie wat die outoriteit van die Skrif as die Woord van God bely. Die Skrif is daar “om in waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek” (2 Tim 3:16). Die navorser sien God as iemand wat nie verstaan kan word deur menslike kennis en liefde nie; maar Hy is die Een wat Homself openbaar en

vereenselwig met die mens se diepste seer en omstandighede. God is vir die navorser 'n persoonlike God wat Homself bemoei met die mens.

## **2.3 NAVORSINGSMETODE**

Hoofsaaklik drie algemene benaderings of metodes tot empiriese navorsing bestaan, naamlik die kwantitatiewe metode, die gemengde metode en die kwalitatiewe metode (De Vos, 2005:357). Smith (2014:33) beskryf die doel van 'n navorsingsmetode of navorsingsontwerp soos volg:

Die navorsingsontwerp verskaf riglyne aan die navorser aangaande die strukturering en beplanning vir die organisering en insameling van inligting om die navorsingsbevindinge te bekom en die vooropgestelde doelwitte te bereik.

Vir die doel van hierdie studie word die kwalitatiewe benadering tot die navorsing gebruik en vervolgens bespreek.

### **2.3.1 Kwalitatiewe navorsingsontwerp**

Die beskrywend-empiriese taak van hierdie studie is deur middel van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp uitgevoer (vergelyk De Vos *et al*, 2011:74). Met kwalitatiewe navorsing word die eiesoortige karakter van 'n sekere saak ondersoek, sowel as ander se opinies oor hierdie spesifieke saak (Gaskell, 2000:39-41; Marx, 2014:29).

Die empiriese navorsing behels die insamel van data deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude. Onderhoude is met die deelnemers (hulpverleners: maatskaplike werkers en kinderberaders by die CMR in Oos-Londen en predikante) se skriftelike toestemming opgeneem.

Die navorser het semi-gestruktureerde onderhoude met die hulpverleners gebruik om te bepaal tot watter mate hulle voorberei is om hulp te verleen aan pre-adolessente wat seksueel misbruik is. Sy het hulle gevra na die mate waartoe hulle hul persoonlike geloofsoortuigings tydens hulpverlening gebruik en of dit 'n positiewe bydrae sal kan lewer tydens 'n hulpverleningsproses.

Soos reeds aangedui, bestaan die kwalitatiewe navorsing in hierdie studie uit semi-gestruktureerde onderhoude om die houding, ingesteldheid en opinies van hulpverleners oor pastorale berading aan pre-adolesente, met behulp van speeltegnieke, te bepaal. Aangesien die Praktiese Teologie met ander dissiplines in gesprek tree, is kruis-dissiplinêre denke volgens Osmer (2008:240) 'n belangrike deel van elk van die vier take van praktiese teologie. Volgens Ferreira (2014:193) is die kontak met sosiale wetenskappe “veral sterk tydens die empiriese werk wat besluite oor navorsingsmetodes neem wat die beste pas in hul eie kennisveld oor die interpreterende funksie van die sosiale-, natuur- en filosofiese wetenskappe”. Smith (2014:18) verduidelik dat kwalitatiewe navorsing gefokus is “op 'n onderwerp van belang waarin inligting deur die navorser versamel kan word deur middel van etnografiese werk, biografieë, fenomenologie, grondteorie en gevallestudies”.

Onder die groepering van gevallestudies word verskeie bronne van inligting gevind, byvoorbeeld onderhoude, dokumente, observasies of argiewe (Fouché, 2011:272). In hierdie studie het die navorser semi-gestruktureerde onderhoude met begeleidende vrae aan drie predikante, vier maatskaplike werkers en twee pastorale beraders gebruik. Ná die verwerking van die resultate van die semi-gestruktureerde onderhoude behoort die navorser te kan vasstel hoeveel kennis die hulpverleners het oor die voorkoms, aard en negatiewe gevolge van seksuele misbruik, watter kennis hulle het oor speeltegnieke, tot watter mate die hulpverleners se persoonlike geloof 'n rol speel tydens die hulpverleningsproses en of pastorale inkleding van speeltegnieke tydens hulpverlening met die pre-adolesent wat seksueel misbruik is, wel van hulp kan wees.

### **2.3.1.1 Onderhoude as metode van data-insameling**

Onderhoudvoering is volgens Greeff (2011:292) die mees dominante wyse van data-insameling en die kwaliteit van die onderhoud word hoofsaaklik deur die navorser se vaardighede om die onderhoud te voer, bepaal. Kwalitatiewe studies gebruik ongestruktureerde of semi-gestruktureerde onderhoude (Greeff, 2011:292). Ongestruktureerde onderhoude vind plaas sonder dat die navorser enige vooraf inligting of opinies lug oor die onderwerp. Die doel is nie om antwoorde op vrae te verkry of om hipoteses te toets nie, maar om deelnemers se ervarings rondom 'n

sekere tema te probeer verstaan en hul reaksies daarop waar te neem (Greeff, 2011:347). Semi-gestruktureerde onderhoude word gedefinieer as “those organised around areas of particular interest, while still allowing considerable flexibility in scope and depth” (Morse, 1991:189). Dit word in gevalle gebruik waar die navorser ’n besondere belangstelling in ’n bepaalde tema het en/of waar die tema persoonlik van aard is. Die navorser maak ook gebruik van ’n voorafopgestelde vraelys tydens die onderhoude om sodoende die gesprek te lei en die navorser sien die deelnemers as die “kenners” en laat hulle toe om vryelik hul opinies te lug (Greeff, 2011:296). Hierdie tipe onderhoude kan moontlik langer neem en meer intens wees as die ongestruktureerde onderhoude (Ferreira, 2014:196).

Daar word aanbeveel dat elke navorser self die inhoud van die onderskeie onderhoude transkribeer en die uitslae met objektiwiteit sal behandel (Bogdan & Biklen, 1998:92). Die volgende riglyne vir onderhoudvoering is opgestel deur Ferreira (2014:181):

- Respek en hoflikheid: Die navorsers moet deurentyd al die deelnemers met respek en waardigheid hanteer.
- Aanvaarding en verstaan: Die navorser moet sy bes probeer om met elke deelnemer te identifiseer.
- Vertroulikheid: Die deelnemers moet kan vertrou dat die navorser alle inligting vanuit die onderhoude vertroulik sal hanteer.
- Integriteit: Die navorser moet ten alle tye eerlik wees met die deelnemer en nie valse verwagtinge by die deelnemer skep nie.
- Individualisering: Elke deelnemer moet voel soos ’n individu wat ten volle aanvaar word soos hy is en nie net ’n nommer is nie.

Die semi-gestruktureerde vraelyste het bestaan uit vrae met betrekking tot elke hulpverlener se opleiding; hul ervaring met pre-adolessente wat seksueel misbruik is; die rol wat hul eie godsdiens tydens hulpverlening speel; en of die pre-adolessente sal baat vind by die pastorale inkleding van speeltegnieke. Die onderhoudskedule is soos volg saamgestel:

- 1) Beskryf asb jou loopbaan tot op hede met spesifieke verwysing na die volgende:

- Jou opleiding in hulpverlening aan kinders.
  - Aantal jare ondervinding met verwysing tot hulpverlening aan kinders.
- 2) Watter tipe aanmeldings vir hulpverlening aan kinders ontvang jy die meeste en die minste?
  - 3) Bied jy dikwels hulpverlening aan kinders (pre-adolescente) wat seksueel misbruik is?
  - 4) Is jou kennis oor die verskillende vorme, simptome en gevolge van seksuele misbruik genoegsaam? Waar het jy jou kennis opgedoen?
  - 5) Hoe word seksuele misbruik binne jou spesifieke kultuur gesien en hoe word dit hanteer?
  - 6) Het jy enige spesifieke opleiding in die benutting van speeltegnieke in hulpverlening ontvang?
  - 7) Maak jy gebruik van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke in die hulpverlening aan kinders wat seksueel misbruik is?
  - 8) Watter speeltegnieke gebruik jy tydens jou hulpverlening?
  - 9) Is jy bewus van wetlike vereistes in terme van die hantering van kinders wat mishandel word (insluitend seksuele misbruik)? Hoe gaan jy te werk om hierdie wetlike aspekte in jou hulpverlening toe te pas?
  - 10) Watter hulpbronne in die gemeenskap benut jy om kinders wat wetlik sorgbehoewend is te verwys?
  - 11) Watter rol speel 'n Christelike wêreldbeskouing en jou Christelike geloof en godsdiens tydens jou rol as Christelike hulpverlener?
  - 12) Maak jy gebruik van Bybelse riglyne tydens hulpverlening?
  - 13) Dink jy pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke, met bepaalde Skrifgefundeerde pastorale riglyne, sal kinders wat seksueel misbruik is, help in hul genesingsproses om die verwonding te verwerk en hulle begelei om persoonlik en geestelik te groei?
  - 14) Wat dink jy is die kerk/geloofsgemeenskap se rol ten opsigte van hulpverlening aan kinders wat seksueel misbruik is?

Al die deelnemers is die ruimte gegun om hul eie perspektiewe en ervarings met die navorser te deel. Dit het die navorser die geleentheid gebied om te luister en uit die deelnemers se ervarings beskrywend-empiriese inligting te versamel.

### **2.3.1.2 Steekproef**

Volgens Strydom (2011:194) bestaan 'n steekproef uit “elements of the population considered for actual inclusion in the study, or it can be viewed as a subset of measurements drawn from a population in which we are interested.” 'n Steekproef verwys na 'n kleiner groep deelnemers wat uit die bevolking gekies word om deel te neem (Gravetter & Forzano, 2003:465). Omdat al die lede waaruit die bevolking bestaan nie by 'n spesifieke studie betrek kan word nie, word 'n kleiner groep uit die totale bevolking gekies om die groter bevolking te verteenwoordig tydens die navorsingstudie (Mouton & Marais, 1990:52; Smith, 2014:35). Volgens Strydom en Delport (soos aangehaal in De Vos, 2011:328) hang die grootte van 'n steekproef af van dit wat die navorser probeer uitvind, die doel van die navorsing, wat op die spel is, wat bruikbaar sal wees, wat geloofwaardig sal wees, en dit wat gedoen kan word met die beskikbare tyd en hulpbronne. Denzin en Lincoln (soos aangehaal in De Vos *et al*, 2011:329) wys ook uit dat die kwalitatiewe navorser “...seeks out individuals, groups and settings where the specific processes being studied are most likely to occur”.

Vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie is gebruik gemaak van 'n doelgerigte steekproef (Strydom, 2011:202). Die teikenbevolking vir hierdie tipe steekproef “...is based entirely on the judgement of the researcher, in that a sample is composed of elements that contain the most characteristic, representative or typical attributes of the population” (Strydom, 2011:202). Die teikenbevolking vir hierdie studie was persone, beide mans en vroue, wat ten tye van die navorsing as hulpverleners gewerk het in die Oos-Londen area. Vanweë die navorser se betrokkenheid by die CMR in Oos-Londen is geregistreerde maatskaplike werkers genader wat by die CMR werk. Die navorser het verder verskeie predikante en pastorale beraders genader wat werk in die Oos-Londen area en uitgevind wie sal belangstel om deel te neem aan die studie. Die jare ondervinding van die verskeie hulpverleners is soos

volg: maatskaplike werkers - tussen een en vyf jaar; predikante - tussen agt en 27 jaar; pastorale beraders - tussen een en drie jaar.

### **2.3.2 Etiese aspekte**

Etiese aspekte is volgens Mouton (1996:258) die standaard wat dien as riglyne waarvolgens elke navorser die navorsing moet evalueer. Die volgende etiese aspekte wat deur Marx (2014:58) bespreek word, is in ag geneem en uitgevoer:

- Enige inligting wat gedeel is, is vertroulik hanteer.
- Almal se deelname was vrywillig en sonder finansiële vergoeding.
- Die navorser het ten alle tye haar waardering en respek getoon aan die deelnemers.
- Die deelnemers kon te enige tyd vrae vra en van die navorsing onttrek.

Die reëls van die NWU se Navorsingsetiekkomitee is ook nagekom. Alle etiese aspekte vir hierdie studie is hanteer volgens die riglyne en beleid van die Etiekkomitee vir navorsingsetiek van die Noordwes-Universiteit. Die navorser het die etiese goedkeuring van die Etiekkomitee van die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verkry voor die empiriese studie begin is. Etieknommer NWU-00414-15-A6 is vir die doeleindes van hierdie navorsing toegeken.

#### **2.3.2.1 Inligting aan die deelnemers**

Tydens die werwingsproses het die navorser gepoog om die deelnemers so volledig as moontlik in te lig oor die agtergrond van die navorsingstudie en oor die rede hoekom hulle genader is om deel te neem. Verdere inligting is aan die gespreksgenote voorsien in die vorm van 'n inligtingsdokument waarin daar verduidelik is waaroor die studie handel (Bylaag A).

### **2.3.2.2 Ingeligte en vrywillige deelname**

Volgens Strydom (2011:59) impliseer die verkryging van ingeligte en vrywillige deelname:

...that all possible or adequate information on the goal of the investigation, the procedures which will be followed during the investigation, the possible advantages, disadvantages and dangers to which respondents may be exposed, as well as the credibility of the researcher, be rendered to potential subjects or their legal representatives.

Die deelnemers is van alle toepaslike inligting aangaande die navorsing voorsien, sodat hulle 'n ingeligte besluit kon neem om deel te neem (Gibbs, 1997:6; Smith, 2014:28; Strydom, 2005a:59). Al die deelnemers het uit vrye keuse besluit om aan die navorsing deel te neem. Ingeligte toestemmingsbriewe is ook deur al die deelnemers voltooi en onderteken (Bylaag B).

### **2.3.2.3 Reg tot privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid**

Volgens Smith (2014:45) impliseer privaatheid “die element van persoonlike privaatheid wat gerespekteer word, terwyl vertroulikheid dui op die hantering van inligting en identiteit op 'n konfidensiële wyse.” Deur elke deelnemer se skriftelike toestemming tot deelname te kry, respekteer die navorser elkeen se reg tot privaatheid. Die navorser en die studieleiers het al die deelnemers se inligting op 'n vertroulike wyse hanteer en elkeen se anonimiteit is sodoende beskerm.

### **2.3.3 Data-insameling**

Data-insameling word deur Smith (2014:19) beskryf as “...’n reeks interafhanklike aktiwiteite om inligting te versamel om ten einde die navorsingsvraag te beantwoord”. Die algemeenste metode van data-insameling is onderhoude, en kan verder verdeel word in een-tot-een onderhoude en fokusgroep onderhoude (Greeff, 2011:287). Die doel van die navorsing sal die navorser lei na die mees effektiewe data-insamelingsmetode (Greeff, 2011:286).

Vir hierdie studie het die navorser besluit om semi-gestruktureerde, een-tot-een onderhoude te gebruik, omdat hierdie metode dit vir navorsers moontlik maak om die gesprek rondom 'n spesifieke tema te organiseer, maar dit laat steeds buigbaarheid toe binne die gesprek (Greeff, 2011:292; Smith, 2014:19).

## **2.4 EMPIRIESE BEVINDINGS**

### **2.4.1 Inleiding**

In hierdie gedeelte word die resultate bespreek wat die navorser verkry het uit die analise van die data wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude verkry is. Dit word weergegee volgens die temas, subtemas en kategorieë wat gedurende die proses van data-analise geïdentifiseer is.

### **2.4.2 Demografiese profiel van die deelnemers**

Die deelnemers aan die semi-gestruktureerde onderhoude het almal aan die seleksie-kriteria voldoen en hulle is gevra om vanuit hul lewenservaring inligting te verskaf vir die navorsing.

Die volgende inligting van die deelnemers gee 'n algemene weergawe van die steekproef wat gedoen is:

- Al die deelnemers is woonagtig in Oos-Londen.
- Een is Afrikaanssprekend, vier is Engelssprekend en vier is Xhosa/Engelssprekend.
- Vyf is blank en vier is nie-blank.
- Drie is predikante van beroep (van verskeie denominasies), vier is maatskaplike werkers en twee is pastorale beraders.
- Hul ouderdomme strek vanaf 24 tot 50 jaar.
- Drie is mans en ses is vroue.

### **2.4.3 Skedulering van onderhoude**

Elke deelnemer het vooraf 'n inligtingsbrief en vraelys ontvang wat tydens die onderhoude bespreek sou word. Elke deelnemer het ook 'n toestemmingsbrief ontvang wat hulle ingevul en geteken het voor elke onderhoud. Die onderhoude is gevoer by die deelnemers se onderskeie kantore.

### **2.4.5 Analise van die data van onderhoude**

Data-analise is die proses waardeur orde gebring word aan 'n massa inligting, "it is a search for general statements about relationships among categories of data" (De Vos *et al*, 2011:333). Smith (2014:31) beskryf die doel van analise soos volg: "...om te let op strekkings, tendense en patrone wat binne al die onderhoude herhaal word". Analise begin deur eerstens terug te gaan na die doel van die studie toe. Die doel van die studie bepaal die diepte en intensiteit van die analise (Greeff, 2011:311; Mason, 2002:183-187; Smith, 2014:31). ). Morgan en Krueger (soos aangehaal in De Vos *et al*, 2011:311) beskryf 'n essensiële bestanddeel wat teenwoordig is by kwalitatiewe analise soos volg:

...it must be systematic, sequential, verifiable and continuous; requires time; is jeopardised by delay; seeks to enlighten; should entertain alternative explanations; is improved by feedback; and is a process of comparison.

In hierdie studie het die navorser besluit om semi-gestruktureerde onderhoude te gebruik en die inhoud van die onderhoude en vraelyste geanaliseer om sodoende die boodskappe en verskillende sienings van die deelnemers (hulpverleners) op te som (vergelyk Nieuwenhuis, 2007:10). Waar dit relevant geblyk het, is direkte aanhalings vanuit die onderhoude gegee om die verskeie temas, subtemas en kategorieë te ondersteun en relevante literatuur is gevind.

#### **2.4.5.1 Datagroepering**

Nadat die navorser die digitale opnames van die onderhoude getranskribeer het, is al die antwoorde van die onderhoude saam onder elke vraag groepeer om vas te stel wat die deelnemers geantwoord het (Sien onderhoude in Bylaag C).

Die navorser het kodering gebruik om die gepaste temas, subtemas en kategorieë te identifiseer vanuit die onderhoude. Saldana (2009:3) beskryf 'n kode kortliks soos volg:

A code in qualitative inquiry is most often a word or short phrase that symbolically assigns a summative, salient, essence-capturing, and/or evocative attribute for a portion of language-based or visual data.

Kodering kan dus help om 'n groot hoeveelheid inligting effektief op te som en belangrike punte uit te wys (Saldana, 2009:4). Die volgende hooftemas is gedurende die analise van die data geïdentifiseer:

- Hooftema 1: Hulpverlening aan kinders
- Hooftema 2: Seksuele misbruik
- Hooftema 3: Speeltegnieke
- Hooftema 4: Christelike wêreldbeskouing

#### **2.4.6 Hooftema 1: Hulpverlening aan kinders**

Tydens die semi-gestruktureerde onderhoude was die eerste hooftema die hulpverlening aan pre-adolescente wat seksueel misbruik is. Alhoewel die meerderheid van die respondente bewus was dat misbruik nie 'n rare verskynsel is nie, moes die meerderheid ook erken dat hul kontak met seksuele misbruikgevalle minimaal is. Tydens hul studies is daar gewoonlik slegs ligweg geraak aan die tema van seksuele misbruik.

Die subtemas wat bespreek word, behels die gevalle wat aangemeld word, die hantering van aangemelde gevalle, die wetlike aspekte rondom hulpverlening aan kinders en die hulpbronne wat beskikbaar is in die gemeenskap.

**Tabel 2.1: Skematiese voorstelling van temas en kategorieë uit hooftema 1**

| HOOFTHEMA 1               | SUBTEMAS          | KATEGORIEË   |
|---------------------------|-------------------|--|
| Hulpverlening aan kinders | Tipes aanmeldings | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Egskeidings en disfunkionele gesinne</li> <li>• Kinderverwaarlosing en misbruik</li> <li>• Gedragsprobleme</li> <li>• Ouer-kind verhoudinge en gesinsgeweld</li> <li>• Skoolboelie</li> <li>• Identiteitsvorming</li> </ul> |

|  |                               |   |
|--|-------------------------------|---|
|  | Hanteer of verwys aanmeldings | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Onsekerheid oor korrekte hantering van aanmeldings</li> <li>• Verwys aanmeldings na ander hulpverleners</li> </ul>                             |
|  | Wetlike aspekte               | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Belangrikheid van die kindernet</li> <li>• Aanmelding van misbruik</li> <li>• Konfidensiële hulpverleningsproses</li> </ul>                    |
|  | Hulpbronne in die gemeenskap  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Tekort aan hulpbronne</li> <li>• CMR</li> <li>• Skole en kinderversorgingsentrums</li> <li>• Kerk</li> <li>• Professionele kundiges</li> </ul> |

#### 2.4.6.1 Subtema 1.1: Die verskillende gevalle wat aangemeld word.

Die meerderheid van die deelnemers het aangedui dat seksuele misbruik een van die tipes gevalle is wat die minste by hulle aangemeld word. Die meerderheid van gevalle wat aangemeld is, hou verband met gedragsprobleme en kinder-verwaarlosing.

- **Egskeidings en disfunksionele gesinne**

Sake wat veral by die predikante aangemeld word, is gevalle waar kinders problematiese gedrag toon as gevolg van hul ouers se egskedding en disfunksie in die familie, soos die volgende aanhlaings aandui:

*The most of my cases are about behaviour issues at school, such as fighting or bullying. And actually it is how their home circumstances are impacting on their school behaviour and work and relationships at school. A lot of them come from homes where the parents are divorced or just not available for their kids. The cases least reported depend on the environment; each school has its own kind of problems. The one school I'm working at is more middle-class families, so they are more behaviour problems (Deelnemer 6, pastorale berader).*

*The most cases we deal with here are children who come from broken, dysfunctional families (Deelnemer 7, predikant).*

*The types of cases I handle mostly are divorce-care cases and children who have low self-esteem, feeling they don't have value. I also run a*

*divorce-care group for the children at our church* (Deelnemer 9, jeugpredikant).

Die meerderheid gevalle waarmee hulpverleners gekonfronteer word, is dus gedragsprobleme by kinders wat grotendeels veroorsaak word deur hul ouers se egskeiding of disfunksie wat in hul gesinsopset bestaan.

- **Kinderverwaarlosing en -misbruik**

Die maatskaplike werkers het aangedui dat die sake waarmee hulle die meeste te doen het, gevalle van kinderverwaarlosing en soms seksuele misbruik is:

*The most cases I get are child neglect cases, but the ones that are the least reported are sexual abuse cases* (Deelnemer 2, maatskaplike werker).

*Mostly it is child neglect and some sexual abuse cases* (Deelnemer 5, maatskaplike werker).

*I get neglect cases most of the time, deliberate or not. Sometimes parents know they are neglecting the kids and sometimes they don't and it gets reported by the family* (Deelnemer 3, maatskaplike werker).

Kinderverwaarlosing word dus die meeste by maatskaplike werkers aangemeld, met seksuele misbruik wat nou en dan aangemeld word.

- **Gedragsprobleme**

Dit het tydens die onderhoude duidelik geword dat gedragsprobleme by kinders grotendeels die rede is waarom hulle aangemeld word vir hulpverlening. Hierdie aanmeldings is volop by beide die maatskaplike werkers en die predikante:

*The most of my cases are about behaviour issues at school, such as fighting or bullying ... The other school I work at has more problems of sexual abuse and alcohol and drug abuse* (Deelnemer 6, pastorale berader).

*The most is usually clashes with parents...* (Deelnemer 8, predikant).

*Most of my work is statutory work, placements, and most of my cases are reports of behavioural challenges and sexual abuse (Deelnemer 4, maatskaplike werker).*

Uit die onderhoude blyk dit dat kinders die meeste van die tyd hulpverlening ontvang as gevolg van hul gedragsprobleme.

- **Ouer-kind verhoudinge en gesinsgeweld**

Gesinsgeweld en onstuimige ouer-kind verhoudings dra by tot die gedragsprobleme wat by kinders gevind word. Hierdie is ook die tipe gevalle wat die meeste onder die aandag van maatskaplike werkers, predikante en beraders gebring word. Die bevinding is dat geweld in die gesin nie so gereeld aangemeld word nie. Ouers sal maklik hul kinders se gedragsprobleme kom aanmeld, maar dit is nie so maklik om die ouers se eie probleme te konfronteer of erken nie.

*The most are usually clashes with parents... (Deelnemer 8, predikant).*

*Mostly it is child neglect and some sexual abuse cases. I would say the least is assault (Deelnemer 5, maatskaplike werker).*

*The least is sexual abuse and domestic violence (Deelnemer 3, maatskaplike werker)*

Problematiese ouer-kind verhoudings word dus gereeld aangemeld by hulpverleners, terwyl gesinsgeweld oor die algemeen meer dikwels stil gehou word.

- **Skoolboelie**

Daar word gereeld gevalle by hulpverleners aangemeld van kinders wat geboelie word by die skool en sukkel om dit te hanteer.

*The most of my cases are about behaviour issues at school, such as fighting or bullying. And actually it is how their home circumstances are impacting on their school behaviour and work and relationships at school (Deelnemer 6, pastorale berader).*

*We also find a lot of bullying, teasing at school, those kind of things (Deelnemer 7, predikant).*

Hulpverleners hanteer dus gereeld gevalle van skoolboelies of slagoffers van skoolboelies.

- **Identiteitsvorming**

Die kwessie van seksuele identiteitsvorming is wel al aangemeld by die predikante. Hul kon getuig van pastorale gesprekke wat gevoer is met kinders wat getwyfel het oor hul seksualiteit en kinders wat uit nuuskierigheid uitgevang is dat hulle seksueel eksperimenteer.

*We've had a few sexual identity issues and one or two sexual experimentations (Deelnemer 8, predikant).*

Alhoewel seksuele misbruik baie min aangemeld word, word daar tog probleme rondom seksuele identiteitsvorming aangemeld.

#### **2.4.6.2 Subtema 1.2: Die hantering of verwysing van aanmeldings**

Die hantering of verwysing van aanmelding van seksuele misbruik word vervolgens bespreek. Dit blyk uit die onderhoude dat nie alle hulpverleners seker is hoe om die aanmelding van seksuele misbruik te hanteer nie. Al die deelnemers was van mening dat hulle eerder gevalle van seksuele misbruik sal verwys na ander hulpverleners.

- **Onsekerheid oor korrekte hantering van aanmeldings**

*...the church needs to know where to refer that child to, because the parents don't always know. If there are help centres within the church, they will know how to help. There are fragments of people doing things all over and no one knows about it. We need to come together as professionals in our various fields and work together (Deelnemer 9, jeugpredikant).*

Hulpverleners wat nie vertrouwd is met die maatskaplike sisteem nie, het nie altyd die nodige inligting oor hoe aanmeldings hanteer behoort te word en watter stappe gevolg moet word nie. Wanneer ouers uitvind dat hul kind seksueel misbruik word, is die normale reaksies wat volg skok, ongeloof, skuldgevoelens en hartseer (Gilgun & Anderson, 2015:1). Navorsing toon verder dat indien misbruik aangemeld word by 'n hulpverlener, die hulpverlener se eerste reaksies 'n groot verskil maak in hoe die kind en sy familie die trauma verwerk en daarvan herstel (Gilgun & Anderson, 2015:2).

Dit is dus van uiterste belang dat alle hulpverleners hulself moet vertrouwd maak met die nodige prosesse en stappe wat gevolg moet word tydens aanmelding, en ook die hulpverleningsproses. Die frustrasies oor die proses word gedeel deur verskeie maatskaplike werkers. In 'n onlangse studie is die frustrasie uitgespreek dat die kind wat misbruik word ook blootgestel word aan "a crowd of strangers; namely policemen, social workers, counsellors, nurses and lawyers questioning them and asking them to relive the assault again and again" (Schiller, 2015:19).

- **Verwys aanmeldings na ander hulpverleners**

Die maatskaplike werkers het benadruk dat die ondersoekende aard van hul werk dit vir hulle onmoontlik maak om aan die hulpverleningsproses deel te neem. Hulle verkies om eerder die kinders wat misbruik is na ander kundiges te verwys vir hulpverlening. Die predikante verwys ook eerder die kinders na ander hulpverleners weens 'n gebrek aan kennis. Die deelnemers merk onder meer die volgende op:

*To be honest, I've never done counselling. I basically only do foster care applications* (Deelnemer 4, maatskaplike werker).

*I don't think I'm competent enough do to therapy with children. I feel more competent in matters of faith* (Deelnemer 8, predikant).

*Working mostly towards protection and preventative measures, as well as statutory work* (Deelnemer 3, maatskaplike werker).

Verskeie studies het al verwys na die voordeel wat geloof inhou vir mense wat sukkel om deur 'n traumatiese gebeurtenis te werk (Rudolfsson & Tidefors,

2015:453) en dan ook spesifiek na die bruikbaarheid van geloof by die hulpverlening van persone wat seksueel misbruik is. Predikante word goed opgelei om geestelike kwessies te hanteer en kan daarom bruikbaar wees tydens die hulpverlening aan seksueel misbruikte persone – al twyfel hul selfs daaraan (Rudolfsson & Tidefors, 2015:453). Ander hulpverleners ontvang weer minder (indien enige) opleiding in geestelike kwessies, en baie konvensionele terapeute mag onbekend of selfs ongemaklik daarmee wees om die geestelike implikasies van misbruik aan te spreek.

Uit die onderhoude het dit geblyk dat hulpverleners in die algemeen baie versigtig is om seksuele misbruik aan te spreek en gevalle te hanteer. Dit is vir die hulpverleners makliker om hierdie gevalle eerder na hulpverleners te verwys wat 'n passie en begrip vir die onderwerp het. Literatuur toon aan dat indien 'n pastorale hulpverlener nie gemaklik voel om die seksuele misbruik self aan te spreek nie, die hulpverlening wel positief ervaar word wanneer daar empaties geluister word, die gebeure bevestig word by die persoon en dan 'n dadelike verwysing gemaak word na 'n ander kundige toe (Gilgun & Anderson, 2015:6). Deur 'n verwysing te maak na 'n hulpverlener wat beter toegerus is vir die spesifieke taak, kan die predikant die integriteit van sy herderlike verhouding met die persoon in stand hou en sodoende toelaat dat die persoon die regte hulp kry (Davis & Zuniga, 2010:39).

#### **2.4.6.3 Subtema 1.3: Wetlike aspekte**

Die vraag is aan die hulpverleners gestel of hulle bewus is van die wetlike aspekte wat tersake is by hulpverlening aan kinders. Die maatskaplike werkers is goed bekend met die *Kinderwet* (Wet 38 van 2005), terwyl die ander hulpverleners aangedui het dat hulle wel bewus is van sekere aspekte aangaande die genoemde wet.

- **Belangrikheid van die *Kinderwet* (Wet 38 van 2005)**

Die deelnemers was almal bewus van die belangrikheid van die *Kinderwet*.

*I work according to the Children's Act* (Deelnemer 2, maatskaplike werker).

*I use the Children's Act. Everything must be done in the best interest of the child (Deelnemer 3, maatskaplike werker).*

*I'm aware of the Children's Act, so what we'll do is, when we suspect any abuse, we go and try to look at it impartially. I'm aware that I might be harming a child by not taking her seriously, so we take every accusation as if it were true and we try to follow through to make sure that the child is listened to and will be given the best protection possible (Deelnemer 8, predikant).*

Die meerderheid van die hulpverleners kon getuig dat hulle vertrouwd is met die *Kinderwet* (Wet 38 van 2005) alhoewel die predikante ietwat tekort skiet in hierdie area. Maatskaplike werkers wat sake van seksuele misbruik hanteer, word gedurig herinner aan die feit dat die genoemde wet vereis dat alles 'in die beste belang van die kind' moet gebeur. Hulle is dus bewus daarvan dat die kind se belange deur die hele proses van openbaarmaking, assessering, hofprosedures en besluite oor die kind se toekoms in ag geneem moet word (Schiller, 2015:1).

- **Aanmelding van misbruik**

Al die hulpverleners is bewus daarvan dat hulle wetlik verplig is om enige kennis van seksuele misbruik aan te meld.

*I assess the risk first and, as a social worker, it is my duty when seeing something wrong to do something about it. I can't just ignore it. I know the child has to go to the hospital to be examined, and I'll remove the child for safe keeping. We comply with the Children's Act and lay charges (Deelnemer 4, maatskaplike werker).*

*As daar molestering plaasvind, sal ek iemand bewus maak daarvan. Ek het al selfs die hoof van die kinderbeskermingseenheid gebel (Deelnemer 1, pastorale berader).*

Alhoewel nie al die deelnemers presies weet wat die *Kinderwet* (Wet 38 van 2005) van hulle vereis nie, weet almal van hulle dat enige kennis van misbruik gerapporteer moet word. Indien die hulpverleners nie die misbruik sou rapporteer nie, kan daar wetlike implikasies vir hulle wees (Gilgun & Anderson, 2015:11). In

Suid-Afrika geld Seksie 54 van die *Wet op Seksuele Misdrywe* (vergelyk Schiller, 2015:6) wat lui:

...a person who fails to report the knowledge of a sexual offence committed with a child, is guilty of an offence and is liable on conviction to a fine or imprisonment.

Verder stipuleer Seksie 110(1) van die *Children's Amendment Act [13]* dat die vermoedelike misbruik gerapporteer moet word aan enige kinderbeskermingsorganisasies, 'n provinsiale departement van sosiale ontwikkeling of die polisie (Hendricks, 2014:551).

Kerke of godsdienstige organisasies wat nie 'n duidelike beleid het oor hoe gereageer moet word tydens aanmeldings nie, moet verkieslik 'n beleid ontwikkel wat duidelike stappe aantoon wat gevolg kan word in sulke situasies (Gilgun & Anderson, 2015:12).

- **Konfidentiële hulpverleningsproses**

Die pastorale beraders het duidelik aangedui dat alhoewel hulpverlening nie kan plaasvind sonder die toestemming van die kind se ouers nie, dit 'n konfidentiële proses tussen die hulpverlener en die kind bly. Indien daar wel uit 'n sessie iets kom wat dit duidelik maak dat die kind 'n gevaar vir homself of ander is, of self in gevaar verkeer, word dit wel met die ouers bespreek, soos blyk uit die onderstaande:

*I sit with the child and the parent(s) and let them know and tell them who I am, what I do, what my purpose here is and what the boundaries are of our relationship. Everything is confidential, unless I think the child is being harmed or wants to harm himself or others (Deelnemer 6, pastorale berader)*

*The only thing I know is when a teacher approaches me, I always make sure that they also contacted the parents and that they are in agreement that the child sees me (Deelnemer 9, jeugpredikant).*

Die hulpverleningsproses is 'n konfidentiële proses waar die kind die geleentheid gegee word om net homself te wees en enigiets te sê. Hierdie konfidensialiteit het wel ook grense, soos in die bogenoemde beskryf. In 'n onlangse studie in Swede is

daar onderhoude gevoer met volwassenes wat as kinders seksueel misbruik is. Die tema van konfidensialiteit is bespreek. In Swede moet elke pastorale hulpverlener 'n belofte van konfidensialiteit aflê (Rudolfsson & Tidefors, 2015:459). Hierdie gedwonge stilte het baie van die deelnemers herinner aan die stilte wat afgedwing is tydens hul misbruik. Hierdie hulpverleners mag glad nie enige kennis van die misbruik bekend maak nie en hulle kan dit dus ook nie stop nie. Verskeie van die deelnemers het hierdie konfidensialiteit as verraad beleef (Rudolfsson & Tidefors, 2015:459).

In Suid-Afrika funksioneer pastorale beraders ook binne 'n konfidensiële verhouding, maar dit word voor die tyd bekend gemaak dat enige kennis aangaande skade aan die kind of ander bekend gemaak moet word. Kinders wat misbruik word, moet ook aangemoedig word om die noodsaaklike inligting aangaande die misbruik bekend te maak (Collins, 2011:27).

In 'n onderhoud gevoer met Advokaat Geldenhuys in 2013, die Hoof van die Departement van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD), is die komplekse aard van konfidensialiteit bespreek. Geldenhuys het gestel dat die SAPD verantwoordelik is vir die implimentering van legislasie. Hy het die opinie gelug dat indien 'n maatskaplike werker of ander hulpverlener vermoed dat 'n kind nog nie gereed is om 'n offisiële klag van seksuele misbruik te maak aan die outoriteite nie, moet die hulpverleners stiptelik rekord hou van die redes hoekom dit nie in die kind se beste belang is om die misbruik aan te meld nie (Schiller, 2015:7). Dit is dus belangrik om te verseker dat die kind se stem gehoor word en hy ook 'n geleentheid het om te deel in die besluitnemingsproses (Schiller, 2015:8).

#### **2.4.6.4 Subtema 1.4: Hulpbronne in die gemeenskap**

Die vraag is aan die deelnemers gestel watter hulpbronne daar in hul onderskeie gemeenskappe bestaan wat kan help met die hulpverlening aan kinders. Die tipes ondersteuning en die hoeveelheid verskil van gemeenskap tot gemeenskap.

- **Tekort aan hulpbronne**

In sekere gemeenskappe is 'n ernstige tekort aan gemeenskapshulpbronne, wat dit baie moeilik maak om gepaste hulpverlening aan kinders te bied.

*My community (Ducats) is very short on resources. I rely on families and the one school just outside the community. We don't have a police station or a clinic, so I'm basically the resource in my community (Deelnemer 3, maatskaplike werker).*

Soos die maatskaplike werker getuig, voel dit soms vir haar asof sý die enigste hulpbron in haar gemeenskap is. Sonder hulpbronne gaan kinders nooit die nodige hulp kry nie. In Schiller (2015:21) se studie het een maatskaplike werker die volgende opgemerk oor die gebrek aan sosiale hulpbronne: "There seems to be a lack of motivation amongst certain role players in the sector, which creates disparities in service delivery to the abused children".

Dit is belangrik dat gemeenskappe die realiteit van seksuele misbruik as 'n gereelde gebeurtenis begin aanvaar en saamwerk om 'n kultuur te skep waar die behoeftes van slagoffers verstaan word, en die voorkoms van seksuele geweld en uitbuiting nie verdra word nie (Davis & Zuniga, 2010:38).

- **CMR**

Die CMR Oos-Londen is in baie gevalle die eerste nommer wat gebel word wanneer enige sosiale probleem teëgekomp word - maak nie saak in watter gemeenskap nie. Dit is ook die enigste welsynsorganisasie wat deur die deelnemers as hulpbron genoem is.

*Ek bel gewoonlik die CMR in Oos-Londen (Deelnemer 1, pastorale berader).*

Die CMR in Oos-Londen bedien die gemeenskap al die laaste 60 jaar met die leuse "*CMR enrich family life, by being the love of Christ in action*". As 'n welsynsorganisasie fokus hul werk op die bewaring van die familie, statutêre dienste, effektiewe bestuur en administrasie. Volgens die CMR se algemene jaarverslag vir 2014-2015 is die CMR betrokke by 'n wye verskeidenheid van projekte, wat voedselhulp, ouerleiding, statutêre werk, verrykingsprogramme vir kinders en bejaardes en ondersteuningsdienste aan spesifieke groepe soos kinders, jong moeders en Vigslyers insluit. Wanneer spesifiek gekyk word na hul werk waar kinders betrokke is, lewer die jaarverslag vir 2014-2015 die volgende getalle:

- Families gehelp: 972 families.
- Mense betrokke by dienste aangaande seksuele misbruik van kinders en verwaarlosing: 3773.
- Kinders bereik deur die 'Kinderbeskermingsweek' program: 2030.
- Sessies gedoen oor beweerde seksuele misbruik: 99 (vorige jaar was 40).

Hierdie is maar net 'n fraksie van die dienste wat gelewer is deur die CMR Oos-Londen en dit is dus duidelik dat die CMR 'n baie prominente hulpbron in die Oos-Londen area is.

- **Skole**

Baie van die deelnemers kon getuig dat hulle baie van hul verwysings, asook hulp, in sekere gevalle by skole en kinderversorgingsentrums in hul gemeenskappe kry:

*Most of the reports I get are from schools ... In my community, the pre-school crèches help a lot. They will report if something's wrong with the child* (Deelnemer 2, maatskaplike werker)

*...the schools are very helpful ... In Reeston we are fortunate. We have a child-care centre in the community and a police station, the schools are very helpful and we've got a lot of crèches in our community"* (Deelnemer 4, maatskaplike werker).

*We have the different child- and youth-care centres and place-of-safety parents* (Deelnemer 5, maatskaplike werker)

Skole en kinderversorgingsentrums is in sekere areas nie meer nét blote opvoedkundige instansies nie en daar word al hoe meer van skole verwag om die sosiale vraagstukke waarmee kinders en adolessente gekonfronteer word, te hanteer (Skovdal & Campbell, 2015:175). In Miller (1995:3) word die waardevolle rol wat skole kan speel, uitgewys:

As schools have become more professionalized and centralized, they have tended to distance themselves from their local communities. The vital links between experience, work, and education have been weakened. As a result, public and private schools in many rural and urban communities have lost their power as a valuable community resource. And many economically distressed towns, communities, and

neighborhoods have begun to struggle toward economic revitalization without the valuable contributions of the local schools.

Skovdal en Campbell (2015:1) verduidelik verder die verantwoordelikhede wat op skole afgeskuif word:

... the school emerges as the institution that can take over some of the protective and socializing roles that parents and the community have traditionally provided. It is such accounts, arguably in concert with economic austerity, which has led to reductions in welfare funding and development aid, that have given rise to the growing number of policy documents that promote and support this expanded role of schools.

Kommer word wel uitgespreek oor die standaard van opvoeding in skole en dan veral ook oor die kwessie van geweld in Suid-Afrikaanse skole (Modisaotsile, 2012:3):

The rape of schoolgirls and sexual violence and abuse, often by teachers, has been a marked feature of the schooling experience of many boys as well as girls. Sexual abuse, pregnancy and poverty are factors increasing the drop-out rate in secondary schooling.

Onderwysers noem dat alhoewel hulle oorweldig voel deur hierdie ekstra verantwoordelikheid, weet hulle ook dat hulle die enigste ondersteuningsnetwerk is waartoe kinders toegang het (Skovdal & Campbell, 2015:180) Skole en kinderversorgingsentrums is dus op die voorgrond wanneer dit kom by hulp aan en versorging van kinders in verskillende gemeenskappe. Hulle is ook 'n groot bron van aanmeldings by maatskaplike werkers.

- **Kerk**

Alhoewel baie mense hulle na die kerk wend vir hulp, blyk dit dat die kerk nie altyd voldoende kan help nie. Daar is wel verskeie hulpbronne beskikbaar binne die kerk wat aangewend word om hulp aan kinders te verseker. Die volgende deelnemers voer aan:

*I do believe the church is not well equipped to deal with these kind of things at the moment* (Deelnemer 7, predikant).

*I think our biggest asset is our financial resources ... I also think because we have access to computers and phones, we have access to information (Deelnemer 8, predikant).*

Alhoewel die kerk dus nie altyd die nodige kennis het om hulp te verleen nie, is daar ander bronne binne die kerk wat gebruik kan word. Die kerk moet daarvan bewus wees dat daar in sekere gevalle hulp vanuit ander velde ook benodig gaan word. Daarom moet predikante en beraders uitvind watter ander hulpbronne in hul areas beskikbaar is wat spesifiek daarop gemik is om die kind wat seksueel misbruik is te help (Gilgun & Anderson, 2015:12). Die kerk het 'n noodsaaklike rol om binne die gemeenskap te vervul en kan 'n kultuur wat nie seksuele geweld duld nie skep en uitbou (Davis & Zuniga, 2010:39).

- **Professionele kundiges**

Veral die predikante was van mening dat die hulpbronne wat hulle gebruik hoofsaaklik die professionele kundiges is wat in en om hul gemeentes is. Hulle verwys die meeste gevalle van hulpverlening aan kinders na ander kundiges toe.

*In terms of referrals I tend to stay with people I know have a heart and skill for the specific need. I have a few different people I use for referrals (Deelnemer 6, pastorale berader).*

*The resources we've got are primarily the few Christian psychologists we have in town; we especially send a lot of our kids to one guy for play therapy (Deelnemer 7, predikant).*

*I think our biggest asset is our financial resources. So, we'll refer a particular case to an expert and then the Church will pick up the bill. We also have access to a lot of graduate professionals, lawyers and doctors who will see the child for us (Deelnemer 8, predikant).*

Dit is dus duidelik dat alhoewel die kerke nie altyd die nodige kennis het om self hulp aan te bied nie, hulle wel oor ander bronne beskik wat gebruik kan word om kinders te help. Kenney en Abrue (2015:572) beklemtoon dat dit nodig is vir professionele persone wat moontlik met hierdie tipe sake te doen kry (polisie, prokureurs,

sielkundiges, onderwysers, maatskaplike werkers, hulpverleners), om spesifiek opleiding te ontvang aangaande die impak van seksuele misbruik op die kind.

## 2.4.7 Hoofteema 2: Seksuele misbruik

Dit was duidelik vanuit die onderhoude dat deelnemers se kennis oor seksuele misbruik van pre-dolessente ontoereikend is. Die maatskaplike werkers het wel meer kennis aangaande seksuele misbruik, veral gemeet teenoor die predikante se kennis en blootstelling. Die meeste gevalle van seksuele misbruik word by maatskaplike werkers aangemeld, maar soos voorheen aangedui laat die aard van hul werk nie toe dat hulle hulpverlening aan die kinders kan bied nie. Die deelnemers wat kennis gehad het oor seksuele misbruik het dit grotendeels opgedoen deur eksterne kursusse. Al die hulpverleners het 'n behoefte uitgespreek aan verdere opleiding oor die tema.

**Tabel 2.2: Skematiese voorstelling van sub-temas en kategorieë uit hoofteema 2**

| HOOFTHEMA 2       | SUB-TEMAS   | KATEGORIEË   |
|-------------------|---|--|
| Seksuele misbruik | Kennis van seksuele misbruik  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Onvoldoende kennis omtrent seksuele misbruik</li> <li>• Behoeftte aan kennis en opleiding</li> </ul>  |
|                   | Siening en hantering van seksuele misbruik binne spesifieke kulture | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewustheid en kennis van seksuele misbruik</li> <li>• Stigmatisering van seksuele misbruik</li> <li>• Bewusmaking en hantering van seksuele misbruik</li> </ul> |

### 2.4.7.1 Sub-teema 2.1: Kennis van seksuele misbruik

#### • Onvoldoende kennis betreffende seksuele misbruik

Al die deelnemers het erken dat hul kennis oor die voorkoms en aard van seksuele misbruik onvoldoende is. Die deelnemers het onder meer die volgende opgemerk:

*I cannot say that I have the necessary knowledge about sexual abuse; that's why I'll rather refer the case* (Deelnemer 2, maatskaplike werker).

*I don't think the knowledge I have will ever be enough!* (Deelnemer 5, maatskaplike werker).

*I don't believe I have enough knowledge regarding sexual abuse. I don't think you'll ever be able to stop learning about it, because there will always be different elements to an issue such as abuse* (Deelnemer 6, pastorale berader).

*I am aware of the basics regarding sexual abuse, but I won't be able to spot it with a child. I'm not there yet!* (Deelnemer 4, maatskaplike werker).

Die nodige kennis bestaan dus nie outomaties onder hulpverleners oor die aard en voorkoms van seksuele misbruik nie. Al die hulpverleners het gevoel dat die kennis wat hul wel het, onvoldoende is om effektiewe hulpverlening toe te pas. In 'n studie van Rudolfsson en Tidefors (2015:465) word genoem dat kennis oor die verskillende tipes seksuele misbruik noodsaaklik is vir hulpverlening, om sodoende die nagevolge en impak van die misbruik te besef. Beide maatskaplike en teologiese opleiding is baie generies van aard. Predikante vervul byvoorbeeld 'n menigte rolle binne hul gemeentes, waaronder pastorale sorg, berading en siekebesoeke maar net 'n paar van hul funksies is (Rudolfsson & Tidefors, 2015:454). Die onus val dus op die spesifieke hulpverlener om homself verder te bekwaam indien hy bruikbaar wil wees in terme van spesifieke vraagstukke soos seksuele misbruik.

- **Behoefte aan kennis en opleiding**

Daar was onder al die hulpverleners die behoefte om hulle kennis uit te brei en opleiding aangaande seksuele misbruik te deurloop. Die deelnemers stel dit self:

*I would love to have more training!* (Deelnemer 6, pastorale berader).

*I don't think the knowledge I have will ever be enough!* (Deelnemer 5, maatskaplike werker).

Hierdie behoefte aan spesifieke opleiding aangaande hulpverlening aan seksueel misbruikte kliënte is ook genoem tydens 'n onlangse studie van Rudolfsson en Tidefors (2015:455) onder predikante en pastorale beraders, asook deur Schiller (2015:16) onder maatskaplike werkers. Verskeie hulpverleners het gevoel dat hulle nie die nodige kennis het om aan hierdie tipe slagoffers se behoeftes te voldoen tydens hulpverlening nie. Verskeie hulpverleners het selfs genoem dat hulle vanweë die eksplisiete aard van die misbruik soms voel dat hulle hulself eerder wil distansieer van die persone en hul verhale. Hierdie distansiëring maak dit weer moeilik vir die persoon om oor die misbruik te praat en die godsdienstige implikasies daarvan te hanteer (Rudolfsson & Tidefors, 2015:455). Schiller (2015:21-22) voer aan dat die studie van seksuele misbruik 'n spesialis veld is wat nie deur alle maatskaplike werkers gevolg wil word nie:

There seems to be more and more reluctance amongst social workers to deal with any allegations of child sexual abuse as they perceive the terrain as a speciality and therefore are not willing to deal with these sorts of cases ... the individual social worker must take responsibility for his/her professional development.

Hendricks (2014:552) maak die volgende aanbeveling:

Public health officials, educators and all persons working with children must be trained to identify abused children and those at risk of abuse. The Department of Social Development must ensure that all relevant parties know where to find social workers who specifically deal with child abuse and are trained in the correct reporting procedure. Social workers who are mandated to investigate and manage cases of child abuse should preferably be placed in community health settings and police stations, as these are typically the first point of call for abused children.

#### **2.4.7.2 Sub-tema 2.2: Die siening en hantering van seksuele misbruik binne spesifieke kulture**

Die deelnemers is gevra hoe seksuele misbruik gesien en hanteer word binne hul spesifieke kultuur en konteks. Almal was van mening dat seksuele misbruik iets ondenkbaar is wat nie geduld word nie. Daar was wel verskillende menings oor die hantering van 'n geval waar 'n vreemdeling 'n kind misbruik, teenoor wanneer dit 'n familielid is.

- **Bewustheid en kennis van seksuele misbruik**

Dit wil voorkom dat die sienings rondom dit wat as seksuele misbruik gesien word, verskil, veral as daar gekyk word na die kulturele konteks. Daar is ook verwarring rondom kinders wat seksueel speel, en dit word as iets onskuldigs gesien:

*I don't think that it is always regarded as sexual abuse, especially where children are involved. The children will be playing these games with each other without knowing the repercussions* (Deelnemer 5, maatskaplike werker).

*I think it depends on the context. Culturally, if it's sexual abuse within the family, they'll want to hide it, but if a child is raped by someone else in the community, the community won't tolerate it* (Deelnemer 3, maatskaplike werker).

*I think that people are very ignorant about it* (Deelnemer 9, jeugpredikant).

Die verwarring oor presies wát as seksuele misbruik beskou word, word bevestig deur 'n onlangse artikel geskryf deur Karimakwenda (2014:1). In haar artikel, getiteld *The cultural roots that condone rape*, het sy spesifiek gaan kyk na kulturele gebruike binne die Xhosa-gemeenskap wat vandag nog aanleiding gee tot die verkragting van vroue en kinders binne die gemeenskap. Sy let veral op een spesifieke gebruik, *Ukuthwala*, 'n term wat verwys na die tradisie van om 'n kind of vrou te ontvoer om sodoende met haar te trou. Hierdie tradisie word al beoefen vanaf die 1800's en is diep gewortel binne die Xhosa kultuur, en kan verbind word met die huidige geweld teen vroue en kinders. Dit is as gevolg van hierdie gebruik dat die definisie van verkragting ook moeilik gevind word. Karimakwenda (2014:1) het gevind dat die definisie van verkragting verskillend is deur verskillende eras:

*In former times, men raped women and girls whom they had *thwala'd*. Although this was not considered to be an ideal tool, it was often sanctioned by the families and communities of assaulted girls, as is the case today ... As in all parts of the world, rape has been defined differently across various eras. Historically, only certain categories of sexual violence against women were considered to be criminal under Xhosa law. Whether an act was deemed to be rape depended on the*

relationship between the man and the woman - and the intent behind the man's use of force.

In die geval van *Ukuthwala* was die verkragting aanvaarbaar gewees om haar te laat instem tot haar huwelik en die aanvaarding van haar nuwe eggenoot (Karimakwenda, 2014:1):

In Xhosa law a series of connected acts is viewed as a whole and is judged retrospectively from the viewpoint of the objective sought and attained ... the brute force employed against the girl can be condoned by her later consent and the violation of the bride's father's consent can be condoned by his final agreement to the marriage.

In 'n studie deur Wood (2005:306) is gevind dat daar 'n tradisie bestaan wat "*streamlining*" genoem word. Dit is waar groepe mans vrouens en meisies wat hulle as ongehoorsame of 'los vrouens' ervaar, sal verkrag as 'n wyse om hulle te straf of te dissiplineer. Dit word dan in die algemeen nie gesien as verkragting nie, want die vrouens het dit verdien. Wood (2005:310) het ook gevind dat vrouens hierdie "*streamlining*" wel sien as verkragting maar dit eerder nie rapporteer nie. Hulle weet die gemeenskap gaan vra, "Wat het hulle verkeerd gedoen?"

Dit is dus baie duidelik dat kennis en opleiding nodig is om die gemeenskap oor die voorkoms en gevaar van seksuele misbruik te waarsku en sodoende aan kinders die beskerming te bied wat hulle nie altyd ontvang nie. Die uitdaging is ook om daardie tradisies wat vrouens en kinders wel beskerm eerder te bevorder en te beklemtoon (Karimakwenda, 2014:3).

- **Stigmatisering van seksuele misbruik**

Dis by al die deelnemers duidelik dat daar nog 'n stigma bestaan rondom seksuele misbruik, en as gevolg van hierdie stigma word seksuele misbruik nie altyd aangemeld nie:

*In my culture it is really something that is hidden; it is treated as a family thing and when a child is coming out with a report of abuse, the family won't consider the child; they are only worried about their integrity, their name. They keep it to themselves because they don't want to be embarrassed in society* (Deelnemer 2, maatskaplike werker).

*I definitely think there is a stigma attached to sexual abuse. Parents don't want to believe it's true; they don't believe that their child could be a victim* (Deelnemer 6, maatskaplike werker).

*I think it must be prevalent, but it's not mentioned or spoken about, probably because of the shame and guilt* (Deelnemer 7, predikant).

Die stigma wat bestaan rondom seksuele misbruik word versterk deur die beskrywings binne sekere kulture. Alhoewel dit nog baie duidelik is binne die Xhosa kultuur, word die neigings in ander kulture ook gesien wanneer daar geluister word na opmerkings wat soms oor die slagoffers gemaak word. Die neiging bestaan nog om die slagoffer se gedrag te bevraagteken, gedrag wat moontlik die misbruik veroorsaak het (Wood, 2005:310). Hy voer aan:

This notion was particularly applied by elders and young men to girls and young women who were perceived to be behaving in ways which challenged ideals of proper femininity through "promiscuous" (*ubufebe*) practices, excessive alcohol consumption in taverns, and "provocative" dressing. Such women - symbolized in people's imaginations by girls who hung out in taverns - were thought to be signalling their sexual availability, hence the lack of public disapproval of violence directed against drunk girls.

'n Magistraat het die volgende uitspraak gemaak in 'n hofspraak ná die verkragting van 'n kind op die pad tussen haar huis en die kerk (Wood, 2005:311):

From the doctor's notes here it would appear that the complainant was a virgin. Virginity is the pride of the girl, and you decided to take away her virginity. And they were coming from a church service. I'm not talking about girls who were coming from a shebeen [tavern] or a party or whatever, I am talking about girls who were serious about their lives; to them their motto was to abstain from sex.

Die bostaande aanhaling illustreer die houding wat meermale teenoor slagoffers ingeneem word. Die slagoffer se gedrag word gewoonlik bevraagteken ná seksuele misbruik, en opmerkings soos bostaande laat mense met die gevoel dat die seksuele misbruik van sekere groepe mense aanvaarbaar is. Die stigma verbonde aan seksuele misbruik en die slegte hantering van die slagoffer maak dit dus moeilik

vir hierdie sake om na vore te kom. Dit lei ongelukkig daartoe dat kinders nooit die hulp kry wat hulle nodig het nie.

- **Bewusmaking en hantering van seksuele misbruik**

Die opmerking is deur van die hulpverleners gemaak dat mense in ons hedendaagse wêreld nie regtig weet van seksuele misbruik nie. Dit gebeur as gevolg van die neiging om eerder nie daaroor te praat nie en ook as gevolg van die seksualisering wat plaasvind in die media. Twee deelnemers merk onder meer die volgende op:

*I don't think that it is always regarded as sexual abuse, especially where children are involved. The children will be playing these games with each other, without knowing the repercussions* (Deelnemer 5, maatskaplike werker).

*But it's also hard for the kids, knowing what is right and not right. I think in our culture, with the ways things are going in the media, the lines for right and wrong are getting blurred* (Deelnemer 6, pastorale berader).

Grobler (2005:2) bevestig die begenoemde waarneming:

Die tempo van molestering groei tesame met die toename in wydverspreide egskeidings en hertroues en met die meer algemene voorkoms van betrokkeheid by saamleefmaats en die gebrek aan permanensie van sulke verhoudings (wat die blootstelling van kinders aan stiefpa's, kêrels en `saamleefmaats verhoog). Die vinnige afplating van seksuele waardes en norme, wat versterk word deur die verlies aan tradisionele beheermaatreëls en -norme, kan ook aanleiding gee tot die seksualisering van die lewe.

Dit is dus weereens opmerklik dat daar 'n behoefte is om kinders en volwassenes meer in te lig oor die aard, voorkoms en skade van seksuele misbruik.

#### **2.4.8 Hooftema 3: Speeltegnieke**

Die deelnemers is vroeë gevra om uit te vind wat hul kennis is rakende speeltegnieke wat gebruik kan word by die hulpverlening aan kinders, en dan meer spesifiek nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke. Baie min van die deelnemers gebruik

speeltegnieke tydens hul hulpverlening aan kinders wat seksueel misbruik is. Die meerderheid het getuig dat hulle nie oor voldoende opleiding en kennis beskik aangaande speeltegnieke nie en het die meeste gevalle verwys na ander hulpverleners toe.

**Tabel 2.3: Skematiese voorstelling van sub-temas en kategorieë uit hooftema 3**

| HOOFTEMA 3    | SUBTEMAS                                       | KATEGORIEË   |
|---------------|--|--|
| Speeltegnieke | Opleiding in die benutting van speeltegnieke   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Onvoldoende opleiding in die benutting van speeltegnieke</li> </ul>                             |
|               | Nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebrekkige kennis oor die gebruik van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke</li> </ul> |
|               | Gebruik van speeltegnieke                      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Benutting van verskillende speeltegnieke</li> </ul>   |

#### **2.4.8.1 Subtema 1: Opleiding in die benutting van speeltegnieke**

Die meerderheid van die deelnemers kon getuig dat, alhoewel hul bewus is van die effektiwiteit en moontlike benutting van speeltegnieke, hulle nie self die nodige opleiding gehad het om self speeltegnieke te gebruik nie.

- **Onvoldoende opleiding in die benutting van speeltegnieke**

Maatskaplike werkers en predikante se opleiding om spesifiek speeltegnieke te gebruik, was in beide gevalle onvoldoende. Die deelnemers voer aan:

*I did get some training, but I can't say that the training I got was enough. I think I need to learn more. The little bit of training I got was in-house training at the CMR. There was never enough time at university to do training (Deelnemer 2, maatskaplike werker).*

*I got internal training and I did a therapeutic tool, one-day course. I know the basics about letting them play with a doll, speak to the doll, things to initiate a conversation. But otherwise I don't know enough and I won't be able to do play therapy (Deelnemer 3, maatskaplike werker).*

*I only did an attachment-therapy course at the CMR, but nothing specific about play techniques (Deelnemer 4, maatskaplike werker).*

*I had zero training in play techniques (Deelnemer 8, predikant).*

Opleiding in die benutting van speeltegnieke vir hulpverlening aan kinders is dus onvoldoende, alhoewel die maatskaplike werkers meer kontak daarmee gehad het as die predikante. Dit moet wel genoem word dat beide die maatskaplike en teologiese opleiding generiese grade is, terwyl opleiding in speeltegnieke 'n spesialis gebied is. Schiller (2015:24) maak wel in haar studie die volgende aanbeveling:

Training institutions should collaborate and ensure that greater emphasis is placed on the teaching of aspects regarding child sexual abuse. Specialised training and postgraduate training should be made more available and accessible for all professionals working with child sexual abuse investigations to capacitate themselves with the most recent knowledge and expertise to render appropriate services.

Die statutêre verpligting dat speltherapie net toegepas kan word deur geregistreerde sielkundiges, maatskaplike werkers, arbeidsterapeute en psigiatriese verpleegkundiges, dra daartoe by dat kinders nie altyd die nodige hulp kry by die verskeidenheid van hulpverleners waartoe hulle toegang het nie. Die geleentheid moet dus geskep word vir ander hulpverleners, wat dalk nie in die bogenoemde velde staan nie, wat 'n passie daarvoor het om kinders te help, om ook die nodige opleiding te kan ontvang.

#### **2.4.8.2 Subtema 2: Nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke**

Die gebruik en kennis van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke is ondersoek. Dit was duidelik dat die deelnemers nie gereeld hulpverlening doen met kinders nie, en alhoewel van hulle bewus is daarvan wat nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke is, het net twee deelnemers bevestig dat hulle daarvan gebruik maak. Al die deelnemers het gestel dat hulle glo in die effektiwiteit van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke, maar die meerderheid van die deelnemers kies om dit eerder nie te gebruik nie, vanweë hul gebrek aan kennis.

- **Gebrekkige kennis oor die gebruik van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke**

Slegs die twee pastorale beraders het al gebruik gemaak van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke. Hulle merk onder meer die volgende op:

*Ek dink nie-direk is die beste, want jy moet daardie kind se vertroue wen en dit vat gewoonlik lank. So, ek dink dis beslis die beter benadering* (Deelnemer 1, pastorale berader).

*I have not seen any cases where a child was sexually abused. I did have cases where we suspected it, and there I used non-directive play techniques* (Deelnemer 6, pastorale berader).

Die kennis en gebruik van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke is dus baie beperk onder die verskeie hulpverleners. Hierdie gewaarwording is bevestig deur 'n studie gedoen deur Marx (2014:48). Sy het gevind dat 75% van die gespreksgenote (gemeenteleiers) aan haar studie beweer het dat speeltegnieke glad nie in die kerk gebruik word nie weens die gebrek aan gekwalifiseerde hulpverleners, terwyl 12,5% beseft het dat deeltydse, gekwalifiseerde hulpverleners wel beskikbaar is. Verder laat 12,5% die kind aan homself oor hom om op sy eie die trauma te verwerk. Vanweë die unieke aard en opleiding om speeltegnieke te gebruik blyk dit dus dat pastorale beraders wat belangstel in dié spesifieke rigting en bykomende opleiding deurloop het, die enigstes is wat regtig speeltegnieke effektief gebruik tydens hul hulpverlening.

#### **2.4.8.3 Subtema: Gebruik van speeltegnieke**

Alhoewel baie van die hulpverleners aangedui het dat hulle eerder hulpverlening aan kinders verwys na ander kundiges toe, was daar wel van hulle wat geweet het van 'n paar speeltegnieke en dit soms gebruik, indien nodig.

- **Benutting van verskillende speeltegnieke**

In sekere gevalle word die paar speeltegnieke waarmee die hulpverleners vertrou is, gebruik:

*Ek gebruik prentjies teken, speel met poppe, die poppehuis, karretjies. Basies vryespeel (Deelnemer 1, pastorale berader).*

*I like to let them draw. I think it helps a lot, especially in our culture - they don't like to talk. The most children we work with don't know dolls, so they are comfortable with drawing (Deelnemer 2, maatskaplike werker).*

*I let them draw, and then a conversation will start from that (Deelnemer 3, maatskaplike werker).*

*Mostly sand tray, play dough and drawings (Deelnemer 6, pastorale berader).*

Die deelnemers wat wel weet van 'n paar speeltegnyke, gebruik dit dus op verskillende maniere tydens hul hulpverlening aan kinders. Die pastorale beraders het albei kort kursusse gedoen oor speeltegnyke en daarom voel hul gemaklik om speeltegnyke te gebruik. Die maatskaplike werkers wat wel speeltegnyke gebruik het, erken dat hul slegs demonstrasies gesien het en so hul kennis opgedoen het. Vir die hulpverlener wat wel speeltegnyke wil gebruik en nie die nodige opleiding kan ondergaan nie, bestaan daar 'n wye verskeidenheid van hulpbronne wat spesifiek gemik is op speeltegnyke. Boeke soos *101 Favourite play therapy techniques* deur Kaduson en Schaefer (2010) is slegs gerig op tegnyke. Daar word wel voorgestel dat hulpverleners eerder geakkrediteerde kursusse bywoon om hul omvattend in te lig oor die waarde van speeltegnyke.

#### **2.4.9 Hooftema 4 : Christelike wêreldbeskouing**

Die deelnemers het 'n verskeidenheid vrae beantwoord met die doel om te bepaal watter rol (indien enige) hul eie, persoonlike geloofsoortuigings tydens hul hulpverlening aan kinders speel. Verder het die navorser gepoog om by die deelnemers vas te stel watter rol hulle dink die kerk veronderstel is om te vervul wanneer dit kom by hulpverlening aan spesifiek kinders wat seksueel misbruik is. Onder hierdie tema het daar vier subtemas ontstaan, naamlik: 1) Christelike geloof en godsdiens, 2) die gebruik van Bybelse riglyne tydens hulpverlening, 3) pastorale,

nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke en 4) die kerk en geloofsgemeenskap se rol ten opsigte van hulpverlening.

**Tabel 2.4: Skematiese voorstelling van sub-temas en kategorieë uit hooftema 4**

| HOOFTEMA 4                  | SUBTEMAS   | KATEGORIEË  |
|-----------------------------|--|---|
| Christelike wêreldbeskouing | Christelike geloof en godsdiens                                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Christelike geloof en godsdiens in die hulpverleningsproses</li> <li>• Impak van gebed op die benadering tot hulpverlening</li> <li>• Identiteit en roeping voor God</li> </ul>  |
|                             | Gebruik van Bybelse riglyne tydens hulpverlening                   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Benutting van Bybelse riglyne</li> <li>• Skrif, gebed en Bybelse riglyne is gefokus en toepaslik op die kind se huidige situasie.</li> </ul>   |
|                             | Pastorale, nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konteks van geloof, kultuur en geestelike ingesteldheid van die kind</li> <li>• Nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke</li> <li>• Multidissiplinêre benadering</li> <li>• Proses van pastorale speeltegnieke kan lei tot geestelike groei</li> </ul> |
|                             | Die kerk en geloofsgemeenskap se rol ten opsigte van hulpverlening | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kerk het 'n leidende en profetiese verantwoordelikheid om te vervul.</li> <li>• Die kerk is 'n geestelike en emosionele tuiste.</li> </ul>   |

#### 2.4.9.1 Subtema 1: Christelike geloof en godsdiens

Die meerderheid van die deelnemers het gestel dat hul persoonlike Christelike geloof wel 'n rol speel tydens hul benadering en hulpverlening aan pre-adolescente wat seksueel misbruik is. Vir sommige was dit 'n duidelike verskynsel en vir ander was dit meer versteek, iets wat hulle woordeloos uitleef in hul hulpverlening.

- **Christelike geloof en godsdiens in die hulpverleningsproses**

'n Paar deelnemers het die opmerking gemaak dat hul geloof juis die rede is hoekom hulle in 'n beroep staan wat mense wil help. Hul geloof is ook 'n deel van wie hulle is en kom outomaties na vore in hul hulpverlening. Die volgende deelnemers merk op:

*Ek dink dit is die belangrikste. Daar is niks wat God nie kan omdraai nie, en niks wat Hy nie kan heelmaak nie. En dit is vir my die anker*

*van my lewe. Ek weet dat God gebroke mense heel, dat Hy die "inner healing" kan doen (Deelnemer 1, pastorale berader).*

*For me it's the centre, because the reason I'm doing this is because of my faith. I don't think that I'll have that compassion and love for children without my faith. The word "hope" that God gives us is a beautiful word for children who are in despair. We have hope because of Jesus. So, for me, it's the core, the foundation (Deelnemer 9, jeugpredikant).*

*I think Christianity is a way of life; the ethics and the values are part of who I am. I believe that the social work values, like you need to be non-judgemental, are Christian values. I always ask myself: Is this what God would do? (Deelnemer 3, maatskaplike werker).*

*I don't think I'll be able to do therapy without it or be effective without it. Even though I might not be speaking about God directly, I'm still using Biblical principles to help them process things, to help them release the emotions and help them move to a place of healing. I will always try and find out where the child is regarding their relationship with God, what do they believe. It also helps me to get an insight into their family (Deelnemer 6, pastorale berader).*

Elke gelowige weet dat Jesus aarde toe gekom het om mense te kom bedien (Matt. 20:28). Hierdie wete dra by tot die behoefte wat hulpverleners het om ook ander mense te bedien en te help, net soos Jesus (MacArthur & Mack, 1994:148). Regdeur die Bybel word hulp aan die medemens nie as opsioneel beskou nie, maar as die verantwoordelikheid van elke gelowige (Collins, 2011:3). Persoonlike geloof vorm dus die basis van die deelnemers se lewens en hierdie geloof word ook uitgeleef in hul hulpverlening aan ander. Al word daar nie altyd eksplisiet van hul geloof gepraat tydens 'n hulpverleningsessie nie, word dit woordeloos uitgeleef.

- **Impak van gebed op die benadering tot hulpverlening**

Gebed speel nie by al die deelnemers 'n aktiewe rol binne die hulpverlening nie. Sommige sal eerder in stilte, vóór 'n sessie, bid vir krag en leiding. Die deelnemers voer aan:

*I always do a silent, short prayer before I meet someone because I know that I need God's grace to work with people. I especially pray for*

*strength when working with difficult cases* (Deelnemer 2, maatskaplike werker).

*I live my life according to the Bible, my faith. I always pray before working with people because I know that, on my own, I won't be able to help them* (Deelnemer 5, maatskaplike werker).

Smith (soos aangehaal deur MacArthur & Mack, 1994:144) noem drie redes waarom gebed belangrik is vir die hulpverlener: 1) Die Here beveel ons om te bid (Kol. 4:2; 1 Tim. 5:17); 2) Hy leer ons hoe om reg te bid (Mark. 1:35; Luk. 6:12) en 3) Gebed is lofprijsing aan God (Matt. 6:5-9). Adams (1979:61) voel ook baie sterk oor die plek van gebed binne hulpverlening wanneer hy noem:

Any counseling that is not based upon the idea that it is the power of God that transforms counselees is essentially non-Christian. Prayer, then, must have a prominent place, since both counselor and counselee must ask for God's help and depend upon Him to give it.

Marx (2014:ii) is van mening dat gebed vir haar 'n rol speel voor, tydens en ná hulpverleningsessies. Wanneer die hulpverlener bid, word God gevra vir wysheid, hulp en seën vir die taak wat voltooi moet word (Adams, 1979:62). Gebed dra dus by tot die hele hulpverleningsproses.

- **Identiteit en roeping voor God**

Vir sekere van die deelnemers was die mens, of meer spesifiek die kind, se identiteit voor God van belang. Dit is hierdie identiteit voor God wat weer by die kind bevestig moet word. Die deelnemers bly gemotiveer om aan te hou om mense te help, juis omdat hulle glo dat elke mens vir God belangrik en waardevol is. Hierdie wete help die hulpverleners om aan te hou probeer om te help, selfs as dit soms nutteloos voel:

*For me, our identity is critical. That we are all shaped in the image of God and we all have the right to life, the right to equality. So, to teach children that they are as important as their parents, because they were created by God, is a big thing for me. And to say that they are equal before God is very important for me* (Deelnemer 8, predikant).

*I believe children are an absolutely vital part of the church. Jesus loved children, He gave his time to children. So, a church that ignores children and the needs of children is a church that is playing games and not following the heart of God (Deelnemer 7, predikant).*

*I don't think that I'll have that compassion and love for children without my faith. The word "hope" that God gives us is a beautiful word for children who are in despair; we have hope because of Jesus (Deelnemer 9, jeugpredikant).*

Christene het oor die jare al baie gedebatteer oor die onderwerp van eie waarde, en beraders soos Adams (1979:2-3) is baie krities oor die konsep. Collins (2011:367) is wel van mening dat die mens se waarde vir God regdeur die Bybel bevestig word. Hoewel daar in mense se lewens 'n magdom dinge gebeur wat mense laat dink dat dit hul waarde as mense laat afneem het, weet gelowiges dat God die mens hoog ag en in liefde aanvaar en help. Dié wete help deelnemers om ook ander mense met dieselfde waardering te hanteer, te help en te aanvaar.

#### **2.4.9.2 Subtema 2: Die gebruik van Bybelse riglyne tydens hulpverlening**

Die deelnemers kon getuig dat hulle Bybelse riglyne gebruik tydens hul omgang met mense, alhoewel hulle dit nie altyd sal verbaliseer nie.

- **Benutting van Bybelse riglyne**

Bybelse riglyne word deur sommige hulpverleners, veral die predikante, pertinent tydens hulpverlening gebruik, terwyl die maatskaplike werkers aangedui het dat hulle verkies om dit eerder nie pertinent uit te wys nie, tensy hulle sien dat die kind 'n opening daarvoor skep. Die deelnemers merk onder meer op:

*I won't mention it to the clients. I respect all religions; that's why I'll rather keep it to myself, just in case it is against the values of the client (Deelnemer 2, maatskaplike werker).*

*If I see the person needs comfort, and I see the person is Christian and the only thing I can think of is something Biblical, then I'll use it. But*

*otherwise I'll treat them with kindness and goodness (which is Biblical) without talking about God (Deelnemer 3, maatskaplike werker).*

*The divorce care for kids programme is based on the Word of God, so the parents know with enrolment that we are going to use the Word of God, to teach them on this journey towards healing. It does depend on the children before me how much Scripture I'll use (Deelnemer 9, jeugpredikant).*

Bybelse riglyne moet versigtig tydens hulpverlening gebruik word. Dit blyk wel dat Bybelse riglyne by sommige deelnemers deel van hulself is en outomaties aangewend word tydens hulpverlening, sonder dat dit noodwendig geverbaliseer word. Tydens gesprekke wat met predikante in Swede gevoer is, wat spesifiek betrokke was by hulpverlening aan persone wat seksueel misbruik is, is baie klem gelê op die spesiale bydrae wat deur pastorale versorging, en dus ook Bybelse riglyne, gelewer kan word. Tydens pastorale hulpverlening word 'n ontmoeting met God egter gefasiliteer en spesifieke Christelike aspekte soos vertrouwe en vergifnis kan bespreek word (Rudolfsson & Tidefors, 2013:9).

- **Skrif, gebed en Bybelse riglyne is gefokus en toepaslik op die kind se huidige situasie**

Elke geloofshandeling moet tydens die hulpverleningsproses 'n doel hê. Of dit gebed is of Bybelse lering of Skrifgebruik, die geloofshandeling moet toepaslik wees vir die huidige situasie van die persoon wat die hulpverlening ontvang. Die deelnemers merk onder meer die volgende op:

*If I see the person needs comfort, and I see the person is Christian and the only thing I can think of is something Biblical, then I'll use it. But otherwise I'll treat them with kindness and goodness (which is Biblical) without talking about God (Deelnemer 2, maatskaplike werker).*

*I absolutely use Biblical truths. That's what I use primarily. We try to replace the lie with God's truth. So, if someone's been abused, they'll say things like: "I'll never be clean; no one will ever believe me. I'm a second-rate person". And we try and replace those lies with the truth - that God can set you free, God can give you a new start, God can restore you, God can heal your broken heart, emotions and spirit (Deelnemer 7, predikant).*

*For example, I recently saw a girl who stole something from the teacher. She came in and we spoke about morality, and lying, and we were able to teach her that she had confessed and that she was forgiven and she was not less than anybody else (Deelnemer 8, predikant).*

In die onderhoude met pastorale hulpverleners is die vraag gestel hoe hulle die tema van seksuele misbruik beleef tydens hulpverlening. Hulle het die opmerking gemaak dat dit vir hulle makliker is om Skriftuurlik te werk te gaan met 'n tema soos die dood of siekte, eerder as seksuele misbruik (Rudolfsson & Tidefors, 2013:5). Seksuele misbruik was vir die pastorale hulpverleners 'n moeilike tema om te behandel. Hieruit blyk dit dat die Skrif in moeilike situasies toepaslik gebruik moet word om die ware boodskap van God se liefde en medelye met sy kinders aan te spreek.

#### **2.4.9.3 Subtema 3: Pastorale, nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke**

Die hulpverleners wat bekend is met nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke het gevoel dat die pastorale inkleding van hierdie tegnieke beslis 'n leemte sou kon vul wat daar in huidige hulpverlening bestaan. Almal is wel versigtig met die gebruik hiervan, en stem saam dat die pastorale inkleding van die hulpverlening deur die kind geskep moet word.

- **Konteks van geloof, kultuur en geestelike ingesteldheid van die kind**

Die konteks van die kind, sy geloof, geestelike ingesteldheid en kultuur moet in ag geneem word voordat daar gepoog word om pastoraal met 'n kind te werk. Dit is veral belangrik wanneer daar met ander kulture gewerk word, om te bevestig dat hulle is oop vir 'n pastorale benadering. Die deelnemers voer aan:

*If the child believes, I think it will help. But particularly the Xhosa people, we believe we have ancestors and we worship them. We slaughter goats and cows with the mindset that things will turn out for the better for the family. So, if the child believes in God, use it, but make sure (Deelnemer 4, maatskaplike werker).*

*I think it depends on the child. If the child is from a Christian family, I believe it will help. But if the child is not a believer, I don't think it will mean anything to that child (Deelnemer 2, maatskaplike werker).*

*If they believe in God and they speak of God and they're open to it, it would work. But you need to read the situation (Deelnemer 3, maatskaplike werker).*

*I think if the child is open to it and I know they maybe go to Sunday school or they know who God is, then I think it will help (Deelnemer 5, maatskaplike werker).*

Dit is altyd belangrik om ander kulture se godsdiens en tradisies in ag te neem tydens enige hulpverlening. In die Oos-Londen area word daar grotendeels gewerk met die Afrikaanse, Engelse en Xhosa kulture. Wanneer daar dus oor God of godsdiens gepraat word tydens hulpverlening, moet die verskillende aspekte van veral die inheemse Afrikagodsdiens in ag geneem word. Volgens navorsing is die invloed van inheemse Afrikagodsdiens nog n u verweef met Christen gelowiges se geloof en daar word veral daarop teruggeval tydens tye van krisis (Adamo, 2011:1; Hani, 1998:2). Hani (1998:2) beskryf veral hoe hy as Christen daarvan bewus is dat Afrikagebruike nie binne die Kerk erken word nie en dit juis noodsaaklik is om die inheemse Afrikagodsdiens in die geheim te beoefen. Hy verduidelik verder hoe sekere Afrikatradisies vermeng geraak het met Christelike simbole, juis om dit by hul Christelike geloof te laat inpas. Adamo (2011:5-6) beskryf kortliks die belangrikste eienskappe van Afrikagodsdiens wat in gedagte gehou moet word:

- **Die hoogste God en mense:** Die hoogste God is in beheer van alles. Hy is die Skepper en Beheerder, die ewige God. Selfs as alle ander gode en voorvaders stil raak, bly God nog voortbestaan. Die mens is deur God geskep (die manier verskil van plek tot plek). Om 'n mens te wees, is om deel te wees van 'n gemeenskap: "What makes a human being is incorporated in the complex unity of the tribe, outside of which all others are strangers and inferiors, if not enemies" (Adamo, 2011:5).
- **Die gode:** Die hoogste God het die ander gode geskep. Hulle funksie is om as tussengangers tussen God en mense op te tree. Hulle het op hul eie geen mag

nie, behalwe as God aan hulle die mag gee om iets te doen. Hulle reël die ordelike funksionering van die heelal.

- **Vooraderverering:** Die voorvaders is mense (afgestorwenes) wat bestaan in die geestelike wêreld en word vereer deur hul afstammelinge. Hulle word gesien as deel van die familie wat die mag het om mense te seën, te beskerm of te straf. Die voorvaders word nie aanbid nie, maar hulle word gerespekteer en genooi om deel te neem aan familiebyeenkomste. Hulle dien ook as tussengangers tussen die familie en God.

- **Geeste:** Geeste staan volgende in die hiërargie (Adamo, 2011:6):

Spirits are anthropomorphically conceived as if they are abstract beings. It is believed that they are capable of becoming anything, such as objects or human beings and can also melt into vapour at any time.

- **Goed en kwaad:** Die bestaan van goed en kwaad is relevant binne die Afrikakulture. Dit sluit fisiese en morele kwaad in. God veroorsaak die goeie en mense die kwaad (Adamo, 2011:6):

Evil concerns any misfortune that befalls an individual or community or any voluntary anti-social behaviour or any infringement of the decrees of God, the deity or the ancestors. Evil is generally interpreted as the work of evil spirits, witches, sorcerers or evil eye, broken taboos, oaths or even the deity or ancestors. It is also believed that usually when God or deities or ancestors are involved in evil, it is corrective, disciplinary, or punitive.

Wanneer 'n kind na God tydens hulpverlening verwys, is dit belangrik dat sy kultuur in gedagte gehou moet word voordat daar pastoraal met hom gewerk word. Malott en Knoper (2012:24) beklemtoon die belangrikheid van hierdie multikulturele berading soos volg:

Effective multicultural counseling requires application of culturally-aligned intervention strategies, drawing upon clients' strengths and indigenous or cultural practices to promote client empowerment and advocate for societal change.

Indien dit blyk dat die kind 'n behoefte het om iets van God te hoor, kan multikulturele hulpverlening met die nodige sensitiwiteit gebruik word, terwyl die invloed en gebruike van kultuur altyd in gedagte gehou moet word.

- **Nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke**

Die deelnemers het gevoel dat pastorale, nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke voordelig sou wees, indien die kind oop is vir 'n pastorale aanslag. Hierdie benadering gee vir die kind 'n veilige ruimte om net homself te wees en teen sy eie pas te beweeg. Deelnemers het ook genoem dat daar 'n stadium tydens die hulpverlening kan kom waar 'n meer direkte benadering meer gepas sal wees. Hulle voer aan:

*I absolutely think so! I've seen the benefit of it and we really need someone to come and assist in that regard* (Deelnemer 7, predikant).

*Yes, definitely. I've seen demonstrations and it worked!* (Deelnemer 9, jeugpredikant).

*I think it has a place, but there also comes a time that you need to be more directive. I think, in the beginning, being non-directive is fantastic. You want the child to find his way during the session and get to know him, but there comes a time where I need to more directive* (Deelnemer 6, pastorale berader).

Alhoewel nie almal die kennis het om pastorale, nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke te gebruik nie, is die deelnemers van mening dat dit 'n effektiewe benadering is om die kind in sy geheel te hanteer - liggaam, siel en gees. Die gebruik van nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke word bevestig deur Marx (2014:103), wat aanvoer dat dit 'n geleentheid is om ook die kind se geloof te versterk tydens die "pastorale moment" wat deur die kind geskep word.

- **Multidissiplinêre benadering**

Die gevoel is uitgespreek dat 'n multidissiplinêre benadering nodig is om kinders volwaardig te help. Kinders moet ook holisties benader word. Die deelnemers voer onder meer aan:

*I think Jesus came to us with a holistic mission; it wasn't just to get people to heaven, but to make broken people whole. There are a lot of people in our community, especially children, who are broken, so we treat the person holistically. Not just spiritually; we look for ways to treat them emotionally, psychologically, physically and spiritually - to make the whole man whole (Deelnemer 7, predikant).*

*I honestly think that it's time that churches embrace a multi-disciplinary approach; that ministers can't help everybody and in every case. Don't try and be pseudo-psychologists. I would really embrace a multi-disciplinary approach because I sometimes feel really inadequate when it comes to helping children. I think that, within denominations, people should be helped or allowed to study to serve and help kids (Deelnemer 8, predikant).*

*There are fragments of people doing things all over and no one knows about it. We need to come together as professionals in our various fields and work together (Deelnemer 9, jeugpredikant).*

Die wete dat mense holisties benader moet word, word deur Coetzer (2013:16) benadruk wanneer hy skryf: "Trauma raak die mens in sy totaliteit en die genesing wat nodig is, het dus ook betrekking op die mens se totaliteit". Dit het in onderhoude vorendag gekom dat mense wat aanklop vir pastorale hulp weens seksuele misbruik daarvan bewus is dat hulle hulp vanuit die sielkunde ook nodig mag hê (Rudolfsson & Tidefors, 2015:465). Die behoefte is uitgespreek dat die hulpverleners aangemoedig moet word om ook met ander professies in gesprek te tree, sodat 'n beter netwerk gevestig kan word. Davis en Zuniga (2010:39) stel die volgende voor:

*Making church settings safe for vulnerable people and survivors of sexual violence involves the recognition that all churches are part of a broader community. Preventing and responding to sexual violence involves the unified effort of caring professionals representing law enforcement, family protection, education, religion and other social service fields.*

Die behoefte bestaan vir 'n multidissiplinêre, holistiese benadering wat kinders as geheel kan help. Die leemte aan multidissiplinêre netwerke kan egter gevul word deur verskillende hulpverleners wat hul dienste aan mekaar beskikbaar stel.

- **Proses van pastorale speeltegnieke kan lei tot geestelike groei**

'n Hulpverleningsproses waar Skriftuurlike waarhede gekombineer word met speeltegnieke kan lei tot geestelike groei by kinders. Dit kan kinders 'n blik gee op God se liefde en dat Hy belangstel in dit waardeur hulle gaan. Hierdie bewuswording van God se belangstelling kan lei tot geestelike groei. Die deelnemers voer onder meer aan:

*I believe children are an absolutely vital part of the church. Jesus loved children; He gave his time to children. So, a church that ignores children and the needs of children is a church that is playing games and not following the heart of God. We as a church are multi-generational, and we've got great kids programmes and teenager programmes, catering for the whole family. We place a high value on children's ministry. I think Jesus came to us with a holistic mission; it wasn't just to get people to heaven, but to make broken people whole. There are a lot of people in our community, especially children, who are broken, so we treat the person holistically. Not just spiritually, we look for ways to treat them emotionally, psychologically, physically and spiritually- to make the whole man whole (Deelnemer 7, predikant).*

*So, to teach children that they are as important as their parents, because they were created by God, is a big thing for me. And to say that they are equal before God is very important for me (Deelnemer 8, predikant).*

*Dis om aan die kind te verduidelik dat die Here nie dit gesien het en dat Hy niks gedoen het nie. "Die Here het gehuil toe Hy dit gesien het, want Hy het jou so onsettend lief. Hierdie dinge was nie veronderstel om met jou te gebeur nie. Jesus roep die kindertjies na Hom toe en Hy sê jy moet eerder 'n maalsteen om jou nek hang, as skade doen aan kinders. Jesus het mense gesondgemaak, heilgemaak, hulle tranes afgedroog - en by Hom kan jy veilig wees" (Deelnemer 1, pastorale berader).*

Die waarde van die pastorale inkleding van speeltegnieke om geestelike groei by kinders te bevorder is alreeds deur Marx (2014:103) bevestig. Hierdie bruikbaarheid van die pastorale proses vir geestelike groei en genesing word ook deur Redmond

(2014:8) beaam. Sweeney en Landreth (1993:351) is van mening dat tradisionele kognitiewe terapie deur kinders as oorweldigend beleef kan word en dat hulle eerder deur pastorale, nie-direkte hulpverlening gehelp kan word om emosioneel en geestelik te genees. Indien daar met die nodige kennis aangaande kinders, seksuele misbruik, die Skrif en speeltegnieke te werk gegaan word, sal daar 'n geleentheid vir geestelike groei geskep kan word.

#### **2.4.9.4 Subtema 4: Die kerk en geloofsgemeenskap se rol ten opsigte van hulpverlening**

Die deelnemers is gevra watter rol (indien enige) hulle dink die kerk of geloofsgemeenskap veronderstel is om te speel wanneer dit kom by hulpverlening aan seksueel misbruikte kinders. Dit was duidelik uit die onderhoude dat die deelnemers voel die kerk is veronderstel om op die voorpunt van hulpverlening te staan.

- **Die kerk het 'n leidende en profetiese verantwoordelikheid om te vervul**

Volgens die deelnemers is die kerk veronderstel om 'n leidende, profetiese rol te vervul. Hierdie verantwoordelikheid word wel, volgens hulle, nie op die oomblik vervul nie. Die deelnemers voer aan:

*Ek voel dat strukture basies net mure is wat mense van mekaar isoleer. Daar word kinders in ons kerke gemolesteer en die mure wat kerke om hulleself gebou het, veroorsaak dat daar nie hulp gegee word aan hierdie kinders nie. Die geloofsgemeenskap het 'n verantwoordelikheid, nie 'n spesifieke kerk nie. Die kerk het 'n rol om te speel en volgens my vervul die kerk glad nie daardie rol nie. Daar is te veel 'red-tape' in die kerk en ek dink predikante probeer hierdie onderwerp ook eerder vermy (Deelnemer 1, pastorale berader).*

*The church needs to move out of the church building and into the community. The church needs to be more open about talking about sex and what the realities are (Deelnemer 3, maatskaplike werker).*

*Not just the church, but everyone has a role to play when it comes to children being sexually abused. But the church as a place of worship has a responsibility to talk about it (Deelnemer 4, maatskaplike werker).*

Die deelnemers maak 'n sterk aantyging teen die kerk. In 'n 2010 studie met maatskaplike werkers is die volgende opgemerk (Davis & Zuniga, 2010:37):

As social workers involved in providing care for victims of sexual and other kinds of violence involving children, women and men, we believe that church leaders and faith communities can play a central role in helping survivors of sexual abuse heal and regain a sense of control and connection.

Soos gesien in die literatuurstudie bevat gevalle van seksuele misbruik komplekse prosesse waarin veral pastorale hulpverleners en ander persone binne die kerk 'n noodsaaklike rol kan vervul. Terwyl hierdie rolle nooit gemaklik is nie, moet predikante en hulpverleners hul deel doen om effektief hulp te verleen (Gilgun & Anderson, 2015:11). Die kerk moet ook begin praat oor dade wat mense verwond (Davis & Zuniga, 2010:38):

Developing a comfort level with this topic and the language to talk about sexual abuse in church is critical to limiting its prevalence. Silence is dangerous and creates space where abusers can exploit the embarrassment of their victims to ensure secrecy.

Deur stil te bly oor seksuele misbruik stuur die kerk woordeloos die boodskap dat dit aanvaarbaar is. Die kerk se stilte stuur aan slagoffers die boodskap dat hulle ook eerder moet stilbly (Davis & Zuniga, 2010:39). Die kerk het egter 'n leidende en profetiese rol om te vervul teenoor die gemeenskap.

- **Die kerk is 'n geestelike en emosionele tuiste**

Die kerk is veronderstel om 'n veilige hawe vir mense met hulle seer te wees. Die kerk is die plek waar mense hulp en vergifnis en troos moet vind. Slagoffers moet hier met hulle diepste seer kan opdaag en God se genesing en vergifnis ontvang. Die deelnemers voer onder meer aan:

*I definitely believe the church has a role to fulfil. I think they should definitely support the families within the church, but they should also provide information about what the Bible says about these actions. Also that it happened in the Bible; it is not this totally new thing. The church should provide acceptance, whatever trauma you went through. The church should play a role in facilitating the spiritual healing of the victims. The psychologists and counsellors can only do so much to*

*help, but with the church you come in and facilitate God's interactions with them through deliverance and prayer ministry. There are more spiritual and emotional things at play during sexual abuse, such as soul ties etc. that need to be cut and dealt with. The church needs to handle the spiritual side (Deelnemer 6, pastoraal berader).*

*I think we've got a massive responsibility to help them, to meet them where they are in their brokenness, in their pain. And to find a way to walk that road with them, to bring some healing into their lives, to build some confidence into their lives. And just to remind them that the past may have been horrific, bad and painful, but God is the Restorer of broken things, people and children; their future can be blessed and great. But it needs to be dealt with in the appropriate way (Deelnemer 7, predikant).*

*I first of all think that the church should be a safe place. They should feel that they can say anything and they won't be victimized for what they said. Secondly, I think the church has, sadly, lost its prophetic voice and should be speaking up more about the abuse that just seems to continue in our country, despite the fact that they call themselves Christians. We find it awkward to talk about it, we won't preach on it. I think the church has a role to play, but we abdicated that role. We should preach more about it and be more vocal. I think when we are quiet it looks like we agree with it and, for me, that's a great sadness (Deelnemer 8, predikant).*

*I think the church needs to be at the forefront, the first place that people can come to for whatever the need is. And then the church needs to know where to refer that child to, because the parents don't always know. If there are help centres within the church, they will know how to help (Deelnemer 9, jeugpredikant)*

Marx (2014:112) huldig die opinie dat die gebrek aan gepaste hulpverlening aan kinders, veral binne die kerk, die vraag laat ontstaan of kinders se stemme werklik in die kerk gehoor word. Uit die onderhoude was dit duidelik dat die hulpverleners voel dat die kerk beslis 'n rol het om te speel, veral om 'n geestelike en emosionele tuiste vir slagoffers te wees. Dit is ook nodig om gemeentelede meer bewus te maak van die negatiewe gevolge van seksuele misbruik (Gilgun & Anderson, 2015:11): "Education of members of faith communities could empower parishioners to respond helpfully if they have concerns or another member discloses an abusive situation to them".

Adams (1974:47) het baie sterk daarvoor gevoel dat die kerk sy pastorale verantwoordelikheid van hulpverlening teenoor verwonde mense moet nakom. Tydens die onderhoude het dit geblyk dat die kerk nie altyd daarin slaag om hierdie belangrike rol te vervul nie. Gilgun en Anderson (2015:11) se aanbeveling aan pastorale hulpverleners is toepaslik vir hierdie studie en beveel die volgende effektiewe hulpverlening vir seksueel misbruikte persone aan:

...obtaining knowledge of mandated reporting laws, gaining familiarity with local resources for assisting children and families who are dealing with sexual abuse, reading scripture-based books on sexual abuse, engaging in continuing education courses or trainings on helping families who have experienced sexual abuse, understanding the role that religion can play in minimizing or excusing abusive situations and recognizing that disclosure of sexual abuse is often a complicated and nonlinear process.

## **2.5. SAMEVATTING**

Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude was dit duidelik dat die maatskaplike werk dissipline die meeste kontak met seksueel misbruikte kinders het. Maatskaplike werkers word hoofsaaklik opgelei om hierdie tipe sake te ondersoek en daarom is hulle nie betrokke by die hulpverleningsproses nie. Die maatskaplike werkers wat deelgeneem het, het wel ook gevoel dat hulle nie genoegsame kennis oor speeltegnieke het om 'n rol in die hulpverleningsproses te speel nie.

Dit het ook uit die onderhoude geblyk dat maatskaplike werkers in 'n groter mate die toerusting ontvang rondom die verskillende aspekte rakende seksuele misbruik, alhoewel dit soms blyk onvoldoende te wees. Alhoewel die opleiding nie voldoende aandag aan die tema van seksuele misbruik en speeltegnieke gee nie, verwys die meerderheid van maatskaplike werkers en predikante eerder hierdie sake na ander hulpverleners, sodat die kinders wat misbruik is, gehelp kan word.

Alhoewel al die deelnemers bewus was van die effektiwiteit van speeltegnieke, kon slegs een van die deelnemers getuig dat hulle met selfvertroue speeltegnieke sou kon gebruik tydens hulpverlening. Die behoefte aan meer opleiding oor die gebruik van speeltegnieke is duidelik vanuit die onderhoude.

Uit die onderhoude word dit ook duidelik dat veral 'n persoon se persoonlike geloof 'n beduidende rol tydens hulpverlening aan kinders speel en dat meer insig nodig is

om hierdie situasie aan te spreek. Al die deelnemers was van mening dat die pastorale inkleding van speeltegnieke beslis 'n positiewe bydrae kan lewer tydens die hulpverlening aan seksueel misbruikte pre-adolescente. Die hulpverleners was wel baie versigtig en van mening dat die geleentheid om oor geloof te praat, deur die kind geskep moet word, en nie deur die hulpverlener self nie.

Volgens die deelnemers het die kerk beslis 'n leidende en profetiese verantwoordelikheid teenoor slagoffers van seksuele misbruik. Dit kerk se stilswye oor gevalle soos seksuele misbruik dra ongelukkig die boodskap uit dat seksuele misbruik nie iets is waaroor gepraat word nie, en sodoende word die slagoffer ook 'n stilswyende verwonde.

# HOOFSTUK 3


## Seksuele misbruik, pre-adolescente en nie-direkte, kliënt- gesentreerde speeltegnieke

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die interpreterende taak van die hermeneutiese sirkel, soos uiteengesit deur Osmer (2008:4), beskryf. Osmer (2008:4) beskryf die interpreterende taak soos volg: “Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring”. In ooreenstemming met Osmer (2008:83) se beskrywing van die interpreterende taak sal hierdie hoofstuk bestaande navorsing vanuit aangrensende wetenskappe ondersoek met betrekking tot die definiëring van seksuele misbruik, die pre-adolescent en nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke.

In die interpreterende taak word daar op die bydraes vanuit die aangrensende hulpwetenskappe gesteun om die empiriese navorsing wat in Hoofstuk 2 beskryf is in 'n omvattende, verklarende raamwerk te plaas. Volgens Smith (2014:10)

...is wyse oordeel, morele sin en 'n goeie begrip van die teorieë uit die aangrensende hulpwetenskappe nodig om ook hul bydrae in 'n verklarende raamwerk te beoordeel vir die realisering van teologies-morele oplossings.



Figuur 3.1: Interpreterende taak (Osmer, 2008:11)

Aansluitend by Osmer (2008:4) se interpreterende vraag, “*Why is this going on?*”, beantwoord die navorser die volgende navorsingsvraag in hierdie hoofstuk:

- In watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van bestaande navorsing vanuit die aangrensende hulpwetenskappe om nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke te benut om seksueel misbruikte pre-adolescente te begelei tot genesing?

Dit was duidelik vanuit die empiriese hoofstuk (Hoofstuk 2) dat hulpverleners ‘n gebrek aan kennis beleef. Verskeie van die deelnemers het die behoefte aan verdere opleiding oor seksuele misbruik en speeltegnieke uitgespreek (2.4.7, 2.4.8). Vervolgens beskryf die navorser die aard en impak van seksuele misbruik, die pre-adolescent en die gebruik van speeltegnieke binne die nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering.

### **3.2 DEFINIËRING VAN SEKSUELE MISBRUIK**

Seksuele misbruik is nie ‘n nuwe tendens in die wêreld nie en ook nie ‘n rare verskynsel in die samelewing nie. Dit kom op alle vlakke van die samelewing voor en die trauma beïnvloed die hele gesin asook mense wat in die proses met die gesin in kontak kom (Conway, Duffy & Shields, 1999:11). In hierdie hoofstuk kyk die navorser na die verskillende vorme van seksuele misbruik en die invloed wat dit op die pre-adolescent het. Sy verwys verder na die oortreder en die misbruikte kind in die manlike vorm, alhoewel dit geensins aandui dat slegs mans die oortreding pleeg of dat slegs seuns dit ondervind nie.

Die feit dat seksuele misbruik ‘n komplekse verskynsel is, maak dit moeilik om een, universeel-aanvaarbare definisie te gee. Vervolgens kyk die navorser na die verskillende definisies wat reeds bestaan vir die seksuele misbruik van kinders.

Crosson-Tower (2005:89) definieer seksuele misbruik soos volg: “...any childhood sexual experience that interferes with or has the potential for interfering with a child’s healthy development”.

Volgens Allender (2008:48) is seksuele misbruik

...any contact or interaction (visual, verbal or psychological) between a child/adolescent and an adult when the child/adolescent is being used for the sexual stimulation of the perpetrator or any other person.

Orange en Brodwin (2005:5) definieer seksuele misbruik as

... a child being forced, threatened, or deceived into sexual activities ranging from looking or touching to intercourse or rape. Child abuse has been defined in the literature to include any form of commission or omission that endangers or impairs a child's physical or emotional health and development.

Sgroi (1982:9) beskryf seksuele misbruik baie meer volledig. Volgens Sgroi (1982:9) is seksuele misbruik 'n seksuele daad wat op kinders afgedwing word wat nie die nodige emosionele, volwasse of kognitiewe ontwikkeling besit om dit te hanteer nie. Die vermoë om 'n kind in 'n seksuele verhouding te betrek is gebaseer op die dominante posisie wat die leidende persoon oor die kind neem, wat sterk in kontras staan met die kind se ouderdom, afhanklikheid en ondergeskikte posisie. Dit is juis die persoon se outoriteit en mag wat die oortreder in staat stel om die kind te dwing om aan die misdaad deel te neem.

Crowder (2013:1) lê, soos Sgroi (1982:9), ook baie klem in sy definisie op die magsaspek, vertrouensposisie en geheimhouding wat die oortreder misbruik:

Sexual abuse is an activity that is perpetrated in secret. The offender is often in a position of trust, and always in a position of power, in relation to his or her victim. The victim acquiesces to the authority of the offender because he or she is threatened or seduced into compliance. Often a victim's cognitive and affective immaturity renders him or her unable to appropriately judge the potential risk of the behaviors that constitute the abuse.

Wilson (2006: 21-22) het vir haar doktorsale proefskrif al die beskikbare definisies geanaliseer en die volgende komponente by die seksuele misbruik van kinders geïdentifiseer:

- Kinders is betrokke. Die kind se ontwikkeling (emosioneel, kognitief, seksueel) is nog nie ryp om by hierdie seksuele aktiwiteite betrokke te raak nie. Die kind kan ook nie toestemming tot seksuele aktiwiteite gee nie, vanweë emosionele onvolwassenheid.

- 'n Oortreder wat ouer is as die slagoffer en meer mag het, is betrokke by die seksuele misbruik. Daar is ook dikwels 'n vertrouensverhouding tussen die oortreder en die kind.
- Die misbruik behels enige daad waardeur die volwassene seksueel bevredig word deur 'n kind te betrek.

Orange en Brodwin (2005:5) sluit ook in hul definisie die afwesigheid van ingeligte toestemming in:

Sexual abuse of children involves someone too young to give informed consent but who has been involved in a sexual act. Exploitation of an individual who lacks adequate information to recognize such a situation or who is unable to understand or communicate (i.e., the child with a mental or physical disability) is also considered sexual abuse.

### **3.2.1 Vorme van seksuele misbruik van kinders**

Die belangrikheid van die *Kinderwet* het in die empiriese hoofstuk duidelik na vore gekom, asook die feit dat alle besluite geneem en stappe gevolg in die beste belang van die kind moet wees. Vir hulpverlening om waarlik in die beste belang van die kind te wees, is dit baie belangrik dat hulpverleners die nodige kennis oor die aard, voorkoms en impak van seksuele misbruik moet hê. Al die genoemde aspekte word vervolgens bespreek.

Seksuele misbruik kan verskillende vorme aanneem. Volgens Faller (2003:40), Doyle (1994:20) en Allender (2008:48) kan dit in twee breë kategorieë ingedeel word, naamlik passiewe misbruik (sonder fisiese kontak) en aktiewe misbruik (met fisiese kontak).

#### **3.2.1.1 Seksuele misbruik sonder fisiese kontak**

Bezuidenhout (2008:55) voer aan dat seksuele misbruik sonder fisiese kontak kan plaasvind deurdat die oortreder seksueel suggestiewe verklarings aan die kind maak, of deurdat die oortreder sy geslagsdele onbehoorlik aan die kind ten toon stel, asook voyeurisme. Louw *et al.* (2007:363) meld verder dat hierdie tipe seksuele misbruik ook kan plaasvind deur die kind te dwing om seksuele omgang tussen ander mense te aanskou of deur die kind te forseer om na die oortreder te kyk ter

wille van die oortreder se eie seksuele bevrediging. Die navorser bespreek vervolgens die verskillende soorte seksuele misbruik sonder fisiese kontak (Allender 2008:51; Faller, 2003:20):

#### **3.2.1.1.1 Verbale misbruik**

Die oortreder put genot daaruit om suggestiewe voorstelle aan die kind te maak of oor seksuele temas te praat met die kind. Hierdie kommunikasie kan in persoon plaasvind of deur telefoonoproepe, e-posse of briewe (Grobler, 2005:47). Allender (2008:51) gee 'n paar voorbeelde: "Direct solicitation for sexual purposes; seductive (subtle) solicitation or innuendo; description of sexual practices; repeated use of sexual language and sexual terms as personal names".

Hierdie tipe kommunikasie is baie intimiderend en dit kan die kind se selfbeeld aftakel en lei tot verwarrende gedagtes (Doyle, 1994:20; Bezuidenhout & Campher, 2015:30). Allender (2008:50) voer ook aan dat verbale misbruik diep wonde kan veroorsaak: "Sexually abusive words produce the same damage as sexually abusive contact."

#### **3.2.1.1.2 Ekshibisionisme**

Ekshibisionisme word deur Langevin (2009:321) beskryf as:

...an act performed by a male who shows his genitals in a more or less public place to an unsuspecting and/or unwilling female. He may or may not masturbate to climax.

Faller (2003:20) sluit in sy beskrywing ook die moontlikheid van vroulike ekshibisionisme in.

#### **3.2.1.1.3 Voyeurisme**

Rodosthenous (2015:4) beskryf voyeurisme as "a pathological indulgence in looking at some form of nudity as a source of gratification in place of the normal sex act". Die oortreder word seksueel bevredig deur die kind naak te sien. Volgens Grobler (2005:48) is voyeurisme die doelgerigte pogings wat oortreders aanwend om 'n kind

waar te neem terwyl hy bad, urineer of verkleed. Omgekeerde voyeurisme kan ook voorkom. Dit gebeur wanneer die oortreder die kind dwing om seksuele aktiwiteite tussen volwassenes waar te neem (Faller, 2003:40).

#### **3.2.1.1.4 Pornografie**

Huidiglik bestaan daar meer as 30 000 pedofiel webtuistes op die Internet (Bezuidenhout & Campher, 2015:29) en die meeste van die stigters is van mening dat alles wat op hierdie webtuistes gebeur gemeenskaplik is en niemand skade aangedoen word nie. Pretorius en Pistorius (2012:12) is wel van mening dat enige pornografiese materiaal van kinders onder die ouderdom van 18 jaar as seksuele misbruik bestempel word en wel skadelik is. Daar word foto's en video's van kinders geneem wat gebruik word vir kommersiële doeleindes. Oortreders gebruik ook pornografiese materiaal tydens die "*grooming process*" of sagmaakproses om kinders te misbruik. Die kind word gedwing om die pornografie saam met die oortreder te kyk. Blootstelling aan hierdie aktiwiteite is dikwels baie verwarrend vir die kind (Faller, 2003:20). Die Internet bied aan die pedofiel die volgende geleentheid (Bezuidenhout & Campher, 2015:31):

- Toegang tot ander pedofiele van regoor die wêreld.
- Geleentheid om seksuele drange en fantasieë met ander pedofiele en slagoffers te bespreek via gesprekskamers, nuusgroepe, e-posse en groepe.
- Geleentheid om idees uit te ruil oor hoe om slagoffers te benader en te verlei.
- Wedersydse ondersteuning tussen pedofiele.
- Toegang tot slagoffers van regoor die wêreld.
- Gee pedofiele die geleentheid om hul identiteit te verander om sodoende kinders te nader.
- Kennis en metodes om slagoffers te identifiseer en kontakinligting te verkry.
- Die vermoë om 'n langtermyn verhouding oor die Internet in stand te hou, om sodoende vertrouwe met die kinders op te bou.

Alhoewel daar geen fisiese kontak tussen die oortreder en die kind is nie, impliseer dit nie, volgens die navorser, dat daar geen skade aan die kind aangerig word nie.

Dit impliseer ook nie dat daar geen emosionele impak op die kind is nie, omdat die kind blootgestel word aan 'n situasie waarvoor hy nie emosioneel volwasse genoeg is nie.

#### **3.2.1.1.5 Fetisjisme**

Die oortreder het 'n seksuele fiksasie met sekere klere of liggaamsdele van die kind, byvoorbeeld die kind se onderklere, voete, boude of leer- en rubberklere wat die kind aantrek. Die oortreder fokus gewoonlik op dié spesifieke liggaamsdele of voorwerpe tydens masturbasie (Faller, 2003:20).

#### **3.2.1.1.6 Sielkundige misbruik**

Allender (2008:51) voeg sielkundige misbruik by die groepering van misbruik sonder fisiese kontak en beskryf dit soos volg:

...intrusive interest in menstruation, clothing, pubic development; repeated use of enemas; intrusive interest in the child's sexual activity, use of child as a spouse surrogate (confidant, intimate companion, protector or counselor).

Die oortreder handhaaf en respekteer dus glad nie die normale persoonlike grense van die kind nie.

#### **3.2.1.2 Seksuele misbruik met kontak**

Seksuele misbruik met kontak sluit objekpenetrasie, seksuele penetrasie, masturbasie, betasting, gesimuleerde omgang, sadisme/kastyding, orale seks en seksuele eksploitasie in (Wilson, 2006:48).

##### **3.2.1.2.1 Objekpenetrasie**

Volgens Wilson (2006:23) is objekpenetrasie wanneer die oortreder sy vinger of enige voorwerp in die slagoffer se vagina of anus plaas. Omgekeerde objekpenetrasie is ook moontlik, "...waar die oortreder die kind oorreed om sy eie vinger of 'n voorwerp in die oortreder se vagina of anus te plaas" (Wilson, 2006:23).

### **3.2.1.2.2 Masturbasie**

Tydens masturbasie word die kind gedwing of oorreed om homself of die oortreder seksueel te bevredig. Die kind kan ook moontlik oorreed of gedwing word om toe te kyk hoe die oortreder die kind of die oortreder self bevredig (Grobler, 2005:48). Areas wat spesifiek geteiken word vir stimulering is die vaginale area, die penis of die borste, alhoewel die boude en bobene ook ingesluit kan word (Grobler, 2005:48; Sgroi, 1982:11).

### **3.2.1.2.3 Betasting**

Betasting is 'n skending van die kind se privaatheid en alhoewel dit soms vir die kind aangenaam kan wees, kan dit lei tot skuldgevoelens, angstigheid en verwarring (Grobler, 2005:49). Volgens Doyle (1994:28) sluit betasting die aanraking van die vaginale area, die penis, boude en borste in, terwyl Nel (2013:36) van mening is dat dit enige liggaamsdeel insluit wat seksuele stimulasie by die oortreder wek.

### **3.2.1.2.4 Gesimuleerde omgang**

Grobler (2005:49) beskryf gesimuleerde omgang soos volg: "Penetrasie vind nie plaas nie, maar die oortreder skuur sy geslagsorgaan teen die kind." Hierdie aksie kan vaginaal of anaal plaasvind en gewoonlik vind dit by jonger slagoffers plaas waar die vaginale opening te smal is vir penetrasie (Olsson, 1984:417).

### **3.2.1.2.5 Seksuele penetrasie**

Grobler (2005:50) beskryf die verskillende vorme van penetrasie soos volg:

- Penetrasie met voorwerpe: Die oortreder plaas 'n voorwerp of instrument in die anus, vagina of mond van die kind.
- Vaginale penetrasie: Die oortreder plaas sy penis in die kind se vagina. Penetrasie is algeheel of gedeeltelik.
- Anale penetrasie: Die oortreder plaas sy penis in die kind se anus.

### **3.2.1.2.6 Sadisme/kastyding**

Sadisme word deur Fischer (2008:48) beskryf as: “The infliction of pain as a means of obtaining sexual release”. Die oortreder kry seksuele stimulasie deur die kind te slaan, byt, knyp of krap. In ernstiger gevalle kan die kind geskop word of met ‘n voorwerp geslaan word (vergelyk Grobler, 2005:50; Olsson, 1984:416).

### **3.2.1.2.7 Orale seks**

Orale seks verwys hoofsaaklik na orale-genitale seks wat die lek, soen of byt van die geslagsorgane insluit (Grobler, 2005:49). Dit sluit ‘n geseksualiseerde soen in, waar die oortreder sy tong in die kind se mond steek (Grobler, 2005:49; Sgroi, 1982:11). Kumar *et al* (2015:1) verdeel orale seks in drie groepe: Kunnilingus (kontak met die vagina), fellatio (kontak met die penis) en annilingus (kontak met die anus). Faller (2003:21) voeg by hierdie lys enige ander liggaamsdeel wat gelek of gesoen word deur die oortreder.

### **3.2.1.2.8 Seksuele eksploitasie**

Seksuele eksploitasie sluit beide kinderpornografie en kinderprostitusie in. Die kind word gedwing om by prostitusie en pornografie betrokke te raak vir die finansiële gewin van die oortreder (Faller, 2003:20).

Uit die voorafgaande beskrywings blyk dit dat die seksuele misbruik van kinders deur *passiewe misbruik* (sonder fisiese kontak) en *aktiewe misbruik* (met fisiese kontak) kan plaasvind.

## **3.2.2 Stadiums van seksuele misbruik**

Aanvanklik mag die interaksie tussen die oortreder en die kind onskuldig wees, met weinige fisiese kontak tussen die partye (Barnett, Miller-Perrin & Perrin, 2005:100). Sodra die oortreder egter daarin geslaag het om ‘n vertrouensverhouding met die kind op te bou, kan die verhouding ‘n seksuele aard aanneem en uiteindelik op

seksuele misbruik uitloop. Hierdie proses kan die kind baie verwar, omdat die kind aanvanklik nie die verhouding as bedreigend ervaar het nie (Berliner, 2011:220).

Die proses waarin die oortreder die kind bevriend en oor 'n tydperk sy grense verskuif, staan in die literatuur as "*sexual grooming*" bekend. Gillespie (2002:411) gee 'n baie wye omskrywing van hierdie proses:

The process by which a child is befriended by a would-be abuser in an attempt to gain the child's confidence and trust, enables them to get the child to acquiesce to abusive activity. It is frequently a pre-requisite for an abuse to get access to a child.

Die oortreder "*groom*" nie net die kind in wie hy belangstel nie, maar ook die mense om die kind. Hy plaas homself in die volwassenes se lewens, sodat dit vir hom later makliker is om kontak met die kind te hê. Die oortreder is baie behulpsaam, maak homself onmisbaar in die gemeenskap en kom amper te goed om waar te wees voor (Craven *et al.*, 2006:293). Allender (2008:97) beskryf die oortreder se optrede soos volg:

The essence of Stage 1 is the offer of relationship, intimacy, special privilege, and rewards. It can be viewed as the offer of water to a person dying of thirst.

Die oortreder wen die kind se vertroue, laat die kind goed voel oor homself en begin dan stadig die grense verskuif. Die oortreder sal gewoonlik begin om die kind te desensitiseer deur nie-bedreigende of nie-seksuele aanraking. Dit sal bietjie vir bietjie verder gaan, maar die doel is om uiteindelik seksueel kontak te maak, eers bo-op die klere en dan later sonder klere. Die kind se stilswye word ook beloon met geskenke of die kind word gedreig om die "geheim" te bewaar. Die oortreder laat die kind gewoonlik ook skuldig voel deur te sê dat die kind die daad moes gestop het en alles is dus die kind se skuld (Craven *et al.*, 2006:296). Ná bestudering van al die komponente waaruit "*sexual grooming*" bestaan, het Craven *et al.* (2006:297) 'n meer volledige beskrywing vir hierdie proses geformuleer:

A process by which a person prepares a child, significant adults and the environment for the abuse of this child. Specific goals include gaining access to the child, gaining the child's compliance and maintaining the child's secrecy to avoid disclosure. This process

serves to strengthen the offender's abusive pattern, as it may be used as a means of justifying or denying their actions.

Spies (2015:46) en Wilson (2005:24) beskryf die vyf stadiums waarin die seksuele misbruik van kinders plaasvind, soos volg:

### **3.2.2.1 Fase van betrokkenheid**

Hierdie stadium vind plaas aan die begin, waar die oortreder toegang tot die kind verkry. Nel (2013:38) beskryf die oortreder se betrokkenheid en belangstelling in kinders soos volg: "Die oortreder speel op kinders se behoefte aan menslike kontak en liefde, hul behoefte aan volwasse goedkeuring, hul genot van spel en hul belangstelling in materiële beloning".

Die kind word betrek by nie-seksuele aktiwiteite en die oortreder word 'n "vriend" wat aan die kind materiële of emosionele belonings gee. Crosson-Tower (2005:126) noem ook dat die oortreder sekere metodes gebruik om die kind te laat saamwerk. In hierdie fase kry die oortreder die geleentheid om die vertroue van die kind te wen en 'n emosionele band te vestig. Die kind se inhibisies verminder egter soos wat sy vertroue in die verhouding vermeerder.

### **3.2.2.2 Fase van seksuele interaksie**

Die kind word in hierdie fase deur die oortreder betrek by seksuele kontak wat nie ouderdomstoepaslik is nie (Spies, 2015:47). Hierdie kontak kan strek vanaf die besigtiging en betasting van die kind tot seksuele omgang met die kind (Nel, 2013:38). Die oortreder manipuleer die vertrouensverhouding wat in die eerste fase gevorm is. Indien die eerste seksuele kontak nie gerapporteer word nie, sal die oortreder 'n veilige plek uitsoek waar die interaksie gereeld kan plaasvind. As die kind die seksuele kontak weier, sal die oortreder gewoonlik, eerder as om mag te gebruik, weer terugkeer na 'n onskuldige, nie-veeleisende verhouding (Crosson-Tower, 2005:127). Dit kan dikwels ook gesien word as 'n vorm van misleiding, waar die oortreder die kind weer met respek en liefde hanteer om sodoende 'n volgende geleentheid vir misbruik te skep. Die kind sal gewoonlik na die oortreder verwys as

'n liefdevolle pa, oupa of oom wat na hom omgesien het en wat hom nie regtig wou seermaak nie (Spies, 2015:47).

### **3.2.2.3 Fase van geheimhouding**

In hierdie stadium is die oortreder se doelwit om kontak met die kind te verseker. Mag word oor die kind verkry en behou deur geskenke te koop, die kind te dreig of die kind emosioneel af te pers (Berliner, 2011:220). Roos (2005:75) voer aan dat die kind, wat lief kan wees vir die oortreder, soms bang is hy verloor die affiniteit van die oortreder as die misbruik bekendgemaak sou word of kontak met die oortreder geweier word. Die kind ervaar ook gewoonlik dat hy êrens gefouteer het en mag verwerping deur die familie vrees indien die misbruik bekendgemaak sou word (Nel, 2013:38; Spies, 2015:47). Die oortreder gebruik die feit dat die kind van nature egosentriek is en dus homself blameer vir enige trauma in sy lewe om die kind skuldig te laat voel oor wat aan die gebeur is (Blom, 2006:151). Geldard en Geldard (2008:263) beklemtoon dat dit die dinamiek van geheimhouding is wat verseker dat die kind die pyn en onaangenaamheid van die misbruik in stilte en vrees geheim hou.

### **3.2.2.4 Fase van openbaarmaking**

Die openbaarmaking van seksuele misbruik vind gewoonlik plaas nadat 'n derde party dit waargeneem of vermoed het. Dikwels word dit onthul deur die kind omdat die kind 'n ontwikkelingsfase bereik het waarin hy/sy besef dat die misbruik en gedrag van die oortreder onvanpas was (vergelyk Spies, 2015:47). Volgens Pretorius (2012:99) en Nel (2013:39) kan dit ook gebeur dat die kind net 'n eenmalige openbaarmaking maak en daarna nie weer nie, omdat die kind skuldgevoelens en skaamte oor die misbruik ervaar. Die kind voel dikwels skuldig, skaam en medepligtig aan die misbruik en bevestig juis die reaksie wat die oortreder by die kind wil uitlok in 'n poging om die kind stil te hou oor die misbruik (Barnett *et al*, 2005:101). Die bekendmaking van die misbruik word beïnvloed deur verskeie faktore wat inherent aan die kind of sy omgewing is (Spies, 2015:48):

- Vanweë die kind se ouderdom.

- Die kind se uitkyk op die wêreld.
- Die kind glo die oortreder se dreigemente en is bang vir die nagevolge.
- Die kind probeer die familiesisteem beskerm.
- Gehegtheid aan die oortreder.
- Gevoelens van hulpeloosheid.
- Gehoorsaamheid of 'n gebrek aan mag.
- Die kind weet nie wie om te vertrou en wie om te vertel nie.

### **3.2.2.5 Fase van onderdrukking**

Wanneer die openbaarmaking van die misbruik plaasgevind het, wil die ouers dikwels nie die realiteit van die situasie erken en daarmee gekonfronteer word nie. Die kind wat misbruik is, word soms aangemoedig om die bewerings terug te trek of daarvan te vergeet, omdat die ouers dikwels nie kans sien vir die stigma wat aan seksuele misbruik gekoppel word nie (Nel, 2013:39; Spies, 2015:49). Die kind kan in hierdie situasie dieselfde magteloosheid ervaar as tydens sy misbruik (Spies, 2015:49). Indien die bekendmaking van die misbruik met die nodige respek en sensitiwiteit hanteer word, mag die kind dalk meer in staat daartoe wees om betekenisvolle besluite in hierdie proses te neem.

Crosson-Tower (2005:127) stel dat hulpverleners kinders wat seksueel misbruik is moet voorberei dat daar dikwels mense is wat hulle sal wil oortuig om die openbaarmaking van die misbruik terug te trek. Die realiteit is egter dat wanneer 'n kind geforseer word om aan volwasse seksuele aktiwiteite deel te neem, dit skade aanrig. Die misbruik het 'n negatiewe psigiese impak op die kind wat kan inmeng met sy normale, gesonde ontwikkeling. Dit het 'n invloed op die totale menswees van die kind en kan negatiewe gevolge hê tot in volwassenheid. Bass en Davis (2008:370) beskryf die negatiewe effek van seksuele misbruik op die kind soos volg:

When children are sexually abused, their natural capacity is stolen. You were introduced to sex on an adult's timetable, according to an adult's needs. You never had a chance to explore naturally, to experience your own desires from the inside. Sexual arousal becomes linked to feelings of shame, disgust, pain and humiliation.

Seksuele misbruik laat kinders met 'n gevoel van hulpeloosheid, vrees en verskeie ander simptome agter, wat alles 'n negatiewe impak het op hul normale, gesonde ontwikkeling (Wilson, 2006:27).

### 3.2.3. Die simptome van seksuele misbruik

Die impak van seksuele misbruik word weergegee deur 'n verskeidenheid fisiese en psigiese response. Hierdie response kan saam met die fisiese simptome gebruik word as 'n indikasie van moontlike misbruik. Smith (soos aangehaal in Grobler, 2005:51) gee 'n uiteensetting van die verskillende simptome van seksuele misbruik:

**Tabel 3.1: Sterk aanduidings van seksuele misbruik (Smith, 1995:10-13, soos aangehaal in Grobler, 2005:51)**

| STERK AANDUIDINGS  |  |   |
|--|--|---|
| Onder 5 jaar   | 5-12 jaar  | 12+ jaar  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Openbaarmaking</li> <li>• Veneriese siektes</li> <li>• Besering van genitalieë</li> <li>• Bloed op onderklere</li> <li>• Slegte reuk aan geslagsorgane</li> <li>• Eksplosiete seksuele vertellings wat ontoepaslik is vir ouderdom (bv. penetrasie en ejakulasie)</li> <li>• Kompulsiewe masturbasie</li> <li>• Seksuele tekeninge</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Openbaarmaking</li> <li>• Besering van genitalieë</li> <li>• Bloed op onderklere</li> <li>• Aantrek van lae klere</li> <li>• Seksuele stories/gedigte</li> <li>• Kompulsiewe masturbasie</li> <li>• Promiskuïteit</li> <li>• Selfmoordpogings</li> <li>• Wegloop</li> <li>• Alkohol- en dwelmmisbruik</li> <li>• Veneriese siektes</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Openbaarmaking</li> <li>• Selfbesering van borste en genitalieë</li> <li>• Swangerskap onder 14 jaar</li> <li>• Veneriese siektes onder 14 jaar</li> <li>• Seer genitalieë</li> <li>• Prostitusie</li> <li>• Aantrek van verskillende lae klere</li> </ul> |

**Tabel 3.2: Beduidende aanduidings van seksuele misbruik (Smith, 1995:10-13, soos aangehaal in Grobler, 2005:51)**

| BEDUIDENDE AANDUIDINGS   |   |   |
|--|---|---|
| Onder 5 jaar   | 5-12 jaar   | 12+ jaar  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vrees vir 'n spesifieke persoon</li> <li>• Ekstreme gedragsveranderinge</li> <li>• Slaapversteurings en nagmerries</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Seer genitalieë of vaginale infeksies</li> <li>• Obsessionele selfwas</li> <li>• Depressie</li> <li>• Histeriese simptome</li> <li>• Enuresie</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Seksuele grootpraterij/stories/grappe</li> <li>• Veneriese siektes voor 14 jaar</li> <li>• Swangerskap voor 14 jaar</li> <li>• Opstandigheid teenoor mans</li> </ul> |

|  |  |  |
|--|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kroniese urienweg- en vaginale infeksies</li> <li>• Seer genitalieë of boude</li> <li>• Situasionele vrese vir bv. bad, om te verkleë, om bed toe te gaan, om alleen gelaat te word</li> <li>• Klewende gedrag</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Enkoprese</li> <li>• Anorexia</li> <li>• Gomsnuif</li> <li>• Nagmerries</li> <li>• Stokkiesdraai</li> <li>• Besit van onverklaarbare groot somme geld en geskenke</li> <li>• Brandstigting</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Substansiemisbruik</li> <li>• Selfmoordpogings</li> <li>• Selfbesering</li> <li>• Aanhoudende leuens</li> <li>• Stokkiesdraai</li> <li>• Wegloop</li> <li>• Histeriese simptome</li> <li>• Obsessionele selfwas</li> <li>• Psigotiese episodes</li> </ul> |
|--|--|--|

### 3.2.3.1 Fisiese simptome van misbruik

Daar moet in gedagte gehou word dat daar nie slegs op fisiese tekens staat gemaak moet word wanneer die moontlikheid van seksuele misbruik ondersoek word nie. Seksuele misbruik kan, soos voorheen bespreek, met of sonder fisiese kontak gepaard gaan. Fisiese tekens kan volgens Crosson-Tower (2006:40) en Grobler (2005:56) onder meer die volgende insluit:

- Pynlike urinering;
- gereelde braking;
- gereelde/oormatige seer keel (kan 'n indikatie wees van gonorrhoeë);
- kroniese of oormatige masturbasie;
- gereelde blaasinfeksie;
- ongemaklik loop of sit;
- blou kolle tussen die bene en geskeurde vel rondom vagina of anus;
- bewyse of rapportering van genitale/anale gejeuk, uitslag, seer, swelling of brandende gevoel;
- gereelde infeksies en veneriese siektes soos vaginale of penis pyn of uitskeiding;
- genitale of mondsere of genitale vratte;
- swangerskap;
- herhaalde psigosomatiese siektes; en/of
- semen in vagina, rektum of mond.

Die seksuele misbruik van kinders het duidelike negatiewe invloede op die liggaam en dit belemmer die kind se fisiese ontwikkeling. Dit benadeel ook hul algemene gesondheid en beïnvloed hul lewenskwaliteit negatief (Wilson, 2006:28).

### **3.2.3.2 Gedragsaanduidings van seksuele misbruik**

Die ontwikkelingsfase van die kind moet altyd in ag geneem word wanneer daar gekyk word na die gedragsaanduidings van 'n kind wat seksueel misbruik is. Daar is egter algemene gedragsaanduidings wat moontlik op seksuele misbruik kan dui. Die volgende lys van gedragsaanduidings is deur Crosson-Tower (2006:40-41) saamgestel:

- Die kind hou die heelyd geheime;
- het meer seksuele kennis as wat toepaslik is vir sy ouderdom;
- daar is bewyse van seksuele spel met maats (verskil van net dokter-dokter);
- benader en hanteer volwassenes op 'n seksuele manier;
- die kind toon losbandige gedrag (veral in jonger kinders);
- die kind onttrek van geselskap of is ooraggressief;
- onverklaarbare vrees vir mans (of vrouens);
- kind tree oormatig verleidelik op teenoor ander;
- wil nie uittrek voor maats nie;
- slaapprobleme en nagmerries;
- huilerig sonder rede;
- skielike vrees of 'n fobie vir sekere dinge of situasies;
- het baie min eiewaarde, sien homself as beskadig;
- gedrag is baie meer volwasse as ander van dieselfde ouderdom;
- sprake van en pogings tot selfmoord;
- loop weg van die huis;
- wreed teenoor diere (waar dit nie voorheen so was nie);

- brandstigting;
- simptome van eetversteurings; en/of
- selfskending.

Grobler (2005:55) voeg by hierdie lys die voorkoms van enurese en enkoprese, asook regressiewe gedrag. Volgens Mullen *et al.* (1996) en Romans *et al.* (1997) kan die simptome en gevoelens van kinders wat seksuele misbruik is in vier areas gegroepeer word (soos aangehaal in Orange & Brodwin, 2005:5):

- Beskadigde goedere (*Damaged goods*): Swak selfbeeld, depressie, destruktiewe gedagtes (soos selfmoord en self-mutilasie), skuldgevoelens, skaamte, selfblaam en 'n permanente soeke na erkenning van mense wat omgee.
- Verraad (*Betrayal*): Verminderde vermoë om te vertrou, geen duidelike grense nie, verwarring oor die rol wat mense moet speel, woede en hartseer, vind dit moeilik om verhoudings te vorm en te onderhou.
- Hulpeloosheid (*Helplessness*): Gevoelens van angs, vrees, 'n neiging om weer misbruik te word, paniekaanvalle.
- Isolasië (*Isolation*): 'n Gevoel dat hulle "anders" is, voel gestigmatiseerd, ervaar geen ondersteuning nie, swak verhoudings met ander kinders van hul ouderdom.

Orange en Brodwin (2005:5) verduidelik ook dat volwassenes wat as kinders seksueel gemolesteer is die volgende simptome kan toon (vergeelyk Mitchell & Buchele-Ash, 2000; Mullen *et al.*, 1996):

- Vrees vir die donker en om alleen te slaap, nagmerries en "*night terrors*".
- Sukkel om kos af te sluk.
- Swak selfbeeld en moeilike verhouding met hul eie liggame.
- Dra laag op laag klere.
- Verslawing, kompulsiewe gedrag en obsessies.
- Rig skade aan hulself aan (byvoorbeeld selfmutilasie).
- Selfmoord gedagtes.

- Fobies, angstersteurings, angsaanvalle, skrik maklik.
- Probleme met woede.
- Probleme met vertroue, intimiteit en verhoudings.
- Probleme om gesonde grense te handhaaf, beheer en verwerping.
- Blokkeer herinneringe aan die gebeure, veral tydens die ouderdom tussen een en 12 jaar.
- Ontkenning, terugflitse.
- Veelvuldige persoonlikhede.
- Tekens van post-traumatische stres.

#### **3.2.4. Die impak en gevolge van seksuele misbruik op die pre-adolesent**

Die pre-adolesent wat blootgestel is aan seksuele misbruik beleef 'n reeks probleme wat geassosieer word met die misbruik, soos nagmerries en slaapprobleme, skuldgevoelens, gevoelens van waardeloosheid, onvanpaste seksuele gedrag, probleme by die skool, probleme om maats te maak, gevoelens van isolasie en 'n gevoel dat hulle nie 'n mens is nie, maar 'n objek om te gebruik (Cattanach, 2008:125; Berliner & Elliott, 2001:56). Nie elke kind word egter dieselfde geaffekteer deur seksuele misbruik nie. Carey (1997:357) is van mening dat van die veranderlikes wat geassosieer word met die misbruik bepaal word deur die frekwensie en duur van die misbruik, of daar penetrasie was, hoe gewelddadig die misbruik was, asook die oortreder se verhouding of verwantskap met die kind. Orange en Brodwin (2005:8) voeg hierby die ontwikkelingsvlak van die kind tydens die misbruik. Die graad van trauma wat die kind wat seksuele misbruik is beleef, word egter bepaal deur die volgende faktore (Spies, 2015:49):

- *Die kind se ouderdom:* Seksuele misbruik veroorsaak trauma wat die meeste skade aanrig aan jonger kinders omdat hul sentrale sensuïestelsel en kognitiewe funksies nog nie volledig ontwikkel is nie (Spies, 2015:50). Die jong kind verstaan egter nog nie volledig wat met hom gebeur nie, maar vorm 'n abnormale assosiasie tussen betasting van die genitalieë en vrees, wat 'n fondasie kan lê vir toekomstige negatiewe sielkundige ontwikkeling.

- *Frekwensie van die misbruik:* Hoe langer die tydperk van die misbruik, hoe meer traumaties is dit vir die kind. Die ontmagting (*disempowerment*) wat oor 'n lang tydperk strek, kweek gevoelens van vrees, wat van die mees skadelike effekte van seksuele misbruik is.
- *Die mate van die misbruik:* Hoe groter die vlak van aggressie tydens die misbruik, hoe erger gaan die effek op die kind wees. Spies (2015:50) stel dat
 

[a]lthough any type of misuse can cause trauma for children, a perpetrator who takes a child further along the progress in, or does more physical damage to the child, creates more residual effects.
- *Die identiteit van die oortreder:* Wanneer die kind misbruik word deur iemand wat hy ken of iemand naby aan hom, is die impak groter op die kind. Crosson-Tower (2005:135) is van mening dat die ergste tipes mishandeling oortreders insluit wat familieleden van die kind is, of iemand wat die kind goed ken. Die kind se vertrouensverhouding word meer negatief beïnvloed wanneer hy besef die persoon wat hy vertrou het vir liefde, nie meer vertrou kan word nie. Die kind word na die misbruik met sterk gevoelens van verwarring en skuld gelaat. As 'n ouer die oortreder is, kan die ervaring van seksuele misbruik erger wees vir die kind. Die kind word dikwels verwyder van die familie, wat gevoelens van vrees en angs net vermeerder. Indien dit moontlik is, moet die oortreder eerder verwyder word as die kind.
- *Die vlak van dreigemente:* Waar dreigemente tydens seksuele misbruik voorkom, ontstaan ook gevoelens van angs en vrees by die kind. Die doel van dreigemente is gewoonlik om seker te maak dat die kind niemand van die seksuele misbruik vertel nie en is veral gerig op die veiligheid van die kind self, 'n geliefde of 'n troeteldier (Spies, 2015:51). Die kind voel vasgekeer en hulpeloos deur die dreigemente en reageer deur ontkenning, vrees, woede, akkommodering, depressie en internalisering of integrering van die impak van die seksuele misbruik as deel van sy persoonlikheid (Doyle, 1994:86-94).
- *Die kind se verstandelike en emosionele gesondheid:* Kinders wat sielkundig gesond is voor die seksuele misbruik is in 'n sterker posisie om die skadelike effekte van die misbruik te weerstaan. Hul innerlike sin vir sekuriteit het al ontwikkel en dit help hulle om emosionele uitdagings beter te hanteer.

Hierdie kinders toon ook minder self-destruktiewe gedrag tydens die helingsproses (Spies, 2015:52).

- *Die geslag van die kind en die oortreder:* Denov (2004:1153) is sterk gekant teen die mite dat manlike slagoffers seksuele misbruik minder traumaties ervaar as vroulike slagoffers. Seuns wat seksueel misbruik word, ervaar dieselfde gevoelens van woede, hartseer, swak selfbeeld, verwarring en verlies aan mag as meisies (Cattanach, 2008:132). Seksuele misbruik skend alle kinders se persoonlike grense en steel hulle persoonlike beheer, maak nie saak watter geslag hulle is nie.

Die geslag van die oortreder mag wel 'n bepalende invloed wees. Daar bestaan 'n groot moontlikheid dat meer seuns seksueel misbruik word deur vroue as wat die statistieke wil weergee (Spies, 2015:52). Daar word van seuns/mans verwag om sterker te wees en dinge beter te hanteer; wanneer hulle dus deur 'n vrou misbruik word, word dit 'n proses van “*demasculinisation*” (Lew, 1990:41).

- *Ouers se reaksies oor die misbruik:* 'n Kind se herstel word verbeter deur ouers wat die kind se aanmelding van die misbruik glo. Die kind wie se aantygings nie geglo word nie, of wat nie vertrou het dat sy ouers ondersteuning en beskerming sal bied na die openbaarmaking nie, neig om sy geheime te dra tot in sy volwassenheid.

Die kind wat seksueel misbruik is, kan volgens die navorsing ernstige en langtermyn nagevolge toon op fisiese, sielkundige, seksuele en sosiale vlakke (Sigurdardottir, Halldorsdottir & Bender, 2014:278). Sigurdardottir *et al.* (2014:281) beskryf die verskillende gevolge van seksuele misbruik soos volg:

**Tabel 3.3: Verskillende gevolge van seksuele misbruik (Sigurdardottir *et al.*, 2014:281)**

| Aspek                  | Geslagsooreenkomste                     | Geslagsverskille  |   |
|------------------------|---|---|---|
|                        |   | Meisies   | Seuns   |
| <b>Emosionele seer</b> | Albei geslagte het intense seer ervaar. | Die meisies se emosionele seer was in die algemeen na binne gekeer, wat gelei het tot | Die emosionele seer was meestal na buite gerig, wat gelei het tot woede en aggressie. |

|                                     |   |  |   |
|-------------------------------------|---|--|---|
|                                     |   | 'n gevoel van innerlike marteling en wanhoop.  |   |
| <b>Dissosiasie</b>                  | Albei geslagte het dissosiasie van hul liggame en siele ervaar.   |  |   |
| <b>Onderdrukte en stille lyding</b> | Albei geslagte het geheimhouding, dreigemente, vernedering en diepe, stilswyende lyding ervaar.   | Geen van die meisies het iemand vertel oor die misbruik nie; een het probeer.  | Nie een van die seuns het iemand vertel van die misbruik nie.   |
| <b>Vrees</b>                        | Albei geslagte het vrees ervaar.  | As jong meisies het hulle 'n konstante gevoel van onsekerheid en versigtigheid ervaar. Hulle het altyd verwag iets slegs gaan gebeur en het daarom 'n lae profiel probeer handhaaf as gevolg van hul vrees.                        | Die seuns se vrees is meer gekanaliseer in woede en aggressie.  |
| <b>Selfblaming</b>                  | Albei geslagte is geforseer om verantwoordelik te voel vir die misbruik teen hulle, wat gelei het tot selfblaming, skuldgevoelens en skaamte.   |  | Bykomend hierby, het die seuns gevoel hierdie tipe ding is nie veronderstel om met seuns te gebeur nie  |
| <b>Afknoery en sosiale isolasie</b> | Albei geslagte se kinderjare was geassosieer met afknoery en benoudheid. Hulle het ook min vriende gehad en het sosiaal geïsoleerd gevoel.      |  |   |
| <b>Disfunksioneel</b>               | Albei geslagte moes leer probleme, disleksie en aandagafleibaarheid hanteer.  |  |   |
| <b>Selfskending</b>                 | Albei geslagte het selfskendingsgedrag getoon, en ook selfmoord probeer.  |  |   |
| <b>Onsekerheid</b>                  | Albei geslagte het 'n verswakte selfbeeld beleef, wat gelei het tot onsekerheid.  | Die meisies het meestal hul gevoelens inwaarts gerig en dit onderdruk. Hulle het weerloos gevoel, 'n lae profiel probeer handhaaf en in konstante vrees geleef. Een meisie het rebels geraak en begin uiting gee aan haar emosies. | Die seuns het hul emosies na buite gerig en hiperaktiwiteit, gedragsprobleme, bakleiery, kriminele aktiwiteite en vandalisme beleef. Die meeste van hulle het riskante gedrag getoon. |
| <b>Verstomping van emosies.</b>     | Baie van die deelnemers het alkohol begin gebruik as tieners.   | Twee van die meisies.  | Al die seuns.   |
| <b>Fisiese probleme</b>             | Baie van die deelnemers moes verskeie fisiese probleme hanteer, soos mialgie en spierpyn, verteringsprobleme, hoofpyn, duiseligheid en floutes. | Al die meisies.  | Drie van die seuns.   |

Aansluitend by die inhoud van Tabel 3.3 word die gevolge van seksuele misbruik op die kind vervolgens bespreek:

### **3.2.4.1 Verlies en magteloosheid**

Die mees deurdringende nagevolge van seksuele misbruik is die oorweldigende gevoel van verlies, veral die verlies aan die kind se kinderjare. Doyle (1994:74) verwys na Erikson se model van agt ontwikkelingsfases. As die kind deur al die fases beweeg, sal daar aan die positiewe kant van die kontinuum uiteindelik 'n basiese gevoel van vertrou, outonomie, inisiatief, identiteit, intimiteit en ego-integrasie plaasvind. As die verskillende ontwikkelingsfases nie suksesvol voltooi word nie, kan 'n gevoel van wantroue ontstaan en rolverwarring, skaamte, twyfel, skuldgevoelens, minderwaardigheid, isolasie, stagnering en wanhoop beleef word. Die ontwikkelingsfase waarin die misbruik plaasvind, is baie relevant omdat die misbruik die opvolgende fases nadelig beïnvloed.

Wanneer 'n kind seksueel misbruik word, word hy nie die kans gegun om sy eie seksualiteit vanself te ontdek nie. As die misbruik gepaard gaan met affektiwiteit, verloor hy die geleentheid om versorg te word sonder enige blootstelling aan seks, en hy verloor die geleentheid om te leer hoe om op ander maniere in sy behoeftes te voorsien (Bass & Davis, 2008:41).

'n Kind wat seksueel misbruik word, verloor ook sy persoonlike beheer, die reg om nee te sê asook die gevoel van beheer oor sy wêreld. Die oortreder ontnem die kind die reg om te besluit wie en hoe mense aan sy liggaam kan raak. Die oortreder dra dus die boodskap oor dat die kind geen waarde het nie (Sher, 2002:23). Indien die misbruik plaasvind binne die familie (d.w.s deur 'n ouer), verloor die kind ook die reg om deur sy ouers beskerm en ondersteun te word. Dit is gewoonlik die rede waarom die kind wat misbruik word woede teenoor die ander ouer wat hom nie beskerm het nie, demonstreer. Die kind het ook nie die voordeel van gesonde rolmodelle nie. As gevolg van hierdie verraad laat dit die kind met 'n gevoel van verlies, magteloosheid en 'n beperkte vermoë om ander te vertrou (Lewis, 1999:100).

### **3.2.4.2 Swak selfbeeld**

Die kind wat seksueel misbruik is, word geteister deur gevoelens dat hy niks werd is nie, dat hy nie genoeg gedoen het om die misbruik te stop nie en dat hy niks beter verdien nie (Spies, 2015:54). Hy sukkel gewoonlik met gevoelens van ontoereikendheid, self-twyfel en dat hy nie liefde werd is nie. Hy word gelaat met die gevoel dat hy sleg en vuil is en dat die misbruik sy skuld is. Tydens die misbruik vertel die oortreder dikwels vir die kind dat hy sleg, dom of 'n leuenaar is vir wie niemand ooit sal glo nie. Die misbruik laat die kind met 'n gevoel van hulpeloosheid, alleenheid en die ervaring dat hy nie liefde of beskerming werd is nie. Hy internaliseer die misbruik as bewys dat hy en sy gevoelens nie regtig tel nie, en dit kan lei tot gedrag wat sy hulpeloosheid en aggressie weerspieël (Crosson-Tower, 2005:133; Gilgun & Anderson, 2015:2).

Die kind sal sekere boodskappe internaliseer en sodoende skep hy 'n innerlike model of '*internal working model*' wat uiteindelik die basis vorm waarvolgens die kind sal reageer met die wêreld (Schiller, 2015:10). Sy swak selfbeeld laat hom glo dat hy nie aan ander se behoeftes of vereistes kan voldoen nie en dat hy blameer moet word vir alles wat verkeerd gaan. Dit lei gewoonlik tot probleme in sy vriendekring, waar hy nie goed genoeg voel om goeie vriende te hê nie en dat hy altyd verwerp sal word (Spies, 2015:55).

### **3.2.4.3 Woede en vyandigheid**

Alhoewel woede as 'n natuurlike reaksie op seksuele misbruik gesien kan word, sukkel die kind gewoonlik om sy woede teenoor die oortreder uit te druk. As die kind nie sy woede op die oortreder kan fokus nie, sal hy dit op ander projekteer. Baie kinders keer dit op hulself, wat dan lei tot depressie en self-destruktiewe gedrag (Spies, 2015:55). Ander is geneig tot woede uitbarstings, aggressie en die geneigdheid om konflik te veroorsaak in verskeie situasies. Spies (2015:55) beskryf die woede en vyandigheid by kinders wat seksueel misbruik is soos volg:

Having been taught to blame themselves, sexually abused children stay angry at the child within, the child who was vulnerable, who was injured, who was unable to protect himself or herself, who needed affection and attention, and who may have experienced sexual arousal or orgasm.

#### **3.2.4.4 Skuld en skaamte**

Die kind wat seksueel misbruik word, voel gewoonlik intense gevoelens van skuld en skaamte omdat hy voel dat hy die misbruik veroorsaak het. Sy eerste reaksie op die misbruik of ná die openbaarmaking is om te vra waarom dit met hom gebeur het, waarom hy nie nee gesê het nie, waarom hy nie weggehardloop het nie en/of waarom hy nie dadelik vir iemand vertel het nie (Spies, 2015:56).

Die seer wat saam met skuld en skaamte gaan, het langtermyn effekte. Kinders wat seksueel misbruik is, sal skuld deur skuldgevoel, onttrekking en isolasie ervaar en skaamte deur 'n verlies aan waardigheid, mislukking, vernedering en verwerping (Denton, 2010:275). Om die seer van skuld en skaamte te probeer vermy, sal die kind soms die misbruik ontken of selfs vergeet dat dit gebeur het. Die vermoë om die misbruik te onderdruk en te vergeet verduidelik waarom sekere volwassenes dikwels onbewus is dat hulle as kinders misbruik is (Bass & Davis, 2008:41).

#### **3.2.4.5 Vermyding van intimiteit**

Emosionele en fisiese intimiteit herinner die kind wat seksueel misbruik is aan die konteks van die misbruik. Die kind sal tot uiterstes gaan om enige intimiteit of fisiese kontak met ander te vermy (Spies, 2015:56). Alhoewel dit die kind 'n gevoel van veiligheid gee, mis hy uit op die voordele wat gesonde verhoudings kan bring. Kinders wat seksueel misbruik is, benodig baie persoonlike privaatheid en hulle deel nie sommer hul innerlike gevoelens nie. Hulle vind dit ook moeilik om verrassings te hanteer en verkies om in beheer te bly van situasies, omdat hulle hul reg op persoonlike veiligheid deur die misbruik verloor het (Spies, 2015:54). Gewoonlik is sosialisering vir hulle ongemaklik en vermy hulle sosiale interaksie. Hulle dra dikwels die gevoel van “anders” wees tot in volwassenheid (Bass & Davis, 2008:57; Maltz, 2003:2-3).

#### **3.2.4.6 Pseudo-volwassenheid of ontwikkelingsregressie**

Die verlies aan kinderjare beïnvloed die kind wat seksueel misbruik is se persoonlikheid, wat hulle meer volwasse en ernstig laat voorkom as ander kinders

van dieselfde ouderdom. Die kind se kapasiteit vir kinderlike speel en spontaniteit is deur die misbruik verminder deurdat die kind gedwing is om deel te neem aan seksuele daade waarvoor hy nie gereed was nie (Walker, 1992:61). Die teenoorgestelde kan wel ook gebeur, naamlik dat die kind se gedrag regresseer in ontwikkeling na 'n vroeëre ontwikkelingsfase waarin hy sekerder oor homself gevoel het. Dit word herken aan 'n verlies van bepaalde vaardighede wat voor die misbruik haalbaar was. Voorbeelde hiervan is bed natmaak, vrees om alleen te slaap of duim suig (Crosson-Tower, 2005:132).

#### **3.2.4.7 Onvanpaste seksuele gedrag**

Kinders wat seksueel misbruik is, beleef die misbruik dikwels as die enigste fisiese kontak en omgee wat hulle ontvang en kan voortgaan om op seksuele wyses te soek na intimiteit. Hulle kan selfs promisku raak en fisiese kontak en omgee deur seks probeer bevredig, en dit moeilik vind om tussen seks en liefde te onderskei (Spies, 2015:57). Die impak van seksuele misbruik kan gesien word wanneer die kind 'n obsessie met seks of herhalende seksuele gedrag toon, soos masturbasie of kompulsiewe seksuele spel. Saam met herhalende seksuele gedrag toon die kind ook te veel seksuele kennis en belangstelling vir sy ontwikkelingsvlak. Dikwels sal kinders wat seksueel misbruik is seksueel promisku wees, net om aan hulself te bewys dat hul seksualiteit hul eie is. Deur te "kies" om saam met ander mense te slaap, probeer die kinders aan hulself bewys dat hulle in beheer van hul liggaam is (Maltz & Holman, 1987:69).

#### **3.2.4.8 Self-destruktiewe gedrag en dissosiasie**

Gereelde seksuele aktiwiteite, selfskending, selfmoordpogings en disfunksionele eetpatrone kan gesien word as self-destruktiewe gedrag by kinders wat seksueel misbruik is (Spies, 2015:57). Dikwels voel hulle skuldig oor die misbruik en probeer hulself straf deur hierdie aktiwiteite:

- Anorexia en bulimie kan gesien word as 'n poging om "nee" te sê en beheer oor hul liggame uit te oefen. Kompulsiewe ooreetery is ook 'n manier om hul gevoelens te hanteer.

- Selfskending laat kinders wat seksueel misbruik is ook beheer oor hul pyn verkry. Hulle maak hulself seer, eerder as wat die oortreder dit doen. Die skending gaan gepaard met 'n gevoel van verligting en dit kan ook 'n manier wees om woede uit te druk, dien as 'n straf of 'n manier om gevoelens te ontbloot (Maltz, 2003:3).
- Dissosiasie gebeur wanneer die trauma van die misbruik nie verhoed, ontvlug of verduur kan word nie (Sher, 2002:29). Spies (2015:58) beskryf dissosiasie soos volg:

In situations of overwhelming pain, terror and violence, when a person's mind cannot bear what he or she is forced to endure, the person separates himself or herself, or a part of the self, from the experienced ... The children become physiologically incapable of absorbing and storing information in a normal way. Instead, they dissociate these experiences and split them off from their conscious knowledge. Later, fragments may return in the form of visual images, body memories, sensations and flashbacks.

### **3.2.4.9 Leuens en misdaad**

Die kind wat seksueel misbruik is en deur die oortreder verbied is om iemand van die misbruik te vertel, of omdat die kind nie wil hê ander moet weet wat met hom gebeur het nie, leer om leuens te vertel. As die kind 'n swak selfbeeld het, sal hy selfs jok oor homself in 'n poging om beter te voel oor homself, terwyl ander weer sal steel en by misdaad betrokke sal wees om 'n gevoel van sekuriteit te skep (Spies, 2015:58). Kinders wat seksueel misbruik word, word gewoonlik omgekoop en geskenke aangebied vir hul stilswye. Stelery kan ook 'n manier wees om in opstand te kom teen outoriteit of dien as 'n poging om dit wat van hulle gesteel is, terug te steel (Bass & Davis, 2008:56).

### **3.2.5 Impak spesifiek op emosionele ontwikkeling**

Volgens Myers *et al.* (2011:5) en Wilson (2006:28) toon die navorsing dat daar 'n groter verskeidenheid van interpersoonlike en psigiese probleme kan voorkom by kinders wat seksueel misbruik is. Hierdie skade word grotendeels veroorsaak omdat die misbruik sonder die kind se toestemming gebeur en gewoonlik nie toepaslik is vir sy spesifieke ontwikkelingsvlak nie (Wilson, 2006:28). By hierdie

kinders is 'n verswakking in ego-funksionering algemeen. Wilson (2006:28) verduidelik dit soos volg:

Hierdie kinders het gewoonlik 'n beskadigde of verwronge beeld van hulleself as gevolg van die verskillende boodskappe wat hulle oor hulleself internaliseer. Hierdie boodskappe wat die kind internaliseer, veroorsaak dat die kind 'n vals self en selfbeeld ontwikkel.

Wilson (2006:29) voer aan dat daar vyf algemene boodskappe is wat deur die kind wat seksueel misbruik is geïnternaliseer word:

- Ek is sleg, beskadig en skuldig.
- Ek is niks werd nie, ek is lastig en ander is belangriker as ek.
- Ek is kwaad vir myself, ander en die wêreld.
- Ek is verantwoordelik vir die seksuele misbruik wat plaasgevind het.
- Ek kan niemand vertrou nie.

Tussen 20% en 52% van kinders wat seksueel misbruik is, het geïnternaliseerde probleme (Wenar & Kerig, 2012:316) wat vrees, angs, swak selfbeeld en oormatige skaamheid insluit. Teen die middelkinderjare toon 28-67% van dogters simptome van depressie. Verder toon 50-100% van die kinders tekens van post-traumatische stresversteuring (PTSV), wat kan manifesteer in terugflitse, akute angstigtheid, depressie en geheueverlies (Wilson, 2006:63). Vanweë die moontlikheid van PTSV, voel dit soms vir kinderslagoffers van seksuele misbruik of die trauma onmoontlik is om te verwerk. Hughes (2012:3) beskryf die vorming van post-traumatische stres soos volg: "Pathways are formed in the brain during trauma that continue to create the same negative thought patterns and physiological responses long after the traumatic event is over".

Baie van die akute simptome wat kinders wat seksueel misbruik is toon, is ook tekens van stresreaksies en sluit die volgende in: hoofpyne, maagpyn, verlies aan aptyt, enuresis, braking, hoë sensitiwiteit vir aanraking en oormatige uitskeiding van die hormoon *cortisol* (Wenar & Kerig, 2012:316). In jonger kinders kan ander emosionele probleme soos regressie en die verlies aan ontwikkelingsmylpale voorkom (bed natmaak, klouerigheid, vrees), asook slaaploosheid en nagmerries.

Dit gebeur dikwels dat simptome soos ooreet, anorexia nervosa en bulimie ook verbind word met kinders wat seksueel misbruik is en dien as beskermingsmeganismes wat gebruik kan word om die moontlikheid van herhalende misbruik te voorkom en om beheer oor hul liggame uit te oefen (Grobler, 2005:66; Spies, 2015:57). Kinders wat seksueel misbruik is, kan die volgende denke op hulself rig (Grobler, 2005:66):

- As ek myself ooreet, gaan ek vet en onaantreklik wees vir ander.
- As ek ophou eet, gaan ek jonger lyk en dus onaantreklik voorkom.
- Ek gaan alles opbring wat ek eet want ek verdien nie om vol of goed te voel oor myself nie.

### **3.2.6. Impak spesifiek op seksuele ontwikkeling**

Seksuele misbruik het 'n impak op die normale seksuele ontwikkeling van die kind en disfunksionele seksuele verhoudings word algemeen gevind onder volwassenes wat as kinders seksueel misbruik is (Potgieter, 1999:105). Killian en Brakarash (2004:367-368) beaam dat kinders moontlik verhoogde seksuele gedrag kan toon wat op verskillende maniere kan manifesteer tydens hulle spel of kontak met ander kinders. Die kinders sal ook kennis, gedrag en taal openbaar wat nie by hul ouderdom pas nie. Die liggaam word later gesien as 'n instrument wat net gebruik kan word deur ander en dikwels sal die kinders selfs hul eie liggame gebruik om liefde en aandag te bekom (Draper, 1996:69). Bass en Davis (2008:269) verduidelik dat blootstelling aan seksuele misbruik daartoe kan lei dat die kinders onbewustelik al hul behoeftes seksualiseer, selfs hul nie-seksuele behoeftes:

When you want closeness, intimacy, or communication, when you want to feel you are loved and worthwhile and cared for, when you're happy, disappointed, or angry, you ask for sex instead.

Dit is duidelik dat seksuele misbruik kinders op alle vlakke raak en skade aanrig deur hulle bloot te stel aan seksuele aktiwiteite wat nie gepas is vir hul ontwikkelingsvlak nie. Die impak van seksuele misbruik het verskeie kort- en langtermyn gevolge op die gesonde ontwikkeling van kinders. Hierdie verwonding kan voortduur tot in hul volwasse lewe en kan 'n negatiewe effek hê op hul algemene funksionering.

### 3.3 DEFINIËRING VAN DIE PRE-ADOLESSENT

Wanneer daar met kinders gewerk word, is dit uiters belangrik dat hulle ontwikkelingsouderdom of fases van ontwikkeling in ag geneem word (Coetzer, 2015:2), asook hul normale ontwikkelingstake. Erik Erikson (soos aangehaal in Kneisl *et al.*, 2004:33) het die mens se ontwikkeling in agt fases ingedeel:

**Tabel 3.4: Erikson se psigososiale ontwikkeling in agt fases (Kneisl *et al.*, 2004:33)**

|                      |                      |
|----------------------|----------------------|
| 0 tot 18 maande      | Babastadium          |
| 18 maande tot 3 jaar | Vroeë kinderjare     |
| 3 tot 5 jaar         | Laat kinderjare      |
| 6 tot 12 jaar        | Skoolgaande ouderdom |
| 12 tot 20 jaar       | Adolessensie         |
| 18 tot 25 jaar       | Jong volwassenheid   |
| 25 tot 65 jaar       | Volwassenheid        |
| 65 tot afsterwe      | Afsterwe             |

Vir die doel van hierdie navorsing word daar gefokus op die middelkinderjare of pre-adolessensie. Hierdie laerskool fase (pre-adolesent of middelkinderjare) strek vanaf ongeveer ses of sewe jaar tot 12 of 13 jaar (Grobler, 2005:88; Louw *et al.*, 2014:8).

#### 3.3.1 Die verskillende areas van ontwikkeling en die invloed van seksuele misbruik.

##### 3.3.1.1 Fisiese ontwikkeling

Die middelkinderjare is 'n belangrike fase in die fisiese ontwikkeling van die pre-adolesent. Grobler (2005:89) stel dat die gemiddelde kind "groeï in hierdie fase ongeveer die helfte in lengte, verdubbel in gewig en ontwikkel heelwat meer spierkrag (dogters minder as seuns)." Dit is ook tydens hierdie fase wat die verfyning van fynmotoriese vaardighede gebeur (Davies, 1999:295). Soos wat die pre-adolesent meer beheer oor sy liggaam verkry, raak hy meer in staat om vir langer periodes stil te sit en te konsentreer (Britz, 2003:37). Santrock (1996:176) is van

mening dat dit in hierdie fase vir die pre-adolescent steeds baie moeilik is om stil te sit; hy geniet dit meer om fisies aktief te wees. Britz (2003:35) beveel dus aan:

...by die beplanning van hulpverlening moet daar dus in gedagte gehou word dat die kind nie vir lang periodes kan stil sit nie en gevolglik behoort fynmotoriese aktiwiteite met grofmotoriese aktiwiteite afgewissel te word wat moontlik die kind se konsentrasie sal verbeter.

Al hierdie veranderinge in die pre-adolescent se liggaam bring mee dat sy selfkonsep en liggaamsbeeld ook verander, en die emosionele verwonding wat gepaard gaan met seksuele misbruik kan die kind se liggaamsbeeld baie negatief beïnvloed (Fouché, 2000:47). Young (vergelyk Wenninger & Heiman, 1998:544) het in 1992 in 'n studie bevind dat die verlies aan 'n positiewe liggaamsbeeld kan plaasvind wanneer liggaamsgrense verbreek word, soos in die geval van seksuele misbruik. Vroeë onderbreking van die kind se ontwikkelingsproses kan egter aanleiding gee tot die verlies en skade aan persoonlike identiteit en die gesonde ontwikkeling van volwasse psigologiese funksionering.

### **3.3.1.2 Kognitiewe ontwikkeling**

Kognisie word deur Britz (2003:74) beskryf as “die proses waarvolgens mense inligting omtrent hul wêreld insamel en die inligting in kennis en voorstellings verander”. Kognisie is dus die manier hoe kennis geberg word, herwin word en benut word, sodat gedrag uiteindelik gerig kan word. Pre-adolessensie is dus 'n tydperk “waartydens geweldige kognitiewe groei en ontwikkeling plaasvind” (Britz, 2003:74).

Pre-adolescente reageer in hierdie fase op die konkrete wêreld soos hulle dit ervaar. Volgens Marx (2014:73) is dit in hierdie fase wat “...bepaalde logiese gedagteprosesse ontwikkel, ordening en groepering word verstaan en toegepas”. Marx (2014:73) is verder ook van mening dat, aangesien die pre-adolescent se redenasievermoë begin ontwikkel, asook sy vermoë om reëls en regulasies te volg, dit in hierdie fase is waar die kind se morele waardesisteme ontwikkel. Davies (1999:316) voer aan dat, ten spyte van al die ontwikkeling in hierdie fase, die pre-adolescent nog steeds nie die vermoë het om abstrak en hipoteties te dink nie. Dit maak die pre-adolescent baie kwesbaar vir intimidasie en seksuele misbruik. Die

pre-adolescent se beperkte kognitiewe ontwikkeling belemmer sy vermoë om die impak van die seksuele misbruik te verstaan (Kuehne, 1996:50). Britz (2003:49) neem hierdie gedagte verder:

As gevolg van die kind se vermoë om groeperings te kan maak op grond van onderlinge verbande of verhoudings, gebeur dit dat die kind wat seksueel misbruik is dikwels tot die gevolgtrekking kom dat hý sleg is as gevolg van hul deelname aan die seksuele misbruik wat as sleg en verkeerd beskou word.

Die pre-adolescent se groter kapasiteit om te konsentreer, aandag te gee aan spesifieke take en sy geheue help hom wel om sy probleme beter op te los (Thompson & Rudolph, 2015:13).

In hierdie stadium van ontwikkeling neem die vrees vir realistiese gevare toe, soos byvoorbeeld seerkry en mislukking, terwyl onrealistiese vrese vir reuse of spoke afneem. Tog kan irrasionele vrese vir byvoorbeeld spinnekoppe of fiktiewe karakters nog steeds voorkom (Wenar & Kerig, 2012:41). Onmiddellike aggressiewe uitbarstings verminder en pre-adolescente se gedrag word in hierdie fase progressief meer opsetlik, vergeldend en simbolies (Wenar & Kerig, 2012:45). Hulle begin dink aan vergelding en hul aggressiewe gedrag duur voort in die vorm van gekibbel, stryery, terg, boelie gedrag, vooroordeel en wreedheid. Hulle kan wel in hierdie stadium begin skuldig voel oor hul gedrag as gevolg van die ontwikkeling van hul gewete.

### **3.3.1.3 Sosiale ontwikkeling**

Kinders se sosiale ontwikkeling vind nie plaas in 'n vakuum nie, maar as deel van 'n gesin of 'n gemeenskap. Britz (2003:84) beskryf die ontwikkeling soos volg:

Deur middel van interaksie met ander mense leer die kind om mededeelsaam te wees, te onderhandel en konflik te hanteer. Sosiale vergelyking met ander persone vind plaas en uiteindelik ontwikkel die kind 'n duideliker beeld van homself as 'n unieke en onafhanklike persoon.


Pre-adolescente leer in hierdie fase om hul vriende in ag te neem en kom agter dat mense verskillende menings kan hê (Wilson, 2006:53). In hierdie stadium is dit vir

hulle belangrik om aan 'n groep te behoort. Die “ons” word nou belangriker geag as die “ek”. Hierdie groepservaring hou volgens Wenar en Kerig (2012:48) die volgende voordele in:

The gang advances the sense of belonging. It offers training in interdependent behavior, encourages venturing out further than the individuals could go alone, and through its cohesiveness buttresses the individual member's self-control.

Die pre-adolescent kry dit reg om homself stelselmatig los te maak van sy gesin en onafhanklikheid te ontwikkel (Van der Zanden, 2002:330).

In die geval van seksuele misbruik kan 'n kringloop van negatiewe emosies ontstaan (Netherlands, 2005:7) by die pre-adolescent: Die kind ontwikkel 'n swak selfbeeld as gevolg die gebeure. Die swak selfbeeld lei tot swak *identifikasie*, wat beteken die kind sukkel om sy selfwaarde te bepaal en hoe hy by die gemeenskap inpas. Hierdie sosiale probleme lei tot die kind se *onttrekking* vanuit sy gesin en gemeenskap. Vanweë die kind se onttrekking lei dit tot *isolering*. Die kringloop kan soos volg voorgestel word (Netherlands, 2005:7):



**Figuur 3.2. Die kringloop van negatiewe emosies (Netherlands, 2005:7)**

Die effek van seksuele misbruik is dus duidelik sigbaar binne die pre-adolescent se sosiale kringe ook. Die wantroue en agterdog wat ontstaan, belemmer die pre-adolescent se normale omgang met sy omgewing (Britz, 2003:36).

#### **3.3.1.4 Emosionele ontwikkeling**

Tydens hierdie fase van ontwikkeling toon die kind groter emosionele volwassenheid (Grobler, 2005:90). Grobler (2005:90) noem verskillende gevolge van hierdie groter volwassenheid:

- Die kind is emosioneel meer buigbaar.
- Die kind kan tussen die verskillende emosies onderskei en dit ook uitdruk.
- Die kind kry dit reg om sy emosies beter te beheer.
- Die kind verstaan dat emosies verander kan, en mag, word.

Dit is belangrik vir die pre-adolescent om in hierdie fase sy portuurgroep en opvoeders se guns te wen. Hy sal ook baie positief reageer op enige aanmoediging of erkenning van opvoeders of ouers (Joubert, 1999:130).

Seksuele misbruik veroorsaak verwarring by die kind ten opsigte van affektiewe en fisieke kontak (Stutterheim, 1995:28). Hierdie gedagte word deur Wilson (2006:54) beaam:

Emosionele ontwikkeling en die vermoë om met ander persone emosioneel te bind, word by kinders wat seksueel misbruik is, belemmer. Die kind se blootstelling aan teenstrydige waardes dra by tot 'n afwesigheid van 'n gevoel van beheer en kontrole. Angstigheid as gevolg van die verlies aan beheer mag 'n blokkasie wees, en aggressiewe gedrag die resultaat daarvan. Ambivalente gevoelens teenoor die oortreder bring ook verwardheid mee. Die kind voel aan die een kant te na gekom en aan die anderkant lojaliteit weens die binding en verwantskap aan die oortreder.

Simptome van depressie kom by byna alle slagoffers van seksuele misbruik voor (Humphries, 1992:27), asook "...tekens van regressie, onttrekking, neerslagtigheid en selfmoordneigings" (Louw, 2006:30). Louw (2006:31) verduidelik hoe die kind emosioneel probeer oorleef:

Die slagoffer deel met die seksuele misbruik op emosionele vlak deurdat hy probeer om emosionele kontak met die oortreder te verbreek. Aangesien hy nog in 'n proses van ontwikkeling is en die taak nie ten volle bemeester het nie bestaan die moontlikheid dat die kind ook in homself sensoriese kontak verbreek omdat die trauma deur middel van sensoriese stimuli plaasgevind het.

As gevolg van die seksuele misbruik raak hierdie kinders te vroeg 'groot', hulle kry nooit die geleentheid om net soos kinders te 'speel' nie en hulle kry dus gevolglik nie die geleentheid om normale ontwikkelingstake te voltooi nie (Grobler, 2005:92).

Dit blyk dat die manier hoe die pre-adolescent probeer om die misbruik te verwerk en homself te probeer beskerm ook 'n negatiewe invloed het op die vertrouensverhoudings wat die pre-adolescent met sy omgewing moet ontwikkel. Met die verwonding deur seksuele misbruik word die vertrouwe in mense (en dikwels in homself) verbreek en vind die kind dit gewoonlik moeilik om iemand weer in sy vertrouwe te neem.

### 3.3.1.5 Seksuele ontwikkeling

Om die impak van seksuele misbruik te verstaan, moet die hulpverlener kennis hê van die normale seksuele ontwikkeling van kinders. Wilson (2006:56) bied 'n oorsig van die normale seksuele ontwikkeling, soos beskryf deur Karp en Butler:

**Tabel 3.5: Seksuele ontwikkeling (Karp & Butler, soos aangehaal in Wilson, 2006:56)**

| Stadium   | Ouderdom     | Seksuele Ontwikkeling   | Abnormale Seksuele gedrag  |
|-----------|--------------|---|--|
| Voorskool | 0 tot 4 jaar | <ul style="list-style-type: none"> <li>Intense nuuskierigheid oor die wêreld om hulle en hul liggame. Seksuele spel is deel van hul nuuskierigheid oor hul eie liggaamsdele.</li> <li>Genitale spel of masturbasie begin in die eerste jaar - duur voort in voorskoolse jare as kalmerende gedrag. Kinders is nie diskreet nie en mag voor ander masturbeer.</li> <li>Ontdek dat wanneer sekere dele aangeraak word dit 'n aangename sensasie het.</li> <li>Algemeen vir kinders om na ander kinders se liggame te kyk of dit te</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Abnormale seksuele gedrag kom voor wanneer nuuskierigheid 'n obsessiewe preokkupasie word, wanneer ontdekking 'n nabootsing van spesifieke volwasse seksuele aktiwiteite word of wanneer die kind ander kinders dwing of seermaak.</li> </ul> |

|                            |                      |   |  |
|----------------------------|----------------------|---|--|
|                            |                      | knyp. <ul style="list-style-type: none"> <li>• 2 tot 3 – raak geïnteresseerd in die badkameraktiwiteite van ander.</li> <li>• Sal misbruik maak van geleenthede om ander se genitalieë aan te raak, wanneer toegelaat word.</li> <li>• 3 tot 4 – Speel huis, ma/pa, speel dokter.</li> </ul>                            |  |
| <b>Jong skool-ouderdom</b> | <b>5 tot 7 jaar</b>  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hou aan om eie genitalieë te betas - masturbasie.</li> <li>• Raak meer geheimsinnig oor selfbetasting.</li> <li>• Belangstelling om na ander se liggame te kyk duur voort. Verander van nuuskierigheid tot speletjies.</li> <li>• Vra vrae: “ Waar kom ek vandaan?”</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Abnormale seksuele gedrag sal wees: seksuele penetrasie, oraal-genitale kontak en nagebootste seksuele gemeenskap.</li> </ul>                     |
| <b>Latente fase</b>        | <b>7 tot 12 jaar</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskeidenheid van seksuele belangstellings. Mag begin eksperimenteer met seksuele gedrag.</li> <li>• Aktiewe hormonale veranderinge veroorsaak fisieke en emosionele sensasies.</li> <li>• Ouderdom 9 tot 10: Soek inligting rakende seks.</li> </ul>                         | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Abnormale seksuele gedrag sal insluit seksuele spel met jonger kinders, dwang, asook eksplisiete of aggressiewe seks met portuurgroep.</li> </ul> |

Volgens Ryan en Lane (1997:49) is die pre-adolessente fase ‘n tydperk van seksuele ontwaking. Die pre-adolescent begin homself as ‘n seksuele wese sien en begin agterkom dat die teenoorgestelde geslag aantreklik is. Die pre-adolescent wat in hierdie ontwikkelingsstadium aan seksuele misbruik blootgestel is, sal gewoonlik met abnormale seksuele gedrag na vore kom (Wilson, 2006:57). Hulle word tydens en ná die misbruik gelaat met verwarrende gedagtes oor seksuele norme en seksuele identiteit, omdat die seksuele misbruik dikwels dan verwar word as tekens van liefde, aandag en belangstelling (Louw, 2006:32).

Die pre-adolescent wat seksueel misbruik is weet nie noodwendig wat met hom gebeur nie omdat hy nog nie die volwasse konsep van seks besit nie (Hughes, 2012:1). Hy weet wel wanneer hy seergemaak word, wanneer hy magteloos voel of ‘n verhouding beleef wat oorweldigend is, wat hom bang maak en hom verwar (Cattanach, 2008:126). Die pre-adolescent wat seksueel misbruik is ontwikkel dus negatiewe assosiasies teenoor seksuele aktiwiteite, opwekkingsensasies en toon ‘n afkeer in die seksuele daad of intimiteit.

### 3.3.1.6 Moreel-godsdienstige ontwikkeling

Grobler (2005:92) is van mening dat godsdien sinvolle inhoud gee aan die mens se sedelike norme en wys faktore uit wat spesifiek tydens die moreel-godsdienstige ontwikkeling van die pre-adolesent belangrik is:

- In hierdie fase soek die kind nog na vaste reëls en hierdie reëls word aanvanklik sonder teëstribbeling aanvaar as gevolg van die ouers se gesag.
- Die pre-adolesent se ontwikkelende gewete veroorsaak dat hy begin skuldgevoelens ervaar wanneer hy nie kan voldoen aan sy omgewing se vereistes nie.
- Die pre-adolesent aanvaar tydens hierdie fase dat dissipline noodsaaklik is om hom te help leer hoe om aanvaarbare norme en waardes te handhaaf. Dissipline en gepaste reëls help ook die pre-adolesent om veilig te voel in sy omgewing.

Die kind in hierdie pre-adolesente fase se begrip van wie God is, word ook grotendeels bepaal en beïnvloed deur wat hy dink God vir hom doen (Basson, 2010:93). Basson (2010:93) is ook van mening dat, omdat dit vir die pre-adolesent moontlik is om die oorsaak en gevolg van gebeure te verstaan, dit vir hom moontlik is om die verlossingsboodskap te begryp. Grobler (2005:92) verduidelik verder:

Tydens die middelkinderjare het God steeds sterk menslike eienskappe vir die pre-adolesent. Dit gaan egter mettertyd oor na 'n meer bonatuurlike siening van God as iemand wat almagtig en verhewe bo die menslike is.

Die pre-adolesent het in hierdie stadium die intellektuele vermoë om God se drie-eenheid te verstaan en hy kan aanvaar dat die Bybel die Woord van God is (Basson, 2010:96). Bybelverhale speel wel vir die pre-adolesent nie meer 'n groot rol nie; hy is nou geïnteresseerd in die lesse agter die Bybelverhaal (Basson, 2010:116):

Hulle sal veel eerder wil weet wat die Bybel oor sekere etiese aangeleenthede, wat op hierdie stadium in hulle lewe relevant is, leer. Kinders in die senior fase sal al meer self begin Bybel lees en leer om die Bybel as 'n geheel te lees wanneer daar kruisverwysings gemaak word.

In hierdie fase beleef die kind ook gebed as 'n gesprek met God en hy begin al meer vir ander mense bid (Coetsee, 2005: 102). Coetzer (2015:3) beskryf ook die pre-adolesent se geestelike denke: "Hulle begin al hoe meer oor abstrakte konsepte besin soos die ewigheid, spiritualiteit, hemel en hel".

Seksuele misbruik in hierdie fase ontlok allerlei vrae, veral teenoor God, asook gevoelens van skuld en skaamte. En dit is tydens hierdie geleentheid binne die hulpverleningsproses waar 'n hulpverlener met die nodige kennis, takt en wysheid die kind kan help om ook genesing op 'n geestelike vlak te beleef. Alhoewel die Christelike geloof nie 'n maklike oplossing is vir die seksueel misbruikte pre-adolesent nie, kan dit die kind help om die negatiewe ervaring te verwerk en om in sy verhoudings met God, homself en ander te groei (Denton, 2014:2). God is deurgaans betrokke by hierdie genesingsproses: "God enters our struggles with us and brings hope and freedom to our lives that had seemed doomed and mired in confusion" (Watson-Jarvis & Bishop, soos aangehaal in Denton, 2014:2).

### **3.3.2 Samevattende ervaring van seksuele misbruik vir pre-adolesente**

Pre-adolesente wat blootgestel is aan seksuele misbruik ervaar 'n reeks probleme wat geassosieer kan word met die misbruik. Samevattend kan die ervaring wat gemeenskaplik teenwoordig is by pre-adolesente wat seksueel misbruik is, soos volg uiteengesit word:

- **Deurmekaar gevoelens**

Indien die oortreder iemand was wat die pre-adolesent vertrou het, voel hy totaal en al verraai (Sandford, 2009:18). Hy weet die oortreder het hom seergemaak en iets verkeerd gedoen, maar is steeds lief vir die oortreder. As die oortreder iemand van buite af was, laat dit hom met 'n onvermoë om mense te vertrou (Sandford, 2009:18). Die pre-adolesent kan voel dat hy nie deur God of sy ouers beskerm is nie en nie weggehou is van hierdie trauma nie. Dit kan voorkom asof hy deur almal verwerp is en totaal en al alleen in sy pyn voel (Cattanach, 2008:128).

- **Gebreekte vertrouwe in outoriteitsfigure**

Dis vir die misbruikte pre-adolescent amper onmoontlik om die seer van sy gevoelens te oorkom. Selfs wanneer die oortreder uit die situasie of die huis verwyder word, bestaan die wortel van vrees en die onvermoë om ander te vertrou steeds.

- **Verwarring van identiteit**

Die pre-adolescent kan voel asof hy niemand is nie en nooit deur iemand anders aanvaar sal word nie. Cattanach (2008:20-21) beskryf dit soos volg:

Her sense of who she was created to be as female, daughter, wife and mother has been battered, torn and twisted at root level ... she not only feels betrayed, but intruded upon, disrespected, used, unclean, trapped, manipulated, robbed and trashed like "crud".

- **Skuldgevoelens**

Dit maak nie saak wat die omstandighede van die misbruik is nie, die pre-adolescent voel altyd verantwoordelik daarvoor. Hy moes iets verkeerd gedoen het om dit te verdien. Die oortreder gebruik hierdie wete van pre-adolescente om homself ook te veronskuldig met uitsprake soos: "Jy het my dit laat doen!" of "Ek het alles verloor as gevolg van jou!". Die skuldgevoelens vermeerder wanneer die familie-eenheid verbreek word en die seer en kwade gevoelens uitgespreek word.

- **Woede en die behoefte om iemand te straf**

Woede teenoor mense wat die misbruik kon gekeer het kom normaal voor by die pre-adolescent wat seksueel misbruik is, asook woede teenoor die oortreder. Woede teenoor God en die kind self kan ook beleef word (Sandford, 2009:23).

- **Ambivalensie**

Dit raak vir die pre-adolescent al hoe moeiliker om deur die liefde/haat gevoelens te werk en dit te verwerk. Hierdie ambivalente gevoelens kom teenoor die oortreder, asook ander familieledes wat van die misbruik bewus was, voor (Sandford, 2009:24).

- **‘n Desperate behoefte aan liefde en aanvaarding**

‘n Desperate behoefte aan liefde plaas pre-adolescente soms in ‘n baie afhanklike posisie, veral in meisie-seun verhoudings. As gevolg van die behoefte aan liefde en aanvaarding kan die pre-adolescent soms behep raak met seks en in ‘n stadium promisku raak. Hy sal in sommige gevalle aan seksuele aktiwiteite deelneem bloot net om die liefde en intimiteit te ervaar waarna hy smag.

Wanneer pre-adolescente seksueel misbruik is, mag daar seksuele gedrag voorkom soos masturbasie of ongewone flankeerdery, omdat hulle bloot doen wat hulle geleer is om te doen. Sandford (2009:25) poneer:

Every sexually molested girl has suffered the loss of her sense of purity, dignity, and glory. She may respond, “It’s gone. Why not blow it? Why not live it up!”

Baie volwassenes vind hierdie gedrag van die pre-adolescent wat misbruik is onaanvaarbaar en word kwaad vir die kind, wat weereens die kind se gevoelens van skuld en “sleg wees” bevestig. Volwassenes moet egter versigtig wees om nie die pre-adolescent verder te traumatiseer deur sy gevoelens van skuld en skaamte te bevestig nie (Cattanach, 2008:126).

Seksuele misbruik is lewensveranderend vir die pre-adolescent en hy sukkel in stilte en isolasie om die verwonding te oorleef. Hy vertel dikwels vir niemand van die misbruik nie, om verskeie redes, of hy vertel iemand en die antwoord wat hy kry is óf onbehelpsaam óf die bekendmaking en stigmatisering traumatiseer hom net meer. Die gevolge hiervan is dat die pre-adolescent gedwing word om sy eie vermoë te ontwikkel om te oorleef. Langberg (1999:19) beskryf egter die veerkragtigheid van die pre-adolescent wat seksueel misbruik is soos volg: “Children who are abused are incredibly resourceful. They draw on deep wells of courage, endurance, creativity, strength and determination”.

‘n Slagoffer van seksuele misbruik beskryf haar eie lewensverandering en ervaring van seksuele misbruik soos volg (Langberg, 1999:18):

When I was frightened, I would run to my father for safety. I longed for a place of comfort when I was afraid. He would take me on his lap and tell me everything would be okay. But then everything changed. Instead of sheltering me and protecting me from my fear, my father

took advantage of my vulnerability and began to use my body for his sexual pleasure. I reached out for help and comfort ... and found abuse.

### **3.4 DIE BENUTTING VAN SPEELTEGNIEKE IN 'N KLIËNT-GESENTEERDE BENADERING**

#### **3.4.1 KINDERS EN SPEL**

Die navorser het die unieke aard en ontwikkeling van die pre-adolesent in die voorafgaande gedeelte bespreek. Sy bespreek vervolgens die gebruik van die nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering tydens die hulpverleningsproses.

Kinders kan nie dieselfde benader word tydens hulpverlening as volwassenes nie. Indien hulpverleners tot hulp wil wees aan kinders, moet verbale kommunikasie in samewerking met ander strategieë gebruik word (Geldard & Geldard, 2008:5). Kinders is nie so verbaal soos volwassenes nie, so hulle moet dus anders benader word. Sweeney (2002:550) beaam hierdie siening wanneer hy skryf: "... children, however, talk through play. The toys become their words." Daar kan nie van die pre-adolesent wat seksueel misbruik is verwag word om sy ervaring te beskryf in 'n taal wat hy nie begryp nie. Sweeney (1997a:47, soos aangehaal deur Marx, 2014:4) waarsku dat Christen hulpverleners daaraan moet werk en 'n verantwoordelikheid het om nie 'n generasie van verwonde kinders wat in angste en vrees leef agter te laat nie.

Die navorser stem saam met Marx (2014:6) dat die genesende effek van spel nog onderskat word. Hierdie siening is bevestig deur die deelnemers in Hoofstuk 2 (2.4.8). Fahlbusch *et al.* (soos aangehaal in Marx, 2014:58) is van mening dat daar 'n behoefte bestaan vir Skriftuurlike riglyne vir spel as hulpverleningstegniek. Hy skryf: "Though little has been done to achieve a theology of play, it undoubtedly has a relevance in practical theology."

Die Bybel verwys ook na die spel van kinders in Sagaria 8:5: "Die pleine in die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel." Daar word wel in die Skrif nie pertinent melding gemaak van speelgoed nie, maar argeologiese opgrawings het die bestaan daarvan bewys (Senker, 2005:20; Thompson, 1986:261). Daar is gevind dat dogtertjies met hout- en kleipoppe gespeel het, asook miniatuur kookgerei van klei wat gebak is. "Diertjies wat uit hout gesny en op wiele gemonteer is, klei

albasters, leerballe en bordspeletjies, soos skaak, is ook opgegrawe” (Marx, 2014:68).

Speel is dus iets wat kenmerkend en onlosmaaklik voorkom by kinders en bestaan vanaf die vroegste tye in die geskiedenis. Soos wat die rol van kinders deur die eeue verander het, is daar al hoe meer gefokus op die manier hoe hulle behandel is. Die onderstaande tabel beskryf die stadige verandering in die rol en plek van kinders oor die eeue, wat uiteindelik daartoe gelei het dat daar ook meer aandag skenk is aan gevalle waar kinders seksueel misbruik is (Hedges-Goettl, 2004:19):

**Tabel 3.6: Verandering in die rol van kinders oor die eeue (Hedges-Goettl, 2004:19)**

| Eeu                     | Status van Kinders                                | Belangrike dokumente/gebeure   |
|-------------------------|---|--|
| <b>Antieke tye</b>      | Gelyk aan lewelose objekte                        | 700 B.C.E- <i>Patria Potestas</i> wet:<br>Vaders het die reg om kinders te verkoop, vermink of te vernietig.   |
| <b>1ste eeu C.E.</b>    | Amper gelyk aan diere                             | <i>Gynaecology</i> gepubliseer:<br>Stel selektiewe kindermoord voor.   |
| <b>2de tot 15de eeu</b> | Opgelei soos diere                                | Vanaf Plutarch tot Pepys, insluitend die “ Christelike” herdenking van “ Innocents Day”, - Publieke lyfstraf.  |
| <b>16de eeu</b>         | Ekonomiese bron                                   | Doktrine van <i>laborare es orare</i> :<br>Werk as aanbidding, teenoor Rosseau: “ <i>Speak less of the duties of children and more of their rights.</i> ”  |
| <b>18 tot 19de eeu</b>  | Hulle is mense met regte (maar 'n ekonomiese las) | Wette aangaande kinderarbeid en lyfstraf   |
| <b>19de eeu</b>         | Emosionele bate wat waardevol is                  | Kern familie bevorder privaatheid;<br>Raad van wreedheid teen diere voer eerste hofspraak aan namens 'n mishandelde kind - 1873.   |
| <b>20ste eeu</b>        | Hulle is mense wat beskerm moet word.             | 1906 - Thomas Rotch gebruik X-strale om misbruik te dokumenteer; 1962 - C. Henry Kempe bespreek “ The Battered Child Syndrome”; 1974 - Nasionale Raad vir Kindergeweld en Verwaarlosing gestig; 1980 - Kinder Wetswet. |

Die pre-adolesent wat seksueel misbruik is en geestelike en emosionele probleme ondervind, het begeleiding nodig om genees te word en 'n verhouding met Jesus Christus te skep. Die Skrif toon aan dat kinders vir God belangrik is. Daar is verskeie voorbeelde in die Bybel waar God selfs kinders gebruik om veranderinge te laat plaasvind (bv. Moses in Eksodus 2:7; 'n jong dogterjie uit Israel in 2 Konings 5:2,3).

Christus het self as kind die volwassenes geleer van God (Lukas 2:41-50) en God wys ook uit dat kinders by die spesiale verbond ingesluit is wat Hy met die mensdom sluit (Hand 2: 39): “Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep”.

Collins (2011:164) bevestig hierdie gedagte wanneer hy skryf: “Jesus het spesiale aandag aan kinders gegee en hulle onskuld en vertrouwe geloof”. In Markus 9:37 en Markus 10:15 word die belangrike rol van kinders binne die Koninkryk van God ook beklemtoon. Marx (2014:141) voer aan:

Die Messias het nie net die posisie van die kind tydens die Mediterreense tydperk verander nie, maar het ook tydens sy bediening aan kinders die voorbeeld van ’n kindervriend en begeleier gestel.

Om te speel en om die wêreld te verken, is baie nou aan mekaar verbind. Dit behels buigbare gedrag, verbeelding, en pret wat kan help met probleemoplossing en dit behels ook ’n sosiale aksie. Spel vind meestal plaas op die vlak van die nie-verbale en die probleem lê vir volwassenes by die nodigheid om dit te “vertaal” of interpreteer (Richards & Privett, 2009: 101). Deur spel leer kinders hul eie identiteit en plek in die wêreld ontdek. Dit daag hul etiese gedrag en keuses oor gedrag uit. Alhoewel spel voordele vir die pre-adolesent wat seksueel misbruik is inhou, het die kindersielkundige Jean Piaget gedink dat spel vir kinders bloot net gaan oor die pret van die aktiwiteit. Piaget was van mening dat kinders bloot net speel vir die genot daarvan: “There was no outcome except joy and abandonment in the experience” (vergelyk Richards & Privett, 2009: 105).

Spel is die kind se natuurlike manier om nie-verbaal te kommunikeer (Van der Merwe, 2006:4), en alhoewel spel dalk ligsinning mag voorkom, het White spel beskryf as “*serious business*” (vergelyk Landreth, 1993:1). Spel help kinders ook om uit te vind wat in hul wêreld aangaan, en dit kan bydra om kinders te bemagtig om hul emosies te beleef en te hanteer (McMahon 2009:26; Schaefer & O’Connor, 1993:7-13). Met behulp van speeltegnieke kan spel gebruik word tydens hulpverlening om gesondheid en welstand by die pre-adolesent wat seksueel misbruik is te bevorder (vergelyk Stagnitti & Cooper, 2009:16). Die pre-adolesent kan spel gebruik om deur fiksie orde in hul huidige deurmekaar wêreld te skep

(Cattanach, 2008:3). Volgens Blom (2006:19) behels die benutting van speeltegnieke dat

... the child will play out his or her problems in a symbolic manner, will learn to know and will channel his or her own emotions more effectively, will learn to enter into a relationship of trust with another person and that devious behaviour will consequently be normalized.

Die sielkundige Catherine Garvey het vyf gemeenskaplike eienskappe geïdentifiseer wat universeel by spel voorkom: “It’s pleasurable and enjoyable; Its motive is intrinsic; It’s spontaneous and freely chosen; It involves active engagement; and it works non-literally” (soos aangehaal in Richards & Privett, 2009: 105).

Met behulp van speeltegnieke kan daar op ’n nie-bedreigende wyse pastorale begeleiding gedoen word om die pre-adolesent wat seksueel misbruik is te help om emosionele en geestelike verwonding in sy lewe te verwerk. Wilson (2006:16) ondersteun hierdie gedagte:

Daar word veronderstel dat die kind wat seksueel misbruik is hul probleme op simboliese wyse sal kan uitspeel, hul eie gevoelens sal leer ken en dit effektief sal kanaliseer, sal leer om ’n vertrouensverhouding met ’n ander persoon (hulpverlener) aan te knoop en dat afwykende gedrag gevolglik genormaliseer sal word.

Die vertrouensverhouding wat gevorm word tussen die kind en die hulpverlener help die kind om sy gevoelens uit te speel, wat tot heling kan lei (Frost *et al*, 2001:414).

Cattanach (2008:41) beweer dat daar vier basiese konsepte vir berading met kinders wat aan trauma blootgestel is, bestaan:

- Speel staan sentraal in die sessie as die kind se manier om sy wêreld te verstaan.
- Speel is ’n ontwikkelingsproses en tydens spel beweeg die kind vorentoe en agtertoe. Die ontwikkelingskontinuum is ’n wyse waarop die kind sy individualiteit en uniekheid van ander ontdek.
- Speel is ’n simboliese proses waardeur die kind kan eksperimenteer met verbeelde keuses wat weg staan van die nagevolge van keuses in hul “regte” lewe.

- Die spel gebeur in 'n terapeutiese area waarin die kind kan uitvind wie is “ek” en “nie ek” nie. Dit behels 'n plek waar kreatiwiteit begin en 'n plek waar die sielkundige belangrikheid van kuns verstaan en waardeer word.

### **3.4.2 Die nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering**

Soos gemeld in 1.2.2.1 kan hulpverlening direk of nie-direk wees. Vir die doel van hierdie studie fokus die navorser op die gebruik van speeltegnieke binne 'n nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering. Sweeney en Landreth (2009:123) verwys na die kliënt-gesentreerde benadering as 'n *filosofie* wat die hulpverlener se houding en gedrag bepaal wanneer 'n verhouding met die kind aangeknoop word. Die belangrikste faktore wat hulpverlening beïnvloed, is die hulpverlener se houding teenoor die kind, die respek wat hy/sy vir die kind het as 'n individu, dat hy/sy die kind onvoorwaardelik aanvaar en positief en empaties benader (Brodley, 2011:38; Axline, 1995:15).

Volgens Hill en Nakayama (2000:861) beskryf Rogers die rol van die kliënt-gesentreerde hulpverlener ook soos volg:

The therapist's role was to listen to clients, be empathetic with them, and accept them for who they were rather than offer deep interpretations of unconscious material or mechanistically change behaviors.

Binne die konteks van die kliënt-gesentreerde benadering is daar 'n paar faktore wat tot verandering by 'n persoon kan bydra (Levitt, 2005:i).

- Die kliënt word die ruimte gegun om teen sy eie pas deur die gebeure te werk.
- Die kliënt fokus ook op die gebeure wat vir hom op die oomblik die mees relevante is, en nie spesifiek dít waarop die hulpverlener noodwendig sou wou fokus nie.
- Nog 'n belangrike aspek van die kliënt-gesentreerde benadering is dat die hulpverlener ten alle tye empaties en ontvanklik teenoor die kliënt moet wees. Rogers het hierdeur baie klem geplaas op die belangrikheid van die interpersoonlike en terapeutiese verhouding.

Axline (1993:15) voer aan dat 'n nie-direkte benadering die kliënt die geleentheid bied om net homself te wees, om die self onvoorwaardelik te aanvaar sonder enige druk om te verander en daardeur die kliënt se subjektiewe gevoelens te erken. Tydens die nie-direkte, kliënt-gesentreerde hulpverlening neem die kliënt dus die leiding tydens die hulpverlening.

Die pre-adolesent wat seksueel misbruik is, word deur spel die kans gebied om sy opgekropte emosies uit te speel (vergelyk Axline, 1995:16):

By playing out these feelings, he brings them to the surface, gets them out in the open, faces them, learns to control them, or abandons them. When he has achieved emotional relaxation, he begins to realize the power within himself to be an individual in his own right, to think for himself, to make his own decisions, to become psychologically more mature, and, by so doing, to realize selfhood.

As die pre-adolesent dit kan regkry om homself ten volle te leer ken, raak hy in staat daartoe om homself en sy emosies te beheer. Seksuele misbruik maak mense stil en die pre-adolesent word gedreig om hierdie stilte te behou. Speeltegnieke bied egter aan die pre-adolesent wat seksueel misbruik is 'n geleentheid om sy stem terug te kry in 'n veilige ruimte waar hy nie geoordeel word nie.

Virginia Axline beskryf die belangrikheid van 'n veilige en bekende omgewing vir kinders in die proses tot emosionele genesing, soos volg (vergelyk Schaefer & O'Connor, 1993:21):

The child begins to realize the power within himself to be an individual in his own right, to think for himself, to make his own decisions, to become psychologically more mature, and by so doing, to realize selfhood.

### **3.4.2.1 Die hulpverlener**

Kliënt-gesentreerde hulpverlening is gebaseer op die reflektiewe en empatiese terugvoer van die hulpverlener, wat die pre-adolesent wat seksueel misbruik is toelaat om op die vlak van sy eie hart te funksioneer - "wat in jou hart omgaan ... bepaal jou hele lewe" (Spr 4:23). Dit is belangrik om te besef dat die hulpverlener nie daar is om die pre-adolesent se aksies te interpreteer nie, maar om eerder empaties te reflekteer wat hy doen, sonder om enige advies te gee of rigting aan te dui. Die pre-adolesent kry deur die hulpverlener se terugvoer insig in sy eie proses

tot genesing (Frankel *et al*, 2012:208; Landreth, 2002:35; McMahon, 2009:53). Landreth (1993:3) beskryf die hulpverlener se begeleiding soos volg:

Whatever is important or necessary for children's growth already exists in children. The play therapist's role or responsibility is not to reshape children's lives or tell them to change in some predetermined way to fit the perceptual expectations of concerned adults. Change is already occurring.

Carl Rogers word gesien as die vader van kliënt-gesentreerde terapie, en hy het die fundamentele beginsels saamgestel (Landreth & Sweeney, 2009:123). Rogers het geglo dat elke persoon die vermoë besit om self sy probleme op te los. Die hulpverlener se rol is om ingestel te wees op die kind en te weerspieël wat die kind met sy projeksies en verhale vertel. Kinders onder die ouderdom van 11 jaar het nog nie die vermoë ontwikkel om ingewikkelde taal of abstrakte denke te bemeester nie (Landreth & Sweeney, 1993:351) en vind dit moeilik om inligting te verwerk en gevoelens, denke en gedrag te verbaliseer (Piers & Landau, 1980:33):

What emotionally sturdy children do naturally - master fears through imaginative playing - is often difficult or impossible for severely troubled children to accomplish. Their anxiety may be so great as to paralyze their imaginations and inhibit their capacity to play.

Die hulpverlener vermy dit om die pre-adolescent se gedrag te beoordeel of te kritiseer en probeer ten alle tye die pre-adolescent wat seksueel misbruik is se innerlike raamwerk te verstaan. Die hulpverlener vertrou dat die kind die hulpverlening of die proses sal neem in die rigting van die emosionele areas wat ondersoek moet word. Axline (1993:73; Landreth, 1993:3) het agt basiese beginsels opgestel wat benodig word om groei te bewerkstellig by 'n kind:

- Die hulpverlener stel regtig belang in die kind en ontwikkel 'n warm, omgee-verhouding met die kind.
- Die hulpverlener aanvaar die kind onvoorwaardelik en probeer nie om die kind op een of ander manier te verander, beïnvloed of verbeter nie.
- Die hulpverlener skep 'n atmosfeer van veiligheid in hul verhouding, sodat die kind veilig genoeg voel om dinge te verken en homself uit te druk.

- Die hulpverlener is altyd sensitief teenoor die kind se gevoelens en reflekteer daardie gevoelens sagkens terug na die kind, sodat die kind selfkennis kan ontwikkel.
- Die hulpverlener glo in die kind se vermoë om verantwoordelik op te tree en persoonlike probleme op te los en laat die kind ook toe om dit vir homself te doen.
- Die hulpverlener vertrou die kind om die leiding te neem in alle areas van die proses en vermy dit om die kind se spel of gesprekke te lei.
- Die hulpverlener verstaan dat die hulpverleningsproses soms tydsaam is en jaag dit nie aan nie.
- Die hulpverlener stel die nodige grense wat die kind sal help om persoonlike, asook gepaste, verantwoordelikheid te aanvaar.

Saam met die basiese beginsels bevestig die hulpverlener ook die volgende boodskappe deurgaans aan die kind (Landreth, 1993:4):

- Ek is hier vir jou: Niks gaan my aandag aftrek nie. Ek sal ten volle teenwoordig wees, fisies, geestelik en emosioneel. Ek is hier omdat ek vir jou omgee.
- Ek hoor jou: Ek luister ten volle na jou, met my ore en my oë. Ek wil alles van jou weet, dit wat jy my vertel en ook nie vertel nie.
- Ek verstaan jou: Die hulpverlener wil hê dat die kind weet hy/sy verstaan wat die kind kommunikeer, voel, beleef en uitspeel en hard daaraan werk om dit terug te reflekteer na die kind.
- Ek gee om vir jou: Ek gee regtig om vir jou en jy moet dit weet.

Die hulpverlener se rol, al is die hulpverlening nie-direk, is nie passief nie, maar verg voortdurende bewustheid, sensitiwiteit en permanente deelname aan wat die kind sê en doen. Dit is egter ook belangrik dat die hulpverlener nie emosioneel betrokke sal raak by die kind nie ( Axline, 1995:62-65).

Vanweë die navorser se ondervinding tydens die pastorale begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is, word daar voorgestel dat die nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering voordelig sal wees vir hierdie studie. Die kliënt-

gesentreerde benadering is nie bedreigend nie, die pas word deur die kind self aangegee, die kind fokus op gebeure wat op sý voorgrond is en hy ontdek genesing deur persoonlike en geestelike groei. Die navorser is van mening dat die pre-adolesent wat seksueel misbruik is, sal baat vind daarby om weer bemagtig te word in 'n pastorale, nie-direkte, kliënt-gesentreerde begeleidingsproses.

#### **3.4.2.2 Speeltegnieke in die nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering**

In hierdie afdeling word gefokus op speeltegnieke wat gebruik kan word in nie-direkte, kliënt-gesentreerde hulpverlening aan die pre-adolesent wat seksueel misbruik is. Binne die fokusveld van speeltegnieke is daar verskeie tegnieke en terminologie wat hulpverleners kan gebruik om die pre-adolesent te begelei. Dit is belangrik om te let daarop dat die hulpverleners wat hierdie pastorale inkleding van speeltegnieke gaan benut, alreeds die toepaslike professionele onderrig moes ontvang het in die gebruik van speeltegnieke. Kinders wat alreeds kwesbaar is mag onder geen omstandighede blootgestel word aan hulpverleners wat hulle moontlik nog verder gaan traumatiseer nie. Binne die speeltegnieke wat bespreek gaan word, is daar baie tegnieke en terminologie wat grens aan dié wat hoofsaaklik gebruik word binne *Gestalt* teorie. Om verwarring te voorkom, word die bekendste *Gestalt* begrippe kortliks beskryf om die proses te vergemaklik.

*Gestalt* teorie het die doelstelling dat die pre-adolesent so volledig moontlik homself sal wees en as 'n geïntegreerde geheel sal funksioneer in alle aspekte van sy menswees (vergelyk Carroll, 1997:184; Clarkson, 2013:17). Die *Gestalt* proses behels die geïntegreerde bewustheid van emosie, denke en gedrag. Denton (2010:57) beskryf *Gestalt* teorie as 'n

...eksistensiële, fenomenologiese en holistiese terapeutiese benadering wat die kind se bewustheid verhoog om organismiese selfregulering te bemeester in die hier-en-nou en hulle te lei om verantwoordelikheid te aanvaar vir keuses wat hulle maak in interaksie met hul omgewing.

Die volgende *Gestalt* teoretiese konsepte kan kortliks beskryf word:

- *Holisme* behels dat 'n mens inherent selfregulerend en groei-georiënteerd is en die mens se behoeftes kan nie verstaan word buite sy omgewing nie (Gorsini & Wedding, 2005:300).
- *Veldteorie* behels die realiteit van 'n persoon se verhouding tot die konteks waarin die persoon leef. Daar is in die persoon se huidige veld veranderlikes wat aanleiding gee tot die persoon gedrag en lewenservaring. 'n Persoon kan dus nie verstaan word sonder dat die veld, of die konteks waarbinne die persoon leef, ook verstaan word nie (Gorsini & Wedding, 2005:300).
- *Organismiese selfregulering* behels dat 'n persoon 'n natuurlike neiging het om homself te reguleer. Die individu identifiseer met sy sintuie, emosies, behoeftes en waardes sekere dinge in sy veld om sy behoeftes te bevredig (Blom, 2006:23). Die omgewing wek gedurig nuwe behoeftes, wat lei tot ongemak binne die persoon en die persoon moet voortdurend nuwe maniere vind om die spesifieke behoefte te bevredig - so vind groei tot selfregulering plaas (Blom, 2006:23).
- *Die terapeutiese verhouding* se primêre fokus is die oomblik-vir-oomblik proses wat binne die verhouding tussen die kliënt en hulpverlener plaasvind. Die ontwikkeling van die vermoë om 'n werklike verhouding te vorm, is die kern van die helingsproses en word beskryf as 'n verhouding wat gekenmerk word deur openlike dialoog (Clarkson, 2013:16).
- *Die hier-en-nou* verwys na die totale omgewingsveld van 'n persoon op enige gegewe oomblik en dit sluit in enige fantasieë en planne vir die toekoms, asook herinneringe en ervarings uit die verlede, wat herleef word in die *hier-en-nou* (Clarkson, 2013:24).
- *Verantwoordelikheid*. Elke persoon is verantwoordelik vir sy eie lewe, asook die besluite wat hy neem. Jy is ook vir jouself verantwoordelik binne die terapeutiese verhouding. (Clarkson, 2013:25).
- *Kontak* vind plaas wanneer die organisme (of persoon) sy omgewing gebruik om sy behoeftes te bevredig (Blom, 2006:29). Kontak is 'n integrale deel van alle ervarings, en daar kan geen ervaring wees sonder kontak nie.

- *Kontakgrens*. Die kind se omgewingsveld word gedifferensieer deur grense. Deur die grense beleef die kind wat deel is van homself en nie deel van homself is nie. Die kontakgrens verbind die kind aan ander mense, maar dit handhaaf ook 'n mate van skeiding (Blom, 2006:30).
- *Kontakgrensversteuring* ontstaan wanneer die kind nie meer in staat is daartoe om 'n balans tussen homself en die wêreld te handhaaf nie (Blom, 2006:31). Die grens tussen die self en die omgewing word dus onduidelik. Volgens Blom (2006:32-39) is daar sewe tipes kontakgrensversteurings wat kan voorkom:
  - *Introjeksie*: Introjeksie vind plaas wanneer daar geen kritiese aanvaarding van reëls is wat deur outoriteite geïmplementeer is of wanneer inhoud vanuit die kind se omgewing kritiekloos ingeneem word (Houston, 2003:21). Sosiale norme, reaksies, gedrag, inligting en idees sal deur die pre-adolesent aanvaar word sonder om dit te bevraagteken (Wilson, 2006:40). Die teenoorgestelde van introjeksie is assimilasië, wat beteken dat die pre-adolesent alle houdings, geloofsisteme, idees en gedrag van die mense om hom eers selektief en krities evalueer voordat hy dit sy eie maak (Denton, 2010:130).
  - *Projeksie*: Projeksie is die neiging om ongewenste of ongemaklike emosies op 'n ander persoon of objek oor te plaas (Geldard & Geldard, 2008:109). Die pre-adolesent kan of wil dus nie verantwoordelikheid neem vir sy eie emosies of gedrag nie (Wilson, 2006:40). Denton (2010:130) voer aan dat die kind dus "...iets of iemand buite hulself verantwoordelik hou en blameer vir hul emosies, gedrag en interpersoonlike verhoudinge". Projeksie kan in die hulpverleningsproses gebruik word om die pre-adolesent te help om besit te neem van sy projeksie (en dit wat deur die projeksie geïmpliseer word). Dit kan die pre-adolesent se selfbewustheid bevorder en kontak met die omgewing en organismiese selfregulering herstel (Blom, 2006:34).
  - *Samevloeiing*: Tydens samevloeiing is die skeiding tussen die pre-adolesent en ander mense onduidelik en die grense van die kind se self gaan verlore (Denton, 2010:132). Thomson en Rudolph (1996:142) beskryf samevloeiing soos volg: "...people may incorporate too much of themselves into others or

incorporate so much of the environment into themselves that they lose touch with where they are”.

Volgens Denton (2010:132) kan samevloeiing veroorsaak dat die pre-adolesent wat misbruik is byvoorbeeld soms “as ‘n ‘*pleaser*’ optree om almal tevrede te stel en om aan ander se verwagtinge te voldoen” .

- *Retrofleksie*: In Blom (2006:35) word retrofleksie soos volg beskryf: “When a person retroreflects behaviour, he does to himself what originally he did or tried to do to other persons or objects.”

Die pre-adolesent sal dus sy gevoelens en emosies wat uitwaarts gerig moet word, eerder na binne rig. Hy sal ook aan homself doen wat hy eintlik aan iemand anders wil doen. Retrofleksie kan tot verdere isolasie lei, omdat die kind nie sy gevoelens uitspreek nie “...en hulself straf deur hul gevoelens van skuld, skaamte, hartseer en ‘n minderwaardige selfkonsep” (Denton, 2010:132).

- *Desensitasie*: Desensitasie word beskryf as “...the process by which we numb ourselves to the sensations of our bodies” (Blom, 2006:37). Die pre-adolesent kan homself afsluit van enige sensoriese of liggaamlike ervarings. Die pre-adolesent wat byvoorbeeld vir jare lank aan fisiese geweld blootgestel is, voel die houe later nie meer nie. Die pre-adolesent wat misbruik is, sal homself desensiteer in ‘n poging om homself te beskerm teen verdere seer (Blom, 2006:38).
- *Defleksie*: Defleksie vind plaas deur nie gevoelens na vore te bring nie en direkte kontak met die omgewing te vermy. Die pre-adolesent wat misbruik is, kan sy gevoelens op ander deflekter. Die pre-adolesent sal byvoorbeeld sy emosies rondom die misbruik eerder deflekter as om dit te hanteer. Hierdie deflektering is die kind se poging om sy selfregulering in stand te hou en homself teen verdere emosionele pyn te beskerm (Denton, 2010:131).
- *Egotisme*: Volgens Denton (2010:134) sal die misbruikte kind “probeer om hul ervaring of situasie objektief en rasioneel te beheer sonder om subjektief en emosioneel daarby betrokke te wees”. Clarkson (2013:54) definieer egotisme soos volg: “Egotism in Gestalt is characterised by the individual stepping outside himself and becoming a spectator or a commentator on himself and his relationship with the environment”.

Die grens tussen die pre-adolescent en die omgewing word eensydig en hy is baie ingestel op homself. Egotisme maak dit vir die pre-adolescent wat misbruik is baie moeilik om spontaan te speel en deel te neem aan fantasie spel, omdat hy “vasgevang is in die objektiwiteit van introspeksie” (vergelyk Denton, 2010:134).

### **3.4.3 Speeltegnieke**

Die pre-adolescent wat seksueel misbruik is ondergaan onderbrekings in sy ontwikkeling en in sy siening van homself en die wêreld. Hierdie onderbreking kan lei tot emosionele en gedragsveranderinge wat indikatief is van sy pogings om die gebeurtenis te verwerk (Fouché & Yssel, 2015:241). Die pre-adolescent wat seksueel misbruik is, het gewoonlik sy wêreld as vol geheime, stilte en isolasie ervaar, en wanneer die oortreding aan die lig gebring word, is die pad na heling gewoonlik baie ingewikkeld. Die kind kom met teenstrydighede en angs na die hulpverlener toe en die meeste van die tyd kan hy nie daarvoor praat nie. Die beste wat hy kan doen is om daarvoor te teken en dit uit te speel. Die hulpverlener se taak is om voortdurend empaties te luister, die kind se gevoelens te bevestig en die konflik wat dit veroorsaak, te hanteer (Cattanach, 2008:128).

Die kind moet nie net sy onaangename herinneringe probeer verwerk nie, maar ook sy gevoelens van skaamte, verwarring, vrees en lae selfagting (Mash & Wolfe, 2005:433). Deur deel te neem aan spel kry die kind die geleentheid om sy spesifieke situasie te verken, sy persepsies van die trauma uit te druk en, op 'n manier wat pas by sy ouderdom, die herstel van die traumatiese ervaring aan te pak. Oaklander (1988:160) beskryf kinders se spel soos volg:

Play is the young child's form of improvisational dramatics. It is also more than that. Playing is how the child tries out his world and learns about his world, and it is therefore essential to his healthy development. For the child, play is serious, purposeful business ... it is the child's form of self-therapy, through which confusions, anxieties and conflicts are often worked through.

Wat in gedagte gehou kan word tydens voorbereiding op hulpverlening aan pre-adolescente wat seksueel misbruik is, is Finkelhor en Brown (1986:187) se

“*Traumagenic factor*” model, wat vier algemene eienskappe identifiseer van die ervaring van seksuele misbruik:

- *Verraad.* Die mislukking van die versorger, die aandrang op geheimhouding, aggressiewe gedrag en wantroue vir die mense naby aan die kind, wek 'n ervaring van verraad.
- *Stigmatisering.* Stigmatisering behels skuld en skaamte wat die kind op homself neem en deur ander op hom geplaas word. Dit kan lei tot 'n swak selfbeeld, pogings om altyd ander tevrede te hou en self-destruktiewe gedrag.
- *Traumatiese seksualisering.* Traumatiese seksualisering verwys na die opwekking en verwarring wat tydens die stimulering van die kind wat seksueel misbruik is ontstaan, wat bó sy fisiese en emosionele ontwikkeling is. Dit kan lei tot reaktiewe gedrag, die vermyding van verhoudings met die teenoor-gestelde geslag en verwarring oor seks en liefde.
- *Magteloosheid.* Die magtelose gevoel dat die kind wat seksueel misbruik is nie in beheer is van wat aangaan nie, kan lei tot nagmerries, psigosomatiese simptome, eet- en slaapversteurings en aggressiewe gedrag.

Al die bogenoemde faktore verander die kind se kognitiewe en emosionele oriëntasie teenoor die wêreld, wat weer hul self-konsep, wêreldbeskouing en affektiewe vermoëns verdraai (Fouché & Yssel, 2015:246).

### **3.4.3.1 Bruikbare speeltegnieke in die hulpverlening aan kinders**

Die volgende speeltegnieke word beskryf binne die Schoeman model (Schoeman, 2006ii:7). Die Schoeman model is gebaseer op die *Gestalt* terapieproses. Die doel van die model is om 'n raamwerk te gee waarbinne die hulpverlener kan werk. Volgens Schoeman moet die onderstaande punte aangespreek word tydens die kontakssessie en begeleidingsproses om sodoende effektief te wees (Schoeman & Van der Merwe, 1996:118). Die model is nie veronderstel om meganies nagevolg te word nie; dit is 'n vloeiende gebeurtenis. Die model kan in die volgende fases verdeel word:

- Fase 1: Die ontwikkeling van 'n terapeutiese (vertrouens-) verhouding

- Fase 2: Sensoriese modaliteite
- Fase 3: Die kind se proses
- Fase 4: Projeksie
- Fase 5: Alternatiewe
- Fase 6: Uitklaring
- Fase 7: Bemagtiging
- Fase 8: Evaluering
- Fase 9: Self-vertroeteling

#### **3.4.3.1.1 Fase 1: Die ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding**

Gedurende hulpverlening is die fokus vir die eerste paar sessies hoofsaaklik gerig op die vestiging van 'n vertrouensverhouding tussen die kind en die hulpverlener. Hierdie vertrouensverhouding word beskou as die mees fundamentele aspek van die hulpverleningsproses. Die ontwikkeling van hierdie verhouding en die vermoë van die kind om kontak te maak, is voorvereistes vir verdere hulpverlening (Blom, 2006:54).

Die vertrouensverhouding tussen die kind en hulpverlener is belangrik om die kind se diepste gevoelens, vrese en frustrasies te ontsluit en hulle in 'n veilige ruimte te ontmoet. Die kind se behoeftes word hoofsaaklik bevredig deur hierdie vertrouensverhouding (Schoeman & Van der Merwe, 1996:4). Verskeie tegnieke of aktiwiteite kan gedoen word om hierdie verhouding te vestig, byvoorbeeld legkaart bou en speletjies speel waar die kind bemeestering kan ervaar. Ander tegnieke behels:

- **Diere kaarte (*Animal cards*)**

Maak kaartjies waarop verskeie diere geplak is. Die volgende vrae kan op die kaartjies geskryf word en vir elke vraag wat beantwoord word, kry die kind en die hulpverlener onderskeidelik 'n punt (Blom, 2006:71):

- As jy drie wense gehad het, wat sou jy wou hê moet gebeur?
- Wat is die stoutste ding wat jy al gedoen het?
- Wat maak jou bang?

- Wat is die gelukkigste ding wat al ooit met jou gebeur het?
- As jy toegelaat word om op te hou skool gaan, sal jy? Wat is vir jou die slegste en die lekkerste van skool?
- Wat sal jy doen as jou hele familie jou verjaardag vergeet?
- As jy jou ouers raad kan gee oor hoe om beter ouers te wees, wat sal jy vir hulle sê?
- Wie is jou beste vriend?
- Wat maak jou die kwaadste?
- Wat dink jy maak van jou 'n goeie maatjie?
- As jy deurskynend/onsigbaar kon wees vir een dag, wat sou jy doen?

- **Familie vrae**

Hierdie is 'n speeltegniek om die kind te leer ken, asook sy familie (Blom, 2006:77). Maak kaartjies met die volgende vrae op:

Wie in jou familie:

- lees die meeste?
- hou die meeste van diere?
- maak jou gelukkig as jy hartseer is?
- gee jou die grootste drukkies?
- staan eerste op in die oggende?
- kyk die meeste TV?
- se kamer is die netjiesste?
- maak jou bang?
- leer jou om na jouself te kyk?
- baklei met jou?
- straf jou?
- gee vir jou sakgeld?

- laat jou lag?
- speel met jou?
- help jou met jou huiswerk?
- luister na jou?

#### **3.4.3.1.2 Fase 2: Sensoriese modaliteite**

Die pre-adolescent se sintuie beïnvloed hoe hy die wêreld ervaar (Schoeman & Van der Merwe, 1996:41). Die gesonde, ononderbroke ontwikkeling van 'n kind se sintuie, liggaam, gevoelens en intellek vorm die grondslag van die kind se sin vir die Self. 'n Sterk sin vir die Self sal die kind in staat stel om goeie kontak met sy omgewing en persone in sy omgewing te maak (Oaklander, 1988:57). Sensoriese kontakmaking is 'n voorvereiste vir die kind om emosioneel kontak met homself te maak (Blom, 2006:92). Die hulpverlener kan die kind aan uitdagings blootstel wat sy sig-, smaak-, reuk-, tas- en smaaksintuie insluit. Die kind kan tydens die hulpverlening vingerverf doen of met klei speel, verskillende dinge proe, ruik, en voel en sê waarvan hy hou of nie hou nie.

#### **3.4.3.1.3 Fase 3: Die kind se proses**

Proses verwys hier na die wyse waarop die pre-adolescent homself aan die wêreld voorstel en die manier waarop hy sy behoeftes bevredig (Blom, 2006:83). Wanneer die kind se proses beoordeel word, is dit belangrik dat die unieke temperament en karakter of persoonlikheid van die kind in ag geneem sal word (Blom, 2006:79). Volgens Schoeman (2006i:40) kan 'n kind se proses geïdentifiseer word deur die wyse waarop hy sy probleme in die lewe probeer oplos. Dit behels:

- Die patrone wat die kind gebruik om die probleem te benader.
- Hoe die kind sy take voltooi.
- Die emosies wat betrokke is.
- Mense wat die kind betrek in sy probleemoplossing.
- Doel oriëntasie.

- Ander faktore, soos bekendheid met die situasie.
- Gewilligheid om kontak te maak met die persoon met wie hy kommunikeer.
- Sy sensoriese bewustheid.
- Sy emosionele gevoelens in hierdie stadium.
- Sy voorgrond-behoefte (moegheid, honger ens.).
- Sy energievlak.
- Sy verhouding met die hulpverlener.

Die redes hoekom dit belangrik is dat die kind se proses in ag geneem moet word, is om die hulpverlener in staat te stel om (Schoeman, 2006i:41):

- Die kind op sy vlak te ontmoet;
- die kind te bemagtig;
- die kind die geleentheid te gee om te voel hy is in beheer;
- die kind die kans te gee om verantwoordelikheid te neem; en
- die kind te laat voel dat die hulpverlener en kind kongruent met mekaar is.

#### **3.4.3.1.4 Fase 4: Projeksie en fantasie spel**

Die pre-adolesent beweeg nie altyd outomaties vanaf die vorige fase na die verbalisering van emosies nie. Gevolglik kan projeksietegnieke gebruik word as 'n forum vir die uitdrukking van emosies. Clark en Fraser (soos aangehaal in Schoeman, 2006ii:36) beskryf projeksie as “imagining that our own (unwanted) feelings belong to someone else”. Projeksietegnieke soos sand, fantasieë, stories, poppespel en tekeninge help kinders om hul emosie te projekteer op iets anders, besit te neem van hierdie projekties en hul emosies sodoende uit te druk.

- Fantasie vorm 'n sentrale deel van kinders se ontwikkeling en help hulle om bewus te word van hul emosie in die hier-en-nou. Fantasie spel word bevorder wanneer ontspanningsoefeninge gedoen word voor die ervaring (Schoeman & Van der Merwe, 1996:63).

- Projeksie word in die *Gestalt* teorie gesien as 'n kontakgrensversteuring, waar die omgewing verantwoordelik gehou word vir dit wat in die self gebeur (Blom, 2006:128). 'n Kontakgrensversteuring ontstaan wanneer die kind nie in staat is om 'n balans te handhaaf tussen homself en die wêreld nie (Blom, 2006:31). Die grens tussen die self en die omgewing word onduidelik of vernietig, wat beide die kind se kontak en bewustheid beïnvloed. Oorkant noem die volgende in terme van kontakgrensversteurings (Blom, 2006:31):

The child, in his quest for survival, will inhibit, block, repress, and restrict various aspects of the organism: the senses, the body, the emotions, the intellect. These restrictions become contact boundary disturbances and cause interruptions of the natural, healthy process of organismic self-regulation.

Die volgende kontakgrensversteurings word deur Woldt en Toman (2005:160) geïdentifiseer: Desensitasie, introjeksie, projeksie, retrofleksie, defleksie, egotisme en samevloeiing. Projeksie help die kind beseft wat hom ongelukkig maak, en dit fasiliteer ook self-groei in die kind, deurdat hy stellings maak oor homself deur middel van die projeksies. Projeksie help die kind ook om onvoltooide sake te voltooi en gevolglik die trauma in sy lewe te verwerk (Blom, 2006:129).

Bekende speeltegnieke soos die roosboomtegniek, monstertegniek, leë stoel en droomwerk word vervolgens bespreek.

- *Roosboomtegniek*: Hierdie tegniek kan die pre-adolesent help om bewus te word van sy gevoelens in die hede (Blom, 2006:219). Die hulpverlener vra die kind om sy oë toe te maak en hom te verbeel dat hy 'n roosboom is. Die volgende stellings word aan die kind gemaak (Blom, 2006:74):
  - Watter tipe roosboom is jy – sterk of swak?
  - Hoe lyk jou wortelstelsel – is dit diep of vlak? Miskien het jy nie 'n wortelstelsel nie?
  - Het jy enige blomme aan jou boom? Baie, min? Is dit rose?
  - Watter kleur is jou blomme?
  - Hoeveel dorings het jy – baie of min?

- Hoe lyk jou blare?
- Hoe lyk die omgewing om jou?
- Waar staan jou roosboom – in 'n tuin, in die stad, die woestyn, in die see?
- Wat is rondom jou? Is daar ander bome om jou of staan jy alleen?
- Is daar enige mense of diere rondom jou?
- Lyk jy soos 'n roosboom?
- Is daar dalk iets soos 'n heining rondom jou?
- Hoe voel dit om soos 'n roosboom te wees?
- Hoe oorleef jy – wie kyk na jou?
- Hoe is die weer rondom jou?

Die hulpverlener vra die pre-adolescent om die roosboom te teken en dit te beskryf, in die teenswoordige tyd, asof hy die roosboom is. Die beskrywings word neergeskryf en aan die kind teruggelees. Die kind word dan gevra of die beskrywing pas by sy lewensituasie op die oomblik. So word die kind 'n kans gegee om sy projeksie te eien. Die hulpverlener kan ook fokus op die polariteite wat in die kind se beskrywing voorkom.

- *Droomwerk*: Drome kan gesien word as 'n voorbeeld van die pre-adolescent se sekondêre wêreld en behels aspekte wat slegs bestaan in fantasieë. Droomwerk kan beskou word as 'n vorm van fantasie en projeksie (Blom, 2006:143) wat vanuit 'n *Gestalt* oogpunt ongeïntegreerde en onvoltooide dele van die persoonlikheid verteenwoordig. Oaklander (soos aangehaal in Schoeman & Van der Merwe, 1996:70) voel baie sterk oor die belangrikheid van drome:

...the dream is an existential message. It is more than an unfinished wish, it is more than a prophecy. It is a message from yourself to yourself, to whatever part of you is listening. The dream is possibly the most spontaneous expression of the human being, a piece of art that we chisel out of our lives. And every part, every situation in the dream is a creation of the dreamer himself.

Drome word nie deur die hulpverlener uitgelê of geïnterpreteer nie, maar die hulpverlener help eerder die kind om die droom of fantasie in die hede te beleef

en sodoende die gefragmenteerde dele van die persoonlikheid te integreer (Yontef, 1993:80). Drome het verskeie funksies in die lewe van kinders (Blom, 2006:143):

- Dit kan hul vrese en bekommernisse uitdruk.
- Dit kan dien as simbole van emosies wat die kind nie uitdruk nie.
- Dit kan 'n indikasie wees van hul wense, behoeftes en fantasieë.

Oaklander poneer dat die volgende vrae aan die pre-adolescent gestel kan word wanneer drome of fantasie benut word as speeltegniek (vergelyk Blom, 2006:144):

- Vra die kind om die droom oor te vertel in die hede.
  - Vra die kind om verskillende dele van die droom uit te speel. Die kind moet praat soos die verskillende dele.
  - Vra die kind om 'n ander einde vir die droom voor te stel.
  - Vra die kind watter betekenis die droom kan hê.
- *Monster tegniek:* Tydens die hulpverlening aan 'n pre-adolescent wat seksueel misbruik is, kan die hulpverlener aan die kind vra om 'n monster in sy lewe te identifiseer. Die hulpverlener kan ook prentjies van monsters wys sodat die kind 'n idee kan kry van hoe monsters lyk. Die kind kan gevra word om die monster te teken of uit klei te maak. Die volgende vrae kan oor die monster gevra word (Blom, 2006:153; Schoeman & Van der Merwe, 1996:69):
    - Vir hoe lank bestaan hierdie monster al?
    - Weet ander mense van hierdie monster?
    - Is daar iets van die monster wat jou bang maak?
    - Wil jy graag hierdie monster in jou lewe hê?
    - Kan jy vir die monster 'n naam gee?
    - Hoe oud was jy toe die monster die eerste keer verskyn het?
    - Vra die kind om die monster in 'n leë stoel te plaas en met die monster te praat.

- *Leë-stoel tegniek*: Die leë-stoel tegniek kan gebruik word om beide die polariteite (beide kante van die persoonlikheid) terselfdertyd na vore te bring en uit te speel deur die polariteite te konfronteer en sodoende die splitsing op te los (Schoeman, 2006i:55). Die pre-adolesent sit in die “warm stoel” en kyk na die “leë stoel” oorkant hom, terwyl hy in sy verbeelding die persoon vir wie hy kwaad is in die leë stoel plaas en met hom/haar praat.

Die rol van die hulpverlener is om die kind te begelei om sy emosie los te laat, sonder dat die proses doelgeoriënteerd is. Dit is egter belangrik dat die kind reeds besit moes geneem het van sy emosies en dit as sy eie geïdentifiseer het, anders sal die hulpverlener weerstand ontlok en kan die tegniek misluk (Blom, 2006:145-147). Schoeman (1996:176-178) identifiseer drie stadiums tydens die benutting van die leë-stoel tegniek:

- In die **eerste stadium** word beide kante van die konflik na vore gebring en praat die slagoffer (die kind) en die oortreder (denkbeeldig) met mekaar. Die doel is dat die kind bewus moet word van beide kante (die kind se kant en die oortreder se kant) en dat hy in kontak kom met sy eie emosies.
- In die **tweede stadium** word die konflik tussen die twee kante geïntensiveer en volgens Schoeman (1996:177) moet drie stappe plaasvind:
  - a) Duidelike onenigheid tussen die twee kante;
  - b) dialoog; en
  - c) resoluëie.

Tradisioneel beeld die leë-stoel tegniek die stryd tussen die “*topdog*” en “*underdog*” uit. Dit behels ‘n gesprek tussen die baasspelende deel van persoonlikheid (dit wat jy moét doen) en die plesiersoekende deel (dit wat ek wil doen). Volgens Naranjo (2000:107) verteenwoordig die “*topdog*”:

- daardie deel van die persoonlikheid wat voortdurend kommentaar lewer oor die kind se lewe, sy gedrag en gevoelens. Die kritiek kan soms selfs wreed wees, byvoorbeeld: “Jy is lelik, wie sal met jou wil vriende wees?”.
- alle reëls en regulasies van die lewe wat kinders en volwassenes as introjekte inneem (sonder om dit eers krities te ondersoek).

- 'n ouer of gesagsfiguur wat gewoonlik 'n eisende houding inneem en ander veroordeel.
- die dinge wat jy “moet” doen.

Volgens Naranjo (2000:107) verwys die “*underdog*” weer na daardie deel van die persoonlikheid wat:

- oënskynlik die slagoffer of die onderdrukte persoonlikheid is.
- soms die klein-kind deel van die persoonlikheid behels wat deur die “*topdog*” gedomineer word. Dit kan die kind met 'n ervaring van kritiek, ontoereikendheid, skuld en skaamte laat.
- die dinge is wat jy “wil” doen.

Die “*topdog*” sit dus in die ander stoel gedurende die leë-stoel tegniek. Die einde van fase twee word bereik wanneer die kind die opponerende rol laat vaar en na die ander stoel begin luister. Dit is baie belangrik dat die konflik nie weggeredeneer word nie en dat dit, ten spyte van die pynlikheid daarvan, enduit gevoer word omdat dit die pre-adolescent kan begelei om selfregulerend op te tree. Wanneer die kind leer om konflik te hanteer, ervaar hy integrasie en eenheid van sy sisteme wat op die opgeloste konfliksituasie volg.

- In die **derde stadium** kom die onderliggende behoeftes van die pre-adolescent na vore. Aggressie bedek dikwels 'n diepliggende, onvervulde behoefte en die kind moet die geleentheid gegun word om veilig te voel en homself te versorg. Vir 'n jong kind kan daar byvoorbeeld 'n teddiebeer gegee word om vas te hou, en vir 'n ouer kind 'n kussing. Gedurende die verloop van die derde stadium kan die proses as voltooi beskou word (Blom, 2006:147).

#### 3.4.3.1.5 Fase 5: Alternatiewe

Die hulpverlener moet na aanleiding van die pre-adolescent se proses alternatiewe oplossings met hom bespreek. Dit moet gedoen word ten opsigte van die verlede, die hede en die toekoms. Dit is nie die hulpverlener se taak om advies te gee nie, maar om die pre-adolescent te lei om sy eie alternatiewe en oplossings vir die

probleem te verkry. Deur die gebruik van polariteite kan die kind aan moontlike alternatiewe tot die probleme dink. Die hulpverlener moet dit vir die pre-adolescent moontlik maak om te beseef dat polariteite, soos liefde en woede, wel tegelykertyd kan bestaan en aanvaarbaar is (Schoeman & Van der Merwe, 1996:35). Die gekose alternatief wat die pre-adolescent kies, kan inge oefen word deur rolspel of die leëstoel tegniek.

#### **3.4.3.1.6 Fase 6: Uitklaring**

Uitklaring is 'n belangrike deel van die hulpverleningsproses aan die pre-adolescent, aangesien dit die kind toelaat om 'n mate van sekuriteit te bereik. Die hulpverlener behoort op 'n konkrete wyse die kind se omstandighede uit te klaar en saam te vat, sodat die kind sal verstaan en nie skuldig sal voel oor sy eie emosies nie. Soms raak die probleem vir die kind duideliker wanneer dit deur iemand anders, soos die hulpverlener, ge verbaliseer en ge ventileer word (Schoeman, 2006ii:46).

#### **3.4.3.1.7 Fase 7: Bemagtiging**

Gedurende hierdie fase verseker en bemagtig die hulpverlener die pre-adolescent ten opsigte van sy aandeel in die begeleidingsproses (Schoeman, 2006ii:46). Die kind se kennis dat hy verantwoordelikheid geneem het vir sy eie keuses help hom om 'n gevoel van beheer te verkry. Die hulpverlener kan 'n eienskap van die kind gebruik om die kind te bemagtig, of iets fisies. Dit kan enigiets wees (bv. mooi hare), solank dit waar is (Schoeman, 2006ii:46).

#### **3.4.3.1.8 Fase 8: Evaluering**

Evaluering is belangrik ten einde die pre-adolescent te help om te verstaan wat hy bereik het tydens die hulpverleningsproses en wat hy nog graag wil bereik. Dit is belangrik dat die pre-adolescent ten volle betrokke is by hierdie evalueringsproses (Schoeman, 2006ii:47).

#### **3.4.3.1.9 Fase 9: Selfvertroeteling**

Self-vertroeteling beteken dat die pre-adolessente moet leer om daardie dele van homself wat hy blameer vir die trauma te aanvaar ten einde integrasie te bereik (Schoeman, 2006ii:47). Kinders moet hulself aanvaar en versorg ten einde hul beheer te behou. Die pre-adolessent moet homself kan vergewe en moet bewus wees van die polariteite in sy lewe - die goeie en die slegte. Die pre-adolessent moet die self-vertroetelende dele van homself aanvaar ten einde integrasie van die Self te ervaar. Self-vertroeteling help die pre-adolessent om polariteite binne homself te integreer en om die deel in homself wat hy blameer vir die trauma te vertroetel en om homself te vergewe (Blom, 2006:152). Die bogenoemde “monster-tegniek” kan gebruik word om self-vertroeteling te bevorder. Die pre-adolessent kan ‘n lys maak van lekker dinge wat die hy vir homself kan doen en hy kan gemotiveer word om een ding elke dag te doen en tydens die volgende hulpverleningsessie daarvan te vertel. Die kind kan ook gehelp word om ‘n self-vertroeteling collage te maak met prentjies van lekker dinge wat hy vir homself kan doen (Blom, 2006:154).

### **3.5 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is gekyk na die verskillende vorme van seksuele misbruik, asook die invloed wat dit op die normale ontwikkeling van die pre-adolessent het. Dit is duidelik vanuit die literatuur dat seksuele misbruik skade op verskeie vlakke aanrig in die pre-adolessent se lewe: emosioneel, fisies, geestelik en sosiaal (Grobler, 2005:96).

Hulpverlening aan die pre-adolessent wat seksueel misbruik is, is slegs moontlik indien die hulpverlener oor deeglike kennis beskik van die pre-adolessent se normale ontwikkelingsfases en hoe seksuele misbruik hulle kan beïnvloed. Enige vorm van hulpverlening moet aansluit by die kind se ontwikkelingsvlak en sy leefwêreld. Daar is ook gekyk na die nie-direkte, kliënt-gesentreerde hulpverleningsproses. Aangesien seksuele misbruik elke kind verskillend beïnvloed, is daar nie een perfekte patroon vir hulpverlening nie en is die speeltegnieke wat in hierdie hoofstuk bespreek is slegs riglyne vir die hulpverleningsproses. Binne die nie-direkte hulpverleningsproses bly dit belangrik dat die pre-adolessent die leiding neem vir dit wat in die hulpverlening plaasvind. Daar kan verskillende opsies aan die

kind gegee word en die keuse lê deur die hele sessie by die kind oor wat gedoen kan word. Die pastorale inkleding van die speeltegnieke sal in Hoofstuk 5 verder verduidelik word.


## Hoofstuk 4:

### Skriftuurlike en teologiese perspektiewe vir die pastorale begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is.

#### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die normatiewe taak van die hermeneutiese sirkel, soos uiteengesit deur Osmer (2008:10-11), beskryf. Osmer (2008:4) beskryf die normatiewe taak soos volg: "Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our response, and learning from good practice." Aansluitend by Osmer (2008:4) se normatiewe vraag, "*What ought to be going on?*", beantwoord die navorser die volgende navorsingsvraag in hierdie hoofstuk:

- Watter normatiewe perspektiewe bied die Skrif en teologiese perspektiewe waaruit speeltegnieke saamgestel kan word om op 'n eiesoortige, Skrifge-fundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei na genesing?



Figuur 4.1: Normatiewe taak (Osmer, 2008:11)

Drie benaderings kan binne die normatiewe taak gevolg word:

- Die eerste benadering binne die normatiewe taak behels *profetiese onderskeiding* om na die Woord te luister en dit te interpreteer om sodoende spesifieke situasies, gebeure en besluite aan te spreek (Osmer, 2008:135). Die hulpverlener behoort ten alle tye alle nuwe kennis te toets aan die hand van Skriftuurlike en teologiese perspektiewe. Osmer (2008:137) beskryf hierdie geloofsonderskeiding soos volg: “Discernment is the activity of seeking God’s guidance amid the circumstances, events and decisions of life”. Die wil van God word dus onderskei binne die huidige werklikheid (Smith, 2010:5). Osmer (2008:137) wys daarop dat alle teorieë feilbaar kan wees en dikwels in die toekoms ondersoek en heroorweeg behoort te word. Dit behels dat alle inligting en waarhede voortdurend ondersoek en heroorweeg moet word en dat daar voortdurend gesoek word na God se leiding te midde van sekere lewensomstandighede, -gebeure en -besluite (Marx, 2014:98). Smith (2014:132) verduidelik dat hier “...word gebruik gemaak van ‘n omvangryke teologiese perspektief oor God asook menslike optredes wat tot ‘n gefokusde vorm van interpretasie lei”.
- Die tweede benadering binne die normatiewe taak behels *die etiese besinning*. Binne hierdie benadering word daar gekyk na etiese norme, beginsels, reëls en riglyne wat die mens se keuses en gedrag tydens gebeure rig (Smith, 2014:132). Osmer (2008:152) stel dit soos volg:

General principles like equal regard and more concrete guidelines and rules orient leaders to the moral issues at stake in episodes, situations, and contexts.
- Derdens word daar binne die normatiewe taak gefokus op die *goeie praktyk*. Hier word normatiewe riglyne voorsien om modelle vanuit die verlede of die hede te gebruik, om sodoende positiewe verandering te bewerkstellig of om nuwe begrippe van God, die Christelike lewe en sosiale waardes te skep (Osmer 2008:152). Die waarneem en bestudeer van ander modelle van goeie praktyke lei daartoe dat mense begin sien dat hulle ook dinge anders kan begin doen (Osmer, 2008:152). Smith (2010:111-112; 2014:132) stem saam met Osmer in sy evaluering, dat ‘n geïntegreerde model van teologiese interpretasie gebruik moet

word in plaas daarvan om net op 'n enkele, gespesialiseerde subdissipline te fokus.

Die normatiewe taak in hierdie hoofstuk fokus op Skriftuurlike en teologiese perspektiewe om pastorale riglyne saam te stel vir die benutting van speeltegnieke in die pastorale begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is na genesing.

- Daar sal 'n aantal Skrifgedeeltes geïdentifiseer word wat van toepassing is op die tema om sekere algemene Skriftuurlike beginsels te identifiseer. Eksegese is gedoen volgens die grammaties-historiese metode ( Janse van Rensburg *et al*, 2011:16).
- 'n Literatuurstudie is ook gedoen van pastorale perspektiewe om riglyne saam te stel vir die benutting van speeltegnieke in die pastorale begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is na genesing.

## **4.2 SKRIFTUURLIKE EN TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE**

Bybelverhale is deur die eeue van geslag tot geslag oorgedra. Moore (2004:63) beskryf die nut van Bybelse narratiewe soos volg:

Die oordrag van Bybelse verhale aan kinders lei tot die internalisering van Christelike waardes en norme. Dit is daarom nie vir Christene vreemd om uit 'n Bybelse perspektief aansluiting by die verrekening van die geestelike dimensie te vind nie.

Vir die doel van hierdie studie gaan die navorser kyk na spesifieke Bybelse narratiewe wat binne die konteks van seksuele misbruik aangewend kan word om die pre-adolessent te begelei na genesing. Hierdie Skrifgedeeltes kan gebruik word om hulle te help verstaan hoe God se onfeilbare liefde ook vir hulle geld.

### **4.2.1 Seksuele misbruik binne die konteks van Rigters 19:1-30**

Daar is 'n verhaal in die Bybel wat die situasie van seksuele misbruik goed saamvat en beskryf. Dit kan gelees word in Rigters 19:1-30. Langberg (1999:9) beskryf dit in haar boek soos volg:

Hierdie verhaal vind plaas tussen die Israeliete, na Joshua se dood en voor hulle hul eie konings gehad het. Die Israeliete is beheer deur Rigters, maar tussen die tyd wat een rigter dood is en die volgende een aangestel is, het niemand regeer nie. Die uitkoms was chaos en wetteloosheid. Dit was tydens hierdie periode wat hierdie verhaal plaasvind.

Hierdie verhaal vind plaas binne die grense van die stam Benjamin. Hierdie is die stam wat Moses geseën het toe hy gesê het: “Wie deur die Here bemin word, is veilig by Hom, skuil altyd by Hom en leef onder sy beskerming” (Deut 33:12). Dis ironies dat hierdie mishandeling plaasvind binne die stam wat sekuriteit en skuiling gevind het by God self. Die plek wat veronderstel was om veiligheid en sekuriteit te bied, word ‘n plek van mishandeling en dood.

‘n Leviet, ‘n man vanuit die stam van priesters, het vir hom ‘n byvrou geneem. Dit beteken hy het by haar gebly asof dit sy vrou was, sonder om met haar te trou. Sy het al die pligte gehad van ‘n getroude vrou maar niks van die voorregte nie. Op ‘n stadium was hierdie vrou ontrou aan haar Leviet man en sy het hom gelos en teruggekeer na haar vader se huis. Vier maande later besluit die man om haar te gaan haal en terug te bring na hom toe. Die twee van hulle het ‘n paar dae by haar pa gebly totdat die man besluit het dis tyd om huis toe te gaan. Dit was al donker teen die tyd wat hulle by die dorpie Jebus gekom het. Die man wou egter nie daar bly nie want hy’t gevoel dis onveilig. Hulle het aanbeweeg totdat hulle by die Benjaminitiese dorp, Gibeah, aangekom het.

Daar het ‘n ou man vir hulle blyplek vir die nag aangebied. Nadat hulle klaar geëet het, het ‘n paar mans van die dorp skielik aan die deur begin slaan. Hulle wou seks hê met die Leviet. Die ou man het gevoel dis nie reg om sy gas, die Leviet, aan die mans te oorhandig nie, en het sy maagdelike dogter en die Leviet se byvrou vir hulle aangebied. Toe die mans nie ophou met hulle geraas en geskree nie, gryp die Leviet sy byvrou en stamp haar by die deur uit. Die mans uit die stam van Benjamin het haar die hele nag deur verkrag en aangerand. Teen sonsopkoms, toe hulle haar laat gaan, het sy haarself terug gesleep na die huis toe. Sy het dit gemaak tot by die drumpel van die deur en daar het sy gesterf. Toe die Leviet die volgende oggend die deur van die huis oopmaak en die vrou daar sien lê, was sy enigste woorde “Wel, kom ons moet gaan...”.

#### **4.2.1.1 Agtergrond van die boek**

Die boek Rigters beskryf bepaalde neigings van die mens soos wat hulle deur die eeue opgetree het. Dit gaan oor die mens wat keer op keer wegdraai van God af en die gevolge daarvan. Dit gaan oor uitbuiting, manipulasie, dwaashede en boosheid, en die gevolge van veral die Kanaänitiese invloed op Israel se sedes (Bybellennium,

1999:258, Van der Waal, 1999:10). Die boek Rigters beskryf eintlik die mens van gister en van vandag. Hierdie boek gee die leser ook 'n nuwe perspektief op God; dat Hy nie 'n straffende Despoot is nie, maar 'n geduldige, liefdevolle Vader (Bybellennium, 1999:258). Hy loop 'n lang pad saam met sy hardkoppige kinders en is vinnig om te vergewe wanneer hulle opreg jammer is. Hy bly by sy beloftes en Hy het 'n sagte plek vir mense wat deur ander misgekyk en ontken word. God gebruik die mens ten spyte van sy ongehoorsaamheid en opstandigheid, maar Hy duld wel geen dubbele lojaliteit nie (Bybellennium, 1999:259).

Die boek Rigters het in verskillende fases ontwikkel en is saamgestel uit onafhanklike verhale wat oor verskillende individue handel (Bybellennium, 1999:259; Trent, 2009:410). Mondelinge verhale oor individuele Rigters is oor 'n tydperk op skrif gestel, waarskynlik gedurende die vroeë koningstyd in die tiende eeu vC, deur 'n onbekende skrywer (Verklarende Bybel, 1989:259). Tydens die tiende en sewende eeu vC is verskeie van die verhale tot 'n versameling verwerk en saamgevoeg en gedurende die sesde eeu vC tot 'n verdere eenheid verwerk. Dit is ook gedurende hierdie tyd dat die Deuteronomistiese inkleding van die ou verhale plaasgevind het: "Dit beteken dat die verhale in die lig van latere gebeurtenisse en besinnings oor die God-volk-verhouding opnuut geïnterpreteer is" (Bybellennium, 1999:260).

Die finale afronding van die boek het in die laat sesde eeu vC gevolg, met sekere toevoegings oor die oorsig van die inname van die land en moontlik ook die verhale oor Dan en Benjamin. Die finale samestellers van die boek Rigters het baie ou, bestaande verhale, asook nuut geïnterpreteerde stof, gebruik, wat Rigters seker een van die oudste skriftelike gedeeltes in die Bybel maak (Bybellennium, 1991:260; Verklarende Bybel, 1989:259).

#### **4.2.1.2 Hooftemas van die boek**

Volgens die Bybellennium (1999:262), Verklarende Bybel (1989:259) en Soggin (1981:220) is die hooftemas van die boek Rigters die volgende:

- Die gawes van die land was beskikbaar aan die volk, mits hulle nie verhoudings met die ander nasies bou nie. Die grootste gedeelte van die boek handel oor die

volk se eie belang en ongehoorsaamheid, wat veroorsaak dat hulle hul grond mettertyd verloor.

- Die genade van God bly onwrikbaar, selfs ten spyte van die volk se herhaaldelike provokasie. Die boek bevestig dat God nie net 'n oordelende, straffende God is nie. Hy is die "barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou" (Eks 34:6).
- Sonde en genade bly 'n herhalende patroon in die boek. Die boek praat herhalend van vrede en voorspoed-sonde-oordeel-terugkeer na God-verlossing-vrede-en-voorspoed. Die gebeurtenisse gedurende die Rigtertyd is 'n sprekende voorbeeld van herhaalde menslike ontrouheid en ongehoorsaamheid, maar ook van God se volgehoue trou en geduld.
- Die Here gebruik ook die geringste persoon om sy wil te bevorder. God gebruik persone wat ander mense dalk sou ignoreer, afskryf, of as onbevoeg beskou, want op dié manier kom die grootheid van God op sy beste na vore.
- Die boek skets die nodigheid van koningskap, maar ook die gevare wat dit kan inhou (McCann, 2002:126).
- God kan nie deur mense gemanipuleer word nie.
- Toewyding is meer as net uiterlike tekens.
- Kies vir jou 'n god! Die uitdaging word gestel om nie sekuriteit en geluk in die lewe te gaan soek by dinge en instansies nie.
- Die rimpeleffek van die kwaad word duidelik gesien. Kwaad, hoe klein ook al, dra op sigself die kiem van vernietiging en moet gesmoor word.
- McCann (2002:127) is wel van mening dat Rigters 'n boek oor hoop is. Alhoewel die Rigters gefaal het daarin om hoop te bring en dinge reg te doen, net soos die konings, sal God nooit opgee nie en Hy het ook nie sy doel vir die wêreld opgegee nie. Eendag sal Christus kom as Koning en Hy verpersoonlik geregtigheid en regverdigheid. God se storie is nog lank nie verby nie, Hy sal aanhou en aanhou probeer!

#### 4.2.1.3 Uiteensetting van die perikoop

Die uiteensetting van Rigters 19:1-30 kan volgens die Bybellennium (1999:262), die Verklarende Bybel (1989:284-285) en Block (1999:521) soos volg beskryf word:

- **Hoofstuk 19:1-9**

Die leser word in Vers 1 daaraan herinner dat hierdie gebeurtenis direk verband hou met die wanorde wat in die samelewing gevind kan word sonder 'n behoorlike regeerder (vergelyk Bybellennium 1999:285; Carson *et al.*, 1994:283; Trent, 2009:416). 'n Leviet speel die hoofrol in hierdie verhaal. Sy byvrou was kwaad vir hom en sy het teruggegaan na Betlehem in Juda, na haar pa se huis toe. 'n Byvrou word beskryf as iemand "...with inferior status ... Legally and socially, she is virtually a slave, secured by a man for his own purposes" (Trible, 1984:66). Die Leviet het ná verloop van tyd na haar gaan soek by haar pa. Die Leviet se skoonpa was uiters gasvry en hy het aangedring daarop dat hy langer by hulle bly. Hulle het saam geëet en gedrink, en uiteindelik het hulle daar oornag. Met sy vyfde poging tot gasvryheid en joligheid is die skoonpa egter nie suksesvol nie en die Leviet en sy byvrou vertrek terug na hul eie huis toe. Regdeur hierdie hoofstuk hoor ons glad nie die stem van die byvrou nie (Trent, 2009:416; McCann, 2002:128). Trent (2009:418) verwys verder ook na ander kommentare wat baie negatief is oor die vrou se dade teenoor haar man. Dit maak nie saak of sy regtig egbreuk gepleeg het of nie, die blote feit dat sy teen haar man in opstand gekom het of haar teëgesit het, maak haar outomaties skuldig: "The concubine is female, she is lower class, and so, in the narrator's eyes, she is of little value..." (Trent, 2009:418).

- **Hoofstuk 19:10-15**

Die pad wat die Leviet, sy vrou en die slaaf neem, gaan verby Jebus (Jerusalem) en die slaaf wou daar oornag. Die Leviet was egter haastig en Jerusalem was volgens hom 'n vreemde stad, so hy het besluit hulle moet aanstoot en eerder in Gibeon in Benjamin of in Rama gaan oornag. Die Leviet voel hulle sal veiliger wees daar tussen hulle eie mense (Trent, 2009:422). In Gibeon aangekom, gaan sit hulle op die stadsplein, soos wat die gebruik was, en wag dat iemand hulle nooi om in sy huis te oornag (Bybellennium, 1999:285). Dis ironies dat hulle nie gehelp word in die stad tussen hulle eie volksgenote nie (McCann, 2002:130).

- **Hoofstuk 19:16-21**

Die stadsplein was by die poorte van die stad geleë en die stadsbewoners het gewoonlik daar saamgekom. Dit is hier waar hulle sit en wag vir iemand om gasvryheid aan hulle te betoon, maar niemand nooi hulle uit nie. Uiteindelik is dit 'n ou man, wat nie eers 'n gebore inwoner van Gibeon is nie, wat die Leviet by hom innooi. Hy is 'n Efraimiet wat as vreemdeling in Gibeon woon (Verklarende Bybel, 1989:285). Hy nooi hulle gasvry na sy woning toe, en hy was selfs hulle voete (Trent, 2009:423). Die Leviet gee 'n kort beskrywing van sy reis aan die ou man en die verwysing na 'die huis van die Here' beteken dat hy moontlik 'n vredesooffer wou gaan bring in Betlehem (Verklarende Bybel, 1989:285)

- **Hoofstuk 19:22-30**

Die groep se gesellige kuiertjie word onderbreek deur 'n klomp straatboewe wat herhaaldelik aan die deur begin slaan. Hierdie groep het hulle aan geen gesag onderwerp nie en hulle dring daarop aan om met die Leviet geslagsgemeenskap te hê (Bybellennium, 1999:285). Die ou man aan wie die huis behoort, probeer die boewe oorreed om eerder sy eie dogter en die Leviet se byvrou te verkrag as om so 'n lae ding aan die Leviet te doen. In terme van daardie samelewing was dit die grootste daad van gasvryheid om sy gas te beskerm: "His sense of duty to a male guest supersedes his obligation to his own daughter, not to mention the man's concubine" (Trent, 2009:424). Die Leviet het besluit om sy eie lewe te beskerm en hy offer sy vrou op aan die straatboewe. Treble (2009:425) beskryf die situasie soos volg:

This passage is perhaps less about views of homosexuality, which priestly writers do condemn (Lev 18:22), than about a larger theme in sexual ethics in which one partner subdues, owns, and holds unequal power over the other. A most troubling feature of the Israelite version of the tale type is apparent willingness of the men to hand over their women to violent miscreants. Implicit is a worldview in which women are regarded as disposable and replaceable. On the other hand, the narration that follows implies that the author does not condone the men's behavior. They emerge as cowardly, and their complicity in the rape and murder of the woman is a clear and reprehensible violation of covenant. The tale as told also emphasizes the ways in which women, the mediation gender, provide doorways in and out of war.

Die Leviet se byvrou word daardie nag aanhoudend verkrag, totdat sy vroeg die oggend dood neerslaan voor die deur van die huis waar haar man lê en slaap. Hy gooi haar vir die boewe om sy eie lewe te red (Bybellennium, 1999:286).

Die toneel in verse 29-30 het 'n rimpeleffek in die samelewing: Nadat die Leviet met sy byvrou se lyk by sy eie huis aangekom het, sny hy haar op in 12 stukke en hy stuur die stukke van haar lyk na die stamme van Israel. Almal is geskok dat so iets in Israel kon gebeur en hulle besluit om teen die Benjamine in opstand te kom. (Carson *et al*, 1994:283; Verklarende Bybel, 1989:285).

#### **4.2.1.4 Verdere inligting oor die teks**

Tot en met die 12de eeu was daar baie min kommentaar oor die gebeure van Rigters 19. Die enigste kommentaar was dat die vrou in die teks haarself goedkoop gemaak het en dat haar verkragting haar straf was vir haar slegte besluite (Thompson, 2001:179). Volgens Thompson was die Reformatoriese denkers die eerstes wat opgemerk het dat die mans se gedrag onaanvaarbaar was, omdat hulle veronderstel was om hierdie vrou met hul lewens te beskerm. Scholz (2010:209) noem dat hierdie teks een van vele verkragtingstekste in die Bybel is, maar toe sy gaan navorsing doen het oor hoe hierdie tekste geïnkorporeer word binne die kerk as 'n teologiese antwoord oor seksuele geweld, het sy gevind dat dit baie min, indien ooit, gebruik word.

Rigters 19:1-30 is veronderstel om gesien te word as 'n pedagogiese hulpmiddel om seksuele geweld te konfronteer. Duell (2014:8) meld hoe hierdie teks gebruik kan word:

If we end our reading at this verse we can see these words as a call to hope, that the community reading this text can act together against sexual violence. With a hermeneutics of meaning, this is also the opportunity to point out that we readers of the text we can choose to reject the response of the Israelite men. We do not have to use this narrative as an excuse for war, to bring more pain and suffering into the world. As people of inherent dignity and worth we determine our meaning making and can speak out against sexual violence in ways that promote healing for victim/survivors.

#### 4.2.1.5 Moontlike gebruike van die perikoop

Hierdie gedeelte is ingesluit in die Bybel juis omdat God dit nie wou wegsteek of maak asof seksuele misbruik nie gebeur het nie. God wil hê die wêreld moet bewus wees van hierdie aaklige sonde en die rimpeleffek wat dit het in mense se lewens. Dit wys ook dat mense wat seksueel misbruik word nie alleen gelaat moet word met hierdie probleem nie.

- Hierdie vrou is in die steek gelaat deur die een persoon wat veronderstel was om haar lief te hê en te beskerm. Haar lewe was vir hom absoluut niks werd nie. Netso gebeur dit dat kinders soms misbruik word deur spesifiek die mense wat veronderstel was om na hulle om te sien. Maar God sê die mens is kosbaar vir Hom, God staan by die deur en Hy sê “Kom in, kom Ek help jou”.
- Die teks wys dat die status van die Leviet en die vrou glad nie saak maak nie. Seksuele geweld vind plaas in alle kringe van die samelewing en 'n persoon se status verskoon nie slegte gedrag nie.
- Terwyl die vrou verkrag is, het niemand haar gehelp nie. Daar kan afgelei word dat haar man, die gasheer, die gasheer se dogter en die bure beslis moes gehoor het hoe sy verkrag word, maar niemand het gehelp nie. Hierdie handeling gee aan die persoon/kind wat seksueel misbruik word eintlik “toestemming” om kwaad te wees vir die mense wat die gebeure geïgnoreer het.
- Die teks nooi die leser uit om te rou vir die vrou. Hierdie oomblik van rou lei tot 'n nuwe begin van rekonsiliasie, en die persoon/kind wat seksueel misbruik word kan die verwonding van homself aan mekaar begin sit en weer deur die Bybelse narratief in oorvloed begin leef.

Aan die einde van die verhaal sluit die skrywer af met die woorde: “Ons moet dit ter harte neem. Ons moet 'n plan maak. Ons moet praat!” (Rig 19:30). God verwag van hulpverleners om nie stil te bly oor seksuele misbruik nie. Hulpverleners moet daarvoor praat en meer kennis inwin oor seksuele misbruik en die regte van hulle wat misbruik en verwond word.

#### 4.2.2 Seksuele misbruik binne die konteks van 2 Sameul 13:1-22

Tamar is deur haar halfbroer Amnon verkrag en haar broer Absalom het haar aangesê om daarvoor stil te bly, nie verder daaraan te dink nie en nie daarvoor ontsteld te wees nie (2 Sam 13:20-22):

<sup>20</sup> Haar broer Absalom het toe vir haar gesê: “Was jou broer Amnon by jou? Toe maar, my suster, bly nou maar stil. Hy is jou broer. Moet jou nie hieroor verknies nie.” Tamar het toe in haar broer Absalom se huis gaan bly en sy was 'n wrak. <sup>21</sup> Koning Dawid het van alles gehoor en hy was woedend. <sup>22</sup> Absalom het nie 'n enkele woord met Amnon gepraat nie, maar hy het hom gehaat omdat hy sy suster Tamar onteer het.

Die Bybel vertel ons dat Tamar 'n wrak was en sy het by haar broer Absalom gaan bly; daar was van haar verwag om bloot net aan te gaan met haar lewe asof niks gebeur het nie (Anderson, 1989:172). Absalom het wel sy broer Amnon gehaat en hy het hom ook later vermoor (2 Sam 13:28). Koning Dawid het nie een van sy twee seuns gestraf vir hulle oortredings nie, maar getreur oor die dood van sy seun Amnon (2 Sam 13:37). Dawid het verkies om stil te bly en te maak asof die verkragting nie met Tamar gebeur het nie. Alhoewel Tamar se verkragting deur Amnon 'n direkte oortreding teenoor die Ou Testament wet was (Levitikus 18:9-11; 20:17) en die straf vir hierdie oortreding die dood was, het Dawid in sy koningskap en vaderskap gefaal deur ook nie die wette te gehoorsaam nie.

##### 4.2.2.1 Agtergrond van die boek

Volgens Joodse tradisie het Samuel die boeke 1 en 2 Samuel geskryf, maar daar word sekere eienaardighede in die verhaal opgemerk wat daarop dui dat dit nie net deur een persoon alleen geskryf is nie (Bybellennium, 1999:300). Die verhale oor Samuel en Saul het moontlik in plekke soos Mispá, Gilgal, Rama en Silo ontstaan en is later deur 'n redakteur bymekaar gevoeg tot een verhaal (Bybellennium, 1999:300). Die korpus wat vandag bekend staan as die “Deuteronomistiese geskiedwerk” is waarskynlik in die tyd van Josia (639-609 vC) en weer in die tyd van die ballingskap (586-538 vC) geredigeer. Daar kan wel nie duidelike tekens van Deuteronomistiese redigering, soos by Josua en Rigters, gevind word nie (Bybellennium, 1999:300; Pocock, 2002:1).

#### **4.2.2.2 Hooftemas van die boek**

Volgens die Bybellennium (1999:333) en Verklarende Bybel (1989:331) kan die volgende hooftemas in die boek 2 Samuel gevind word:

- God is voortdurend betrokke by die geskiedenis van Israel, maar Hy gebruik mense en hul talente om sy doel te bereik.
- Israel bereik in Dawid se tyd 'n hoogtepunt wat nooit weer bereik kon word nie. Hierdie voorspoed is net te danke aan God se genade.
- Die verhaal leer dat 'n mens nie op jou eie goedheid en krag moet staat maak nie. Dit leer ons dat alle mense feilbaar is. Selfs 'n gelowige soos Dawid kan gruwelike sondes doen, maar God gebruik ons nog steeds, ten spyte van ons tekortkominge.
- Alle mense is sondig, maar 'n mens mag nie vrede maak met sonde nie. Gelowiges moet telkens tot inkeer kom en hul lewens aan God wy. God vergewe altyd as daar opregte berou is en God verwag dieselfde gesindheid by al sy dienaars.

#### **4.2.2.3 Uiteensetting van die perikoop**

Die uiteensetting en beskrywing van 2 Samuel 13:1-22 is volgens die Bybellennium (1999:346), Verklarende Bybel (1989:346) en New Bible Commentary (1994:329) soos volg:

- **Hoofstuk 13:1-11**

Die geskiedenis van seksuele oortredings in Dawid se huis word voortgesit met hierdie insident. Dit het begin met Dawid en Batseba se owerspel en gaan oor na Dawid se kinders toe. Amnon het sy halfsuster, Tamar begeer, maar hy kon haar nie in die hande kry nie want sy het in die paleis (onder die beskerming van haar pa) gewoon. Sy neef Jonadab beraam toe vir hom 'n plan om haar in die hande te kry. Amnon moet maak of hy siek is en vra dat Tamar vir hom moet kos maak. Dawid word dus as instrument gebruik om by Tamar uit te kom (Hertzberg, 1964:323).

- **Hoofstuk 13:12-17**

Nadat Tamar in Amnon se kamer gekom het, stuur hy sy bediendes weg en vra hy haar om by hom te kom lê. Tamar wys die uitnodiging dadelik van die hand en verduidelik aan hom dat dit sonde sou wees. Sy pleit eers by Amnon dat dit tot haar skande sal wees en hy as 'n dwaas beskou sal word om met sy halfsuster seksueel te verkeer. Amnon wil egter nie luister nie. Tamar maak selfs die voorstel dat hulle by Dawid toestemming kry om te trou. Tog sou so 'n huwelik nie goedgekeur word nie (vergelyk Lev 18:9; Deut 27:22). Al klink haar plan logies, stel Amnon nie belang nie. Wellus word in die teksgedeelte in onverbloemde aakligheid uitgebeeld (Bergen, 1996:382; Bybellennium, 1999:346). Amnon het net belanggestel in die bevrediging van sy eie drange. Wanneer sy wellus bevredig is, verag Amnon eintlik homself, maar hy projekteer sy veragting op sy slagoffer (Brueggemann, 1990:288). Wellus kan gekamoefleer word om soos liefde te lyk, maar dit word uiteindelik ontmasker as net 'n egosentriese drang (Bybellennium, 1999:347; Hertzberg, 1964:324). Tamar probeer aan Amnon verduidelik dat hy dinge net slegter gaan laat lyk as hy haar wegjaag, maar hy stel nie belang nie en laat haar hardhandig verwyder uit sy huis.

- **Hoofstuk 13:18-22**

In tyd van die boek Samuel is daar baie waarde geheg aan 'n ongetroude vrou se maagdelikheid, veral by koningsdogters. Volgens die Torah sou 'n man wat seks het met 'n maagd met haar moes trou en 'n boete aan haar pa betaal (Bergen, 1996:382). Tamar is beroof van 'n baie kosbare eienskap en Amnon stuur haar weg en verafsku haar ná die seksuele misbruik. Vir Tamar is dit 'n dubbele ramp en verlies, daarom tree sy op soos iemand wat rou (Bybellennium, 1999:347).

Die koning het gewoonlik aan sy maagdlike dogters 'n spesiale kleed gegee as beloning en aansporing om hul maagdelikheid te behou. Tamar rou en skeur haar spesiale kleed (Bergen, 1669:382). Tamar se broer Absalom besef dat sy hierdeur aandag op haar vestig en die saak vererger, daarom is sy raad aan haar dat sy liewers moet stil bly oor die verkragting. Met Absalom se verwysing na Amnon as haar broer bedoel hy waarskynlik dat hierdie 'n familiekwessie is wat nie na buite bekend gemaak moet word nie (Bybellennium, 1999:347). Die feit dat Tamar in Amnon se kamer was, sal haar laat skuldig lyk.

Tamar gaan nie terug na die paleis waar die res van Dawid se ongetroude dogters woon nie. Sy trek in by haar broer Absalom se huis, wat 'n algemene praktyk was vir weduwees sonder sorg (Verklarende Bybel, 1989:347). Alhoewel sy nie verantwoordelik was vir dit wat met haar gebeur het nie, gaan daar nog steeds 'n stigma aan haar kleef (Bybellennium, 1999:347). Die gemeenskap dra dus by tot haar seer en vernedering. Tamar sou egter ook nie kon trou nie. Indien 'n man tydens die huweliksnag sou uitvind dat sy vrou nie 'n maagd was nie, sou hy haar summier verwerp. Die kans vir haar om eendag haar eie gesin te hê is dus ook deur Amnon se daad vernietig (Hale, 2007:589).

Dawid se optrede in die verhaal is pateties. Hy is woedend nadat hy gehoor het van Amnon se sonde, maar hy doen niks nie. Volgens die Torah moes Amnon se straf vir die oortreding die betaling van 50 stukke silwer gewees het; 'n bedrag wat niks beteken het vir 'n koningskind nie (Bergen, 1996:383). Dawid kom nie sy verantwoordelikheid as koning of vader na nie. 'n Koning en leier van die volk, wat deur God daar geplaas is, moet ook altyd onthou dat die opvoeding van sy kinders net so 'n heilige roeping is soos die uitvoering van sy godsdienstige pligte. Dawid se eie owerspel en seksuele sonde met Batseba maak dit egter vir hom moeilik om sy kind vir dieselfde sonde te straf (Brueggemann, 1990:289; Hale, 2007:589). Absalom praat glad nie oor die gebeurtenis nie, maar hy haat Amnon en later is daar beslis tragiese nagevolge vir hierdie sonde. In 2 Samuel 13:1-22 blyk dit hoe wellus, haat en moord onderling aan mekaar verwant is.

#### **4.2.2.4 Verdere inligting oor die teks**

Deur die eeue blyk dit dat die Bybel dikwels in sekere gevalle teen vroue of enige persone geraak deur veral seksuele geweld gebruik is. Volgens Sakenfeld (1985:55) is vroue se ervarings meestal in die interpretasie van tekste uitgesluit, wat die Bybel 'n magtige skild gemaak het om veral vroue se posisie in die samelewing te onderdruk. Verkragtingstekste soos 2 Samuel 13 word baie min gebruik om die stilte aangaande seksuele geweld en misbruik te verbreek. Tamar se stil stem word deur baie feministiese teoloë beskryf as nóg 'n manifestering van die "androcentric values and the androcentric worldview of the biblical narrative in which rape was considered a crime against men (husbands and fathers) and not women" (Parry,

2002:21). Thistlethwaite (1993:59) beskryf selfs verkragting in daardie tyd as “*theft of sexual property*”. ‘n Vrou se seksualiteit is gesien as die eksklusiewe eiendom van haar man of wie ook al die hoof van die huishouding was (Smith, 2013:17). Vir baie eksegete was dit maklik om oor hierdie verhaal te lees omdat dit gesien is as die inleiding tot ‘n groter verhaal in die stryd tussen Amnon en Absalom (Casey, 2010:167; Anderson, 1989:172). Volgens Hertzberg (1964:322) word Tamar gesien as

...the tragic figure of the drama, but in the general context she is merely a subsidiary figure whose fate is only important for the light it sheds on the struggle between the two oldest princes and its further consequences for the history of the Kingdom of David.

Wanneer Bybelse narratiewe soos 2 Samuel 13 egter meer gebruik word in die hulpverlening aan persone wat seksueel misbruik is/word, kan daardie persone ook aangemoedig voel om hul eie verhale van pyn en verwonding te vertel en hulp te kry.

#### **4.2.2.5 Moontlike gebruike van die perikoop**

God het besluit om hierdie verhaal van Tamar in sy Woord te plaas om hulpverleners meer bewus te maak van die gevolge van seksuele misbruik. Die verhaal van Tamar maak dit duidelik dat seksuele misbruik nie net teen die wil van God is nie, maar dit wys ook wat die nagevolge kan wees vir iemand wat die misbruik moes deurgaang (Langberg, 1999:29).

Dis belangrik om te onthou dat die Bybelse narratief nie hier eindig nie. God se Woord bevat ‘n waarheid wat nie tot Tamar se beskikking was nie. Dieselfde God wat hierdie verhaal aan die leser van die Bybel gegee het, sê ook: “Jy sal nie meer verstoot en gehaat wees nie, ‘n plek waar niemand kom nie, want Ek gee blywende roem aan jou, vreugde sonder einde” (Jesaja 60:15). God weet wat seksuele misbruik aan die mens doen (Langberg, 1999:29). God keur nie die sonde en wandade van die mens goed nie, daarom het Hy sy eie Seun, Jesus Christus, gestuur om in sy liggaam dieselfde pyn van vernedering en minagting te verduur wat Tamar moes ervaar. Op hierdie wyse bied God sy reddende boodskap van genesing aan elkeen wat ook seksueel misbruik is.

Die skrywer van 2 Sameul 13 het die belangrikheid van Tamar se perspektief op haar verkragting raakgesien en was aan haar kant gewees. Hy verklaar dat sy sonder enige skuld was in die seksuele misbruik en hy beklemtoon haar wysheid en poging om iets aan haar situasie te doen, voordat sy stilgemaak is deur haar familie (Parry, 2002:27). Net soos die skrywer Tamar se krag in die verhaal beklemtoon, net so kan persone wat seksuele misbruik is die innerlike krag om oorlewing vier wat binne elke persoon sit wat blootgestel is aan seksuele geweld.

Skaamte is 'n negatiewe gevolg van seksuele misbruik in hierdie verhaal en is gewoonlik ook die ervaring van elke persoon wat misbruik word (vergelyk Casey, 2010:168). Skaamte, vernedering en die gevoel van minderwaardigheid bly lank ná die gebeurtenis by die persoon wat misbruik is. Die skaamte wat die persoon wat misbruik is ervaar, bied aan die oortreder die nodige beskerming, omdat die slagoffer nie die misbruik wil openbaar nie, want "shame shifts blame onto the wrong person, onto the powerless one - the victim instead of the offender" (Casey, 2010:168). Die slagoffers van seksuele misbruik moet egter gehelp word om weer hulle stem te ontdek, te besef dat hulle nie die skuldiges is nie en weer beheer oor hulle eie lewe en emosies moet neem.

#### **4.2.3 Jesus se benadering tot kinders volgens Matteus 18:1-14**

In Matteus 18:1-14 word die verhouding van Jesus tot kinders beskryf:

<sup>1</sup>In daardie tyd het die dissipels by Jesus gekom met die vraag: "Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?". <sup>2</sup>Hy het 'n kindjie nader geroep en hom tussen hulle laat staan <sup>3</sup>en gesê: Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. <sup>4</sup>Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel. <sup>5</sup>En wie so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My.

<sup>6</sup>"Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy met 'n groot meulsteen aan sy nek in die diep see verdrink. <sup>7</sup>Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak! Sulke dinge kom noodwendig, maar wee die mens deur wie dit kom. <sup>8</sup>"As jou hand of jou voet jou van My afvallig maak, kap hom af en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om vermink of kreupel die lewe in te gaan as om met altwee jou hande of voete in die ewige vuur gegooi te word. <sup>9</sup>En as jou oog jou van My afvallig maak, ruk hom uit en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om met een oog die lewe in te gaan as om met altwee oë in die vuur van

die hel gegooi te word.”<sup>10</sup>“Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurigdeur by my hemelse Vader is. [*Sommige manuskripte voeg by: <sup>11</sup>“Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is”;* vergelyk *Matt. 9:13; Luk. 19:10.*]<sup>12</sup>“Hoe dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle raak weg, sal hy nie die nege en negentig daar in die bergveld laat staan en die een wat weg is, gaan soek nie?<sup>13</sup>En as hy hom kry, verseker Ek julle, is hy blyer oor hom as oor die nege en negentig wat nie weggeraak het nie.<sup>14</sup>So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie.”

#### 4.2.3.1 Agtergrond van die boek

Die boek Matteus het 'n besondere plek in die vroeë kerk gehad. Matteus is 'n baie volledige en omvattende evangelie en op talle plekke is daar beklemtoning van Jesus se vervulling van die Ou Testamentiese profesieë (Verklarende Bybel, 1989:1) Die wording van die boek Matteus word verduidelik deur die sogenaamde twee-bronne-teorie (Bybellennium, 1999:1112). Matteus het 'n anonieme skrywer gehad, maar daar is aanduidings dat dit wel een van die dissipels kon wees (Combrink *et al*, 1996:63). Die Evangelie volgens Markus word aanvaar as die eerste Evangelie en was waarskynlik ook die gedeeltelike bron vir die boeke Matteus en Lukas. Daar is verder ook materiaal wat in Matteus en Lukas voorkom wat nie in Markus voorkom nie en waarskynlik toon dat daar ook 'n ander bron beskikbaar kon wees. Hierdie bron is nooit gevind nie en word Q genoem, 'n afkorting vir die Duitse woord *Quelle* wat “bron” beteken (Bybellennium, 1999:1112). Daar is min konkrete gegewens om 'n presiese datum vir die ontstaan van die boek Matteus te bepaal, maar 'n datum ná 70 n.C blyk 'n moontlikheid te wees (Bybellennium, 1999:1112). Combrink *et al* (1996:58-62) noem die volgende spesiale karaktereenskappe van die boek Matteus:

- Die beklemtoning van die Joodse en Ou-Testamentiese agtergrond is opvallend.
- Hierdie evangelie gee baie belang aan die Kerk.
- Daar is 'n spesifieke oproep om die wil van God te doen.
- Jesus se Koningskap word beklemtoon.
- Matteus brei baie uit op die verhaal in Markus en het 'n lerende trant.

- Klem word gelê op die eskatologie.
- Dis 'n baie omvattende Evangelie.
- Die boek is geskryf in goeie, korrekte Grieks, alhoewel dit 'n definitiewe Semitiese agtergrond verrai.

#### **4.2.3.2 Hooftemas van die boek**

Die belangrikste hooftemas van die boek Matteus word vervolgens uiteengesit volgens die Bybellennium (1999:1114), Verklarende Bybel (1989:1) en Combrink *et al.* (1996:78).

- Jesus is God-met-ons. Hy word beskryf as Immanuel. Hierdie beskrywing van Jesus roep die Ou-Testamentiese verbondsgedagte op, wat sê dat God tussen sy mense woon.
- Matteus plaas baie klem op die doen van God se wil. Dit gaan nie vir Matteus oor die nakom van leë rituele en voorskrifte nie, maar die uitleef van die liefdeswet.
- Die fokus val nie net op die Jode nie, maar ook die nie-Jode. Die heidensending figureer dwarsdeur die Evangelie en dit is nie net 'n blote nagedagte nie.
- Die kerk neem 'n prominente plek op in die Evangelie en hierdie is die enigste Evangelie waar die woord "kerk" voorkom.

Die uiteensetting en beskrywing van Matteus is volgens die Bybellennium (1999:346); Verklarende Bybel (1989:1), Barclay (1975:1) en Hare (1993:208) soos volg:

Matteus is die enigste evangelie wat die preke van Jesus in vyf blokke saamvoeg. Die vyf preke lê ingebed deur die hele verhaal.

- **Hoofstuk 1:1-4:22**

Jesus word voorgestel as die Verlosser van Israel en die wêreld.

- **Hoofstuk 4:23-9:35**

Jesus tree met gesag op, Hy verkondig die wil van God en bevestig dit met wondertekens. Die eerste tekens van spanning kom hier tussen Jesus en die Joodse leiers voor.

- **Hoofstuk 9:36-12:50**

Jesus sit sy gesagvolle optrede voort en Israel se weerstand gaan ook voort. Hy beklee sy dissipels met gesag, sodat hulle ook die Boodskap van die Koninkryk kan gaan verkondig. Die Joodse leiers se teenstand word al sterker en Jesus veroordeel hulle tekens van ongeloof.

- **Hoofstuk 13:1-20:34**

In hierdie gedeelte onderrig Jesus sy dissipels oor verskeie sake soos die Koninkryk, swaarkry, versorging, ensovoorts en Hy maak drie maal bekend dat Hy gaan sterf. Intussen gaan die konflik tussen Jesus en die Joodse leiers voort.

- **Hoofstuk 21:1-25:46**

Die opbouende konflik loop op 'n botsing in Jerusalem uit. Jesus voer strydgesprekke met die Joodse leiers, vertel gelykenisse en doen simboliese handelingte waardeur Hy hulle implisiet veroordeel.

- **Hoofstuk 26:1-28:20**

Jesus word gekruisig en oorwin die dood deur uit die dood op te staan. Hy verskyn aan sy dissipels en klee hulle weer met die gesag om die wêreld in te gaan en dissipels te maak van alle mense.

#### **4.2.3.3 Uiteensetting van die perikoop**

Die Bybellennium (1999:1155) en Verklarende Bybel (1989:25) verdeel hierdie perikoop soos volg:

- **Hoofstuk 18:1-5**

Hierdie vyf verse is die vertrekpunt vir Jesus se beskrywing van onderlinge omgee. Dit vorm die basis vir die drie onderdele wat volg en wat elkeen 'n aspek van 'n verhoudingsprobleem in die gemeente verteenwoordig. Hier word die uitsprake oor

die wedergeboorte gevind. 'n Mens moet opnuut gebore word voordat jy kan deel hê aan God se koninkryk (Bybellennium, 1999:1156). Volgens hierdie gedeelte moet jy soos 'n kind word - dit is die vertrekpunt vir onderlinge omgee in die koninkryk. Die dissipels het waarskynlik begin ideale koester oor wie die belangrikste posisie gaan beklee in God se Koninkryk. Om hierdie gedagtes te stop, verduidelik Jesus aan hulle dat hulle eerder soos kinders moet word. Die belangrikste eienskap hier is 'n kind se totale afhanklikheid (Bybellennium, 1999:1156). Iemand wat dus totaal en al afhanklik word van God, soos 'n kindjie van sy pa, word deur Jesus gesien as 'n ware dissipel van God (Verklarende Bybel, 1989:26).

- **Hoofstuk 18:6-9**

In hierdie gedeelte word uitgewys net hoé skeef verhoudings wel kan loop. Die sleutelbegrippe hier is *kleintjies* en *afvallig maak* (18:6). Matteus bedoel in hierdie gedeelte wel nie letterlik kinders nie, maar eerder volwassenes wat vanweë hul afhanklikheid van God maklik deur die gevoellose optrede van ander gelowiges kan struikel in hul geloof (Bybellennium, 1999:1156). 'Kleintjies' beteken dus in hierdie konteks volwassenes wat hul gesindhede verander het en soos *kindertjies* geword het (Bybellennium, 1999:1156). Alhoewel daar nie presies beskryf word wat hierdie optrede deur die gemeente sou behels nie, word daar waarskynlik na liefdeloosheid verwys. Die Verklarende Bybel (1989:26) beskryf dat hierdie gedrag basies enigiets kan wees wat kan veroorsaak dat jy ander van Jesus afvallig kan maak en hierdie gedrag moet dadelik gestop word. Jesus sê basies dat dit vir 'n gemeente beter sal wees om sonder 'n paar lidmate te bestaan as wat die hele gemeente dreig om ten gronde te gaan weens die liefdelose optrede van daardie lidmate in die gemeente (Bybellennium, 1999:1156).

- **Hoofstuk 18:10-14**

Die vorige gedagte word in hierdie gedeelte verder gevoer en dit handel steeds oor die *kleintjies*. Sommige lidmate veroorsaak met hul traak-my-nieagtige optrede dat ander lidmate (die *kleintjies*) van die gemeente vervreem raak, en daar word geen poging aangewend om hulle terug te wen vir die gemeente nie. Die gemeente se selfvoldaanheid en hoogmoedigheid het veroorsaak dat niemand belangstel om uit te reik na die mense wat uitgestoot voel nie (Bybellennium, 1999:1156).

Jesus verduidelik dan met twee argumente hoe belangrik die *kleintjies* vir God is (Bybellennium, 1999:26). Eerstens sluit Hy aan by die Ou-Testamentiese gedagte dat die engele oor die *kleintjies* waghou. Tweedens vertel Jesus 'n kort gelykenis oor hoe God al die skape in die kraal los om een wat weggeraak het, terug te kry. God verwag dat die *kleintjies* gesoek moet word. Die Vader se gedrag en kommer oor die *kleintjies* staan in skrilte kontras met die hartelose optrede van mense ( Bybellennium, 1999:1156; Verklarende Bybel, 1989:26).

#### **4.2.3.4 Verdere inligting oor die teks**

Jesus gebruik die beeld van 'n kind om vir die dissipels te beskryf hoe Hy van hulle verwag om op te tree (Verklarende Bybel, 1989:25). Die dissipels het begin vrae vra oor wie die belangrikste posisie in Jesus se koninkryk gaan inneem, en Jesus gebruik dan die beeld van 'n kind om aan hulle te verduidelik dat sulke gedagtes onwaardig is (Hare, 1993:208).

Die woord "*kindjie*" verwys na 'n kind wat jonger as 12 jaar oud is. Daar was nie van hulle verwag om enige godsdienstige verpligtinge na te kom nie. Kinders het verskeie mooi karaktereienskappe: die vermoë om te wonder oor die wêreld voordat hulle gestuit word deur dinge van die wêreld; die vermoë om te vergewe en te vergeet, selfs as ouers en volwassenes hulle sleg behandel; en hulle onskuld (Barclay, 1975:193). Al hierdie is belangrik, maar volgens Barclay (1975:193) het Jesus veral drie eienskappe van kinders in gedagte gehad het met hierdie illustrasie:

- Kinders se nederigheid: Dis nie in kinders se aard om op die voorgrond te wil wees nie. Hulle soek nie prominensie nie. Dit is eers wanneer hulle groot word en meer blootgestel word aan 'n wêreld waar prominensie en status belangrik is, dat hulle hul natuurlike nederigheid verloor.
- Kinders se afhanklikheid: Afhanklikheid is vir kinders 'n natuurlike toestand. As volwassenes ook hul afhanklikheid van God aanvaar, sal hulle nuwe krag en vrede in hul lewens ervaar.
- Kinders se vertrou: Kinders is inherent afhanklik en vertrou ook outomaties dat hulle ouers in hulle behoeftes sal voorsien. Kinders se vertrou moet ook

die Christen se formaat van afhanklikheid en vertrou op God, wat voorsien wat nodig is, wees.

Soos kinders afhanklik is van hul ouers, so moet die volgelinge van Jesus ook geheel en al afhanklik van God wees. Daar is nie 'n plek vir selfgewaande belangrikheid in die koninkryk nie, en verhoudings loop skeef in die gemeenskap van gelowiges as gevolg daarvan (Clarke, 2014:3). Dit kan ook genoem word dat kinders 'n leerbare gees het en hulpverleners moet bereid wees om hulle van God te leer om volgens sy wil te leef (Hare, 1993:209).

Jesus gaan verder en sê dat enigiemand wat so 'n afhanklike en hulpbehoewende kindjie in sy naam ontvang en versorg, ontvang in werklikheid vir Jesus self (Barclay, 1975:196; Verklarende Bybel, 1989:26). Volgens Hare (1993:210) het die kinders alreeds waarde, nie omdat hulle 'n toekomstige volwassene is nie, maar omdat God hulle alreeds as waardevol sien. Leierskap word dus in die Christengemeenskap gekenmerk deur nederigheid, soos deur 'n kind verpersoonlik, en God verwag van leiers om ook in nederigheid teenoor weerlose kinders op te tree (Paulraj, 2011:1).

#### **4.2.3.5 Moontlike gebruike van die perikoop**

Jesus Christus het 'n kind in sy teenwoordigheid verwelkom. Marx (2014:1) voer aan dat Jesus se uitdaging wat aan Sy dissipels gestel word steeds vandag geldig is:

Om 'n kind te kan verstaan, moet die volwassene bereid wees om die wêreld van die kind te betree. Die manier waarop kinders leer, luister, ontdek, ontwikkel, verstaan, onthou en situasies verwerk, is anders as dié van volwassenes.

Jesus het dieselfde liefde betoon aan die nederige en geringe gelowiges om Hom as aan die kindertjies wat Hy nader geroep het op die markplein. Jesus vou hulle in sy arms toe en Hy seën hulle (Pretorius, 2000:30). Jesus se gedrag leer ons dat kinders, alhoewel hulle minderwaardig geag is in daardie tyd, steeds vir Hom belangrik was. Hy gebruik hulle as voorbeeld oor hoe Hy wil hê ons almal moet leef. Om hierdie rede moet ons vandag ook kinders met die nodige toewyding en liefde pastoraal versorg (Marx, 2014:64). Sy voer verder aan (2014:64):

...dit leer ons dat kinders, wat sosiaal minderwaardig geag is, vir Jesus só belangrik was dat Hy hulle as 'n voorbeeld voorgehou het vir mense

wat in sy koninkryk wou ingaan. Om die rede moet sosiaal-gestremde kinders vandag met die toewyding en liefde van Jesus Christus pastoraal versorg word.

God beklemtoon in Jesaja 49:15 hoe belangrik kinders vir Hom is:

Kan 'n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in my handpalms gegraveer. Ek sien jou mure altyd voor My.

Ouers kan dalk van hulle kinders vergeet, of vergeet om in hul kinders se beste belang op te tree, maar God vergeet nooit! Menslike liefde kan enige tyd ophou, maar God se liefde vir sy kinders staan vir ewig. Psalm 27:10 beklemtoon God se liefde vir sy kinders: "Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem". God wil hê sy kinders moet weet dat Hy by hulle is en elkeen se naam is in sy handpalms gegraveer (Jesaja 49:15).

### **4.3 PASTORALE PERSPEKTIEWE**

Alhoewel die wonde van seksuele misbruik baie diep lê, is dit nie só diep dat God dit nie kan aanraak en genees nie (Ps 147:3). God is regdeur die Bybel baie duidelik daaroor dat Hy die sonde van mense wat teer op "swakkeres" in die samelewing glad nie goedkeur nie, en Hy roep gelowiges op om hierdie mense te help (Jes1:23; Jak 1:27). Sweeney en Landreth (1993:355) beskryf seksuele misbruik as "sielmoord", maar God is egter die een wat "puinhope opbou ... plekke herbou ... verwoeste stede weer opbou, plekke wat geslagte lank verlate lê" (Jes 61:4). Dit is hier waar die pastoraat effektief kan intree om die beskadigde siel te genees en die verwonde pre-adolesent wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.

#### **4.3.1 Pastorale berading en hulpverlening**

Smith (2014:177) beskryf pastorale berading as

... 'n helpende verhouding waarin die pastor deur gestruktureerde pastorale gesprekvoering, binne 'n helpende verhouding van

wedersydse vertrouwe, daarop ingestel is om die beradene te begelei tot geloofsontwikkeling, geloofsgroei en geestelike volwassenheid.

Die woord *pastoraal* stam af van die Latynse woord *pastorem*, wat “herder” beteken en dit sluit die insig in om in die behoeftes van iemand anders te voorsien (Adams, 1975:5; Miller-McLemore, 2012:269). Pastorale sorg behels ook “paying religious attention toward another” (Miller-McLemore, 2012:269). Alhoewel daar deur die eeue verskillende skuiwe binne pastorale berading was, blyk dit dat daar sekere begrippe en temas is wat konstant voorkom: versigtige aandag gee; teologies ingeligte diagnoses en barmhartige ondersteuning of intervensie (Miller-McLemore, 2012:273). Adams (1979:1-10) lê baie sterk klem op die noodsaaklike plek wat die teologie binne die wetenskap van berading moet inneem. Hy verduidelik verder dat die herstelaksie van God binne die gebroke wêreld as die pastoraat gesien kan word (Adams, 1979:46-51). Die rol van die Christelike hulpverlener is om die kliënt te help sien dat daar in Christus hoop is (Adams, 1973: 140).

Die beginsels wat Adams neerlê vir die pastoraat is baie belangrik, maar die bydraes van die aangrensende hulpwetenskappe kan ook nie misken word nie (Basson 2010:13). Louw (1999:2) is van mening dat lewenskrisisse deel is van ‘n Goddelike vormingsproses; hy stel dit soos volg:

The danger in pastoral anthropology is to become so spellbound by our being human (the issue of personal identity) and the contemporary quest for justice and humanity (anthropocentrism) that the relationship with God becomes irrelevant.

Louw (2005:5) stem egter saam met Adams dat daar ‘n narsistiese neiging binne die sielkunde ontstaan het en in sekere gevalle ook in die pastorale berading. Hy verduidelik soos volg:

Pastoral care and counselling should focus more on spiritual issues and should be less preoccupied by self-exploration, self-discovery, self-absorption and self-fixation. An over-reliance on psychological constructions leads to a reductiveness with the danger of a narcissistic individualism.

Adams redeneer dat psigiaters (en waarskynlik sielkundiges) die werk van predikers oorgeneem het en besig is met die gevaarlike praktyk om mense se gedrag en

waardes op 'n goddelose wyse te probeer verander (Collins, 2011:11). Verder voer hy aan dat mens al die nodige inligting en ondervinding kan bekom deur die deeglike bestudering van die Woord, en nie noodwendig nodig het om die sielkunde te bestudeer nie (Collins, 2011:11).

Louw (1999:48) is wel van mening dat Adams (1979: 46 - 51) se standpunt, dat niks by die psigologie geleer kan word nie, ook probleme kan inhou. Els (2013:199) beskryf die gevolge van hierdie siening:

Dit verskraal die skopus op menslike problematiek en kan suksesvolle genesing inhibeer. Dit sou selfs negatiewe implikasies vir sekere probleme – soos geestelike simptome met fisiese oorsake (onder andere endogene depressie) – kon veroorsaak. 'n Pastorale proses sonder goeie hermeneuse kan dus nie genesing bring nie.

Volgens Louw (1999b:298) bestaan daar perspektiewiese verskille tussen die pastoraat en psigologie. Hy beskryf hierdie verskille soos volg:

Die pastoraat benader die mens vanuit eskatologiese perspektief en werk met die transendente dimensie van sinvelde; die psigologie benader die mens vanuit intra- en interpsigiese perspektief en werk met die empiriese dimensie van kommunikasie en gedragpatrone. Elk lewer vanuit sy eie perspektief belangrike bydrae en werk met die volledige mens binne alle konkrete relasies.

Op grond van Louw se siening voeg Collins (2011:11) by dat die Bybel homself nooit voordoen as 'n beradingshandboek nie. Dit raak wel 'n verskeidenheid van kwessies aan, maar die doel daarvan was nooit om God se enigste openbaring oor hulp aan mense te wees nie. Die feit dat die soewereiniteit van God en die Woord binne pastorale berading hoog geag word, beteken nie dat die bydraes van ander menslike wetenskappe ontken moet word nie. Pastorale hulpverlening sou onvolledig wees as dit nie ook van die aangrensende menslike wetenskappe gebruik maak nie (Els, 2013:191) en alhoewel die twee van mekaar verskil, kan dit nooit heeltemal van mekaar geskei word nie (Denton, 2014:2).

Crabb (1975:18), wat 'n agtergrond gehad het in kliniese sielkunde, het al in 1975 tot die gevolgtrekking gekom dat 'n professionele kennis van die sielkunde alleen ook nie genoeg is om mense ten volle in berading te help nie. Basson (2010:21) voer aan:

Die antwoorde wat die psigologie vir die probleme van die mens verskaf het, was eenvoudig ontoereikend en daarom bepleit Crabb (1975:18) 'n Bybelse benadering tot berading wat by die sekulêre psigologie aansluit, maar nooit die waarheid van die Skrif misken nie.

Die sielkunde kan dus vir die berader van groot waarde wees, maar alle nuwe waarhede moet te alle tye getoets word aan Bybelse waarhede (Collins, 2011:12). Koenig (2009:285) is van mening dat spiritualiteit, teologie en geestelike gesondheid intiem verbind is aan mekaar. Hy beskryf die belangrike bydrae van geloof binne die sielkunde soos volg:

Religious beliefs provide a sense of meaning and purpose in difficult life circumstances that assist with psychological integration; they usually promote a positive worldview that is optimistic and hopeful; they provide role models in sacred writings that facilitate acceptance of suffering; they give peoples a sense of indirect control over circumstances, reducing the need for personal control; and they offer a community of support, both human and divine, to help reduce isolation and loneliness.

In die empiriese hoofstuk is die opinie gelug dat hulpverleners mense meer holisties moet begin behandel (2.4.9.3). Vir dit om moontlik te wees, is dit belangrik dat die teologie en die psigologie saamwerk om kinders te begelei na genesing.

#### **4.3.2 Die Heilige Gees se begeleiding tydens hulpverlening**

Die pastorale berader en hulpverlener erken die Skrif as die Woord van God en maak staat op die hulp en leiding van die Heilige Gees tydens hulpverlening. Basson (2010:56) verduidelik dat die werking van die Heilige Gees, binne die konteks van die pastoraat, soos volg verstaan kan word:

- *Heilige Helper* – Die Heilige Gees gaan voort met Christus se werk op aarde – dit beteken dat Hy ook as helper optree tydens die pastorale proses.
- *Gids tot die Waarheid* – Die Heilige Gees gee leiding, sodat die waarheid uitgeleef kan word.

- *Inwonende Teenwoordigheid* – Die Heilige Gees leef in elke kind van God en hierdie teenwoordigheid bevestig die eenheid met Christus en hou dit in stand.

Smith (2014:162) beskryf die pastorale begeleiding onder leiding van die Heilige Gees soos volg:

Pastorale begeleiding moet in harmonie met die herskeppende en heiligmakende werk van die Heilige Gees gedoen word. Pastorale begeleiding word in die lig van die Skrif onder leiding van die Heilige Gees gedoen, asook deur gebed om leiding. Die Heilige Gees verklaar die Skrif en die openbaring van God.

Die Heilige Gees raak mense aan te midde van hul pyn en lyding en onsekerheid. Hierdie aanraking van God te midde van ons persoonlike omstandighede laat 'n mens eintlik sprakeloos (Els, 2013:175):

Die sprakeloosheid is dus nie 'n stilte van pyn nie, maar van stilte oor die geopenbaarde implikasies. Dit is daar waar tyd, agtergrond, spreke van God en die menslike verstaan oorvleuel.

Dit is deur die werking van die Heilige Gees dat daar blywende verandering kom (MacArthur & Mack, 1994: 140). Dit is ook die Heilige Gees wat sorg vir die mees effektiewe beradingseienskappe wat by die berader of hulpverlener benodig word, naamlik liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Collins, 2011:8).

#### **4.3.3 Pastorale hulpverlening aan pre-adolessente wat seksueel misbruik is**

Die hulpverlener wat met pre-adolessente wat seksueel misbruik is werk, moet geroepe voel vir die taak en die gepaste opleiding ontvang het om die kinders op hulle vlak van funksionering te ontmoet en begelei (vergelyk Marx, 2014:120). Soos in alle pastorale begeleiding, moet die hulpverlener altyd in ag neem dat hy/sy nie net op eie insigte kan staat maak nie, maar dat genesing van God die Vader, in die naam van Jesus Christus, kom. Die navorser beaam Marx (2014:121) se woorde dat die "...Heilige Gees sal die pastorale berader lei (Rom. 8:14), leer (Joh. 14:26), die waarheid wys (Joh. 15:26) en toerus vir die bediening (1 Kor. 12:5-11)". Marx

(2014:130) is verder van mening dat die Heilige Gees altyd teenwoordig is by die “wisselwerking wat plaasvind tussen die kind en die berader ... ’n Kind wat welkom by die berader voel, sal die sagte leiding van die Heilige Gees kan ervaar”. Marx (2014:130) beskryf verder hoe sy as hulpverlener ná die sessie reflekteer op die hulpverleningsgebeure, waartydens sy ook sal bid dat die Here vir haar sal wys wat sy moet raaksien.

Die laaste paar jaar het die besef ontstaan dat die *hele* persoon (liggaam, siel en gees) in die terapeutiese verhouding benader moet word (Crosson-Tower, 2006:119). Verskeie vakkundiges het al ’n verskeidenheid metodes voorgestel om ’n religieuse en geestelike kultuur te integreer met berading. Ekspliciete integrasie en implisiete integrasie is twee moontlike metodes. Tan (Walker, Gorsuch & Tan, 2004:69) verduidelik wat *eksplisiete integrasie* beteken:

...a more overt approach that directly and systematically deals with spiritual or religious issues in therapy, and uses spiritual resources like prayer, Scripture or sacred texts, referrals to church or other religious groups or lay counselors, and other religious practices.

Tan (Walker, Gorsuch & Tan, 2004:69) meld dat hierdie benadering binne berading beide die terapeut en die kliënt se spiritualiteit beklemtoon en integreer.

’n Ander benaderingsmetode behels *implisiete integrasie* (Walker, Gorsuch & Tan, 2004:70):

Implicit integration is a more covert approach that does not initiate the discussion of religious or spiritual issues and does not openly, directly, or systematically use spiritual resources like prayer and Scripture or other sacred texts, in therapy.

Sekere sekulêre terapeute het selfs al sover gegaan om ’n kliënt te sien in samewerking met ’n pastorale berader, juis om al die elemente van die persoon te kan aanspreek.

Persone wat misbruik word dink dikwels dat die Bybel niks oor hul situasie of oor hul seer sê nie, en in baie gevalle gebruik die oortreders selfs die Bybel om hul swak gedrag te regverdig (Langberg, 1999:9). Hierdeur kan die persoon wat misbruik word in ’n staat van teologiese en geestelike trauma verval (Coulter, 2001:191). Hedges-Goettl (2004:14) beskryf seksuele misbruik egter as “a chaotic monster that

damages the image of God and denies incarnation in victims, abusers and even in those closest to them”, wat “sielmoord” tot gevolg het.

Trauma het ‘n definitiewe teologiese dimensie, aangesien dit gewoonlik ‘n geloofskrisis veroorsaak by die kind (Allender, 2008:13; Grobler, 2005:14). Volgens Coetzer (2015:3) kan trauma die kind ook los met ‘n verwarde sin vir identiteit, dit kan sy algemene perspektief ontwig en die sinvraag en ander geestelike vrae aktiveer by die kind. Volgens Rogers (2002:31) is dit nie ongewoon vir die persoon wat misbruik is/word om te voel dat God hulle straf vir iets wat hulle verkeerd gedoen het nie. Hall (1995:130) het in ‘n studie gevind dat daar veral drie areas is waarin persone wat seksueel misbruik is probleme ervaar:

- Hulle sukkel om te glo en te aanvaar dat God onvoorwaardelik vir hulle lief is en hulle aanvaar;
- hulle vind dit moeilik om ander mense te vertrou; en
- hulle vind dit moeilik om te vertrou in God se plan vir hul toekoms.

Algemene gevoelens wat die pre-adolesent ontwikkel is dat God nie lief genoeg was vir hom om die misbruik te stop nie, omdat hy sleg is en dit verdien. Ná die misbruik voel hulle “te vuil” om nader aan God te probeer beweeg. Hulle voel bang vir God, soos wat hulle bang is vir die oortreder, en voel dat God Hom skaam vir hulle (Coulter, 2001:192). Die pre-adolesent wat seksueel misbruik is en deur hierdie ervaring gegaan het, verloor naderhand die vermoë om te glo dat daar enigiets of enigiemand is wat groter is as hul oorspronklike trauma of die persoon wat hulle misbruik het. Sinclair (1993:72) beskryf hierdie ervaring van totale hopeloosheid: “...the power and majesty of God stands small in the face of tragedy ... the infinite has no meaning compared with the intensity of pain in that moment”.

Seksuele misbruik het langtermyn sielkundige, geestelike, sosiale en fisiese nagevolge (vergelyk Herman, soos aangehaal in Coulter, 2001:190). Om God te blameer vir die misbruik wat gebeur het, is nie ongewoon om te hoor van beide mense wat vas gegrond is in hul geloof, asook diegene wat geen voorafgaande godsdienstige neigings of belangstelling getoon het nie. Gelowiges glo dat God almagtig is en in beheer is van alles wat gebeur, en dit maak dit nóg moeiliker om die lyding te verstaan. Persone wat misbruik is/word begin dikwels vrae vra soos “Hoekom ek?”, “Wat het ek verkeerd gedoen?” en “Hoekom straf God my” (Loots,

1993:50). Dit is egter die hulpverlener se taak om hul lyding te help verlig en saam met die kind hierdie vrae te probeer verstaan in hul spesifieke godsdienstige konteks.

Verskeie studies het al bevestig dat pre-adolesente 'n natuurlike geneigdheid het om godsdienstige en geestelike betrokkenheid in hul lewens te soek. Dit is dus belangrik om tydens krisisse die pre-adolesent se sterkpunte te identifiseer en dan van hulle spiritualiteit te gebruik te maak om hulle vermoë tot insig te versterk, asook om geloofstandpunte te bevestig wat hoop en optimisme by hulle sal promoveer (Coetzer, 2015:4). Die pre-adolesent is geneig om tydens krisisse op sy geloofsbasis terug te val om sodoende van sy persoonlike lyding sin te maak (Jerome, 2011:198). Indien die pre-adolesent die nodige bystand tydens of ná tye van trauma ontvang, kan dit ook weer sy geloof verryk (vergelyk Boynton & Vis, 2011:138, 142). Jerome (2011:198) beskryf die pre-adolesent se versterking en verryking van geloof soos volg:

Spiritual-mindedness assists children in increasing hope and optimism, accepting their situation with the support of others, and finding meaning despite seemingly unchangeable and incomprehensible circumstances.

Muselman en Wiggins (2012:229) verwys ook na verskeie studies wat getoon het hoe belangrik dit is dat daar op geestelike temas gefokus word en dat "...mental health professionals attend to clients' religious and spiritual perspectives when counseling". Boynton en Vis (2011:198,146) stel ook dat:

Although children have less developed cognitive skills and meaning frameworks, they are less constricted by social conventions and are more spiritually open... [They] may also have spiritual experiences in the midst of a traumatic crisis.

God staan in 'n verbondverhouding met die verwonde pre-adolesent, en Christelike beraders (hulpverleners) kan aan hulle die hoop bring van God se liefde en genesing. God wil vir die pre-adolesent wat seksueel misbruik is verligting bring. Die Woord van God sê in Jesaja 40:28b-29:

Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik. Hy gee die vermoedees krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie.

#### 4.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die normatiewe taak van die hermeneutiese sirkel, soos uiteengesit deur Osmer (2008:10-11). Daar is gekyk na verskeie tekste vanuit die Skrif wat spesifiek te doen het met die tema van seksuele misbruik en kinders, om sodoende Osmer (2008:4) se normatiewe vraag, “*What ought to be going on?*”, te beantwoord. Die verskeie tekste het ook die navorsingsvraag van hierdie hoofstuk beantwoord naamlik: “Watter normatiewe perspektiewe bied die Skrif en teologiese perspektiewe waaruit speeltegnieke saamgestel kan word om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolessente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing?”

Die navorser voel baie sterk daarvoor dat die waarhede uit die Skrif met baie sensitiwiteit gebruik moet word tydens die hulpverleningsproses. Die Skrif mag nooit as 'n “pleister” gebruik word om bloot net oor 'n wond te plak nie. Dis eers wanneer die pastorale moment deur die kind geskep word wat die hulpverlener versigtig aan die kind kan verduidelik hoe God regdeur die Bybel ook hierdie spesifieke situasie aanspreek. Die moontlike gebruike van die bostaande teksgedeeltes beskryf hoe elke teks deur die hulpverlener gebruik kan word om God se liefde vir die kind te beskryf. God is saam met die kind in sy huidige situasie, God huil saam met hom en God sal nooit van hom vergeet nie. Hierdie is alles bewuswordings wat die kind kan help om ook die geestelike verwonding aan te spreek wat deur die fisiese oortreding veroorsaak is.

# Hoofstuk 5


## Praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die pragmatiese taak van Osmer (2008:10-11) se hermeneutiese sirkel beskryf. Die pragmatiese taak behels die formulering van 'n strategie vir die oplossing van die probleem. Osmer (2008:4) beskryf hierdie taak soos volg: “Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the ‘talk back’ emerging when they are reenacted”.

Aansluitend by Osmer (2008:4) se pragmatiese vraag, “*How might we respond?*”, beantwoord die navorser die volgende navorsingsvraag in hierdie hoofstuk:

- Watter riglyne bied die navorsing om pastorale speeltegnieke saam te stel om pre-adolessente wat seksueel misbruik is op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse te begelei tot genesing?



Figuur 5.1: Pragmatiese taak (Osmer, 2008:11)

Vir die formulering van praktyk-teoretiese riglyne is dit nodig dat integrasie van al die perspektiewe vanuit die voorafgaande drie take moet plaasvind. In Hoofstuk 1 is die doel van die navorsing en die metodologie uiteengesit. In Hoofstuk 2 is die beskrywend-empiriese taak beskryf wat die navorsingsmetode, empiriese ondersoek en bevindinge bevat waar die situasie van die hulpverlening aan pre-adolesente wat seksueel misbruik is van nader bekyk is deur gebruik te maak van semi-gestruktureerde onderhoude met verskeie hulpverleners. In Hoofstuk 3 is die interpretatiewe taak voltooi deur middel van 'n literatuurstudie. Daar is met die aangrensende hulpwetenskappe in gesprek getree om inligting en perspektiewe rondom die aspekte van seksuele misbruike en nie-direkte, kliënt-gesentreerde hulpverlening in te win. In Hoofstuk 4 is Skriftuurlike en teologiese perspektiewe rondom seksuele misbruik en die beskouing van kinders in die Bybel ondersoek.

Osmer (2008:10) vra in die pragmatiese taak: "How might we respond in ways that are faithful and effective? The pragmatic task focuses on strategies and actions that are undertaken to shape events toward desired goals".

Tydens hierdie taak geld die vraag dus: *Wat moet gedoen word of hoe moet daar gereageer word?* (Osmer, 2008:4). Die doel is dus om verandering te weeg te bring en in hierdie fase van die navorsing word praktiese modelle voorgestel wat hierdie verandering sal moontlik maak (Osmer, 2008:176).

## **5.2 DOELWITTE**

Die doel van die pragmatiese taak is om te bepaal hoe daar in betrokke situasies opgetree kan word. In Hoofstuk 5 word die formulering van praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke vanuit die bevindinge van die navorsing geformuleer, verduidelik en bespreek. Heyns en Pieterse (1990:86) verduidelik wat in hierdie fase moet gebeur:

Die bevindinge van die empiriese ondersoek in die praxis word nou reflekerend op 'n hermeneutiese wyse (verstanend) in interaksie gebring met die bestaande prakties-teologiese teorie wat geoperationaliseer is. Daar vind dus nou 'n kritiese interaksie tussen teorie en praktyk plaas waarin die teorie ook oopstaan vir bystelling en verstelling.

Die navorser sal poog om praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte kliënt-gesentreerde speeltegnieke saam te stel om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolesente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.

### **5.3 MODELLE VIR INTERDISSIPLINÊRE DIALOOG IN PRAKTIESE TEOLOGIE**

Osmer (2008:163) gee die volgende definisie vir interdisiplinêre dialoog: "...cross-disciplinary dialogue is a special form of rational communication in which the perspectives of two or more fields are brought into conversation." Dit gaan dus oor 'n dialoog tussen twee velde oor 'n spesifieke onderwerp. Smith (2014:191-192) bespreek vervolgens Osmer (2008:164-173) se drie moontlike modelle vir interdisiplinêre gesprekvoering in prakties-teologiese interpretasie, naamlik die korrelasiemodelle, die transformasiemodelle en die transversale model:

- Die korrelasiemodel: Korrelasiemodelle beeld die dialoog tussen teologie en ander velde uit as een van wedersydse invloed (Osmer, 2008:164). Smith (2014:191) verduidelik die doel van korrelasie soos volg:

In die wetenskappe word korrelasie as 'n metode gebruik om statistiese data te analiseer met die doel om die verhouding tussen twee of meer kragte te demonstreer. Wanneer korrelasie as 'n model van dialoog gebruik word, verval die kwantitatiewe dimensie van wetenskaplike konteks.

Wat eerder beklemtoon word deur die korrelasiemodel is die wyse waarop ware dialoog 'n gesprek is waarin die deelnemers toetree tot 'n onderlinge, invloedryke verhouding waarin daar intens na mekaar geluister word (positiewe analogie) (Osmer, 2008:165). Binne hierdie model van interdisiplinêre dialoog sal dit gebeur dat die teologie sal luister na, byvoorbeeld, die dissipline van die sosiale wetenskappe om van hulle te leer, terwyl die teologie self ook 'n wesentlike bydrae lewer tot die dialoog. Op grond hiervan mag die teologie selfs sekere tradisionele oortuigings moontlik hersien. Hierdie model fokus dus op wedersydse invloed en kritieklewing en nie op 'n eensydige monoloog nie (Osmer, 2008:165; Smith, 2014:175). Volgens Osmer (2008:165) het drie variasies ontstaan binne die

korrelasiemodel: die metode van korrelasie, die hersiene metode van korrelasie en die hersiene praxis-metode van korrelasie (vergelyk Denton, 2014:8).

- Die transformasiemodel: Osmer (2008:167) beskryf die transformasiemodel as 'n dialoog tussen mense wat verskillende tale praat. Indien hierdie gesprek tussen mense is van verskillende kulture, met verskillende wêreldbeskouings, maak dit gemeenskaplike verstaan baie moeilik. Tog is verstaan wel binne hierdie model moontlik (Denton, 2014:8):

Christian religion and psychology have their own distinctive subject matter but can transform what is learned from each other by replacing their own distinctive subject matter in a different disciplinary context.

Wanneer daar tussen die verskillende velde beweeg word, gaan dit nie net bloot daarvoor om 'n ooreenstemmende term in 'n ander veld te gaan vind nie, maar eerder "...n kwessie van verandering van wat in die ander veld geleer is en om dit dan in 'n ander dissiplinêre konteks te plaas" (Smith, 2014:191). Waar die literêre en hermeneutiese teorieë bruikbaar is vir die teologie, word hulle gebruik; waar hulle nie bruikbaar gevind word nie, word hulle weggelaat (Osmer, 2008:170).

- Die transversale model: Die transversale model is volgens Osmer (2008:107) die mees resente model van teologie se interdissiplinêre dialoog met ander velde. Smith (2014:192) voer aan:

Die transversale model beeld die verhoudings tussen die verskeie dissiplines uit as 'n interaktiewe netwerk van verskillende velde en beweer dat die mens se soeke na begrip versterk word deur rasonale kommunikasie dwarsoor hierdie netwerk.

Volgens Osmer (2008:170-171) beteken transversaliteit, "lying across, extending over, intersecting, meeting and converging without achieving coincidence". Dit beteken dus dat daar binne 'n spesifieke dialoog tussen verskillende mense van verskillende velde, 'n oorvleueling van waardes en perspektiewe kan wees. Osmer (2008:170-171) poneer: "Transversality, thus, is person- and perspective-specific. It explores areas of overlap and divergence in a concrete dialogue between particular people or perspectives." Denton (2014:9) beweer dat: "...this approach assumes that, in order to construct a concrete dialogue, definite areas

of overlapping should be sought in the relationship between Christian religion and psychology”.

Fourie (2010:76) is wel van mening dat die transversale model moontlik die beste wyse bied waarop die dialoog tussen die praktiese teologie en die ander gespreksgenote geakkommodeer kan word.

Dit gaan dus in hierdie hoofstuk oor die “forming and enacting of strategies and actions that are undertaken to influence and shape events towards desired goals” (Osmer, 2008:10). Binne hierdie dialoog tussen die verskillende velde word ooreenkomste en verskille raakgesien wat uiteindelik daartoe lei dat pragmatiese stappe geformuleer kan word wat sal help met hulpverlening aan seksueel misbruikte pre-adolesseente.

#### **5.4 DIE REALITEIT VAN SEKSUELE MISBRUIK**

Om seksueel misbruikte kinders pastoraal te begelei na genesing, is dit belangrik dat hulpverleners oor bepaalde kennis moet beskik rondom die uitwerking van sodanige misbruik binne die verskillende lewensfasies/ ontwikkelingsfasies van die kind. Oor die afgelope eeue heers daar ‘n tendens om nie kinders se aantygings van misbruik te wil glo nie (Vieth, 2012:258). Hierdie tendens is versterk deur sielkundiges soos Freud, wat die realiteit van seksuele misbruik by kinders verwerp het. Salter (2003:57) beskryf hierdie gedeelte van die geskiedenis soos volg:

The history of psychology in the past one hundred years has been filled with theories that deny sexual abuse occurs, that discounts the responsibility of the offender, that blame the mother and/or child when it does occur, and that minimize the impact. It constitutes a sorry chapter in the history of psychology, but it is not only shameful, it is also puzzling. Hostility toward child victims and adult women leaks through the literature like poison.

Van al die gevalle wat wel aangemeld word by die owerhede is gevind dat 85% van die kinders hul oortreder persoonlik geken het en dat 60% van die oortreders ‘n familielid of nabye familielvriend was (Gilgun & Anderson, 2015:2). Dieselfde studie het getoon dat amper 50% van die ma’s wat geweet het die misbruik is besig om te gebeur, het niks gedoen om dit te stop nie. Een kind merk op: “I don’t blame my

mother for not believing me. My father is such a nice guy. I had a hard time believing it myself” (Gilgun & Anderson, 2015:2).

Hierdie houding teenoor enige aantygings het ongelukkig by die kerk ook ingesluit en het gelei tot die denke dat aantygings met agterdog behandel moet word, dat die kinders verantwoordelik was vir die misbruik en dat die Skrif verkeerdelik gebruik is teen mense wat ander misbruik (Vieth, 2012:258). Alhoewel studies bewys het dat daar wel 'n moontlikheid van valse aantygings kan wees, dit skaars is, en in gevalle waar kinders wel leuens vertel, is dit om die oortreder te beskerm (Vieth, 2012:258). Daar is wel glad nie 'n verskoning vir hulpverleners, veral pastorale hulpverleners, om nie die dinamika van seksuele misbruik te leer ken nie. Vieth (2012:259) stel dit so: “Clergy and laity who take the time to understand these and other dynamics will increase the chance of responding sensitively to the spiritual needs of maltreated children”.

Verskeie studies is gedoen oor die impak wat seksuele misbruik op die geestelike ontwikkeling van kinders kan hê. In 'n studie van 527 kinders wat misbruik is (fisies, seksueel en emosioneel) is gevind dat daar betekenisvolle “*spiritual injury*” was, soos gevoelens van skuld, woede, hartseer, hopeloosheid, twyfel, vrees vir die dood en 'n gevoel dat God onregverdig is (Lawson *et al*, 1998:369-380). Davis en Zuniga (2010:37) beaam hierdie stelling en voer aan:

Any kind of trauma can send a person of faith into a crisis that raises questions about who they are, who God is, and what that means about all that they have believed to be true.

Dieselfde studie het wel bevind dat kinders wat seksueel misbruik is, gerapporteer het dat hulle meer bid en 'n geestelike ervaring gehad het (Vieth, 2012:261). Weens hierdie gevoelens gebeur dit dat die kerk die eerste plek is waar hulp gesoek word (Davis & Zuniga, 2010:38).

## **5.5 DIE ROL VAN DIE KERK**

In die voorafgaande hoofstukke is aandag gegee aan wat seksuele misbruik is en die gevolge daarvan. Die twee dissiplines wat beslis die grootste bydrae gelewer het, was die sielkunde en die sosiale wetenskappe (soos maatskaplike werk). In die

laaste paar jaar het die pastoraat ook op die voorgrond begin tree, alhoewel daar in die empiriese hoofstuk gevind is dat die kerk nog nie voldoen aan sy mandaat nie (2.4.9.4). Daar word dus in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die ontwikkelende rol wat die kerk in dié verband kan en moet speel.

In 1991 het die Amerikaanse Raad vir Kindermishandeling en -misbruik spesifiek aan godsdienstige instansies 'n mandaat gerig om hulp (Hedges-Goettl, 2004:13):

The Board believes that, because of their broad base and deep historic roots, as well as their accessibility to children, family, neighborhood, and community, religious institutions often possess a unique capacity to initiate those activities necessary for the promotion of a responsive community child protection system. Moreover, where necessary, they are often able to foster the accountability of that system ... Responsibility for solving the complex problem of child maltreatment cannot be placed at the doorstep of the nation's religious institutions. Still, the Board believes that - because they have been, and will continue to be, an integral part of neighbourhood and community life - their potential as agents of positive change in connection with child maltreatment needs to be tapped more effectively.

Hedges-Goettl (2004:13) voer aan dat aanbiddingsgemeenskappe 'n unieke bron vir genesing is en dat dit 'n spesiale rol in die helingsproses van kinders kan speel. Al hoe meer hulpverleners is besig om tot die konklusie te kom dat die teologie en veral die sielkunde nie meer heeltemal van mekaar geskei moet word nie (vergelyk Denton, 2014:2). Vir baie jare het die wetenskap homself besig gehou met die biologiese kant van mense, terwyl die teologie net gefokus het op die geestelike. Jones (2007:137) het tot die konklusie gekom dat:

Many psychologists, academic and applied, do not relate to religion as such; they maintain a stance of neutrality or silence toward it. For many, this is not a hostile stance at all, but rather is the most respectful position one can take toward that which one does not personally endorse or understand.

Tog beweer Peteet, Lu en Narrow (2011:xix) dat studies bewys het dat daar 'n belangrike interaksie tussen godsdiens en 'n mens se welstand is wanneer hulpverleners die persoon se geloof inkorporeer tydens hulpverlening. Hierdie interaksie tussen godsdiens en sielkunde bestaan omdat albei benaderings werk met die mens as 'n fisiese, godsdienstige en sielkundige wese (Denton, 2014:2).

Die rol wat die kerk kan en moet speel tydens hulpverlening is dus baie duidelik. Pastorale hulpverleners, net soos terapeute, bou vertrouensverhoudings met mense op, maar in teenstelling met terapeute is die pastorale hulpverlener ook gemoed met die geestelike welstand van die persoon. Pastorale hulpverleners het die geleentheid om na die fisiese en geestelike welstand van mense om te sien.

Die meeste leraars moet erken dat slagoffers van seksuele misbruik, hetsy volwassenes of kinders, deel vorm van hul gemeentes. Indien die kerk sy rol as hulpverlener in die wêreld behoorlik nakom (Adams, 1974:47), sal daar beslis ook aandag gegee moet word aan hulle wonde. Seamands (2015:11), wat self 'n pastoor is, skryf in sy boek, *Healing for Damaged Emotions*, oor 'n gesprek met 'n afgetrede kollega wat bewus was van 'n groep gewondes wat agtergelaat is in sy gemeente:

You know, there was always a group of people I could never help. They were sincere people. I believe many of them were Spirit-filled Christians. But they had problems. They brought these things to me, and I tried to help. But no amount of advice, no amount of Scripture or prayer on their part ever seemed to bring them lasting deliverance.

Hy verduidelik verder dat elke mens sy eie stuk seer met hom saamdra, wat gewoonlik in die pad staan van volle vertrouwe in God (Seamands, 2015:12):

There are scars of ancient, painful hurts ... This scar has eaten away in him, causing all kinds of interpersonal difficulties. Here is the discoloration of a tragic stain that muddied all of life ... as years ago behind the barn, or in the haystack, or out in the woods, a big brother took a little sister and introduced her into the mysteries – no, the miseries - of sex.

Al die deelnemers aan die empiriese navorsing van hierdie studie was van mening dat die kerk 'n leidende en profetiese verantwoordelikheid het om seksuele misbruik aan te spreek en dan ook, waar moontlik, die nodige hulpverlening toe te pas. Net soos wat Seamands hier bo erken, blyk dit ook vanuit die onderhoude dat die kerk steeds faal in terme van kennis, opleiding en hulpverlening aan seksueel misbruikte persone, en veral dan pre-adolescente. Dit is ook duidelik vanuit die literatuurstudies dat die ander hulpwetenskappe baie beter vaar op hierdie terrein, alhoewel hul kennis ook nie voldoende is nie.

Die seksuele misbruik van kinders is nie net 'n kwessie binne die pastorale sorg nie, maar dis ook 'n "hermeneutical, exegetical, liturgical, theological, ethical and a

historical issue” (Crosson-Tower, 2006:9). In antwoord op die pastorale hulpverlening aan kinders wat seksueel misbruik is, beskryf Crosson-Tower (2006:10) die rol wat deur pastorale hulpverleners vervul kan word soos volg:

- Verstaan en aanvaar die wettige mandaat om enige kindermisbruik of kindermishandeling te rapporteer.
- Leer ken die dinamiek van misbruik en verwaarlosing.
- Ondersoek watter gemeenskaplike bronne beskikbaar is.
- Besef die unieke posisie wat die kerk vir hulpverlening het.

Dit gebeur gereeld dat pastorale hulpverleners, met goeie bedoelings, mense wat seksueel misbruik is probeer help, maar weens hul gebrekkige kennis groter skade aanrig (Grobler, 2005:118). Hier is ‘n paar illustrasies van ongevoelige, skadelike opmerkings wat dikwels gemaak word:

An abused woman was told by her pastor that she was to forget the past and stop pitying herself, because many people have had a lot worse things happen to them than being abused by their father (Allender, 2008:13).

In die boek, *Dis ek, Anna*, wat onlangs verfilm is, gaan spreek Anna haar predikant om te gesels oor die seksuele misbruik:

Die Here se weë is duister, Anna. Ons as swakkeling verstaan nie altyd hoekom nie. Maar daar is genesing by God. Die eerste stap is om op jou knieë te gaan en jou stiefpa te vergewe, daarna sal jy voel dat ook jy deur God vergewe word.

Dominee, ek kan nie sien hoekom ek myself moet vergewe as ek geen skuld aan my toestand het nie.

Anna, so iets kom tog van albei kante af (Lötter, 2004:158).

Na ‘n ma met haar predikant gaan praat het oor haar man wat besig is om hul dogtertjie seksueel te misbruik, het die predikant die volgende vir haar gesê:

Well, if you would just do these things, and if you would just satisfy him sexually, you wouldn't have the problems that you're having. You're creating your own mess (Gilgun & Anderson, 2015:9).

Nog voorbeelde van onsensitiewe opmerkings en verkeerde verwagtinge wat deur sommige pastorale hulpverleners gemaak is, is aangeteken deur Sandford (1988:91-110):

- “Jy’t Jesus in jou lewe, Sy bloed het alles afgewas, so ruk jou reg en gaan aan met jou nuwe lewe.”
- “Dis alles in die verlede, vergeet daarvan.”
- “Jy het ‘n demoon van wellus in jou.”
- “Jy moes iets gedoen het om daartoe aanleiding te gee.”
- Die hulpverlener lees net ‘n paar teksverse, gee ‘n preek en verwag die persoon moet sy gedrag dadelik verander.
- Die hulpverlener verwag te vinnig resultate na pastorale gesprekke.
- Die hulpverlener volg nie die nodige regstappe om te verseker dat die kind veilig is nie.
- Die hulpverlener dring daarop aan dat die kind/persoon die gebeurtenis herhaal om sodoende te genees.
- Die hulpverlener gebruik hipnose om dinge uit die slagoffer se onderbewuste te haal.
- Die hulpverlener dring aan daarop dat die kind/persoon die oortreder konfronteer en dring aan daarop dat die kind/persoon die oortreder vergewe, al is hy nie reg daarvoor nie.

Hierdie en soortgelyke aanmerkings teenoor en verwagtinge van die persoon of kind wat seksueel misbruik is, wakker net ongesonde skuldgevoelens aan. Dit is ‘n lang pad om te loop voordat daar by vergifnis uitgekom kan word (Grobler, 2005:119). Vergifnis moet baie versigtig aangespreek word binne ‘n sessie (Rudolfsson & Tidefors, 2013:12):

The conflicting feelings towards the need to forgive the abuser and the victim’s struggles to be able to forgive, might also make the victim feel unworthy of a relationship with God, and unworthy of God’s grace.

Allender (2008:18) som die probleem van gedwonge vergifnis voordat die persoon gereed is daarvoor baie treffend op:

It is not difficult to understand why the Christian who has been abused often chooses either to seek help outside the church or to learn to handle that damage by pretending it does not exist. Forgiveness built on “forgetfulness” is a Christian version of a frontal lobotomy.

Die kerk kan nie net terugstaan en hulpverlening aan die ander “spesialiste” oorlaat nie. Die kerk het ook 'n verantwoordelikheid om hulpverleners beter toe te rus om verwondes te lei na genesing.

## **5.6 PRAKTYK-TEORETIESE PASTORALE, NIE-DIREKTE, KLIËNT-GESENTREERDE SPEELTEGNIEKE**

### **5.6.1 Kinders kommunikeer deur spel**

Vir die hulpverleners om doeltreffend te wees in die hulpverleningsproses, moet hulpverleners die kinders se wêreld ingaan. Hierdie wêreld word deur spel gekenmerk. Neale (soos aangehaal in Landreth & Sweeney, 1993:351) skryf:

Consider the play of the child, and the nature of the Kingdom is revealed. Christ is that fiddler who plays so sweetly that all who hear Him begin to dance.

Coles (1990:322) wys uit dat kinders se verstandelike gesondheid nou verbind is aan hul godsdienstige en geestelike denke. Wat die sielkunde dus sien as 'n proses van individuasie, sien die kerk as geestelike ontwikkeling: “Maar nou dat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind” (1 Kor 13:11b). Kinders “are marching through life - travelers on a road with some spiritual purpose in mind” (Coles, 1990:322). Kliënt-gesentreerde, nie-direkte hulpverlening is gebaseer op reflektiewe en empatiese reaksies, wat kinders toelaat om te reageer op die vlakke wat hul harte is, of wat op hul voorgronde is. Kinders het nog nie taalvaardighede of abstrakte denke bemeester nie, so dit is vir hulle moeilik om hul gevoelens, denke en gedrag te verbaliseer (Landreth & Sweeney, 1993:352) Volgens Piers en Landau (1980:33) is dit vir getraumatiseerde kinders nóg moeiliker:

What emotionally sturdy children do naturally - master fears through imaginative playing - is often difficult or impossible for severely troubled children to accomplish. Their anxiety may be so great as to paralyze their imaginations and inhibit their play.

Speel is die belangrikste en natuurlikste aktiwiteit by kinders, en dis hulle natuurlike medium van kommunikasie. Vir kinders om hulle gevoelens en ervarings “uit te speel” is ‘n natuurlike en self-helende proses (Landreth & Sweeney, 1993:352). Piaget (soos aangehaal in Landreth & Sweeney, 1993:352) voer aan dat speel die gaping tussen konkrete ervarings en abstrakte denke oorbrug en beklemtoon die belangrikheid van spel se simboliese funksies. Simboliek en geloof is ‘n sleutel-element vir geestelike bewustheid. Die misterie van geloof “...om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie” (Heb 11:1), ontkiem en ontwikkel deur die simboliese funksie van speel (Landreth & Sweeney, 1993:352). Fowler (1981:133) skryf dat die ontwikkeling van geloof by kinders gekenmerk word deur fantasie en die vloeibaarheid van denkpatrone:

Imagination is extremely productive of long-lasting images and feelings (positive and negative) that later, more stable and self-reflective valuing and thinking have to order and sort out. This is the stage of first self-awareness. Play is the vehicle for this symbolic and imagination-filled exploration.

Hulpverleners moet kinders dus toelaat om hulself te wees, kind te wees, te praat soos ‘n kind en verstaan te word as ‘n kind. Paulus skryf in 1 Korintiërs 9:22: “Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red”.

Dieselfde geld vir die hulpverlener wat die kind se wêreld betree, en nie andersom nie. ‘n Hulpverlener wat té letterlik is en nie die kinders se verbeeldingsvlugte kan hanteer nie, gaan die ware betekenis van die aksies moontlik mis (Axline, 1993:127). Die kind se tipe spel en die metafore wat daarin versteek is, kan vergelyk word met ‘n gelykenis waarin daar ‘n dieper betekenis is (Landreth & Sweeney, 1993:352).

Die hele hulpverleningsproses aan kinders is kliënt-gesentreerd en die dinamiek van die hulpverlening word deur die kind self bepaal en gelei. Hierdie benadering is egter nie-indringend in die kind se leefwêreld, laat die kind se veiligheid en sensitiwiteit toe en dra by tot ‘n gesonde terapeutiese verhouding. Nie-direkte,

kliënt-gesentreerde hulpverlening is egter nie 'n passiewe proses nie; die kind lei die hulpverlening, maar dit is die hulpverlener se taak om die proses aan die gang te hou (Landreth & Sweeney, 1993:353).

### 5.6.2 Die speelkamer

Dit is belangrik dat hulpverleners die nodige opleiding moet ontvang om effektief met kinders te kan werk. Oppervlakkige kennis van speeltegnieke en die beskikbaarheid van speelgoed gaan nie lei tot effektiewe hulpverlening nie (Landreth & Sweeney, 1993:353). In die empiriese onderhoude het van die deelnemers genoem dat hulle die kind 'n prentjie sal laat teken, bloot om net die kind aan die praat te kry (2.4.8.3). Dit is egter nie effektiewe hulpverlening nie. Speelmateriaal moet spesiaal geselekteer word en daar moet nie net 'n massa speelgoed wees nie. As spel erken word as kinders se taal, dan moet die speelgoed erken word as hulle woorde. Landreth (1993:22) stel die volgende speelgoed en materiaal voor wat voorsien moet word in 'n speelkamer:

- Vetkryte
- Koerante
- Skêr
- Bababottel
- Rubbermes
- Babapop
- Klei
- 'n "Nerf" balletjie (Rubber bal)
- 'n Aggressiewe handpop (wolf, krokodil ens.)
- Pophuis met meubels
- Speel gewertjie
- Handboeie
- Speel soldaatjies
- Plastiek eetware/kombuisware
- Klein vliegtuigie
- Klein karretjie
- Gesigmaskers
- Telefoon
- Pop familie
- Kostuum juwele

Marx (2014:131) voeg by hierdie lys 'n sandbak en miniatuur figuurtjies. Daar moet ook verkieslik rakke en kaste in die speelkamer wees waar alles gebêre kan word en die kind moet net kan uithaal wat benodig word (Marx, 2014:94).

Die hulpverlener is die fasiliteerder van die vertrouensverhouding, nie die inisieerder nie. Kinders wat misbruik is/word, voel ontmagtig en buite beheer vanweë die trauma, en deur die verhouding te fasiliteer, bied dit die kinders geleentheid om beheer te neem en die pas te bepaal binne die sessie (Landreth & Sweeney, 1993:353). Hierdie geleentheid is bemagtigend en bou die kind se self-waarde. Die hulpverlener se reaksies op die kinders se gedrag is ook van uiterste belang en moet kort en interaktief wees. Landreth (1991:354) voer aan dat dit die hulpverlener se verantwoordelikheid is om veral vier boodskappe in die sessies oor te dra: “Ek is hier, ek hoor jou, ek verstaan jou en ek gee om.” Volgens Landreth (1991:79) moet die verhouding met die kinders gefokus wees op:

*The person, rather than the problem*  
*The present, rather than the past*  
*The feelings, rather than the thoughts or acts*  
*Understanding, rather than explaining*  
*Accepting, rather than correcting*  
*Child's direction, rather than therapist's instruction*  
*Child's wisdom, rather than therapist's knowledge*

Die kliënt-gesentreerde benadering van hulpverlening is diep gewortel in die basiese beginsels van die Christelike lewe (Landreth & Sweeney, 1993:354). Deurslaggewend aan hierdie benadering is die bou van 'n vertrouensverhouding deur die kind toe te laat om keuses te maak. Kinders moet toegelaat word om die keuses te maak om self te beseft dat hulle besluite kan neem en verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar.

### **5.6.3 Kinders se spiritualiteit**

Kinders wat getraumatiseer is, het ook 'n wond aan hul siele opgedoen. Shengold (1989:2) beskryf dit as sielmoord:

Sexual abuse, emotional deprivation, physical and mental torture can eventuate in *soul murder* ... children are the usual victims, for the child's almost complete physical and emotional dependence on adults easily makes for possible tyranny and therefore child abuse.

Dit is belangrik om ook die sielskade wat aangerig word te erken wanneer daar met kinders gewerk word wat misbruik is (Landreth & Sweeney, 1993:355). In hierdie verband voer James (1989:212) aan:

Direct work with the spiritual nature and beliefs of a traumatized child is commonly needed, as that is often damaged or may be the only place where needed strength can be gained.

Hulpverlening deur speel skep 'n omgewing waarin genesing kan plaasvind en die kind se vryheid om die leiding te neem is ook die vryheid wat die Heilige Gees het om te werk (Landreth & Sweeney, 1993:356).

Ongelukkig is dit 'n realiteit dat baie oortreders ook hul godsdienst gebruik om hul dade te regverdig of die kinders te dreig (Vieth, 2012:261). Studies het getoon dat, veral in die gevalle waar die oortreder geestelike leiers is, die geestelik trauma vererger. Hierdie oortreders glo dikwels dat God spesiaal sal kyk na die kinders wat hulle misbruik het en hulle sal beskerm (Saradjian & Nobus, 2003:905-924). Hierdie oortreders glo ook dat hul goeie werke in die gemeenskap sal opmaak vir hul sondige gedrag met die kinders. Kinders wat veral deur geestelike leiers misbruik is, het in latere jare 'n afname in kerkbywoning getoon, het minder vertrouwe in God of hul verhouding met God bestaan nie (McLaughlin, 1994:145). Gilgun en Anderson (2015:12) waarsku hulpverleners:

Perpetrators may minimize and justify their abusive actions to themselves, to children, and other family members and may not take responsibility for the abuse. Clergy and pastoral counselors should be especially cautious not to perpetuate these beliefs and to not participate in the blaming of the child and non-offending family members.

Spiritualiteit is wel van uiterste belang by die meeste kinders en "a growing body of theoretical and research literature suggests that spiritual development is an intrinsic part of being human" (McLaughlin, 1994:145). Onderhoude wat gevoer is met kinders wat seksueel misbruik is, het getoon dat spiritualiteit vir die kinders belangrik is, soos deur 'n voormalige kinder sekswerker beskryf (Yancey, 2010:73-74):

I admit that I'm still struggling, even after six months away from the business ... Because I dropped out of school I have few career options ... Yet I know what God wants for me. I need to be healed.

Kinders wat misbruik is, is minder geneig om dadelik na God en ander te draai vir geestelike ondersteuning. Maar selfs diegene wat 'n moeilike verhouding met God het, erken dat hulle op hul spiritualiteit steun vir genesing (Gall, 2006:839). Dit beteken dus dat wanneer hulpverleners die Skrif tydens hulpverlening met kinders wat seksueel misbruik is verkeerd toepas, staan hulle die gevaar om een van die belangrikste hanteringsmeganismes wat die kinders nodig het om te oorleef (hul spiritualiteit) te vernietig (Vieth, 2012:261).

#### **5.6.4 Belangrike punte binne pastorale hulpverlening**

Wanneer daar met kinders wat seksueel misbruik is pastoraal gewerk word, moet die volgende in gedagte gehou word (Vieth, 2012:267-270):

- **Vermag om op die slagoffer se sondes of swak gedrag te fokus**

Die gevolge van seksuele misbruik kan op verskeie maniere in die gedrag van die kinders manifesteer. Dit is die hulpverlener se plig om die gebrokenheid raak te sien en daarop te fokus, eerder as om die kinders te vertel hoe "stout" hulle is. Vieth (2012:267) beskryf die pastorale handeling soos volg:

Jesus came to bind the wounds of the broken hearted and the gospel may be the only tonic the abused child has *never* experienced. The pastor must pour out this oil liberally.

- **Verseker die slagoffer van Christus se empatie**

Die slagoffers kan moontlik God se goedheid bevraagteken, veral as die oortreder opmerkings oor God maak het. Hulle kan ook moontlik bevraagteken of God regtig hul pyn of ervarings kan verstaan. Hier is dit hulpverleners se werk om vir hulle 'n ander prentjie van God te skets. Hulle kan verduidelik dat die oortreder baie duidelik iets gedoen het wat teen God se wil vir Sy kinders is en dat alle regverdiging wat die oortreder probeer bied het beslis nie van God af gekom het nie.

Hulpverleners kan ook verduidelik watter spesiale plek kinders in God se hart het - Hy het mense gewaarsku wat met hulle gaan gebeur as hulle kinders sou seermaak (Matt 19:6). Jesus was gereeld gesien saam met vrouens wat

seksueel uitgebuit is en Hy het belowe om hulle te help (Matt 21:31). Verduidelik aan hulle dat Jesus verstaan hoe dit voel om sleg behandel te word. Hy is mishandel, in die openbaar gespot en gedwing om sy klere uit te trek - Jesus weet hoe seer hulle het (Vieth, 2012:268).

- **Deel die Evangelie met deernis**

Slagoffers het gewoonlik skuldgevoelens oor die gebeure of hul gedrag. Die hulpverlener moet hierdie pyn raaksien en hulle verseker van God se liefde en vergifnis vir hulle (Vieth, 2012:268).

- **Vermyn om maklike antwoorde te gee**

Hulpverleners gee soms te maklik Bybelse antwoorde, bloot om iets te kan sê en hul ongemak te vergemaklik. Wanneer dit gebeur, lei dit soms tot frustrasie en die persoon wat misbruik is sal eerder êrens anders gaan vir hulp. Tydens die hele hulpverleningsproses moet daar gewaak word om maklike aanhalings uit die Bybel te gee oor God se liefde en sy omgee. Aan die begin van die hulpverlening moet die persoon sy/haar verhaal vertel. Hulpverleners moet ook nie te geskok wees as die persoon teenoor God uitvaar nie en dit vermyn om God te wil probeer verdedig (Le Roux, 2006:72). Rogers (2002:36) stel dit baie duidelik: "The God revealed to us in scripture is one who can withstand rage and respond with mercy, patience, and compassion".

Die enigste ware antwoord wat hulpverleners kan gee op die vraag hoekom God hierdie dinge toelaat om te gebeur, is dat die hulpverlener nie weet nie. Coulter (2001:187) stel dat hulpverleners nie teksverse en Bybelse waarhede moet gebruik as maklike "pleisters" vir die seer nie.

- **Moenie vergifnis gedwonge maak nie**

Slagoffers sukkel met die konsep van vergifnis; dit behels 'n tydsame proses wat nooit afgejaag of afgedwing kan word nie. Hulpverleners kan aan slagoffers drie konsepte van vergifnis verduidelik wat moontlik kan help:

- Vergifnis beteken nie dat daar nie 'n oortreding was nie. Slagoffers het die reg om oortreders te laat vervolg of verantwoordelik te hou vir wat gebeur het. Deur iemand te vergewe, maak dit nie dit wat hulle gedoen het reg nie.

- Vergifnis kan nie geforseer word nie. Vergifnis is 'n geskenk van God wat slagoffers help om gevoelens van haat, woede en angs te laat gaan. Maar dit kan nie afgedwing word voor die kinders nie reg is daarvoor nie.
- Wys die kinders na die kruis en vertrou dat die Heilige Gees Sy werk gaan doen. Langberg (2003:185) stel:

It has been my experience in my work with survivors that rather than simply telling them they need to forgive - a statement that often overwhelms them with despair - it is much more helpful to teach them, as they are ready, about the work of God in Christ on the cross ... Over time, clients see evidence of that work in their own lives ... The recognition of that wonderful redemption almost always results in a hunger to be like the one who has loved them so faithfully.

## **5.7 'N VOORGESTELDE PROSES VIR HULPVERLENING**

Vervolgens word die belangrike punte bespreek wat in die hulpverleningsproses aangespreek moet word. Vanweë die dinamika wat betrokke is by kinders wat seksueel misbruik is, die verskillende tipes trauma waaraan die kinders blootgestel is, die aard van die oortredings en die veerkrachtigheid van die kinders, is daar nie 'n "wenresep" vir hulpverlening nie.

Die navorser stem saam met Fouché en Yssel (2015:246), wat 'n eklektiese benadering voorstel wat 'n kombinasie van verskillende strategieë insluit. Die navorser meen dat alhoewel die hulpverlening nie-direktief plaasvind, sekere speeltegnieke en aktiwiteite uitgesit kan word vir die kind om van te kies. Sodoende kry die kind blootstelling aan 'n verskeidenheid van aktiwiteite, terwyl die keuse steeds die kind se eie bly. Hierdie voorgestelde proses bevat 'n paar prosesse wat aangespreek moet word sodat pastorale hulpverlening kan plaasvind.

### **5.7.1 Die aanvangsfase**

In hierdie fase word gereed gemaak om die kind te ontmoet. Inligting word ingewin by die partye betrokke en die inligting wat vanaf die kind self verkry word, is veral van belang (Blom, 2006:69; Oaklander, 1988:184). Geldard en Geldard (2008:44) noem ook dat die ooreenkoms tussen die hulpverlener en ouers hier plaasvind. Vertroulikheid word ook tydens hierdie fase bespreek met beide die kinders en die

ouers, voor die hulpverlening begin. Vir die kinders om veilig te voel en hul seer en pyn te onthul, moet die kinders weet dat hulle die hulpverlener kan vertrou. Die hulpverlener kan ook aan die ouers verduidelik dat hulle terugvoer oor die kind se vordering sal kry, maar gedetailleerde inligting kan nie sonder toestemming van die kinders gedeel word nie (vergelyk Blom, 2006:71; Geldard & Geldard, 2008:45).

### **5.7.2 Bou die vertrouensverhouding in 'n emosioneel-veilige situasie**

Kinders het nodig om te ontspan tydens hulpverlening, sodat hulle hul traumatiese ervarings kan verwerk. As hulle die hulpverlener nie vertrou nie, sal hulle dit egter nie regkry om 'n bewustheid van hul ervaring of die emosies wat daarmee saamgaan, te beleef nie. Die vertrouensverhouding is die fondasie vir enige hulpverlening, veral met kinders (Blom, 2006:54; Geldard & Geldard, 2008:9). Kinders het nodig om fisies en emosioneel veilig te voel om sodoende hulle weerstand te laat gaan, hul veiligheidsmeganismes prys te gee en hul energie te gebruik om die trauma op 'n gepaste wyse te hanteer. Hierdie emosioneel-veilige omgewing kan op verskeie wyses bewerk en behaal word:

- Eerstens moet die hulpverlener 'n warm en vriendelike atmosfeer skep waarbinne die kinders opregte belangstelling en onvoorwaardelike aanvaarding ervaar (Fouché & Yssel, 2015:248). Kinders tree dikwels op soos wat hulle dink ander wil hê hulle moet optree en sal eers hul ware self ontbloot wanneer hulle emosioneel en fisies veilig voel. Die hulpverlener kan nie-verbale en verbale boodskappe oordra met aanvaarbare grense wat vir die kinders gestel word. Die hulpverlener kan byvoorbeeld aan die kind stel: “Ek kies om jou te aanvaar vir wie jy is, maar ek kan nie al jou gedrag aanvaar nie”.
- Kinders benodig ouderdomsgepaste grense om sodoende die volgende vrae te kan antwoord: “Wat kan ek verwag van hierdie situasie?” en “Wat word van my verwag?” (Blom, 2006:63; Geldard & Geldard, 2008:47). Die gebruik van grense in die speelkamer is nie net 'n wyse om gemeenskaplike respek te bou nie, maar dit gee ook aan die kind (veral die kind wat misbruik is) 'n geleentheid om sy sin vir self te herwin. Fouché en Yssel (2015:249) beskryf die vasstelling van grense in die hulpverleningsproses soos volg:

When children are expected to respect the boundaries, it helps them adjust their egocentric perspective to accommodate the therapist as well. Boundaries help create respect for and trust in the therapist, as they convey the message: 'I am not allowed to do everything in here, but I will also be protected against anyone who would want to harm me in any way'.

- Die hulpverlener moet konsekwent en kongruent wees om die kind se vertroue te versterk. Grense moet respekteer word en beloftes wat nie nagekom kan word nie moet nie gemaak word nie, aangesien dit die kind se vertroue kan inhibeer.
- Fisiese kontak moet sensitief hanteer word. Kinders wat seksueel misbruik is, het gewoonlik nie-bedreigende kontak ("grooming") wat stap vir stap gevorder het tot seksuele kontak, ervaar. Gedurende die hulpverleningsproses is die kind weereens alleen saam met 'n hulpverlener wat voorkom as iemand wat vertroue kan word. Dit is goeie praktyk om, voordat aktiwiteite plaasvind waar daar moontlik fisiese kontak kan wees, die kind se ingeligte toestemming te verkry. Sodoende toon die hulpverlener respek vir die kind se grense, wat weer die kind se sin vir beheer en emosionele veiligheid verhoog (Fouché & Yssel, 2015:249).

Fouché en Yssel (2015:249) meld dat dit soms, wanneer daar oor die seksuele misbruik gepraat word of iets gebeur wat die kind daaraan herinner, dit kan gebeur dat die kind begin masturbeer. Hy kan selfs aan die hulpverlener wil vat, of speelgoed gebruik om te masturbeer. Fouché en Yssel (2015:249) beveel aan dat die hulpverlener ten alle tye kalm moet bly en aan die kind verduidelik dat die gedrag nie aanvaarbaar is nie. Hierdeur kan die hulpverlener emosionele veiligheid vir die kind skep en die situasie eksploreer om uit te vind waar die kind die gedrag en gevoelens wat daarmee geassosieer word, aangeleer het (Fouché & Yssel, 2015:249).

### **5.7.3 Gee die kind gepaste beheer**

Wanneer kinders die geleentheid gegee word om keuses te maak, ervaar hulle beheer wat hulle vlak van angs en frustrasie verlaag. Daar kan aan kinders wat misbruik is 'n verskeidenheid keuses binne grense gegee word. Kinders is egter

meer aktief in die hulpverleningsproses betrokke wanneer hulle keuses gegee word. Al die opsies moet gebruik word om 'n gesonde verhouding met die kinders te bou en die bewustheid van hulself en hul wêreld te verhoog (Fouché & Yssel, 2015:250).

#### **5.7.4 Verhoog die kind se self-bewustheid**

Kinders wat misbruik is, het nodig om bewus te wees van hulself binne hul omgewing om sodoende hul eie behoeftes uit te druk en die gepaste keuses te maak om hul behoeftes te bevredig (Fouché & Yssel, 2015:250).

- Eerstens moet sensoriese bewustheid geskep word. Sensoriese bewustheid skep 'n gevoel van beheer oor die omgewing. Kinders oriënteer hulself binne hul omgewing om sodoende te kan onderskei waarvan hulle hou en nie hou nie (Oaklander, 1988:109; Schoeman & Van der Merwe, 1996:41).
- Die vermoë om te kan onderskei tussen dit waarvan die kinders hou en nie hou nie, is baie belangrik in die opbou van 'n sterk sin vir die self. Die kind se sin vir self kan beskryf word as: "Knowing, "who am I, where do I fit in the picture, what is expected of me and what I can expect from the world" (Fouché & Yssel, 2015:205). Vir 'n kind met 'n sterk sin vir self is dit moontlik om besluite te neem, om hulself uit te druk en om moeilike en uitdagende situasies te hanteer.

Kinders wat seksueel misbruik is, het gewoonlik 'n brose sin vir self (Fouché & Yssel, 2015:250). Hulle is bang om hulself te definieer, hulle het nie energie om hul wêreld te verken of om keuses te maak nie, hulle voel vasgevang en hulle maak staat op ongesonde gedrag en meganismes om hul huidige situasie te hanteer (Fouché & Yssel, 2015:250). Wanneer daar gewerk word met 'n kind wat 'n swak sin vir self het, is dit belangrik om die kind aan nie-bedreigende sensoriese ervarings bloot te stel. Dikwels is die kind bang vir moeilike vrae en moet gerus gestel word dat daar tydens die hulpverleningsproses nie moeilike take van hom verwag gaan word nie. Blom (2006:53) beskryf die bevordering van kinders se bewustheid soos volg:

Promoting children's awareness ... implies that children are placed in full contact with themselves on cognitive, sensory and affective levels, but also with other people and their environment, that they know and accept themselves, and that they take responsibility for their choices.

As kinders kan onderskei waarvan hulle hou of nie op 'n fisieke vlak, is dit makliker om emosionele bewustheid te verkry oor hul reaksies in sekere situasies en persone (Fouché & Yssel, 2015:250). Kinders moet 'n goeie vlak van sensoriese bewustheid hê om hul emosies te hanteer. Wanneer die kinders kontak verbreek tydens die hulpverleningsproses, is dit moontlik omdat hulle nie veilig voel of 'n sterk genoeg ego het om die emosies te hanteer nie (Fouché & Yssel, 2015:250). Dit is vir kinders wat seksueel misbruik is 'n beskermingsmeganisme om hul emosies te onderdruk of om daarop te reageer (Butler & Karp, 1996:12). Hulle sal soms staatmaak op ongesonde hanteringsmeganismes, soos ontkenning of woede, om hulself te beskerm teen die oorweldigende emosies wat hulle nie verstaan nie. Kinders moet leer dat dit aanvaarbaar is om hul emosies te bespreek, dat emosies 'n alledaagse ervaring is en dat verskillende emosionele reaksies in verskillende situasies verwag kan word (Oaklander, 1988:122; Schoeman & Van der Merwe, 1996:52). Fouché en Yssel (2015:251) meld dat emosionele bewustheid in fases ontwikkel:

- Bewustheid van verskillende emosies deur die identifisering van emosies deur verbale en nie-verbale kommunikasie, byvoorbeeld: “Kyk na die prentjie. Wat sien jy op die man se gesig? Hoe dink jy voel hy?”.
- Bewustheid van die sneller van ander se emosies, byvoorbeeld: “Wat dink jy het gebeur wat hom so laat voel het?”. Die hulpverlener moet versigtig wees vir “hoekom” vrae, omdat dit tot geslote antwoorde kan lei.
- Bewustheid van hul eie emosies wat ontwikkel wanneer bogenoemde twee vlakke bereik is.

### **5.7.5 Help die kinders om hul storie te vertel**

Hierdie fase fasiliteer 'n proses van bewustheid oor die kinders se primêre behoeftes op 'n emosionele en praktiese vlak. Sommige kinders kry dit maklik reg om die hulpverlener te vertel wat hulle pla, hoe hulle daarvoor voel en wat moet verander (Fouché & Yssel, 2015:252). Ander kinders vind dit weer moeilik om hulle behoeftes te identifiseer en moet gehelp word deur projeksietegnieke om 'n proses van bewustheid te fasiliteer. Oaklander (1988:192-193) beskryf die proses soos volg:

It is up to me to provide the means by which we will open doors and windows to their inner worlds. I need to provide methods for children to express their feelings, to get what they are keeping guarded inside out into the open, so that together we can deal with this material. In this way a child can make closure, make choices, and lighten the burdens which get heavier and heavier the longer they are carried.

Geldard en Geldard (2008:48) voer aan dat hulpverleningvaardighede wat net uit verbale kommunikasie bestaan redelik onsuksesvol kan wees met kinders, veral wanneer die kinders swak kommunikasievaardighede het, hoë vlakke van emosionele benoudheid ervaar en akute sielkundige versteurings het. Kinders moet genooi word om hul storie te vertel deur spel of ander media. Deur hul storie te vertel, kry kinders die geleentheid om hul omstandighede vir hulself te verduidelik, dit kognitief te verstaan, pynvolle emosies te ventileer en beheer oor hul angs te verkry (Fouché & Yssel, 2015:252).

Vir die hulpverleningsproses om effektief te wees, moet die hulpverlener die volgende skep of voorsien (Geldard & Geldard, 2008:49):

- 'n Vertrouensverhouding;
- gepaste media en materiaal;
- geleenthede vir vrye en betekenisvolle spel;
- die gebruik van gepaste kinder-hulpverlenings vaardighede.

Fouché en Yssel (2015:252) voeg “bewustheid” by die bostaande lys wat bereik kan word deur kreatiewe projeksiemedia, soos klei, aksiefigure in die sandbak, pophuis, teken, verf, handpoppe en stories. Die projeksies van die kinders moet egter nie “geïnterpreteer” word nie, maar eerder met die kinders bespreek word om hulle te help om bewus te word van die betekenis van hulle projeksie (prentjie of storie). Hulle moet gehelp word om hul emosionele behoefte of onvoltooidhede (*unfinished business*) raak te sien. As die hulpverlener projeksies interpreteer sonder om dit met die kind te bespreek en uit te vind watter betekenis die kind daaraan heg, sal die ware betekenis van die projeksies nie ontdek word nie (Oaklander, 1988:193).

### **5.7.6 Probleemoplossing of toets alternatiewe**

Wanneer kinders hul behoeftes kan identifiseer, moet die aspek van probleemoplossing aangespreek word, of verskillende opsies oorweeg word. Dit is belangrik dat hulpverleners nie die antwoorde vir probleemoplossing aan die kinders moet voorsien nie, maar hulle eerder begelei om hul eie realistiese en haalbare opsies te identifiseer (Geldard & Geldard, 2008:50).

### **5.7.7 Bemagtiging en selfversorging**

Soms sal kinders weet wat die oplossing vir hul situasie of behoefte is, maar nie 'n sterk genoeg ego besit om die oplossing deur te voer nie (Fouché & Yssel, 2015:253). Dit is die hulpverlener se rol om die kinders te begelei en te bemagtig, met die nodige vaardighede en kennis om self te besluit watter aspekte van die oplossing hulle verantwoordelikheid is en vir watter gedeelte daarvan hulle die hulp vanaf hul ondersteuningsstelsel benodig (Fouché & Yssel, 2015:253). Sommige kinders het egter hulp nodig om hul ondersteuningsstelsel te onderskei en 'n geneagram kan effektief benut word (Geldard & Geldard, 2008:50; Schoeman & Van der Merwe, 1996:105).

Kinders het ook toestemming en ondersteuning nodig om hulleself te vertroetel, om sodoende die sterkte van hulle ego te ontwikkel en om die oplossings vir hul situasie of behoefte deur te voer. Kinders met 'n brose sin vir self vind dit egter moeilik om vir hulself lief te wees en hulself krediet te gee vir dit wat hulle bereik (Fouché & Yssel, 2015:253). Deur die kinders aan te moedig om hulself te vertroetel, kan die hulpverlener help dat hulle gesonde, positiewe selfagting verkry (Oaklander, 1988:282).

Spel met speeltegnieke bied aan kinders wat misbruik is 'n ruimte om hul situasie of behoefte te verwerk en van hul eie liggeme en emosies (soos stres en verlies) weer besit te neem. Die kinders moet weer beseft dat hul verlede van seksuele misbruik nie hulle toekoms moet bepaal nie. Vanweë die nie-direkte aard van die hulpverleningsproses word voorgestel dat daar speeltegnieke aan die kinders gebied word waaruit hulle kan kies. Vervolgens word verskillende speeltegnieke beskryf wat spesifiek gebruik kan word met pre-adolessente wat seksueel misbruik is.

## **5.8 SPEELTEGNIKE ONTWERP VIR KINDERS WAT SEKSUEEL MISBRUIK IS**

In die voorafgaande gedeeltes is die voorkoms en impak van seksuele misbruik bespreek, asook die effektiwiteit van 'n nie-direkte, kliënt-gesentreerde benadering van hulpverlening. In die volgende gedeelte identifiseer die navorser speeltegnieke wat spesifiek ontwerp is vir die seksueel misbruikte pre-adolesent. Saam met elke tegniek kom daar sekere take wat verrig of bereik moet word, en dit is in hierdie gedeelte wat die pastorale inkleding plaasvind. Hierdie tegnieke kan geïnkorporeer word binne die Schoeman model, soos beskryf in 3.4.3.1., en dit hoef nie rigied gebruik te word nie, maar dit moet eerder aan die kind oorgelaat word om te bepaal wat gedoen gaan word binne die sessie.

Soos reeds genoem (Coulter, 2001:187) moet die hulpverlener versigtig wees om nie teksverse en Bybelse waarhede te gebruik as maklike “pleisters” vir die seer nie. In Psalm 139 verduidelik Dawid dat God ons aanmekeer gewef het. Al ons dele is dus aanmekeer verbind. Wanneer daar aan een deel getrek word, ryg die ander dele ook uit. Die pastorale hulpverlener het die geleentheid om na al die dele van die kind te kyk: liggaam, siel en gees. Na gebed voor die sessie, glo die hulpverlener dat die Heilige Gees hom sal lei om die gepaste Bybelse waarhede aan die kind te kommunikeer indien die opening daarvoor sou bestaan.

Daar word in hierdie voorgestelde proses gebruik gemaak van speeltegnieke geïdentifiseer deur Fouché en Yssel (2015:253-262) asook gepaardgaande pastorale inkleding.

### **5.8.1 Normaliseer die skuldgevoelens**

Skuldgevoelens is altyd in 'n mindere of meerdere mate aanwesig by die kind ná seksuele misbruik (3.2.1.2.3). Die kind neem homself kwalik vir wat gebeur het en voel dat God se liefde nie vir iemand soos hy geld nie. Dit is belangrik dat die kind gehelp word om te besef sy skuldgevoelens is normaal. Die volgende speeltegnieke kan gebruik word om die kinders met skuldgevoel te help:

### 5.8.1.1 Rekonstrueer die omstandighede van die misbruik (Fouché & Yssel, 2015:254)

In Rigters 19:1-30 (4.2.1) is verwys na die vrou wat in die verhaal ook in die steek gelaat is deur die een persoon wat veronderstel was om haar lief te hê en te beskerm. Haar lewe was vir die Leviet absoluut niks werd nie. Netso gebeur dit dat kinders soms misbruik word deur spesifiek die mense wat veronderstel was om na hulle om te sien, volwassenes wat veronderstel is om van beter te weet. Waar die Leviet die deur in sy vrou se gesig toegeklap het, staan God ook by die deur. God sê die mens is kosbaar vir Hom, Hy staan by die deur en Hy sê “Kom in, kom Ek help jou” (Matt 11:25-30).

Deur die kind te help om die omstandighede van die misbruik te rekonstrueer, kan die hulpverlener die kind help insien dat die oortreder veronderstel was om van beter te weet. Vra die kind wat misbruik is om 'n prentjie van sy situasie te teken. Jonger kinders kan dalk 'n medium soos klei gebruik of die sandbak om die situasie uit te beeld. Die hulpverlener kan die volgende vrae vra om die kinders se gevoelens van skuld aan te spreek en hulle te wys dat die volwassene van beter moes geweet het:

- Wie was die oudste hier?
- Wie was die grootste, die sterkste?
- Wie het 'n beursie?
- Wie was oud genoeg om te kan werk?
- Wie was oud genoeg om te kan trou?
- Wie was oud genoeg om sy eie kinders te hê?
- Wie was oud genoeg om 'n kar te kan bestuur?
- Wie is oud genoeg om volwassenes en kinders te vertel wat om te doen?

Die hulpverlener kan die kind se antwoorde vir hom teruglees met sterk beklemtoning dat al die antwoorde dui op die volwassene. Die hulpverlener help die kind dus om te fokus op die kind in die prentjie en trek dan 'n vergelyking tussen dinge wat 'n volwassene kan doen en dinge wat 'n kind kan doen. Dit kan die kind help om te besef dat dit die volwassene se verantwoordelikheid was om te weet wat reg en verkeerd was, en dat die kind nie verantwoordelik was vir die misbruik nie.

Die hulpverlener kan die kind aanmoedig om redes te gee hoekom hulle nie verantwoordelik was vir die misbruik nie en die redes kan bespreek word. Die hulpverlener kan die kind ook motiveer om 'n paar keer hardop te herhaal: "Dit was nie my skuld nie".

#### **5.8.1.2 Die robot tegniek (Fouché & Yssel, 2015:254)**

Nadat die hulpverlener sekergemaak het die kind weet wat 'n robot is, word die vergelyking beskryf tussen seksuele misbruik en 'n verkeersrobot. Daar word aan die kind verduidelik dat, net soos mense die wet oortree deur nie na 'n verkeersrobot te luister nie, netso oortree die oortreder die wet deur die seksuele misbruik. Laat die kind 'n robot teken en verduidelik die betekenis van die verskillende kleure. Terwyl die kind die prentjie inkleur, word die volgende verduidelik: "Rooi" beteken mense moet stop vir twee redes: 1) hulle weet dat hulle en ander mense kan seerkry as hulle nie stop nie, en 2) dat hulle in die moeilikheid kan beland omdat die wet sê hulle moet stop.

Die volgende verduideliking van die robot kan aan die kind gegee word:

- Ongelukkig gehoorsaam almal nie 'n robot nie. Hulle ry deur die rooi lig want hulle dink die polisie sal hulle nooit vang nie. En wanneer die polisie hulle vang, vertel hulle leuens en sê hulle het dit nie gedoen nie, of hulle maak verskonings of hulle sê dis iemand anders se skuld. Die enigste mense wat deur 'n rooi robot mag ry, is die polisie of 'n ambulans, en dan maak hulle altyd seker dat niemand gaan seerkry nie. Netso kom die oortreder in die moeilikheid by die polisie as hy kinders misbruik, want die wet sê dat mens nie aan sekere dele van kinders se lyfies mag vat nie, of kinders mag vra om na sekere prentjies te kyk of sekere goed aan hulle eie lyfies te doen nie. Selfs as die kind doen wat die oortreder vra, is dit nie die kind se skuld nie, want die oortreder oortree die wet. Die enigste mense wat aan die dele van 'n kind se lyf mag raak wat deur hulle swemklere toegemaak word, is dokters, susters en pappa's en mamma's as hulle wil help wanneer 'n kind seergekry het, en selfs dán mag hulle nie daaroor jok nie en mag hulle nie kinders verder seermaak nie.

Tydens seksuele misbruik leer die kind leuens aan oor sy liggaam (1.2.4; 3.2.6). Die kind voel ook nie dat sy liggaam sy eie is nie en dat dit bloot iets is

wat daar is vir iemand anders se genot. Dit is vir die kind nodig om weer eienaarskap van sy eie liggaam te neem, te hoor dat God sy liggaam spesiaal gemaak het en aan hom gegee het. Psalm 139:13-14 illustreer hierdie wete: “U het my gevorm, my aanmeekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op ‘n wonderbaarlike wyse geskep.”

Omdat die liggaam ook vir God belangrik is, wil God nie hê hierdie liggaam moet beskadig word nie. Daarom is dit ook belangrik om die kind te leer van toepaslike liggaamsgrense.

### **5.8.2 Skep ‘n bewustheid van persoonlike veiligheid (Fouché & Yssel, 2015:255)**

Die gedagte dat die kind se liggaam vir God belangrik is, word hier weer bevestig. God het selfs besluit om in ons te kom woon:

Of besef julle nie dat julle liggaam ‘n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik (1 Kor 6:19-20).

God het met Sy lewe vir die mens betaal en alhoewel die kind voel dat hy skade opgedoen het, bly die kind steeds vir God belangrik. Daar kan aan die kind gesê word: “Jou liggaam is ‘n tempel van God, en toepaslike liggaamsgrense kan help om hierdie tempel te beskerm in die toekoms.” Hier kan die robot tegniek weer gebruik word. Die hulpverlener fokus op die funksies van die drie ligte: *Rooi* beteken stop; *Oranje* beteken wees versigtig; *Groen* beteken veilig. Verduidelik aan die kind dat elke mens ‘n waarskuwingsstelsel het wat hom waarsku teen gevaar. Vra die kinders om te dink aan ‘n situasie waar hulle nie veilig gevoel het nie. Die oranje lig kan verwys na die dele van die kind se liggaam wat deur ‘n swembroek bedek word. Teken ‘n prentjie van ‘n lyf en verduidelik watter dele van die liggaam aanvaarbaar is om aan te vat (groen dele) en dele wat onaanvaarbaar is (rooi dele).

### **5.8.3 Skep 'n bewustheid van 'n positiewe liggaamservaring (Fouché & Yssel, 2015:256)**

Kinders wat seksueel misbruik is, het nodig om weer in kontak met hul liggame te kom asook 'n gevoel van heling te beleef. Dieselfde oefening soos in 5.8.2 kan hier ook gebruik word om die kind te help besef dat sy liggaam kosbaar is en deur God mooi gemaak is. Die volgende twee aktiwiteite kan met die kind gedoen word:

#### **5.8.3.1 Liggaamswerk**

In Matteus 15:19-20 lees ons: “Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis, kwaadpraterij. Dit is dinge wat 'n mens onrein maak”. Seksuele misbruik behels slegte gedagtes, onsedelikheid, diefstal en leuens (valse getuienis). Jesus sê dat al hierdie gedagtes kom vanuit die slegte hart van die persoon wat die dade doen, en *nie* vanuit die liggaam van die slagoffer nie. Daar kan aan die kind gesê word:

“Die misbruik kom nie van jou (die kind) af nie, en dit maak jou nie vuil nie. Alles wat jy geleer is as kind, kom van volwassenes af en God sê vir jou vandag dat enigiets wat aan jou gedoen is kom uit hulle harte uit, nie joune nie”.

Dit is nodig dat die kind verstaan hy hoef nie sy liggaam weg te steek nie en dat hy mag lief wees vir sy liggaam. Die hulpverlener kan aan die kind verduidelik dat God almal gemaak het met vyf sintuie en ons gebruik ons sintuie om inligting te kry vanuit ons omgewing: ons sien, hoor, voel, proe en ruik (hier kan verskillende dinge aan die kind gegee word om te voel, proe, ruik, vat en hoor). As daar baie slegte goed met ons gebeur, dan wil ons nie meer altyd ons sintuie gebruik nie, en dit maak dat ek ook nie weet wat in my lyf gebeur nie. God het vir ons elkeen 'n lyf gegee om in te leef en die lewe te geniet, so dit is belangrik dat ek weet wat ek voel in my lyf en om gemaklik te wees met my lyf. Musiek kan byvoorbeeld hier gebruik word saam met 'n bewegingsaktiwiteit waar die kind sy liggaam deur bewegings in 'n veilige omgewing kan leer ken. Vra die kind om byvoorbeeld te wys hoe loop 'n olifant, of hoe dans 'n feëtjie of hoe sy gesiguitdrukking sal wees met elke verskillende emosie. Enige liggaamsaksie sal die kind se kontak en bewustheid van sy liggaam verhoog. Onder hierdie punt kan die roosboomtegniek (sien 3.4.3.1.4) ook gebruik word om te help om die kind se liggaamsbeeld te versterk.

### 5.8.3.2 Die huisie (Oelofse, soos aangehaal in Grobler, 2005:139-140)

Aansluitend by die beeld dat ons liggame God se woning is, word daar aan die kind verduidelik dat sy liggaam soos 'n huis is. God het sy liggaam 'n "huis" gemaak en die "huis" is aan sy ouers gegee om op te pas. Die volgende verhaal, soos aangehaal uit Grobler (2005:139-140) kan aan die kind vertel word:

*Eendag was daar 'n huisie. Die huisie was nog klein. Die huisie se naam was Ria (sit kind se naam hier in). Sy het naby ander huisies gebly en het nie geweet dat skelms by huisies inbreek en goed steel nie. Daarom was daar nie diefwering ensovoorts nie. Sy het baie daarvan gehou as iemand vir haar kom kuier en daarom was haar venstertjies en deurtjie oop. Van die kabouters wat daar naby gebly het, het dikwels by Ria-huisie kom kuier. Kabous was 'n kabouter wat haar baie ongemaklik laat voel het. Hy het sommer aan haar gevat op plekke waar sy nie wou hê hy moes nie. Hy wou nie luister nie. Ria-huisie het begin om haar vensterfjies en deurfjies toe te maak, sodat daar nie weer kabouters vir haar kon kom kuier nie. Sy was baie hartseer en baie bang, want Kabous wou nie vir haar luister toe sy sê hy moet haar uitlos nie. Hy het sommer net haar venstertjies en deur gebreek en ingekom. Eendag het die Ria-huisie besluit sy gaan nie meer bang wees nie. Sy het vir mamma-huisie verfel en mamma-huisie het haar na 'n huisie-dokter toe gevat om haar te help om haar huisie weer reg te maak.*

Die hulpverlener kan aan die kind Lukas 4:18-19 lees, waar Jesus self sê Hy wil ons gesondmaak. Hy kan aan die kind verduidelik dat, omdat God die huisie gemaak het, Hy die perfekte een is om die huisie weer te kan regmaak. Jesus wag vir ons om Hom te vra om al die vensters en deure te kom regmaak, sodat die huisie weer mooi en gesond en heel kan wees. Indien die kind 'n openheid toon, kan hy gelei word in 'n gebed om Jesus te vra om hom te gesond te maak.

### 5.8.4 Vrystelling van woede

Die hulpverlener kan aan die kind verduidelik dat God ons almal geskape het met emosies. Om verskillende emosies te hê, is normaal. Jesus het self ook as mens 'n klomp emosies beleef. Met Sy kruisiging het Hy pyn en alleenheid ervaar (Matt 27:13-45), Hy het bang geword (Matt 26:36-46), Hy weet hoe dit voel om hartseer te wees (Matt 26:36-46) en Hy was selfs ook kwaad (Matt 3:1-6). Ons mag kwaad word, maar ons mag nie ander mense of onself seermaak as ons kwaad is nie.

Deur die verhaal in Rigters 19:1-30 (4.2.1.5) te vertel, gee die hulpverlener die kind ook toestemming ook kwaad te wees vir diegene wat geweet het van die misbruik en hom nie beskerm het nie. Die volgende speeltegnieke kan kinders wat seksueel misbruik is, help om hulle woede uit te druk, vry te stel en te ontlaai:

#### **5.8.4.1 Die pret en stoute eiland (Fouché & Yssel, 2015:256)**

Die doel van hierdie tegniek is om die kind in 'n magposisie te plaas waar die oortreder na die kind se instruksies moet luister. Dit bemagtig die kind en help ook om die opgekropte woede teenoor die oortreder te ontlaai.

Verduidelik aan die kinders dat hy hom moet verbeel hy en ander mense op 'n eiland bly (wys prente van hoe 'n eiland lyk). Die kind kan self kies wie op die eiland saam met hom is. Laat die kind die eiland teken, omring deur water. Gee aan die kind materiaal om huisies op die eiland te bou en klei om die mense te verteenwoordig. Vra aan die kind watter lekker aktiwiteite hy op die eiland doen. Die hulpverlener teken dan 'n kleiner eiland 'n entjie van die pret eiland af met 'n brug wat die twee verbind. Hierdie klein eilandjie is die stoute eiland. Die kind kan mense op hierdie eiland plaas wat op 'n slegte manier (rooi of oranje lig) aan hom gevat het, of dit kan enigiemand wees van wie hy nie hou nie of vir wie hy bang is. Deur die kind nie te dwing om die oortreder op die eiland te sit nie, gee jy aan hom meer beheer en die kind kan dinge wat op sy voorgrond is, aanspreek (1.2.2.1). Laat die kind kleifigure maak van die mense wat op die stoute eiland moet gaan bly. Beklemtoon die feit dat hierdie mense uitgesluit is van die pret van die ander (pret) eiland (bevestig so die kind se beheer).

Die hulpverlener vra dan aan die kind om 'n kleimodel van homself te maak, wat dan na die stoute eiland toe gaan en met die oortreder praat. Die hulpverlener laat die kind toe om eerste te praat, deur die oortreder te vertel wat hy/sy verkeerd aan die kind gedoen het. Die hulpverlener kan die volgende vrae aan die kind voorhou wat moontlik in die dialoog bespreek kan word:

- Vra die oortreder hoekom hy dit gedoen het;
- vertel die oortreder hoe stout of lelik dit van hom was;
- vertel hom dit was die domste ding wat hy ooit kon gedoen het;
- vertel hom dat hy geen reg gehad het om dit te doen nie;

- vertel hom dat daar iets binne hom is wat veroorsaak dat hy slegte besluite neem, en hy moet hulp kry;
- vertel hom hoe die kind se lewe verander het deur wat hy gedoen het;
- noem die opofferings wat die kind moes maak;
- blameer die oortreder vir dit wat gebeur het;
- verduidelik hoekom die kind nie blameer kan word nie;
- dring daarop aan dat die oortreder om verskoning vra.

Die hulpverlener moet die kind motiveer om met sy kleifiguur fisies aksie te neem teenoor die oortreder, maar hy moet verduidelik dat hierdie aksie net in die speelkamer toelaatbaar is. Nadat die kind sy woede uitgelaat het teenoor die oortreder, kan die hulpverlener verduidelik dat daar 'n storm op pad is en dat die twee eilande ontruim moet word. Die kind kan self besluit of die oortreder ook gered gaan word of nie, wat weer die kind se posisie van mag en beheer versterk.

#### **5.8.4.2 “The angry mountain game” (Surya, 2013:207).**

Die hulpverlener kan die verhaal in Eksodus 2:11-15 aan die kind voorlees. Verduidelik aan die kind dat God ons almal gemaak het met emosies, soos woede, maar daar is goeie maniere en slegte maniere om woede te hanteer en ontslae te raak daarvan. Moses het sy woede op 'n verkeerde manier hanteer, want hy het iemand dood gemaak. Ons moet leer hoe om ontslae te raak van ons woede sonder om ander mense ook seer te maak.

- Kry vier tot ses groot kussings, plaas dit bo-op mekaar op die grond en bedek dit met 'n laken of kombers.
- Verduidelik aan die kind dat hierdie 'n *“angry mountain”* is. Hy hou daarvan as jy kwaad raak en hy wil hê jy moet hom so hard as moontlik slaan!
- Die hulpverlener moet die kind aanmoedig om soveel as moontlik woede uit te laat deur die hoop te skop en te slaan.
- Indien die kind weerstand bied, kan die hulpverlener voortgaan en die kind wys hoe om te slaan en skop en gil.
- Motiveer die kind om alles vir die berg te sê wat hom kwaad maak.

- Laat hom aanhou totdat hy fisies uitgeput is.

### **5.8.5 Plaas die kind in beheer (Fouché & Yssel, 2015:258)**

Die hulpverlener moet die kind help om weer sy stem te ontdek en sy eie keuses te maak. Elkeen van ons is gemaak na God se beeld (Gen. 2) en dit beteken daar bly 'n deeltjie van God binne ons en God het ons 'n stem gegee om te gebruik. In Deuteronomium 26:7-8 lees ons die verhaal oor die Israeliete. Dit het verskriklik sleg gegaan met hulle en hulle het tot God geroep vir hulp. Deur die kind in beheer te plaas van 'n scenario, gee die hulpverlener hom 'n geleentheid om sy stem te gebruik (waar dit voorheen vir hom onmoontlik was) en hy versterk ook in die proses sy sin vir Self (3.4.2.1.9). Die hulpverlener skep eers 'n scenario waar die kind in 'n magposisie geplaas word, en die hulpverlener moet die kind se instruksies uitvoer (bv. beeld uit hoe mens tee maak, of koek bak of 'n telefoongesprek het oor 'n spesifieke tema). Ná hierdie oefening kan die hulpverlener die kind vra om aan iets te dink wat hy wou hê die oortreder moes doen. Vra die kind om hierdie scenario te teken en in gesprek met die oortreder te tree. Onder hierdie punt kan die droom tegniek (3.4.3.14) ook gebruik word om die kind te help om die gefragmenteerde dele van die persoonlikheid te integreer.

### **5.8.6 Sistematiese desensitisering (Fouché & Yssel, 2015:259)**

Soos reeds vroeër in hierdie studie uitgewys, kan seksuele misbruik en vrees die kind se stem stil maak. Maar God wat in ons woon, het aan elkeen van ons 'n stem gegee. Die enigste manier om vrees te oorkom is om oor daardie vrees te praat. Kinders sal dit wel eerder nie-verbaal doen. Hierdie speeltegniek word gebruik om kinders se vrese en angs te hanteer. Die kinders wat misbruik is, het byvoorbeeld 'n vrees om alleen bed toe te gaan in die aande. Sistematiese desensitisering behels drie stappe: Leer die kind eerstens hoe om te ontspan (doen bv hier asemhalings-oefeninge met die kind), bou 'n angs-hiërargie en blootstelling aan die angswekkende stimulus geleidelik terwyl die kind ontspanne is. Die hulpverlener kan die kind vra om aan 'n situasie te dink wat hom bang maak. Vra dan die kind om aan verskillende dinge te dink wat binne hierdie situasie kan gebeur. Plaas dit in orde van slegste tot minder sleg. Die kind visualiseer die spesifieke aspek terwyl hy

sy asemhalingsoefening doen. Werk so deur elke aspek. Met herhaalde blootstelling sal die kind meer ontspanne voel wanneer die stimuli teëgekrom word. Vir desensitiserings kan die monster tegniek ook gebruik word (3.4.2.1.4).

### **5.8.7 Herskryf van die beelde (Fouché & Yssel, 2015:259)**

Jesus het op aarde 'n menslike vorm kom aanneem. Hy weet hoe dit voel om as kind afhanklik te wees van ander mense. Jesaja 54:2-7 kan beskou word as 'n verwysing na sy mishandeling:

Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom. Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly.

Die hulpverlener kan aan die kind sê:

“Ons lees verder dat die mense wat Jesus gekruisig het sy klere gevat het (Matt 27:27). So, Jesus weet waardeur jy gegaan het, hy ken jou seer en jou vernedering. Hierdie selfde Jesus het later uit die dood opgestaan en die duivel en al sy magte oorwin. Hierdie Jesus sit nou saam met God en Hy is besig om vir al sy kinders 'n plek gereed te maak. Die duivel kon hom nie oorwin nie!”

In hierdie speeltegniek beskryf die kind wat hy eerder wou gehad het moes gebeur het tydens die seksuele misbruik (byvoorbeeld dat iemand hom kom help het). Die hulpverlener vra die kind om te dink aan 'n gesagsfiguur vir wie selfs die oortreder respek het. Vra die kind om hierdie persoon te beskryf. Vra die kind om sy oë toe te maak en terug te dink aan die gebeure. Die kind moet “sien” hoe die gesagsfiguur die vertrek binnekom, die oortreder vertel hoe stout hy is, wat 'n fout hy gemaak het en verskriklik op hom skree. Die kind kan selfs “sien” hoe die gesagsfiguur die

oortreder oorweldig, hoe die oortreder neerval, en pleit vir vergifnis by die kind. Vra die kind dan hoe hy voel (byvoorbeeld: “Hoe klop jou hart?”).

By die volgende sessie kan die hulpverlener die kind weer vra om aan die situasie te dink, en dan te visualiseer hoe hy nee sê, die oortreder wegstoot en weghardloop. Weereens moet die kind herinner word dat hierdie aksies net vir die speelkamer is.

### **5.8.8 Internalisering (Fouché & Yssel, 2015:260)**

Die hulpverlener verduidelik aan die kind dat daar tydens die misbruik sekere nie-verbale boodskappe is wat hy gekry het wat veroorsaak dat hy dinge nie heeltemal duidelik kan sien nie (3.2.4). Die pastorale hulpverlener moet die kind help om al die geïnternaliseerde onwaarhede met God se waarhede te vervang (Koll 3:9-10). Die waarheid is vir God baie belangrik, en in Joh. 8:32 sê God ook dat die waarheid mense sal vrymaak. Verduidelik aan die kind dat die duiwel allerhande onwaarhede gebruik om ons slegter oor onself te voel, maar dit is nie wat Jesus wil hê nie. Jesus wil hê ons moet onthou hoe belangrik ons vir Hom is.

Daar kan tydens ‘n sessie met gekleurde, deurskynende papier ‘n paar brille gemaak word. Laat die kind toe om daardeur te kyk na verskillende dinge. Die hulpverlener verken saam met die kind wat hy gedink het tydens die misbruik, wat die oortreder oor hom gedink het, hoe die kind dink hy vir homself en ander mense lyk. Algemene internaliseringsboodskappe is: “Dit was my skuld; ek is sleg; daar is iets verkeerd met my; ek kan niemand vertrou nie; en as ek seksueel is sal goeie goed met my gebeur.” Hierdie internaliseringsboodskappe word aan die binnekant van die “brilglase” geskryf en die kind sit dit weer op. Die hulpverlener beskryf ‘n klomp verskillende lewensituasies en die kind mag net reageer met die boodskappe wat op die brilglase geskryf is. Die hulpverlener eksploreer of hierdie boodskappe die waarheid is en hoekom nie. Die kind skryf dan die “waarheid” op ‘n ander paar brilglase en die oefening word herhaal. As die kinders nie kan sien nie, kan die bril afgehaal word en die “regte” antwoord afgelees word. Hierdie brille kan saam huis toe gestuur word. Die leë-stoel tegniek (3.4.2.1.4) kan ook hier gebruik word om die geïnternaliseerde leuens (of introjekte) te verken.

Indien die kind bereid is, kan hier ‘n gebed gedoen word. Die gebed kan dalk soos volg wees:

*In die Naam van Jesus breek ons vandag die mag van die leuens wat jy begin glo het - dat jy lelik is, niks werd is nie, sleg is, dat jy vir ewig verwoes is en dat niemand ooit lief vir jou sal wees nie. Ons bid vandag in Jesus se Naam en Jesus sê vandag vir jou dat Hy jou mooi gemaak het, jy is vir Hom perfek. God maak nie gemors nie. Jy was nog altyd en sal altyd vir Hom kosbaar bly. Toe jy hartseer was, was Jesus saam met jou hartseer. Toe jy seer gehad het, het Jesus saam met jou seergekry. Jesus wil jou in sy arms toevou en jou vertel hoe belangrik jy vir Hom is. Here, help hom asseblief om al die leuens wat hy begin glo het oor homself vir U terug te gee, en Here, maak u waarheid vir hom duidelik. Amen.*

### **5.8.9 Briewe aan en van die oortreder (Fouché & Yssel, 2015:260)**

Die hulpverlener kan hier begin deur die kind te herinner dat dit wat gebeur het nie sy skuld was nie en dat dit glad nie is wat God wil hê vir sy kinders nie. Matt 18:1-5 kan voorgelees en bespreek word om die kind te herinner daaraan hoe belangrik hy vir God is (sien 4.2.3). Ná dit kan die kind gevra word om briewe te skryf aan die oortreder en selfs die ouer wat hom nie beskerm of ondersteun het nie. Die briewe moet die volgende insluit:

- Ek skryf hierdie brief omdat...
- Ek wil vir jou vertel dat jy...
- Ek voel...
- Dinge wat verander het nadat jy dit aan my gedoen het is...
- Dis alles jou skuld omdat...
- Dit was nie my skuld nie want...
- Ek wens...

Die kind neem dieselfde brief na die volgende hulpverleningsessie en antwoord elke stelling asof hy die oortreder is (sien die leë-stoel tegniek, 3.4.2.1.4).

### **5.8.10 Persoonlike veiligheid (Fouché & Yssel, 2015:261)**

Dit is belangrik dat die hulpverlener aan die kind verduidelik dat dit vir God belangrik is dat hy veilig is en dat die slegte ding wat met hom gebeur het, nie weer gebeur nie. Deuteronomium 6:6-9 kan voorgelees word aan die kind:

Hierdie gebooië wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.

God verduidelik in hierdie gedeelte dat dit vir hom belangrik is dat ons die dinge wat ons leer moet onthou en altyd saam met ons dra in ons harte. Netso sê God vir ons dat ons die lesse wat ons leer uit ons foute en die dinge wat met ons gebeur, ook moet onthou, sodat ons nie weer dieselfde foute maak en weer seerkry nie. So dit is belangrik dat ons iets leer uit wat gebeur het en seker maak dat dit nie weer gebeur nie.

Die hulpverlener kan verder gaan en met die kind gesels oor die reëls wat daar by die skool is. Somtyds kies kinders wel nog steeds om nie die reëls te volg nie. Net so kry 'n mens grootmense wat weet hulle mag nie dinge aan kinders doen nie, want dis teen die reëls (die wet), maar hulle doen dit nog steeds. Elke kind mag nie sê as 'n grootmens iets aan hom wil doen wat hom ongemaklik laat voel.

Partykeer gebruik grootmense geskenke om kinders dinge te laat doen wat hulle weet verkeerd is. Maak saam met die kind 'n lys van dinge wat as omkoopgeskenke gebruik kan word, bv geld, klere, lekkergoed, 'n troeteldier ens.

Ander kere vra grootmense kinders om geheime te hou. 'n Mens kry veilige geheime, en onveilige geheime. 'n Veilige geheim laat mens gelukkig voel en 'n onveilige geheim laat mens ongelukkig of bang voel. Maak 'n lys saam met die kind van veilige geheime (bv 'n partytjie, geskenk ens), asook 'n lys van mense vir wie die kind kan vertel van die veilige geheim. Maak dan saam met die kind 'n lys van onveilige geheime (bv sien hoe 'n maatjie iets steel, iemand wat aan jou vat ens), asook 'n lys van mense vir wie die kind kan vertel. Oefen saam met die kind 'n scenario waar die kind sy geheim aan iemand vertel.

## **5.10 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is 'n moontlike proses van hulpverlening aan die seksueel misbruikte pre-adolescent beskryf. Soos afgelei vanuit die semi-gestruktureerde

onderhoude het die kerk (wat alle gelowiges insluit) beslis 'n rol om te speel om hierdie situasie aan te spreek. Die meerderheid van die hulpverleners het getuig dat hul persoonlike geloof alreeds 'n rol speel in die manier hoe hulle mense benader in hul onderskeie velde, en dit is dus duidelik dat hulpverleners gehelp moet word om hul persoonlike geloof op 'n konstruktiewe manier te gebruik binne die hulpverleningsproses.

Die volgende punte is belangrik om te onthou deur die hele hulpverleningsproses aan die seksueel misbruikte pre-adolesent:

- Bou die vertrouensverhouding met die kind in 'n emosioneel-veilige situasie.
- Gee die kind gepaste beheer.
- Verhoog die kind se selfbewustheid.
- Help die kind om sy storie te vertel.
- Moenie op die slagoffer se sondes of swak gedrag fokus nie.
- Verseker die kind van Christus se liefde en empatie.
- Vermy dit om maklike antwoorde te gee.
- Moenie vergifnis gedwonge maak nie.

Die teksbeskrywings wat in Hoofstuk 4 bestudeer is, kan deurgaans deur die hele proses gebruik word om die kind wat misbruik is te laat verstaan dat God bewus is van sy situasie, dat God nie sy rug op hom draai nie en dat God saam met hom huil. Die hulpverlener moet wel deurgaans enige Skrifgedeeltes met sensiwiteit gebruik, en nie as 'n pleister om net die situasie toe te maak en af te handel nie, maar eerder as 'n helende salf van Goddelike genesing. Soos gesien in die bogenoemde speeltegnieke is die pastorale inkleding van speeltegnieke moontlik. Die gebruik van hierdie tipe speeltegnieke dra by tot die holistiese hantering van die seksueel misbruikte pre-adolesent, asook die behoefte wat uitgespreek is vir 'n multi-dissiplinêre span wat bydra tot hulpverlening. In hierdie hoofstuk is bepaal dat die pastorale inkleding van speeltegnieke kan bydra tot die proses van genesing en persoonlike groei, asook om die seksueel misbruikte pre-adolesent op 'n Skrifgefundeerde wyse te begelei tot geestelike genesing.

## Hoofstuk 6


### Samevatting en gevolgtrekking

#### 6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing was om praktyk-teoretiese pastorale, nie-direkte, kliënt-gesentreerde speeltegnieke saam te stel om hulpverleners te bemagtig om op 'n eiesoortige, Skrifgefundeerde wyse pre-adolescente wat seksueel misbruik is te begelei tot genesing.

Die studie is gestruktureer rondom Osmer (2008:4) se vier take van prakties-teologiese interpretasie:

- Deskriptief-empiriese taak – “Wat gaan aan?”
- Interpreterende taak – “Waarom gebeur dit?”
- Normatiewe taak – “Wat behoort te gebeur?”
- Pragmatiese taak – “Hoe kan ons daarop reageer?”



Figuur 6.1: Vier take van prakties-teologiese interpretasie (Osmer, 2008:11)

## 6.2 BESKRYWEND-EMPIRIESE TAAK

